# SUID-AFRIKA SE DEELNAME AAN DIE BRITSE RYKS- EN STATEBONDSPELE : 1930 - 1958

deur

*Floris Johannes Gerhardus van der Merwe*

(B.A.Ligg.Opv., S.O.D., Honns.B. in Ligg. Opv.)

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes van die graad Magister Artium (Liggaamlike Opvoedkunde) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchef= stroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

*POTCHEFSTROOM*

November 1976

# VOORWOORD

Hierdie ondersoek vorm deel van 'n omvattende dokumentasie rakende Suid-Afrika se betrokkenheid by die Olimpiese Spele en die Britse Ryks- en Statebondspele. Die ondersoek is in 1975 onderneem op versoek van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spelevereniging en word geborg deur die Suid-Afrikaanse Sportfederasie en die Departement van Sport en Ontspanning. As leier van die projek tree op Prof. Gert J.L. Scholtz van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom. Hierdie verslag vorm die eerste deel van die ondersoek.

Vir 1975 is 'n bedrag van R5000 deur die Sportfederasie bewillig. Die bedrag was ontoereikend en 'n verdere R1500 is goedgunstiglik deur die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. geskenk. Vir 1976 is 'n bedrag van R6000 deur die Sportfederasie bewillig. Die jaarlikse toekenning is gespandeer aan 'n beurs vir die ondersoeker, reis- en verblyfkoste, fotokopieerwerk, die aankoop van noodsaaklike inligting, korrespondensie en telefoonkoste.

Aan die instansies wat dit moontlik gemaak het om hierdie gedeelte van die ondersoek te kon voltooi, wat tegelyk as 'n verhandeling aangebied word, wil ek my opregte dank oordra.

F.J.G. van der Merwe

POTCHEFSTROOM
November 1976

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| | | BLADSY |
| VOORWOORD | | |
| INLEIDING | | 1 |
| HOOFSTUK: | | |
| I | PROBLEEMSTELLING, DOEL, AFBAKENING, METODE EN EVALUERING VAN DIE ONDERSOEK | 11-19 |
| | Probleem en Doel van die Ondersoek | 11 |
| | Afbakening van die Terrein | 12 |
| | Metode van die Ondersoek | 13 |
| | Evaluering van Bronne en Inligting | 17 |
| II | DIE ONTSTAAN VAN DIE BRITSE RYKS- EN STATEBONDSPELE EN SUID-AFRIKA SE BETROKKENHEID DAARIN | 21-33 |
| III | DIE EERSTE RYKSPELE - HAMILTON, 1930 | 35-99 |
| 1 | Finansies | 35 |
| 2 | Nominasies van Deelnemers en Beamptes | 46 |
| 2.1 | Nominasies van Deelnemers | 46 |
| 2.1.1 | Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging | 46 |
| 2.1.2 | Suid-Afrikaanse Amateurswemunie | 48 |
| 2.1.3 | Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging | 50 |
| 2.1.4 | Suid-Afrikaanse Amateurstoeifederasie | 51 |
| 2.1.5 | Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging | 52 |
| 2.1.6 | Suid-Afrikaanse Tennisunie | 53 |
| 2.1.7 | Suid-Afrikaanse Roei-unie | 54 |
| 2.2 | Nominasies van Beamptes | 55 |
| 2.2.1 | Spanbestuurder | 55 |
| 2.2.2 | Chaperone | 57 |
| 2.2.3 | Ander Beamptes | 58 |
| 3 | Reis na, en Aankoms by, die Spele | 59 |
| 4 | Deelname | 63 |
| 4.1 | Atletiek | 65 |
| 4.1.1 | 100 tree | 65 |
| 4.1.2 | 220 tree | 68 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.1.3 | 440 tree | 70 |
| 4.1.4 | 880 tree | 72 |
| 4.1.5 | 120 tree hekkies | 73 |
| 4.1.6 | Hoogspring | 77 |
| 4.1.7 | Verspring | 78 |
| 4.1.8 | Gewigstoot | 79 |
| 4.1.9 | Skyfwerp | 79 |
| 4.1.10 | Spiesgooi | 80 |
| 4.1.11 | Opsomming | 81 |
| 4.2 | Swem | 82 |
| 4.2.1 | Dames 400 tree vryslag | 82 |
| 4.2.2 | Duik | 84 |
| 4.3 | Boks | 84 |
| 4.3.1 | Vlieggewig | 85 |
| 4.3.2 | Veergewig | 86 |
| 4.3.3 | Weltergewig | 87 |
| 4.3.4 | Middelgewig | 88 |
| 4.3.5 | Ligswaargewig | 89 |
| 4.4 | Stoei | 89 |
| 4.4.1 | Middelgewig | 90 |
| 4.5 | Rolbal | 90 |
| 4.5.1 | Enkelspel | 91 |
| 4.5.2 | Parespel | 92 |
| 4.5.3 | Viertal | 93 |
| 5 | Samevatting | 93 |
| IV | DIE TWEEDE RYKSPELE - LONDEN, 1934 | 101-177 |
| 1 | Finansies | 101 |
| 2 | Nominasies van Deelnemers en Beamptes | 105 |
| 2.1 | Deelnemers | 105 |
| 2.1.1 | Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging | 105 |
| 2.1.2 | Suid-Afrikaanse Amateurswemunie | 108 |
| 2.1.3 | Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging | 109 |
| 2.1.4 | Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging | 110 |
| 2.1.5 | Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging | 110 |
| 2.1.6 | Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie | 111 |
| 2.2 | Nominasies van Beamptes | 112 |
| 2.2.1 | Algemene Spanbestuurder | 112 |
| 2.2.2 | Chaperone | 112 |
| 2.2.3 | Ander Beamptes | 113 |
| 3 | Reis na, en Aankoms by, die Spele | 114 |
| 4 | Deelname | 117 |
| 4.1 | Atletiek | 119 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.1.1 | 100 tree | 120 |
| 4.1.2 | 220 tree | 124 |
| 4.1.3 | 440 tree | 128 |
| 4.1.4 | 880 tree | 129 |
| 4.1.5 | Een myl | 132 |
| 4.1.6 | Drie myl | 133 |
| 4.1.7 | 80 meter hekkies | 134 |
| 4.1.8 | 120 tree hekkies | 135 |
| 4.1.9 | Verspring | 138 |
| 4.1.10 | Hoogspring | 138 |
| 4.1.11 | Paalspring | 141 |
| 4.1.12 | Skyfwerp | 142 |
| 4.1.13 | Gewigstoot | 143 |
| 4.1.14 | Spiesgooi | 143 |
| 4.1.15 | Opsomming | 144 |
| 4.2 | Fietsry | 146 |
| 4.2.1 | 1000 meter tydtoets | 146 |
| 4.2.2 | 1000 tree kampioenskap | 146 |
| 4.2.3 | 10 myl | 147 |
| 4.3 | Swem | 148 |
| 4.3.1 | 100 tree rugslag | 148 |
| 4.3.2 | Dames 100 tree vryslag | 150 |
| 4.3.3 | Dames 200 tree borsslag | 153 |
| 4.3.4 | Dames 300 tree wisselaflos | 153 |
| 4.3.5 | Dames 400 tree vryslagaflos | 154 |
| 4.3.6 | 440 tree vryslag | 155 |
| 4.3.7 | Duik | 158 |
| 4.4 | Boks | 158 |
| 4.4.1 | Bantamgewig | 160 |
| 4.4.2 | Veergewig | 160 |
| 4.4.3 | Liggewig | 162 |
| 4.4.4 | Weltergewig | 162 |
| 4.4.5 | Middelgewig | 164 |
| 4.4.6 | Ligswaargewig | 165 |
| 4.4.7 | Swaargewig | 167 |
| 4.5 | Stoei | 168 |
| 4.5.1 | Ligswaargewig | 168 |
| 4.6 | Rolbal | 170 |
| 5 | Samevatting | 174 |
| V | DIE DERDE RYKSPELE - SYDNEY, 1938 | 179-240 |
| 1 | Finansies | 180 |
| 2 | Nominasies van Deelnemers en Beamptes | 181 |
| 2.1 | Deelnemers | 183 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 2.1.1 | Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging | 183 |
| 2.1.2 | Suid-Afrikaanse Amateurswemunie | 184 |
| 2.1.3 | Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging | 184 |
| 2.1.4 | Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging | 184 |
| 2.1.5 | Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie | 184 |
| 2.1.6 | Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging | 185 |
| 2.2 | Beamptes | 185 |
| 2.2.1 | Spanbestuurder | 185 |
| 2.2.2 | Chaperone | 186 |
| 2.2.3 | Ander Beamptes | 186 |
| 3 | Die Reis na, en die Aankoms by, die Spele | 187 |
| 4 | Deelname | 190 |
| 4.1 | Atletiek | 190 |
| 4.1.1 | 100 tree | 190 |
| 4.1.2 | 220 tree | 194 |
| 4.1.3 | 440 tree | 196 |
| 4.1.4 | 880 tree | 198 |
| 4.1.5 | Een myl | 198 |
| 4.1.6 | Drie myl | 199 |
| 4.1.7 | Ses myl | 200 |
| 4.1.8 | 80 meter hekkies | 202 |
| 4.1.9 | 120 tree hekkies | 203 |
| 4.1.10 | Marathon | 207 |
| 4.1.11 | Hoogspring | 212 |
| 4.1.12 | Paalspring | 213 |
| 4.1.13 | Gewigstoot | 213 |
| 4.1.14 | Spiesgooi, dames | 215 |
| 4.1.15 | Opsomming | 215 |
| 4.2 | Fietsry | 216 |
| 4.2.1 | 1000 meter tydtoets | 216 |
| 4.2.2 | 1000 meter naelry | 217 |
| 4.2.3 | 10 myl | 218 |
| 4.2.4 | 100 kilometer padwedren | 219 |
| 4.3 | Swem | 220 |
| 4.3.1 | 110 tree vryslag | 221 |
| 4.3.2 | 220 tree borsslag, dames | 222 |
| 4.3.3 | 300 tree wisselaflos, dames | 223 |
| 4.3.4 | 440 tree vryslag | 223 |
| 4.4 | Boks | 225 |
| 4.4.1 | Vlieggewig | 225 |
| 4.4.2 | Bantamgewig | 226 |
| 4.4.3 | Veergewig | 227 |
| 4.4.4 | Weltergewig | 227 |
| 4.4.5 | Ligswaargewig | 228 |
| 4.4.6 | Swaargewig | 229 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.5 | Stoei | 229 |
| 4.5.1 | Liggewig | 230 |
| 4.5.2 | Weltergewig | 230 |
| 4.5.3 | Middelgewig | 231 |
| 4.5.4 | Ligswaargewig | 232 |
| 4.6 | Rolbal | 232 |
| 4.6.1 | Enkelspel | 233 |
| 4.6.2 | Parespel | 233 |
| 4.6.3 | Viertal | 234 |
| 5 | Samevatting | 235 |
| VI | DIE VIERDE RYKSPELE - AUCKLAND, 1950 | 241-314 |
| 1 | Finansies | 242 |
| 1.2 | Vervoer | 260 |
| 2 | Nominasies van Deelnemers en Beamptes | 263 |
| 2.1 | Deelnemers | 263 |
| 2.1.1 | Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging | 263 |
| 2.1.2 | Suid-Afrikaanse Amateurswemunie | 264 |
| 2.1.3 | Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging | 264 |
| 2.1.4 | Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging | 265 |
| 2.1.5 | Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging | 265 |
| 2.1.6 | Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie | 266 |
| 2.1.7 | Suid-Afrikaanse Amateurgewigoptelunie | 266 |
| 2.2 | Spanbestuurder | 267 |
| 3 | Reis na, en Aankoms by, die Spele | 268 |
| 4 | Deelname | 271 |
| 4.1 | Atletiek | 272 |
| 4.1.1 | 100 tree | 272 |
| 4.1.2 | 220 tree, dames | 273 |
| 4.1.3 | 440 tree | 274 |
| 4.1.4 | 880 tree | 275 |
| 4.1.5 | Ses myl | 276 |
| 4.1.6 | 120 meter hekkies | 277 |
| 4.1.7 | 440 tree hekkies | 279 |
| 4.1.8 | Marathon | 280 |
| 4.1.9 | Verspring | 282 |
| 4.1.10 | Driesprong | 283 |
| 4.1.11 | Hoogspring | 283 |
| 4.1.12 | Opsomming | 284 |
| 4.2 | Swem | 285 |
| 4.2.1 | 110 tree vryslag | 286 |
| 4.2.2 | 110 tree rugslag | 288 |
| 4.2.3 | 440 tree vryslag | 289 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 4.2.4 | 1650 tree vryslag | 291 |
| 4.2.5 | Opsomming | 293 |
| 4.3 | Boks | 293 |
| 4.3.1 | Vlieggewig | 294 |
| 4.3.2 | Bantamgewig | 295 |
| 4.3.3 | Veergewig | 297 |
| 4.3.4 | Liggewig | 297 |
| 4.3.5 | Middelgewig | 297 |
| 4.3.6 | Opsomming | 299 |
| 4.4 | Stoei | 299 |
| 4.4.1 | Weltergewig | 300 |
| 4.4.2 | Middelgewig | 301 |
| 4.4.3 | Ligswaargewig | 301 |
| 4.4.4 | Opsomming | 302 |
| 4.5 | Gewigoptel | 303 |
| 4.5.1 | Veergewig | 303 |
| 4.5.2 | Ligswaargewig | 304 |
| 4.6 | Roei | 305 |
| 4.6.1 | 2000 meter enkel-skifroei | 305 |
| 4.7 | Rolbal | 307 |
| 4.7.1 | Enkelspel | 307 |
| 4.7.2 | Parespel | 308 |
| 4.7.3 | Viertal | 309 |
| 5 | Samevatting | 311 |
| | | |
| VII | DIE VYFDE RYKS- EN STATEBONDSPELE - VANCOUVER, 1954 | 315-399 |
| 1 | Finansies | 316 |
| 2 | Nominasies van Deelnemers en Beamptes | 325 |
| 2.1 | Deelnemers | 325 |
| 2.1.1 | Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging | 326 |
| 2.1.2 | Suid-Afrikaanse Amateurswemunie | 327 |
| 2.1.3 | Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging | 328 |
| 2.1.4 | Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging | 328 |
| 2.1.5 | Suid-Afrikaanse Amateurgewigoptelunie | 328 |
| 2.1.6 | Suid-Afrikaanse Skermbond | 328 |
| 2.1.7 | Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging | 329 |
| 2.2 | Beamptes | 329 |
| 3 | Die Reis na, en Aankoms by, die Spele | 331 |
| 4 | Deelname | 334 |
| 4.1 | Atletiek | 335 |
| 4.1.1 | Marathon | 335 |
| 4.1.2 | Paalspring | 337 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.1.3 | Skyfwerp | 338 |
| 4.1.4 | Gewigstoot | 340 |
| 4.1.5 | Spiesgooi | 341 |
| 4.1.6 | Hamergooi | 343 |
| 4.2 | Fietsry | 345 |
| 4.2.1 | 1000 meter naelry | 345 |
| 4.2.2 | 4000 meter enkelagtervolging | 348 |
| 4.2.3 | 10 myl | 350 |
| 4.2.4 | Padwedren (100 kilometer) | 351 |
| 4.3 | Swem | 351 |
| 4.3.1 | 110 tree vryslag | 352 |
| 4.3.2 | 110 tree rugslag | 353 |
| 4.3.3 | 220 tree borsslag, dames | 356 |
| 4.3.4 | 330 tree wisselaflos, dames | 357 |
| 4.3.5 | 440 tree vryslag | 358 |
| 4.3.6 | 440 tree vryslagaflos, dames | 361 |
| 4.3.7 | 880 tree vryslagaflos, mans | 361 |
| 4.3.8 | 1650 tree vryslag | 362 |
| 4.3.9 | Opsomming | 363 |
| 4.4 | Boks | 364 |
| 4.4.1 | Bantamgewig | 365 |
| 4.4.2 | Veergewig | 365 |
| 4.4.3 | Liggewig | 367 |
| 4.4.4 | Weltergewig | 368 |
| 4.4.5 | Middelgewig | 369 |
| 4.4.6 | Ligswaargewig | 370 |
| 4.4.7 | Swaargewig | 370 |
| 4.5 | Stoei | 371 |
| 4.5.1 | Vlieggewig | 371 |
| 4.5.2 | Veergewig | 372 |
| 4.5.3 | Liggewig | 372 |
| 4.5.4 | Weltergewig | 373 |
| 4.5.5 | Middelgewig | 374 |
| 4.5.6 | Ligswaargewig | 375 |
| 4.6 | Gewigoptel | 376 |
| 4.6.1 | Bantamgewig | 378 |
| 4.6.2 | Liggewig | 378 |
| 4.6.3 | Ligswaargewig | 379 |
| 4.7 | Skerm | 379 |
| 4.7.1 | Mans individuele floret | 380 |
| 4.7.2 | Mans individuele epee | 381 |
| 4.8 | Rolbal | 382 |
| 4.8.1 | Enkelspel | 384 |
| 4.8.2 | Parespel | 386 |
| 4.8.3 | Viertal | 388 |
| 5 | Samevatting | 392 |

BLADSY

| | | |
|---|---|---|
| VIII | DIE SESDE RYKS- EN STATEBONDSPELE - CARDIFF, 1958 | 401-490 |
| 1 | Finansies | 403 |
| 2 | Nominasie van Deelnemers en Beamptes | 409 |
| 2.1 | Deelnemers | 409 |
| 2.1.1 | Suid-Afrikaanse Amateuratletiekunie | 410 |
| 2.1.2 | Suid-Afrikaanse Fietsryfederasie | 412 |
| 2.1.3 | Suid-Afrikaanse Amateurswemunie | 413 |
| 2.1.4 | Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging | 414 |
| 2.1.5 | Suid-Afrikaanse Amateurstoeifederasie | 415 |
| 2.1.6 | Suid-Afrikaanse Amateurgewigoptelunie | 415 |
| 2.1.7 | Suid-Afrikaanse Skermbond | 416 |
| 2.1.8 | Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging | 416 |
| 2.1.9 | Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie | 417 |
| 2.2 | Spanbestuurder | 421 |
| 2.3 | Beamptes | 422 |
| 3 | Die Reis na, en Aankoms by, die Spele | 425 |
| 4 | Deelname | 427 |
| 4.1 | Atletiek | 428 |
| 4.1.1 | 100 tree | 428 |
| 4.1.2 | 220 tree | 430 |
| 4.1.3 | 440 tree | 432 |
| 4.1.4 | 880 tree | 434 |
| 4.1.5 | Een myl | 434 |
| 4.1.6 | 120 tree hekkies | 434 |
| 4.1.7 | 440 tree hekkies | 436 |
| 4.1.8 | Marathon | 437 |
| 4.1.9 | Paalspring | 439 |
| 4.1.10 | Skyfwerp | 440 |
| 4.1.11 | Gewigstoot | 441 |
| 4.1.12 | Spiesgooi, dames | 442 |
| 4.1.13 | Hamergooi | 443 |
| 4.1.14 | Opsomming | 443 |
| 4.2 | Fietsry | 444 |
| 4.2.1 | 1000 meter tydtoets | 444 |
| 4.2.2 | 1000 meter naelry | 445 |
| 4.2.3 | 4000 meter enkelagtervolging | 446 |
| 4.2.4 | 10 myl | 447 |
| 4.3 | Swem | 448 |
| 4.3.1 | 110 tree vryslag | 448 |
| 4.3.2 | 110 tree rugslag, dames | 450 |
| 4.3.3 | 110 tree vlinderslag, dames | 450 |
| 4.3.4 | 220 tree borsslag | 450 |
| 4.3.5 | 220 tree vlinderslag | 451 |
| 4.3.6 | 440 tree vryslag | 451 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.3.7 | 440 tree vryslagaflos, dames | 452 |
| 4.3.8 | 440 tree wisselslagaflos | 453 |
| 4.3.9 | 1650 tree vryslag | 455 |
| 4.3.10 | Duik | 457 |
| 4.4 | Boks | 457 |
| 4.4.1 | Vlieggewig | 458 |
| 4.4.2 | Bantamgewig | 458 |
| 4.4.3 | Veergewig | 458 |
| 4.4.4 | Liggewig | 459 |
| 4.4.5 | Ligweltergewig | 459 |
| 4.4.6 | Weltergewig | 459 |
| 4.4.7 | Ligmiddelgewig | 460 |
| 4.4.8 | Middelgewig | 460 |
| 4.4.9 | Ligswaargewig | 461 |
| 4.4.10 | Swaargewig | 461 |
| 4.4.11 | Opsomming | 462 |
| 4.5 | Stoei | 463 |
| 4.5.1 | Vlieggewig | 464 |
| 4.5.2 | Bantamgewig | 465 |
| 4.5.3 | Veergewig | 466 |
| 4.5.4 | Liggewig | 466 |
| 4.5.5 | Weltergewig | 467 |
| 4.5.6 | Middelgewig | 468 |
| 4.5.7 | Ligswaargewig | 469 |
| 4.5.8 | Swaargewig | 469 |
| 4.5.9 | Opsomming | 470 |
| 4.6 | Gewigoptel | 471 |
| 4.6.1 | Bantamgewig | 472 |
| 4.6.2 | Liggewig | 473 |
| 4.6.3 | Middelgewig | 474 |
| 4.6.4 | Ligswaargewig | 475 |
| 4.6.5 | Middelswaargewig | 475 |
| 4.6.6 | Swaargewig | 476 |
| 4.6.7 | Opsomming | 476 |
| 4.7 | Skerm | 477 |
| 4.8 | Roei | 478 |
| 4.9 | Rolbal | 481 |
| 4.9.1 | Enkelspel | 482 |
| 4.9.2 | Parespel | 483 |
| 4.9.3 | Viertal | 484 |
| 5 | Samevatting | 485 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| IX | SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS | 491-515 |
| | Grafiek I: Suid-Afrika se atletiekprestasies op die Britse Ryks- en Statebondspele (1930-1958) | 493 |
| | Grafiek II: Die verhouding atlete teenoor medaljewenners | 495 |
| | Grafiek III: Suid-Afrika se swemprestasies op die Britse Ryks- en Statebondspele (1930-1958) | 496 |
| | Grafiek IV: Suid-Afrika se boksprestasies op die Britse Ryks- en Statebondspele (1930-1958) | 497 |
| | Grafiek V: Suid-Afrika se stoeiprestasies op die Britse Ryks- en Statebondspele (1930-1958) | 507 |
| | BIBLIOGRAFIE | 517-530 |
| I | Boeke | 517 |
| II | Tydskrifte | 519 |
| III | Dagblaaie | 519 |
| IV | Notules | 522 |
| V | Bestuurdersverslae | 527 |
| VI | Onderhoude en Korrespondensies | 527 |
| VII | Plakboeke | 529 |
| | INDEKS PERSONE | 531-544 |
| | BYLAAG I | 545-567 |
| | BYLAAG II | 569-575 |
| | ABSTRACT | 577-578 |

# INLEIDING

Die geskiedenis van die eertydse Britse Ryk en die latere Britse Statebond is so omvattend dat 'n mens boekdele daaroor kan skrywe. Dis egter nie die oogmerk van hierdie studie nie. Soos die titel aandui, word die aandag bepaal by Suid-Afrika se deelname aan die Britse Ryks- en Statebondspele, daardie sportgebeurtenis waaraan slegs lede van die Britse Ryk en Statebond kon deelneem. Om egter 'n beter begrip te vorm van die klimaat en agtergrond waarin hierdie Spele plaasgevind het, word die geskiedenis van die Britse Ryk baie kortliks gegee.

Volgens Egerton[1] was die neiging om nuwe lande te ontdek 'n uitvloeisel van die Rennaissancebeweging. Alreeds in 1578, onder die regering van Elizabeth I, het Sir Humphrey Gilbert verlof ontvang om ontdekkingsreise na die vreemde te onderneem en gronde wat ontdek word, in besit te neem. So het dit dan gekom dat Newfoundland in 1583 deur Sir Gilbert formeel in besit geneem is. Dit was veral die ryk viswaters van hierdie gebied wat as aansporing tot hierdie stap gedien het.[2]

Nog 'n persoon wat sulke regte verkry het, was Sir Walter Raleigh. Mense soos Gilbert en Raleigh het gesag oor die inwoners van die besette gebied verkry en sodoende is die Engelse reg in die vreemde geweste ingevoer. Onder gesag van die Kroon is die

---

1) Egerton, Hugh Edward. A Short History of British Colonial Policy. Londen, 1928, p.14.

2) Ibid., pp.12-13, 17.

Britse godsdiens, taal, kultuur, gewoontes en gebruike in hierdie gewestes gevestig.[3] Sulke verowerde gebiede is by die Britse Kroon ingelyf en as deel van die Britse Ryk gereken.

Van die gebruike wat na die vreemde lande oorgeplant is, was die Britte se vorme van spel en sport. Van ouds af was die Britte lief vir sport en was hulle ook van die eerstes om die organisasie daarvan te beskrywe. Met die uitbreiding van die Britse Ryk het hulle ook hulle sport met hulle meegeneem. Die soldate, administrateurs, sakelui, sendelinge en setlaars het hierdie spele na die uithoeke van die aarde gedra[4] en dit het ook mettertyd deel geword van die spelpatrone van die inheemse bevolkings.

Virginia, in die V.S.A., was die tweede Britse besetting. Dit is in 1584 formeel in besit geneem.[5] Die Stuarttydperk het besondere momentum gegee aan die verdere uitbreiding van die Britse Ryk. Dit het geskied omdat aan persone en maatskappye magtiging verleen is om gebiede eenvoudig in besit te neem en namens die Britse Kroon te bestuur. Sulke ondernemings het gewoonlik 'n handelskarakter aangeneem.[6]

Ander gebiedsdele wat onder die Britse gesag geplaas is, was o.a. Bermuda (1609 - 1612), Barbados (1624 - 1625), Jamaika (1655), Nieu-Suid-Wallis (1788), Kaap die Goeie Hoop (1795), Nieu-Seeland

---

3) Verloren van Themaat, J.P. Staatsreg. Durban, 1956, p.164.

4) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p.4.

5) Egerton, Hugh Edward. A Short History of British Colonial Policy. Londen, 1928, p.13.

6) Verloren van Themaat, J.P. Staatsreg. Durban, 1956, p.165.

en Brits-Columbië, 1840 en 1858 onderskeidelik.[7)]

Na die Stuartregering het die Amerikaanse Vryheidsoorlog vanaf 1689 tot 1783 geduur.[8)] Dit het meegebring dat Brittanje by die Verdrag van Versailles (1783) sy 13 Amerikaanse kolonies moes prysgee. Hiermee het daar dan in die eerste twee-derdes van die 19de eeu 'n insinking in Europa se belangstelling m.b.t. kolonialisasie gekom. Hierdie insinking was slegs van korte duur. Vanaf 1870 tot 1900 het daar teen alle verwagtinge in 'n nuwe wedloop ontstaan na die anneksasie of verowering van nuwe gebiede. Lande het hul aansien en mag vergroot deur vreemde gebiede tot hul Ryk toe te voeg. Die laat negentiende-eeuse Europese ekspansie was van so 'n omvang dat historici dit beskrywe het as een van die grootste gebeurtenisse in die wêreldgeskiedenis.[9)] Brittanje het die leiding gegee in hierdie wedloop tot magsuitbreiding en die imperiumgedagte.

Die Britse Ryk was, geografies gesproke, die grootste Ryk van alle tye. Alhoewel die Ryk oor 'n rydperk van drie eeue bestaan het, het sy glorie slegs ongeveer 'n halwe eeu geduur. Op daardie stadium het dit 'n kwart van die wêreld beslaan en op elke kontinent was die Kroon verteenwoordig.[10)] Die Verenigde Koninkryk was die politieke sentrum van 'n Ryk wat byna honderd keer groter was en tien keer meer inwoners bevat het as die Moederland self.

---

7) Egerton, Hugh Edward. op. cit. pp.13-15.

8) Verloren van Themaat, J.P. op. cit. p.170.

9) Wright, Harrison M., ed. The "New Imperialism". Lexington, 1961, pp.7-8.

10) Cross, Colin. The British Empire. Londen, 1972, p.7.

Daar was belange in Europa, Asië, Indië, Maleie, klein gedeeltes van China, groot dele van Afrika asook in Noord-Amerika. Daar was ook Britse Kolonies in Sentraal- en Suid-Amerika, asook Australië, Nieu-Seeland, Nieu-Guinea en talle kleiner eilandjies. Die totale area is in die begin van hierdie eeu op 11,500,000 vierkante myl beraam. Die Verenigde Koninkryk self is maar 121,000 vierkante myl.[11)]

Na hierdie uithoeke van die aarde het die Britte hulle sport en spele geneem. Die klimaat en kultuur van die onderskeie lande binne die Britse Ryk (wat op een stadium uit 50 lande bestaan het) het gewissel omrede die Britse Ryk gebiedsdele op al die kontinente van die wêreld gehad het. Bogenoemde faktore is maar slegs twee wat 'n rol speel in die keuse van sportsoorte wat in so 'n land of onder sy bevolking beoefen sou word.

Gedurende die 19de eeu is o.a. krieket, tennis, gholf, hokkie, atletiek, swem, boks, stoei en rugby in die Statebondslande met 'n geskikte klimaatstoestand deur die Engelse nedersetters bevorder.[12)] Die meeste van hierdie sportsoorte word in die buitelug beoefen. In lande waar sonskyn oorvloedig was, het dit spoedige aanklank gevind.

Behalwe dat die vestiging van 'n tipe sport deur die klimaat en kultuur van 'n bevolkingsgroep beïnvloed is, moet die ontwikkelingspeil van die etniese groepe ook in aanmerking geneem word. In die begin van hierdie eeu was van die ± 400,000,000 onderdane

---

11) Hawke, Edward G. The British Empire and its History. Londen, 1911, pp.3-4.

12) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p.4.

van die Britse Ryk 340,000,000 Nie-Blank.[13] Die oorgrote deel hiervan was betreklik ongeletterd en onbeskaaf; 'n samevoeging van talle rasse.

Die Britse Ryk het bestaan uit 'n geweldige heterogene gemeenskap van nasies en volkere, saamgegroepeer in een politieke stelsel. Om harmonie en 'n gees van samehorigheid binne hierdie gemeenskap te skep, was 'n uiters moeilike onderneming. Een van die metodes wat aangewend is om so 'n harmonie en eenheidsgevoel te probeer skep, was deur middel van sport en spel, deur sportkontak tussen lande onderling. Die ander was natuurlik deur dwang, deur verdrae en onderlinge ekonomiese afhanklikheid. Die heterogeniteit van die Britse Ryk het tegelyk die kiem van sy ondergang bevat. Die strewe na selfbeskikking en die behoud van eie identiteit, sou hierdie magtige Ryk geleidelik laat verbrokkel. Die Eerste Wêreldoorlog het die proses van onafhanklikheid aangehelp, al het Brittanje deur die oorlog nuwe gebiedsdele bekom. Op die Ryksoorlogskonferensie van 1917 is besluit dat die verhoudings binne die Britse Ryk "should be based upon a full recognition of the Dominions as outonomous nations of an Imperial Commonwealth".[14]

Vanaf 1919 was dit Kanada en ook Suid-Afrika (na die regeringsverandering van 1924) wat hul beywer het vir die verkryging van volkome onafhanklikheid. Op die Rykskonferensie van 1921 is die Britse Dominiums deur al die lande as onafhanklik aanvaar.

---

13) Hawke, Edward G. op. cit., pp.4-6.

14) Verloren van Themaat, J.P. Staatsreg. Durban, 1956, p.187.

Hul posisie sou een wees van gelykes binne die Britse Statebond wat betref waardigheid en verantwoordelikheid.[15] Maar dit het slegs in teorie gegeld. In die praktyk was hulle nog aan die naelstring van die Britse Kroon verbind en is hulle gereken as kolonies van Brittanje.

Generaal Jan Smuts, eertydse Premier van die Unie van Suid-Afrika, was 'n groot kampvegter vir eenheid binne die Britse Gemenebes. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het hy die uitdrukking van 'n "Britse Gemenebes van Nasies" geskep, wat later bekend sou staan as die Britse Statebond. Smuts het ook die idee van "holisme" geformuleer sodat hy tot vandag toe beskou word as die vader van hierdie begrip.[16] Die Britse Ryk wat bestaan het uit 'n groepering van verowerde nasies, het hier die groot eenheid van nasies gevorm waar die een as interafhanklik van die ander beskou is. Elkeen van die onderskeie Dominiums of State is as soewereine entiteite beskou, maar dit kon slegs geskied deur interafhanklik te wees van ander lande van die Gemenebes, veral van Brittanje. Die Gemenebes het dus 'n staatkundige geheel gevorm waar die een land afhanklik van die ander was. Die belange van die geheel is as belangriker gereken as die belange van een lid. Dit het beteken dat die belange van die Gemenebes voorop gestel is. Vir 'n "Suid-Afrika Eerste" - houding sou daar nie plek wees nie. Wat hulle saamgebind het, was hul lojaliteit aan die Kroon. Hierin is almal verenig en het die dele 'n organiese geheel gevorm - vandaar die idee van "holisme". Dit was alleen logies om te verwag dat die sport op een of ander stadium ingespan sou word om beslag te gee aan die holistiese idee van die

---

15) Ibid., p.189.

16) Hall, Calvin S. & Lindzey, Gardner. Theories of Personality. New York, 1957, pp.23, 298.

Gemenebes. Sport kon dien as 'n bindende mag, as 'n simboliese manifestasie van die eenheid waaroor gedroom is.

Alle Suid-Afrikaners was nie tuis in hierdie familie-gemeenskap nie. Die Afrikaner, by name, het steeds na 'n onafhanklike Republiek gestrewe.[17)] Steeds was daar diegene wat hulle totaal wou losmaak van die Britse Kroon. Die aandrang op onafhanklike status het toegeneem, ook by ander state van die Gemenebes. Uiteindelik is die onafhanklike status van iedere lid van die Gemenebes gewaarborg op die Rykskonferensie van 1926, soos saamgevat in die Balfourverklaring. Suid-Afrika, Ierland en Kanada het die leidende rol hierin gespeel. Alhoewel daar na 1926 nog by tye na die Britse Ryk verwys is, is daar op hierdie Rykskonferensie eenparig aanvaar dat "Groot Brittanje en die vrygeweste selfstandige gemeenskappe binne die Britse Ryk is, gelyk in status, geensins aan mekaar ondergeskik nie, maar verenig deur die gemeenskaplike trou verskuldig aan die Koning en deur hulle samewerking as lede van die Britse Gemenebes van Nasies".[18)] Dit het weliswaar nie volkome onafhanklikheid beteken nie, maar dit was 'n groot stap in die rigting van soewereiniteit.

In 1930 is die eerste amptelike Britse Rykspele aangebied, hoewel daar al in 1911 gepoog is om so 'n Spele tot stand te bring. Die doel van die Spele was duidelik: dit moes dien om die jeug van die Britse Gemenebes in sport saam te bind in een gemeenskaplike trou aan die Kroon. Die Spele moes die simboliese vergestalling van eenheid binne die Gemenebes van Nasies word.

---

17) Cross, Colin. The British Empire. Londen, 1972, p.152.

18) Verloren van Themaat, J.P. Staatsreg. Durban, 1956, p.194.

Na die vergadering van Eerste Ministers gehou in April 1949 is die Londense Verklaring van 1949 uitgereik waarin die term "Britse" uit die Gemenebes van Nasies gelaat is. Die woord "dominium", wat besitting beteken, is ook nie meer gebruik nie. Vanaf 1949 is daar dus slegs gepraat van die Statebondslande of lande van die Gemenebes.[19)]

Uit die bostaande paragraaf is dit duidelik dat in die Spelebeweging die naam "Britse Ryk" al veel vroeër deur "Statebond" vervang moes gewees het. In die sportwêreld is daar egter aan die Ryksideaal geklou totdat die nuwe titel, wat as volg gelui het: Britse Ryks- en Statebondspele, eers vir die eerste keer in 1954 in Vancouver gebruik is. Met die 1966-Spele in Kingston, Jamaika, is die woord "Ryks-" uit die titel verwyder sodat die nuwe naam die Britse Statebondspele geheet het.[20)] Dit is opmerklik dat die woord "Britse" nog steeds voor die Statebondspele gebruik word.

Na die Tweede Wêreldoorlog kon selfstandige lede die Britse Statebond verlaat. Burma het met die erkenning van Groot Brittanje in 1947 onafhanklik geword. Ierland het sy voorbeeld gevolg. Ook Indië en Pakistan het onafhanklike Republieke geword, maar nog steeds ledestate van die Statebond gebly. Die feit dat Indië as 'n onafhanklike Republiek binne die Statebond gebly het, toon dat die Statebond 'n "vrye vereniging" was.[21)] Ook ander lande het aangedring op onafhanklikheid en selfbestuur. Eertydse kolonies uit Afrika het gedurende die vyftiger- en

---

19) Ibid., pp.219-220.

20) British Commonwealth Games 1974, Xth...., Christchurch, New Zealand. Official Programme. Christchruch, 1973, p.31.

21) Verloren van Themaat, J.P. Staatsreg. Durban, 1956, p.219.

sestigerjare onafhanklik geword: Kenia, Zambië, Ghana, Uganda, Egipte, die Soedan, Botswana, Lesotho, Swaziland, en les bes, die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961. Uitgesonderd Suid-Afrika, het bogenoemde lande verkies om lid van hierdie "vry vereniging" van nasies te bly en het hulle ook voortgesette aandeel aan die Statebondspele bly geniet. Suid-Afrika is in 1961 daar uit.

Die groei van die Spelebeweging, soos gesien kan word uit die aantal lande en personeel (deelnemers en beamptes) betrokke, kan skematies soos volg voorgestel word :

| | | lande | deelnemers & beamptes |
|---|---|---|---|
| 1930 | Hamilton, Kanada : | 11 | 450 |
| 1934 | Londen, Engeland : | 16 | 600 |
| 1938 | Sydney, Australië : | 15 | 507 |
| 1950 | Auckland, Nieu-Seeland : | 12 | 663 |
| 1954 | Vancouver, Kanada : | 24 | 789 |
| 1958 | Cardiff, Wallis : | 35 | 1,358 |
| 1962 | Perth, Wes-Australië : | 35 | 1,041 |
| 1966 | Kingston, Jamaika : | 34 | 1,316 |
| 1970 | Edinburgh, Skotland : | 42 | 1,697 |
| 1974 | Christchurch, Nieu-Seeland: | 39 | 1,637 |
| 1978 | Edmonton, Kanada : | - | -[22] |

22) British Commonwealth Games 1974, Xth ..., Christchurch, New Zealand. Op. cit., p.33.

Uit bogaande uiteensetting blyk dat ten spyte van die groot aantal eertydse Britse kolonies wat onafhanklik geword het, daar geen onoorkomelike struikelblokke was om steeds lid van die Statebondspele te bly nie. Dit het 'n vrye vereniging van nasies geword. Wat hulle tans saambind, is die feit dat hulle vroeër deel van die Britse Ryk was. Hoe lank hierdie sentimentele binding sy krag sal behou, is moeilik om vooruit te skat. Verwag kan word dat dit mettertyd sal verbrokkel en dat nuwe groeperinge gevorm sal word. Tog is dit verbasend hoe lank hierdie groepering tot dusver bly voortbestaan het. Dis eintlik 'n onlogiese verloop van sake ...

Soos hierbo aangedui, het die Republiek van Suid-Afrika in 1961 uit die Statebond getree, en so ook uit die Statebondspele. Vandag is daar min van ons jeug wat bewus is van die feit dat Suid-Afrika vanaf 1930 tot 1958 aktief aan die Britse Ryks- en Statebondspele meegedoen het en dat dit 'n platform was wat van ons grootste sporthelde help skep het. Hierdie geskiedenis word in die huidige verhandeling die eerste keer opgeteken.

# HOOFSTUK I

## PROBLEEMSTELLING, DOEL, AFBAKENING, METODE EN EVALUERING VAN DIE ONDERSOEK

### PROBLEEM EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Navorsing ontstaan dikwels as 'n gevolg van 'n spesifieke aanvraag na inligting. Uit die aanvraag ontspruit die probleem. Dit is dan ook die geval met hierdie ondersoek.

Die dokumentasie van die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis, in vergelyking met wat elders gedoen is, staan tans in sy kinderskoene. So word gevind dat Suid-Afrika van 1908 tot 1960 aan die Olimpiese Spele deelgeneem het, en van 1930 tot 1958 aan die Britse Rykspele, maar dat daar tot op hede seer weinig sistematies nagevors is aangaande hierdie aangeleentheid. Dit is 'n geskiedenis wat nog braak lê vir navorsing en dokumentasie; trouens, daar is tot dusver min gedoen om die geskiedenis van Suid-Afrikaanse sport in die algemeen, en die geskiedenis van spesifieke sportsoorte, te dokumenteer, ten spyte daarvan dat sommige sportsoorte al byna 'n eeu lank bedryf word.

Wat betref Suid-Afrika se betrokkenheid by die Britse Rykspele, later genoem die Statebondspele, is min sistematiese dokumentasie gedoen. Behalwe 'n kort skets deur Ira Emery wat onder andere die eerste vier Rykspele dek, bestaan daar geen wetenskaplik nagevorste bronne oor Suid-Afrika se aandeel aan die Britse Ryks- en Statebondspele-beweging nie. Daar bestaan wel sporadiese artikels in dagblaaie en tydskrifte, of gedokumenteerde onderhoude wat oor die radio en televisie aangebied is, maar van 'n wetenskaplike dokumentasie is daar hoegenaamd geen sprake nie. 'n Behoefte hierna word gevoel. Dit was die doel van

hierdie studie om Suid-Afrika se deelname aan die Britse Ryks- en Statebondspele so volledig moontlik na te vors en wetenskaplik te dokumenteer.

AFBAKENING VAN DIE TERREIN

Hierdie studie dek hoofsaaklik die era van Suid-Afrika se deelname aan die Britse Ryks- en Statebondspele. Dit omvat die periode vanaf 1930 tot en met Suid-Afrika se uittrede uit die Statebond in Mei 1961. Suid-Afrika se deelname en prestasies staan dus in die fokuspunt van die ondersoek. Die prestasies van sportmanne van ander lande dien bloot as agtergrondkennis. Dit op sigself baken die terrein van die studie af. Die klem val op Suid-Afrika se aktiwiteite in die Spele van 1930, 1934, 1938, 1950, 1954 en 1958. Die Tweede Wêreldoorlog het die reeks tussen 1938 en 1950 onderbreek.

Die rol wat Suid-Afrika in bogenoemde Spele gespeel het, word in vyf terreine afgebaken. Eerstens word nagegaan hoe die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging die nodige fondse bekom het om 'n verteenwoordigende span oorsee te stuur. Tweedens toon die ondersoek die nominasies vir spanlede en beamptes wat ingedien is deur die onderskeie geaffilieerde sportbeheerliggame en die finale keuse wat daaruit gedoen is. Derdens word die reis en ervarings na die land wat as gasheer vir die Spele opgetree het, geskets. Hierdie subafdeling eindig waar die span hulle in die Speledorpie bevind en die laaste voorbereidings vir die kompetisie tref. Vierdens word die deelname en prestasies van die Suid-Afrikaners breedvoerig behandel. Dit geld vir die uitdunne sowel as die finale. Vyfdens word die terugreis, tesame met 'n kort evaluasie van die span se aandeel by die Spele, in oënskou geneem. Aan die einde volg 'n evaluering en samevatting van die gebeure.

## METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie studie is 'n histories-wetenskaplike ondersoek. Daarom is hoofsaaklik van die gebruiklike historiese metodes van ondersoek gebruik gemaak.[1] Inligting is versamel, gesistematiseer, vergelyk, beoordeel, en die geldigheid daarvan is getoets.

Ten einde die mees getroue weergawe van die werklikheid te verkry, is voorkeur verleen aan primêre bronne. Sekondêre bronne het aanvullende materiaal voorsien om gebeure te rekonstrueer of om as agtergrondkennis te dien. Inligting uit sekondêre bronne is aanvaar wanneer dit hoog korreleer met dié van primêre bronne.

Die beskikbaarheid van primêre bronne was 'n beperkende faktor in hierdie studie. Finansiële oorweegredes veroorsaak meermale dat tersaaklike inligting nie ontsluit kan word nie. Dit was dan ook hier die geval. Die Britse Ryks- en Statebondspele Federasie se argiewe is in Brittanje geleë en vanweë finansiële beperkings kon hierdie argiewe nie besoek word nie. Daar is hoofsaaklik geput uit plaaslike inligting wat oor die hele land verstrooid lê.

Die metode wat gevolg is om inligting te bekom, is die volgende. Die projek is deur middel van die radio en die pers aan die publiek bekend gestel. Persone wat oor inligting beskik, is gevra om met die ondersoeker in verbinding te tree of die inligting aan die ondersoeker deur te stuur. Daar is met sportadministrateurs, joernaliste en bekende sportpersoonlikhede

---

1) The Steering Committee. Research Methods Applied to Health Physical Education, and Recreation — American Association for Health, Physical Education and Recreation. A Department of the National Education Association. Washington D.C.

geskakel ten einde die adresse van moontlike informante te bekom. Hierna is 'n skrywe aan hulle gerig waarin om inligting gevra is, of om 'n persoonlike onderhoud. Die reaksie op hierdie poging was redelik suksesvol.

Tydskrifindekse is geraadpleeg. Daar is van die volgende indekse gebruik gemaak: die Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels (alle uitgawes); die "International Index to Periodicals"; die "Readers' Guide to Periodical Literature" en die "Educational Index". Artikels wat nie in die plaaslike universiteitsbiblioteek gevind kon word nie, is deur middel van die interbiblioteekleningsdiens aangevra. Dit het verseker dat hierdie veld van inligting behoorlik benut is.

Die notules van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspelevereniging is bestudeer. Die inligting wat in die notules opgeneem is, raak veral die gebeure wat die onderskeie Spele voorafgegaan het en was redelik volledig opgeteken. Dit dek veral sake soos finansiering van sportlui en beamptes, die metodes waarvolgens spanne gekies is, die spanne self, en reëlings met betrekking tot reisplanne. Die notules is beskou as 'n primêre bron.

Verdere bronne wat primêre inligting bevat, is die amptelike verslae van die Algemene Spanbestuurder, asook die verslae van die onderskeie assistent-spanbestuurders. Hierdie inligting is aangevul deur die amptelike verslae van die Britse Ryks- en Statebondspele Federasie wat na elke Spele beskikbaar gestel is. Waar bekombaar, is die oorspronklike programme van die onderskeie Spele ook bestudeer. Dit was van die betroubaarste inligting.

Koerantberigte en plakboeke is gereken as semi-primêre inligting. 'n Groot verskeidenheid van diè berigte is geskrywe deur

joernaliste wat die gebeure self waargeneem het. Hul ooggetuieverslae is as 'n redelik betroubare weergawe van die werklikheid aanvaar. Hierdie inligtingsbron was vir die ondersoek van onskatbare waarde.

Die Johannesburgse middagblad, die Star, het as hoofbron gedien. Benewens 'n knipseldiens wat baie volledig is, is die koerante self gefynkam. Uitgawes wat verskyn het ten tyde van die betrokke Spele, asook uitgawes van twee maande voor en twee maande na die Spele, is noukeurig bestudeer. Benewens die inligting van die Star, is daar ook besoeke gebring aan die argiewe van die Rand Daily Mail en die Transvaler. Die knipseldienste van hierdie dagblaaie is nagegaan. Die Potchefstroomse High School for Boys beskik oor 'n redelik volledige versameling van die eertydse Western Transvaal Herald. Hierdie bron is ook geraadpleeg.

Die plakboeke van oud-deelnemers en oud-administrateurs is geraadpleeg. Hierdie plakboeke het gewoonlik 'n groot versameling koerantknipsels bevat afkomstig uit 'n groot verskeidenheid dagblaaie en tydskrifte asook selfgeskrewe verslae van die Spele, gewoonlik in dagboekvorm. Ongelukkig was die meeste van die plakboekknipsels anoniem en word die tydskrif of dagblad waarin die spesifieke knipsel verskyn het, nie genoem nie. Benewens persoonlike plakboeke, beskik die Olimpiese Museum wat in Pretoria geleë is, ook oor 'n aantal plakboeke wat plaaslike sowel as oorsese dagblaaie rapporteer. 'n Anonieme samesteller het hierdie plakboeke aan die Olimpiese Museum geskenk. Sommige Spele is vollediger gerapporteer as ander, afhangende van die ywer van die persoon wat die betrokke plakboek saamgestel het. So is die 1938 Rykspele baie volledig gedek deur uitknipsels uit die verskillende dagblaaie van Australië.

plakboeke wat met groot vrug gebruik is, is die van mnre. Alex Bulley (1938, 1950, 1954), Harry Hart (1930, 1934), Snowy Walker (1938, 1950, 1958), Johannes Coleman (1938), en mev. Jennie Maakal Thomas (1930, 1934). 'n Aantal kleiner plakboeke is ook gebruik.

Argiewe en museums is besoek. Daar is besoeke gebring aan die Johannesburgse Stadsbiblioteek, die Africana Museum in Johannesburg, die Suid-Afrikaanse Polisiemuseum in Pretoria, die Potchefstroom Museum, en die private versameling van die bekende sportskrywer, mnr. Arrie Joubert van Johannesburg.

Korrespondensie en onderhoude het waardevolle inligting opgelewer. Adresse van oud-deelnemers en ander persone wat oor inligting mag beskik, is opgespoor en korrespondensie is met hierdie persone opgeneem. 'n Groot aantal van hierdie persone is opgesoek en persoonlike onderhoude is met hulle gevoer wat òf aangeteken is, òf in hulle geheel op band opgeneem is. Behalwe enkele gevalle waar persone se geheue hul in die steek gelaat het, en die inligting dus nie altyd betroubaar was nie, het hierdie metode van inligtingversameling 'n belangrike bydrae gelewer om gebeure so realisties moontlik te rekonstrueer.

Daar is 'n groot aantal foto's versamel wat waardevolle inligting verskaf het aangaande deelnemers, spanlede, eindpogings, of twyfelagtige beslissings. Die foto's is verkry uit koerantargiewe, die Africana Museum, boeke, tydskrifte, of van ouddeelnemers en oud-administrateurs. Die foto's het handig te pas gekom by die verifiëring van ingesamelde inligting.

Hoewel daar seer weinig oor die onderhawige onderwerp geskryf is, bestaan daar tog inligting wat in boeke en ensiklopedieë opgeteken is. Die bevinding was egter dat daar haas geen

sistematiese dokumentasie oor hierdie onderwerp bestaan nie.

Inligting uit 'n verskeidenheid bronne wat mekaar weerspreek, is noukeurig ontleed. Voorkeur is gegee aan primêre en gesaghebbende bronne op die terrein van die ondersoek. Waar een bron verskil en die ander ooreenstem, is die inligting van die meerderheid as die korrekte aanvaar. Daar was ook gevalle waar die meerderheid verkeerd was omdat inligting reg van die begin af verkeerd gedokumenteer was. Dieselfde foute is dikwels oor en oor herhaal.

EVALUERING VAN BRONNE EN INLIGTING

Dit is die ideaal van die historiese navorser om die werklikheid so objektief en betroubaar moontlik te rekonstrueer. Dit kan slegs gedoen word as bekombare inligting 'n juiste weergawe bied van die werklikheid wat gerekonstrueer moet word. Inligting is dikwels onvolledig, bevooroordeeld, foutief, of selektief van aard. Dit bemoeilik die taak van die navorser. In die onderhawige ondersoek het hierdie probleem hom dikwels voorgedoen. Deur onderlinge vergelyking en toetsing van inligting, is gepoog om die geskiedenis so betroubaar en korrek moontlik te beskrywe.

Die notules van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspelevereniging is vir doeleindes van hierdie studie as 'n primêre bron aanvaar waaraan die geldigheid van ander inligting getoets is. Maar daar is besliste tekortkominge in hierdie bron. Inligting is fragmentaries en by tye verwarrend daar die gebeure wat tussen vergaderings plaasvind, selde volledig gerapporteer word. Soms het bladsye ontbreek of is nagelaat om die datum waarop die vergadering gehou is, aan te teken. Tikfoute kom voor, veral by die spel van name. So byvoorbeeld fouteer die notule van die Raadsvergadering gehou op 4 Junie 1954 (p. 4)

deur na Ray Robinson, die Springbokfietsryer, te verwys as "R. Robertson". Sulke foute kan voorkom wanneer die sekretaris die inligting mondelings ontvang en notuleer sonder om dit te kontroleer. So was daar ook foute in die finansiële verslae. Ten spyte hiervan, was die beskikbare notules 'n onontbeerlike bron vir hierdie studie.

Aanvullend tot die notules, is die amptelike verslae van spanbestuurders bestudeer. Baie van hierdie verslae was minder volledig. In die verslae oor die vroeë Spele was dit klaarblyklik die gebruik dat slegs die wenner se prestasie aangeteken is. Die prestasies van Suid-Afrikaners wat tweede of derde plekke behaal het, is selde in hierdie verslae genoem. Dieselfde geld vir prestasies in uitdunrondes. Origens was die inligting van hierdie verslae baie akkuraat.

Koerantverslae het waardevolle aanvullende of agtergrondinligting voorsien. Maar ongelukkig is die inligting van koerantverslae nie altyd so korrek as wat joernaliste dit graag sou wou hê nie. Daar is aksentverskille tussen koerante onderling; wat vir die een nuus is, word deur die ander genegeer. Foute kom voor wat betref die spelling van name, asook die uitslae. Tussen die inligting wat die koerantskrywer deurgee, en dit wat uiteindelik in druk verskyn, sluip foute in. Alle koerantverslae moet nie sonder meer as primêre inligting aanvaar word nie, eenvoudig omdat alle joernaliste nie ewe pligsgetrou is om die korrektheid van hul feite te toets nie. Daarom dat die verslae van sommige joernaliste as primêre bronne kan deurgaan en die van ander nie.

Die grootste leemte wat by plakboeke ervaar is, is dat die samestellers nalaat om die bronne te vermeld waaruit knipsels gedoen is.

Die metode van onderhoude voer is met sukses gebruik. Onderhoude het veral bygedra om die breë agtergrondkennis te voorsien, maar ook om inligting te verifieer. Wat feitelikhede betref, spesifieke prestasies en datums, hierin word meermale gefouteer eenvoudig omdat gebeure nie in detail onthou kan word nie. Sommige van die ondervraagdes was mense van gevorderde leeftyd en hul geheue was nie altyd helder nie. Nogtans is waardevolle inligting verkry uit onderhoude.

Bestaande dokumentasies is baie gering. Die werk van Ira Emery, Springbokke van die Olimpiade, is van die weiniges op hierdie gebied. Maar ongelukkig is hierdie werk onwetenskaplik geskrywe. Die werk bevat 'n aansienlike hoeveelheid waardevolle inligting, maar die algemene indruk is dat daar te veel op mondelinge en hoor-sê-inligting staatgemaak is en dat daar min gedoen is om die geldigheid van inligting te toets. Name, prestasies, gebeurtenisse en die verloop van kompetisies word dikwels onnoukeurig aangeteken. Hierdie werk is egter uniek, daar dit die eerste poging was om Suid-Afrika se betrokkenheid by die Olimpiese en Statebondspele te dokumenteer. As sodanig, is dit 'n klassieke werk, hoewel nie ten volle betroubaar nie.

Die wyse waarop spesifieke inligting geverifieer is, word in die loop van die verhandeling behandel. Een leemte wat in die huidige studie gevoel word, spruit uit die feit dat die argiewe van die Britse Ryks- en Statebondspele Federasie in Brittanje nie besoek kon word nie. Ook bestaan die moontlikheid dat elders in Suid-Afrika daar nog inligting opgesluit lê wat nie bekom kon word nie. Daar is egter oor 'n tydperk van twee jaar naarstiglik gepoog om tersaaklike inligting so volledig moontlik te versamel.

# HOOFSTUK II

## DIE ONTSTAAN VAN DIE BRITSE RYKS- EN STATEBONDSPELE EN SUID-AFRIKA SE BETROKKENHEID DAARIN

In 1891 het J. Astley Cooper van Engeland vir die eerste keer met die gedagte van 'n sportfees waarby alle lande binne die Britse Ryk betrek sou word, voor die dag gekom. Hy het aan verskeie koerante geskryf en 'n plan voorgelê vir so 'n "British Empire Sports Festival". Hierdie gedagte dateer dus al vyf jaar vóór die eerste Moderne Olimpiese Spele.[1)]

Mnr. Cooper se gedagte was dat die sportfees, soos deur hom voorgestel, moes dien as 'n middel om vriendskap en samewerking binne die Britse Ryk te bevorder, asook om die bande tussen Brittanje en sy kolonies te verstewig. Mnr. Cooper het ook aanbeveel dat slegs die gewildste sportsoorte aangebied moes word. Cooper is in 1898 in Australië oorlede.[2)]

Geen verwikkelinge het egter geskied nie tot 20 jaar later, tydens die kroning van George V in 1911, toe die "Festival of Empire" gehou is. Hierdie fees het onder andere 'n sportbyeenkoms ingesluit, genoem die "Empire Championships". Die verrigtinge is aangebied in die "Crystal Palace" in Londen.[3)]

---

1) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 10.

2) British Commonwealth Games 1974, Xth ...., Christchurch, New Zealand. Official Programme. Christchurch, 1974, p. 31.

3) Great Britain Central Office of Information. op. cit.

Die voorstel om hierdie Rykskampioenskappe aan te bied, het van mnr. Richard Coombes gekom. Alhoewel mnr. Coombes in Engeland gebore is, is hy as Australië se "Vader van Amateuratletiek" beskou. Heeltemal tereg ook was hy die spanbestuurder van die Australiese deelnemers op die 1911-sportfees wat op 24 Junie, 1 Julie en 3 Julie 1911 plaasgevind het.[4)]

'n Komitee onder die voorsitterskap van die Graaf van Plymouth het op die terrein van die "Crystal Palace" 'n verskeidenheid vermaaklikhede asook uitstallings gereël. Een van die items op die program was 'n inter-Ryksportbyeenkoms. Lord Desborough en mnr. William Henry was vir die sportorganisasie verantwoordelik.

Die program het bestaan uit items soos atletiek, stoei, boks en swem.[5)]

Die Telegraph van 8 Januarie 1938 gee fietsry ook aan as een van die items op die program. Daarenteen maak die uitslae van hierdie "Festival of Empire" soos opgeneem in die Amptelike Program van die tweede Rykspele (Londen, 1934), geen melding van fietsry nie.

Uitnodigings is aan Australië, Kanada en Suid-Afrika gerig om teen die sportmanne van Brittanje te kom meeding. Die kompetisie sou die vorm van kampioenskappe aanneem en die wenspan sou die Lonsdale-beker ontvang. Laasgenoemde was 'n 2 voet 6 duim-hoë silwerbeker geskenk deur die graaf van Lonsdale. Terloops, die wenner van hierdie beker in 1911, was Kanada.[6)]

---

4) Telegraph, Sydney. 8.1.1938.

5) British Empire Games. Official Programme and Handbook. Londen, 1930, n.p.

6) Ibid.

Volgens die Telegraph[7] kon elke land slegs een verteenwoordiger per item inskryf. Suid-Afrika was die enigste land wat nie die uitnodiging aanvaar het nie. Hierdie Australiese koerant het as rede aangevoer dat Suid-Afrika nie oor sportmanne van internasionale standaard beskik het nie. Dié stelling kan egter weerlê word, veral as gelet word op die uitstekende prestasies van Suid-Afrikaanse sportmanne op die Olimpiese Spele van 1912 in Stockholm. K.K. McArthur en C. Gitsham, asook R. Lewis, se roemryke prestasies is vandag al welbekende legendes. McArthur en Gitsham se eerste en tweede plekke in die marathon is 'n prestasie wat sedertdien nog nie weer geëwenaar is nie.

Mnr. H.B. Keartland[8], atletiekafrigter van die 1912-Springbokspan na Stockholm, het bevestig dat Suid-Afrika in 1911 wel oor sportmanne van internasionale standaard beskik het, maar dat gebrekkige finansies die rede was vir Suid-Afrika se afwesigheid op die "Festival of Empire". Dit is alombekend dat die 1912-Springbokspan as "die Brood-en-Melkspan"[9] bekend gestaan het. Dit was dus finansieel nie moontlik om twee agtereenvolgende jare spanne oorsee te stuur nie.

Die era tussen 1911 en 1928 het geen daadwerklike verwikkelinge in die rigting van 'n Rykspele opgelewer nie. Die rede hiervoor was die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918). In 1928, tydens die Olimpiese Spele in Amsterdam, het die onderlinge vriendskaplike

---

7) Telegraph, Sydney. 8.1.1938.

8) Keartland, H.B. Persoonlike Onderhoud. Johannesburg, 23 April 1976.

9) Emery, I.G. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, p. 14.

betrekkinge tussen lidlande van die Britse Ryk aandag getrek en weer eens het die Imperiale waarde van 'n Britse Rykspele onder bespreking gekom.[10)]

Mnr. J.H. Doig was die spanbestuurder van die Springbokke en sodoende het hy ook as Suid-Afrika se verteenwoordiger opgetree by die vergadering vir spanbestuurders uit lande van die Britse Ryk. Op hierdie vergadering, wat tydens die Olimpiese Spele plaasgevind het, is die gedagte van 'n volwaardige Rykspele bespreek, maar geen reëlings is getref nie.

Mnr. Doig het dit aan die Kanadese verteenwoordiger baie duidelik gestel dat finansies 'n groot struikelblok in Suid-Afrika se weg sou wees om al om die tweede jaar 'n goed verteenwoordigende span oorsee te stuur.[11)]

Kanada was eerste om inisiatief te neem en mnr. M.M. (Bobby) Robinson, bestuurder van die Kanadese span by die Amsterdamse Olimpiese Spele, het gehelp om 'n legplan uit te werk om aan die gees van vriendskap en samewerking wat tussen die onderskeie lande van die Britse Ryk bestaan het, verdere beslag te gee. Hy het die eerste amptelike Rykspele georganiseer. Dit sou vanaf 16 tot 23 Augustus 1930 in Hamilton, Ontario, gehou word.[12)]

Terug in Suid-Afrika het mnre. Doig en E.J. Watson briewe vanuit Kanada ontvang waarin Suid-Afrika hartlik na die Rykspele uitgenooi word. Die nuutgestigte Kanadese Rykspelevereniging het hul bereid verklaar om die helfte van die Suid-Afrikaanse span

---

10) British Empire Games. Official Programme and Handbook. Londen, 1930, n.p.

11) Maakal, Jennie. Plakboek.

12) British Empire Games, op. cit.

se onkostes tot en met 'n £1,000 te dra. Mnr. Doig was baie entoesiasties en het die aangeleentheid met die verskillende Suid-Afrikaanse Sportbeheerliggame bespreek. Die Kaapstadse sportbase het voorgestel dat elke beheerliggaam wat verteenwoordigers na die Spele wou stuur, fondse uit die Kanadese aanbod moes ontvang. Sodoende sou al die beheerliggame gelyke voorregte kon geniet. Die kwessie van verteenwoordiging moes egter op 'n vergadering, waarop al die sportbeheerliggame verteenwoordig sou wees, uitgestryk word.[13)]

Wat was die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging se houding ten opsigte van die Rykspele-gedagte? Uit sy Jaarverslag[14)] is dit duidelik dat hierdie liggaam in beginsel die hou van 'n Rykspele ondersteun het. Alle sukses is ook die nuwe beweging toegewens. Die nasionale Olimpiese liggaam was egter nie bereid om elke tweede jaar die lang reise en die daarmee gepaardgaande hoë onkostes aan te gaan nie.

Die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging is met die keuse gekonfronteer van watter een van die twee Spele ondersteun moes word. Die Olimpiese Spele alleen het as groot inspirasie gedien vir die Suid-Afrikaanse amateursport en die invloed daarvan was al goed gevestig. Daarom was Suid-Afrika se sportbase nie geneë om hul bande met die Olimpiese Spele te verbreek nie.

---

13) Maakal, Jennie. op. cit.

14) Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging. Jaarverslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1928 en gelewer op 25 Februarie 1919, p. 10.

Die Rykspele-beweging sou moontlik op die lange duur 'n ewe belangrike aansporingskrag kon word, maar net op 'n kleiner skaal. Maar daarvoor was tyd nodig. Nog 'n argument ten gunste van affiliasie en deelname aan die Olimpiese-beweging, is dat die Olimpiese Spele deur amateursportsoorte soos atletiek, boks, sokker, skerm, stoei en swem erken word as 'n wêreld-kampioenskap. Op hierdie basis sou die Rykspele nooit as plaasvervanger van die Olimpiese Spele kon optree nie.

Die jaarvergadering het tot die gevolgtrekking gekom dat hul op daardie stadium slegs in deelname aan die Olimpiese Spele belanggestel het.

Intussen het die bal nog steeds aan die rol gebly en in Londen is 'n Raad saamgestel wat later as die Britse Rykspele Federasie bekend sou staan. Die Graaf van Derby is tot president verkies met Sir James Leigh-Wood as voorsitter en mnr. Evan Hunter as organiserende sekretaris.[15)]

In Kanada was alle voorbereidings vir die eerste Rykspele in volle gang. Voortdurende kontak is met lande binne die Britse Ryk wat oor nasionale Speleverenigings beskik het, gehou. Hulle is in kennis gestel dat elke voornemende deelnemer 'n Britse onderdaan moes wees, m.a.w. 'n inwoner in 'n Dominium vir 'n tydperk van minstens ses maande voorafgegaan 1 Augustus 1930. Studente wat in ander lande studeer sou uitsonderings wees en kon hul tuisland verteenwoordig. Enige persoon wat op enige stadium in enige sportsoort professioneel verklaar is, sou deelname ontsê word.

---

15) British Empire Games. Official Programme and Handbook. Londen, 1930, n.p.

Inskrywings moes voor 1 Julie 1930 die Organiserende Komitee in Kanada bereik. Die name van elke land se verteenwoordigers moes voor 26 Julie bekend gemaak word terwyl plaasvervangers of veranderings nog tot en met 2 Augustus aangebring sou kon word. Die maksimum aantal inskrywings per land per item is as volg bepaal:

(i) Atletiek. Vir individuele items kon elke land vier deelnemers inskryf terwyl ses vir die marathon toegelaat sou word. Geen reserwes sou vir individuele items toegelaat word nie. Vir spanitems is elke land slegs een span met een reserwe toegelaat.

(ii) Swem. Vir individuele nommers kon drie deelnemers per land ingeskryf word, maar geen reserwes nie. Vir spanitems is een span per land met een reserwe toegelaat.

(iii) Roei. Elke land kon een inskrywing per item doen.

(iv) Boks. Ook hier is een inskrywing per geveg per land toegelaat.

(v) Stoei. Dieselfde as boks.

(vi) Rolbal. Slegs een span per afdeling per land is toegelaat. Die drie afdelings sou wees; die enkelspel, parespel en viertal.

(vii) Tennis.* Vir individuele wedstryde sou vier deelnemers per land toegelaat word terwyl die dubbelspelwedstryde twee inskrywings per land kon trek.

---

* Sover vasgestel kon word is tennis nooit op die Rykspele aangebied nie. Beskikbare bronne maak nêrens melding van tennis nie.

Die Rykspelevereniging van Kanada het geensins verantwoordelikheid aanvaar vir enige reisreëlings of reisonkostes van besoekende lande nie. Wat hul wel bereid was om te doen, was om besoekende spanne met raad en inligting te bedien. Die enigste daadwerklike hulp van die gasheer se kant, sou vry akkommodasie en gratis voeding wees vir die duur van die Spele asook die voorbereidingstydperk wat dit voorafgaan.[16)]

Die voorafgaande gebeurtenisse toon dat die gedagte van 'n Britse Rykspele werklikheid geword het. Terwyl alle reëlings vir die hou van die eerste Spele vlot verloop het, was Suid-Afrika se posisie nog duister. Teen die einde van 1928 en aan die begin van 1929 was dit nog vir baie sportbase 'n uitgemaakte saak dat Suid-Afrika hom slegs op die Olimpiese-beweging sou toespits.

Met die aanvang van 1930 het sake 'n teenoorgestelde wending begin neem en nog steeds was dit mnr. J.H. Doig wat die saak aan die gang gehou het. Met die oog op die naderende Rykspele het hy 'n vergadering vir die Suid-Afrikaanse Sportbeheerliggame op Donderdag 6 Februarie 1930, byeengeroep. Die sameroeper, mnr. Doig, is op die vergadering verkies om die voorsitterstoel in te neem. Die Suid-Afrikaanse Tennisunie, Atletiek- en fietsry-vereniging en die Amateurboksvereniging het elk twee verteenwoordigers gestuur terwyl die Suid-Afrikaanse Swemunie oor slegs een verteenwoordiger beskik het. Die Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging het verskoning gemaak, maar die vergadering van hul volle steun verseker.

---

16) Maakal, Jennie. Plakboek.

Mnr. Doig het vervolgens die doel van die samekoms bekend gemaak. Indien Suid-Afrika aan die Rykspele sou wou deelneem, moes dit in gedagte gehou word dat daar 'n keerdatum vir inskrywings was. Aangesien die tyd dus baie beperk was, moes vinnige besluite geneem word.

Mnr. S.C. Dowsett (swemafgevaardigde) het die idee van 'n aparte liggaam vir die organisasie van Suid-Afrikaanse spanne na die Rykspele afgekeur. Volgens hom sou dit slegs tot konfrontasie met die Nasionale Olimpiese-vereniging lei. Die algemene opinie van die vergadering was dat die Olimpiese Komitee in staat sou wees om die organisasie van 'n Springbokspan na die Rykspele te behartig. Per slot van sake sou die persone wat op die Olimpiese Komitee dien, heelwaarskynlik ook gekies word as lede van die Rykspele-liggaam.

Nadat bespreking toegelaat is, het mnr. S.C. Dowsett voorgestel dat die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging die geskikste liggaam sou wees om reëlings te tref vir die Suid-Afrikaanse verteenwoordiging op die Rykspele. Die voorstel is gesekondeer deur mnr. A. Hossack (SAAAFU). Mnr. Dowsett se voorstel is eenparig deur die vergadering aanvaar terwyl kaptein G. Twomey, waarnemende voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging, die versekering gegee het dat die saak op die volgende Raadsvergadering (10-2-30) bespreek sou word.[17)]

Op laasgenoemde Raadsvergadering het kaptein Twomey ook verslag gelewer van die Sportbeheerliggaamvergadering en bekend gemaak dat volgens sy vertolking van die bestaande konstitusie, Suid-Afrika wel toegelaat sou word om aan die Rykspele deel te neem.

---

17) Suid-Afrikaanse Sportbeheerliggame. Notule van die vergadering gehou op Donderdag, 6 Februarie 1930, p.1.

Mnr. Dowsett het steeds volgehou dat die Olimpiese Komitee verteenwoordiging op beide die Spele sou kon hanteer en dat twee liggame slegs verwarring onder die publiek sou skep. Mnr. G. Chester Jones (Oranje-Vrystaatse Olimpiese Spele-vereniging) het egter daarop aangedring dat die menings van al die ander provinsiale liggame ingewin moes word alvorens daar enige besluite geneem word.

Mnr. Dowsett het aangekondig dat die Suid-Afrikaanse Swemunie die saak na hul Jaarvergadering verwys het. Hierdie vergadering sou binne afsienbare tyd in Bloemfontein plaasvind. Volgens mnr. Dowsett sou die enigste verandering aan die bestaande konstitusie, die naamverandering hoef te wees. Die nuwe naam sou dan as volg heet: "Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Britse Rykspele-vereniging".

Mnr. T. St. John Dean (Oranje-Vrystaat Olimpiese Spele-vereniging) het voorgestel dat die konstitusie nòg buigsamer gemaak moes word ten einde die Olimpiese Komitee in staat te stel om ander projekte ook aan te pak, afhangende van die omstandighede. Mnr. Dowsett se antwoord hierop was dat hy nie ten gunste daarvan was dat die Olimpiese liggaam sy voelers te wyd moes uitsteek nie. Dit sou ten gevolg hê dat hy 'n blote reklameliggaam word.

Mnr. St. John Dean het met 'n verdere voorstel gekom naamlik om die moontlikheid van 'n Ministerie in Sport, soos Frankryk op daardie stadium gehad het, te ondersoek. Die vergadering het egter volstaan by die besluit dat geen verdere uitbreidings m.b.t. die Nasionale Olimpiese Komitee se funksionerings aangegaan sou word nie.

Mnr. Chester Jones het aanbeveel dat indien Suid-Afrika 'n span na Hamilton sou stuur, die doelwit met die samestelling van 'n

span eerder kwaliteit as kwantiteit moes wees.

Die volgende onderwerp ter bespreking was tennis. Die voorsitter het die vergadering daarop attent gemaak dat tennis geen verteenwoordiging op die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging geniet het nie. Die moontlikheid dat die Suid-Afrikaanse Tennisunie twee verteenwoordigers na Engeland sou stuur, was nie uitgesluit nie. 'n Reis na Kanada kon dus vir hulle gereël word, aangesien Kanada op daardie stadium alreeds laat blyk het dat hul gretig was om mej. Bobbie Heine te ontvang.

Indien tennis wel 'n afdeling van die Speleprogram sou uitmaak en Suid-Afrika daarvoor inskryf, moes die Suid-Afrikaanse Tennisunie heraffilieer by die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Britse Rykspele-vereniging. Dit was op die ou einde nie nodig nie omrede tennis vir een of ander onbekende rede nie deel van die Britse Rykspeleprogram uitgemaak het nie. Die moontlikheid dat daar te min inskrywings was, is nie uitgesluit nie.

Dit is voorgestel, gesekondeer en eenparig aanvaar dat 'n mosie ingedien moes word op die jaarlikse algemene vergadering om eerstens, die konstitusie van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging so te wysig dat dit voorsiening sal maak om spanne na beide die Olimpiese en Rykspele te stuur. Tweedens moet die woorde "..... en Britse Rykspele" bygevoeg word. Derdens moet fondse wat vir die twee Spele ingesamel word, apart gehou word. Dit moes ook slegs vir die spesifieke doel waarvoor dit ingevorder is, gebruik word.

Ten slotte het die vergadering besluit om die Kanadese uitnodiging na die Rykspele te aanvaar en hul daarvan te verwittig.[18)]

Veertien dae later, op Maandag 24 Februarie 1930, is 'n noodvergadering deur die Raad belê. Die doel hiervan was om die antwoorde van die geaffilieerde liggame te bespreek t.o.v. die oorname van die beheer en organisasie van 'n span na die Rykspele deur die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging. Alhoewel geen amptelike antwoorde van die sekretarisse van die verskillende geaffilieerde liggame ontvang is nie, het die onderskeie liggame se afgevaardigdes die vergadering verseker dat liggame in beginsel met die verwikkelinge saamstem.

Die vergadering het ooreengekom om te wag totdat die konstitusie van die Olimpiese Komitee gewysig word alvorens verdere aksie geneem kon word. Die jaarlikse algemene vergadering sou op 31 Maart 1930 gehou word en hierna was daar nog voldoende tyd om die nodige reëlings te tref.[19)]

Voor die algemene jaarvergadering egter plaasgevind het, is 'n noodvergadering deur die Raad op Donderdag 6 Maart 1930, belê. Op hierdie vergadering is daar eenparig ooreengekom dat 'n subkomitee gekies moes word op die jaarlikse algemene vergadering vir die heropstelling van die konstitusie.[20)]

---

18) Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 10.2.1930, pp. 1-2.

19) Ibid. Notule van die Noodraadsvergadering, 24.2.1930, p.1.

20) Ibid. Notule van die Noodraadsvergadering, 6.3.1930, p.2.

Op laasgenoemde vergadering is daar toe eenparig besluit dat mnre. G. Twomey, J.H. Doig en I.G. Emery die sub-komitee sou vorm.[21)]

Die heropstelling van die konstitusie het meegebring dat Suid-Afrika vanaf daardie tydstip aan beide die Olimpiese en die Britse Rykspele deel sou hê. 'n Verdere implikasie was ook dat Suid-Afrika sodoende een van die stigterslande van die Britse Rykspelebeweging geword het. Dit was onder andere ook een van Suid-Afrika se argumente om ná Republiekwording in 1961 steeds deel te hê aan hierdie Spele, 'n pleidooi wat jammerlik misluk het.

---

21) Ibid. Notule van die 12de Jaarlikse Algemene Vergadering, 31.3.1930, p.3.

# HOOFSTUK III

## DIE EERSTE RYKSPELE - HAMILTON, 1930

Met die Unie van Suid-Afrika nou as 'n volwaardige lid in die Britse Rykspelebeweging, moes daar inderhaas rondgeval word om die nodige reëlings te tref sodat 'n goed verteenwoordigende span na Hamilton gestuur kon word. Hamilton sou dien as die vuurdoop vir die nuutgestigte beweging. Slaag die Spele, en dit sal van die lidlande se opkoms afhang, sou daar elke vier jaar 'n Britse Rykspele op die patroon van die Olimpiese Spele plaasvind.

Die soeklig word in die hoofstuk eerstens geplaas op die komiteelede van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Britse Rykspelevereniging se kommervolle stryd om die nodige fondse in te samel. Dit was 'n uiters belangrike en veeleisende taak wat hoofsaaklik van eie inisiatief afgehang het. Die Raad van die Speleliggaam was ook verantwoordelik vir die samestelling van die span. Die omvang van die span is bepaal deur die fondse tot hul beskikking. Nadat die reis en aankoms by die Speledorp kortliks geskets is, val die klem breedvoerig op die Springbokke se deelname en hul prestasies. Die hoofstuk word dan afgesluit met 'n samevatting en afronding waarin die span se prestasies beoordeel word.

### 1 FINANSIES

Uit die notules van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging, is dit duidelik dat die stryd om fondse, die vernaamste en grootste struikelblok was waarmee Suid-Afrika in hierdie vroeë jare te kampe gehad het ten einde goed verteenwoordigende spanne oorsee te stuur. Daar is voortdurend na formules gesoek om hierdie probleem die hoof te bied. As amateurliggaam was dit

geheel en al van die welwillendheid van die publiek afhanklik.

Mnr. Julius Jeppe, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging op hierdie tydstip, het in sy afwesigheid 'n verklaring op die Raadsvergadering van 18 Julie 1929 uitgereik waarin hy klem laat val het op die bestaande swak stelsel van fondsinsameling. Die gebruik om altyd te wag tot twaalf maande voor die Spele alvorens daar met fondsinsameling begin word, was hoogs ondoeltreffend. Mnr. Jeppe het gedink in die rigting van 'n jaarlikse belastingheffing op individuele lede van alle geaffilieerde sportbeheerliggame of selfs 'n heffing op die beheerliggame self.[1)]

Op 16 April 1930 is 'n Raadsvergadering gehou waarop die Eresekretaris, mnr. Ira Emery, bekend gemaak het dat hy al die betrokke Suid-Afrikaanse Sportbeheerliggame genader het om op die volgende vrae te antwoord.

(i) Of hul verteenwoordigers na Kanada wou stuur asook of hulle bereid sou wees om geld in te samel ten einde hul nominasies se onkostes te dek?

(ii) Die grootte van die span wat die betrokke sportbeheerliggaam sou verteenwoordig?

(iii) Wanneer hul die nodige fondse ingesamel sou hê?

(iv) Wanneer die name en items van hul verteenwoordigers aan die Olimpiese Spele-vereniging bekend gemaak sou kon word?

---

1) Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 18.7.1929, pp. 1-2.

Die sekretaris het ook 'n uiteensetting van die Speleprogram versprei en in dieselfde omskrywe die beheerliggame van die Kanadese finansiële aanbod in kennis gestel.[2)]

Die antwoorde op bogenoemde vier vrae is op die volgende Raadsvergadering wat op Maandag 19 Mei 1930 gehou is, bespreek. Dit het aan die lig gekom dat die Suid-Afrikaanse Tennisunie nie deel sou hê aan die Britse Rykspele nie.

Die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging het die Raad daarvan verwittig dat hulle 'n kabelgram ontvang het waarin die rolbalprosedures by die Rykspele uiteengesit is. Dit het daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging aan sy geaffilieerde lede voorgestel het om 'n span van nege spelers na Hamilton te stuur. Hierdie beheerliggaam het hom ook bereid verklaar verklaar om die span se onkostes self te dra. Op voorstel van kaptein G. Twomey is daar toe besluit om aan die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging te skryf en twee verteenwoordigers na die volgende vergaderings uit te nooi.

Die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging het die Raad verseker dat hulle hul bes sou doen om fondse in te samel daar hulle graag vyf boksers wou nomineer. Die name sou op 25 Junie 1930 aangekondig word, onmiddellik na die jaarlikse kampioenskappe. Kaptein Twomey het genoem dat een van die vyf moontlike nominasies hom ten tyde van die Spele om besigheidsredes in Amerika sou bevind. Indien hierdie bokser in die span ingesluit sou word, sou dit die onkoste van een deelnemer uitskakel.

---

2) Ibid.

Dr. J.F. Verceuil, verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Stoeivereniging, het bekend gemaak dat die nasionale stoeiproewe op 13 en 14 Junie gehou sou word. Hulle was van voorneme om een goeie stoeier na die Spele te stuur, maar sou die proewe geen fonds oplewer nie, sou die vereniging hom moes onttrek.

Die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging het 12 atlete in merietevolgorde genomineer. Behalwe vir die £100 deur elk van die Transvaalse en Griekwalandse Amateuratletiek- en Fietsryverenigings gewaarborg, kon die beheerliggaam geen definitiewe bedrag aan die Olimpiesevereniging voorlê nie. Die versekering is egter gegee dat alle moontlike pogings aangewend sou word om verdere fondse in te samel.

Die Suid-Afrikaanse Swemunie het verslag gelewer dat hulle keurders op Sondag 25 Mei 1930, sou byeenkom om 'n span van vier swemmers saam te stel. Alhoewel die swemmers self bydraes tot die fonds sou doen, kon mnr. S.C. Dowsett op daardie tydstip geen definitiewe bedrag waarborg nie.

Ten tyde van hierdie vergadering is daar nog geen kennis van die Suid-Afrikaanse Roei-unie se voornemens ontvang nie.

Wat die provinsiale Olimpiese Spele-verenigings betref, het die Transvaalse liggaam onder leiding van mnr. J.H. Doig 'n skema vir fondsinsameling uiteengesit en hulle vertroue uitgespreek dat 'n goeie bydrae gelewer sou kon word.

Die Westelike Provinsie se Olimpiese Spele-vereniging het onder leiding van mnr. John Williamson 'n sterk en invloedryke komitee in Kaapstad gestig. Alle steun kon dus van hierdie front verwag word.

Die Oranje-Vrystaatse Olimpiese Spele-vereniging is verteenwoordig deur mnr. T. St. John Dean en hy het hulle volle steun belowe.

Die Griekwalandse Olimpiese Spele-vereniging het in samewerking met die provinsiale Amateuratletiek- en Fietsryvereniging 'n karnaval in vooruitsig gestel en 'n wins van £100 is verwag.

Die Natalse Olimpiese Spele-vereniging het sy bereidwilligheid verklaar om sy bydrae tot die fondsinsamelingsveldtog te maak, maar in dieselfde asem voorgestel dat die veldtog veel makliker sou verloop indien die publiek verseker kon word dat die span wat oorsee gaan, volkome fiks en goed verteenwoordigend sou wees. Die Natalse provinsiale liggaam het die Olimpiese Komitee se standpunt oor die volgende sake gevra :

(i) Dat geen sportman ooit vir 'n Rykspele of Olimpiese Spele gekies moet word indien die optrede van so 'n sportman in die verlede van so 'n aard was dat dit swak publisiteit vir Suid-Afrika sou bring nie. Die Natalse vereniging raai gevolglik die nasionale liggaam aan dat indien hul bogenoemde besluit aanvaar, die publiek so spoedig moontlik daarvan in kennis gestel moet word. Dit sou die publiek gerus stel en die fondsinsamelingsveldtog vergemaklik.

(ii) Dat terwyl die Suid-Afrikaanse Sportbeheerliggame oor die voorreg van seleksie volgens meriete beskik het, die vetoreg by die Raad van die Olimpiese Speleverеniging moes lê om bo en behalwe die kompetisiestandaard van die nominasies ook hul karakter en fiksheid as maatstaf te kon gebruik.

(iii) Dat aan die algemene spanbestuurder volmag gegee moes word om spanlede weens wangedrag terug te stuur. Nadat hy verslag gelewer het aan die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-liggaam, kon dan besluit word of die deelnemer sy koste moes terugbetaal.

(iv) Die laaste voorstel van die Natalse vereniging was om die Olimpiese Komitee aan te raai om die naam van mnr. W.B. Legg van die SAAAFU se nominasielys te skrap - op grond van sy verset om tydens die Olimpiese Spele van 1928 na deskundige advies te luister. Volgens die spanbestuurder se verslag sou dit die rede vir sy mislukking in die 200-meter finaal gewees het.

Die Raad het eenparig besluit om voorstelle (i) en (iii) te aanvaar. Wat voorstel (iii) betref, het die vergadering gevoel dat dit baie moeilik sou wees om van die deelnemer te verwag om sy reiskoste te verhaal. Wat besluit (iv) betref, het die vergadering eenparig ooreengekom dat hulle nie by magte was om enige nominasie van die lys te skrap nie. Wat hulle wel kon doen, was om die naam na die betrokke sportbeheerliggaam terug te verwys en aan te beveel dat die persoon nie genomineer word nie. Die Raad is dus nie by magte om enige verkose sportman deelname aan die Spele te weier nie. Wat die geval van W.B. Legg betref, sou veel meer aantygings as diè wat die Natalse Olimpiese Spele-vereniging aangevoer het, nodig wees om hom uit die span te hou.

Die vergadering het ten einde geloop met die sekretaris se verslag dat die beraamde koste om 'n span van 15 na Hamilton te stuur, sowat £130 per man sou beloop. Om dus 14 deelnemers en 'n spanbestuurder te stuur sou ± £1,950 kos. Dit sluit nie die £1,000-skenking van Kanada in nie. Die vergadering het ver-

volgens ooreengekom om die verskillende geaffilieerde sportbeheerliggame in kennis te stel dat £2,000 benodig word en dat elke liggaam wat verteenwoordigers wou stuur, voor 31 Mei 1930 oor die volgende sake verslag moes lewer :

(i) die bedrag alreeds ingesamel en

(ii) die bedrag wat gewaarborg kon word.

Die finale besluit m.b.t. die grootte van die span sou van bogenoemde inligting afhang.[3] Dit is voorgelees op die volgende Raadsvergadering (2 Junie 1930).

Die Westelike Provinsie se Olimpiese en Rykspele-vereniging het sy spyt uitgespreek dat elke provinsie nie 'n kwota gegee is om na te strewe nie. Die Suid-Afrikaanse Perdewedrenklub het aan hulle 'n donasie van £100 belowe. Die Milnertonse Perdewedrenklub is ook om 'n donasie van dieselfde bedrag gevra.

Die Natalse provinsiale liggaam het hul mikpunt op £500 gestel, terwyl die Oranje-Vrystaatse vereniging geen definitiewe bedrag kon waarborg nie. Hulle het egter die Olimpiese Komitee weer eens van hul volle samewerking verseker.

Die Griekwalandse Olimpiese en Rykspele-vereniging het deur middel van 'n swemgala 'n som van tussen £100 - £150 ingesamel. Hulle hoop was op nog verdere bydraes gevestig.

Die Transvaalse Olimpiese en Rykspele-vereniging kon £200 waarborg. Mnr. A.V. Lindbergh het op daardie stadium al 'n bedrag van £610.10.0 in Transvaal ingevorder.

---

3) Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 19.5.1930, pp. 1-4.

Terwyl die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging volgens hul verteenwoordiger, kaptein G. Twomey, nie 'n bedrag kon waarborg nie, het mnr. Chester Jones namens die Johannesburgse Distriksboksvereniging 'n bedrag van £260 gewaarborg.

Mnr. S.C. Dowsett het namens die Suid-Afrikaanse Swemunie 'n donasie belowe alhoewel hy nie 'n spesifieke bedrag kon noem nie.

Die Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging het volgens hul afgevaardigde, dr. J.F. Verceuil, d.m.v. 'n toernooi 'n klein wins getoon en 'n tweede toernooi sou kort daarna gereël word met die oog op 'n verdere fondsinsameling.

Die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging het bekend gemaak dat hulle £100 van Griekwaland - en £100 van die Transvaalse Atletiekverenigings sou ontvang.[4)]

'n Week later, op 9 Junie 1930, het 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee plaasgevind. Die sekretaris is gevra om verslag te lewer oor die finansiële posisie. Die volgende bedrae was op daardie stadium alreeds ingesamel naamlik £575.10.0 (Transvaal), £100.0.0 (Natal), £150.0.0 (Griekwaland) en 'n £100.0.0 (Westelike Provinsie) wat 'n totale bedrag van £925.10.0 gee.

Die sekretaris het ook bekend gemaak dat die volgende waarborge ook al ontvang is; £100.0.0 (Transvaal), £100.0.0 (Natal), £300.0.0 (S.A. Amateurboksvereniging) en £100.0.0 (Westelike Provinsie). Die bedrag gewaarborg, was dus £600.0.0. Dit bring die verwagte groottotaal op £1,525.10.0 en laat 'n tekort van £475.0.0 wat nog ingesamel moes word.

---

4) Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 2.6.1930, pp. 1-2.

Die vergadering het die hoop uitgespreek dat Natal, Vrystaat en Westelike Provinsie se onderskeie Olimpiese en Rykspele-verenigings, tesame met die Suid-Afrikaanse Swemunie en Stoeivereniging, die balans kon vind. Misnoeë is ook op die vergadering uitgespreek dat die Swemunie, wat twee verteenwoordigers in die span gehad het, tot op datum alle briewe en telegramme waarin daar om bydraes gevra is, geïgnoreer het.[5)]

Op die Raadsvergadering van 22 Junie 1930, het die sekretaris aangekondig dat 'n bedrag van £1,943.15.0 reeds ingevorder was wat soos volg verkry is :

| | |
|---|---|
| Kanadese Britse Rykspelevereniging .............. | £1,000. 0.0 |
| Mnr. A.V. Lindbergh (Transvaal) .................. | £ 643.15.0 |
| Natalse Olimpiese en Rykspele-vereniging ......... | £ 200. 0.0 |
| Griekwalandse Olimpiese en Rykspele-vereniging .... | £ 100. 0.0 |
| Totaal reeds ingesamel ........................... | £1,943.15.0 |

Verder bydraes is gewaarborg deur die volgende instansies :

| | |
|---|---|
| Westelike Provinsie se Olimpiese en Rykspele-vereniging .................................... | £ 100. 0.0 |
| Natalse Olimpiese en Rykspele-vereniging ......... | £ 100. 0.0 |
| Transvaalse Olimpiese en Rykspele-vereniging ...... | £ 100. 0.0 |
| Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsry-vereniging .................................... | £ 100. 0.0 |
| Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging ............ | £ 300. 0.0 |
| Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging ........... | £ 130. 0.0 |
| Suid-Afrikaanse Swemunie ......................... | £ 74. 0.0 |
| Totaal gewaarborg ................................ | £ 904. 0.0 |

5) Ibid., Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 9.6.1930, pp. 2-3.

Die volgende donasies is in vooruitsig gestel :

Griekwalandse Olimpiese en Rykspele-vereniging ... £ 50. 0.0

Transvaalse Olimpiese en Rykspele-vereniging .... £ 50. 0.0

O.V.S. Olimpiese en Rykspele-vereniging ........ £ 25. 0.0

Natalse Olimpiese en Rykspele-vereniging ........ £ 100. 0.0

Westelike Provinsie se Olimpiese en Rykspele-vereniging .................................. £ 100. 0.0

Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsry-vereniging .................................. £ 50. 0.0

Totaal .................................. £ 375. 0.0

Dit bring die groottotaal op £3,222.15.0 te staan.

Volgens die sekretaris se begroting was die volgende fondse benodig :

Uitgawes per deelnemer : £180.0.0

Die span se uitgawes, indien 16 lede ............ £2,880. 0.0

Spanbestuurder se uitgawes soos begroot :

(i) Onthaalonkoste ......................... £ 200. 0.0

(ii) Doktersonkoste ......................... £ 30. 0.0

(iii) Masseurs ............................... £ 100. 0.0

(iv) Diverse ................................ £ 50. 0.0

Totale bedrag benodig ........................ £3,260. 0.0

Die finansiële verslag dien dus as 'n duidelike aanduiding dat elke geaffilieerde liggaam moes voortgaan om soveel moontlik geld in te samel aangesien daar op daardie stadium 'n beraamde tekort van £1,316.5.0 was. Lede was optimisties. Mnr. T. St. John Dean (O.V.S.) het gesê dat indien elke vereniging soveel persoonlike belange toon soos die Johannesburgse Distriksboks-

vereniging, daar geen twyfel sou bestaan dat die verwagte som geld ingevorder sou word nie.

Die vergadering het mnr. Ira Emery versoek om weer eens aan elke sportbeheerliggaam te skryf en dringend te vra dat hulle met 'n drastiese eindpoging voor die dag moes kom. Dit het die gewenste resultate opgelewer.[6)]

Die laaste finansiële verslag wat deur die sekretaris gelewer is, was al nà die Springbokspan se vertrek uit Kaapstad. Dit het geskied ten tye van die Raadsvergadering gehou op Vrydag 15 Augustus 1930. Die posisie op daardie stadium was as volg:

Ontvangs erken :

| | |
|---|---|
| Donasie deur Kanadese Owerheid ................. | £1,026.13.10 |
| Donasies in Suid-Afrika ontvang ............... | £1,534. 5. 0 |
| Bydraes ingesamel ............................. | £ 687.12. 4 |
| Totale ontvangs erken ......................... | £3,248.11. 2 |

Uitgawes aangegaan :

| | |
|---|---|
| Algemene uitgawes in Suid-Afrika aangegaan ...... | £ 160. 2. 3 |
| Skeepstariewe van Suid-Afrika na Engeland en terug ............................................ | £1,241. 5. 8 |
| Skeepstariewe van Engeland na Kanada en terug .. | £1,305.13. 4 |
| Spoortariewe in Suid-Afrika .................... | £ 129.16. 9 |
| Spanuitrusting ................................. | £ 17. 9. 6 |
| Spanbestuurder se toelae ....................... | £ 850. 0. 0 |
| Totale bedrag uitgawes ......................... | £3,706. 8. 0 [7)] |

6) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 22.6.1930, pp. 1-3.

7) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 15.8.1930, p. 1.

Die span is dus uiteindelik weg met 'n skuld van £457.16.10. Dit is 'n groot skuldelas. Op een of ander wyse sou hierdie bedrag later wel gevind word.

Bogenoemde is 'n saaklike uiteensetting van hoe daar destyds gepoog is om geld te vind vir sportlui. Min van die werklike inspanning om 'n groot bedrag soos benodig te vind, word in die notules of koerantberigte vermeld. Wat wel duidelik blyk, is dat sportlui self moes sien om die mas op te kom. Hulle was totaal van die welwillendheid van die publiek en van eie inisiatief afhanklik. Sonder die nodige finansies was so 'n poging net nie moontlik nie.

## 2 NOMINASIES VAN DEELNEMERS EN BEAMPTES

### 2.1 Nominasies van Deelnemers

#### 2.1.1 Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging.

Die 12de Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-vereniging is op Maandag 31 Maart 1930 gehou en een van die items op die agendalys was die nominering van moontlike spanlede vir die Springbokspan na die eerste Rykspele.

Mnr. F.W. Marr, verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging, het bekend gemaak dat sy vereniging graag ses atlete wou nomineer.[8)]

Die syfer het egter later verdubbel, soos die notule van die Raadsvergadering, gehou op 19 Mei, (p. 2) aandui.

---

8) Ibid., Notule van die 12de Algemene Jaarvergadering, 31.3.30, p. 3.

Die name van die 12 genomineerde atlete, wat volgens meriete aangedui word, is op die Raadsvergadering van 2 Junie 1930 bekend gemaak. Hulle is H.Q. Davies (W.P.), J.H. Viljoen (Griekwaland), H.B. Hart (Griekwaland), mej. M. Clark (Natal, W.J. Walters (Transvaal), W.B. Legg (Griekwaland), W. Gerhardt (Transvaal), J. Chandler (Griekwaland), J. Loubser (O.V.S.), R. Rascher (Transvaal), W. Raaff (W.P.) en mej. Seccombe (Natal).

Op dieselfde dag, d.w.s. 19 Mei, het die sekretaris die volgende kabelgram uit Kanada ontvang :

> "Entry forms mailed two weeks ago. Please do your best bring Davies. Need all your best for match with America. Women's athletics only part of programme not developing as desired. England sending complete team except women athletes. English girls competing on Continent. May have to cancel women's athletics. Will decide within ten days."

Mnr. Bevil Rudd, Griekwaland se verteenwoordiger en lid van die Nasionale Atletiekkeurkomitee, het bevestig dat Davies die beste hekkiesatleet ter wêreld was. Volgens mnr. Rudd was Viljoen die veelsydigste sportman ter wêreld met Hart 'n sekere wenner van twee velditems. Mnr. Rudd het voorts die vergadering verseker dat al 12 genomineerde atlete 'n groot bate vir Suid-Afrika sou wees.

Atletiek is die mees skouspelagtige sportsoort op 'n Spele en volgens mnr. Rudd se mening was ses uit die twaalf nominasies moontlike wenners terwyl die ander almal goeie kanse om 'n plek gehad het. Mnr. Rudd het besef dat weens gebrekkige finansies die span met 'n derde besnoei sou moes word, maar desnieteenstaande het hy aanbeveel dat indien daar meer fondse beskikbaar

word, 'n groter atletiekspan na Hamilton gestuur moes word.

Na bespreking is daar eenparig op die volgende sewe atlete besluit; H.Q. Davies, H.B. Hart, W.J. Walters, W. Gerhardt, J.H. Viljoen, mej. M. Clark* en W.B. Legg. Indien damesdeelname uit die atletiekprogram gelaat sou word, sou J. Chandler mej. Clark vervang.[9] Uit die finale spansamestelling blyk dit ook die geval te gewees het. Davies is gekies vir die 120 tree hekkies; Walters, Gerhardt en Legg vir die naellope; Viljoen vir die 120 tree hekkies, hoogspring en verspring, en J. Chandler vir die middelafstande.[10]

Twaalf atlete is as geskik beskou vir keuse, maar slegs sewe kon uiteindelik gaan. Finansies was die beperkende faktor. Dit kom daarop neer dat as die nodige geld gevind kon word, vyf addisionele persone Springbokkleure sou ontvang. Ook ander sportsoorte is keer op keer hierdeur gekortwiek.

### 2.1.2 Suid-Afrikaanse Amateurswemunie

Op die 12de Algemene Jaarvergadering het mnr. S. Dowsett, afgevaardigde vir die Suid-Afrikaanse Swemunie, sy Unie se begeerte om vier swemmers te nomineer, bekend gemaak.[11]

---

9) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 2.6.1930, pp. 2-4.

10) South African Olympic and British Empire Games Association. Springboks ..... Past and Present, 1888-1947. Pietermaritzburg, 1947, n.p.

11) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die 12de Algemene Jaarvergadering, 31.3.1930, p. 3.

* Sommige bronne gee haar naam as Clark<u>e</u> aan.

Die keurders sou op Sondag 25 Mei 1930, byeenkom om 'n span van vier swemmers saam te stel.[12)]

'n Week later, op die volgende Raadsvergadering, is die name van ses i.p.v. vier swemmers voor die Raad gelê. Hulle was mejj. J. Maakal (Transvaal), O. Whitsett* (Natal), M. Weir (Transvaal), K. Russell (Natal), mej. E. Hayward as reserwe asook 'n chaperone. Tydens die bespreking van die swemnominasies, is daarop gewys dat mejj. Maakal en Whitsett in die langafstand en duik, onderskeidelik, goeie kanse staan om plekke te verower. Die eersgenoemde vier swemmers sou ook 'n gedugte aflosspan kon vorm. Met hierdie stelling was mnr. Chester Jones (O.V.S.) nie gediend nie. Hy het die vergadering herinner aan die swak prestasies van die Suid-Afrikaanse vroue teen die besoekende Engelse toerspan. Mnr. Chester Jones was van mening dat 'n damesaflosspan nie hul insluiting ten volle regverdig nie.

Uiteindelik het die Raad tog eenparig besluit om mejj. Jennie Maakal en Oonagh Whitsett in die span in te sluit.[13)]

Die Suid-Afrikaanse Swemunie het die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Britse Rykspele-vereniging versoek dat die swemspan vergroot moes word. Die Raad was nie gediend om op daardie stadium enige veranderings aan die span aan te bring nie.[14)]

---

12) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 19.5.1930, p. 2.

13) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 2.6.1930, pp. 3-4.

14) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 22.6.1930, p. 2.

* Daar bestaan twyfel oor die spelling. Sommige bronne gee haar naam as Whitsitt aan.

2.1.3 Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging

Op die 12de Algemene Jaarvergadering het kaptein G. Twomey namens die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging die Olimpiese-vereniging verseker dat hulle wel 'n boksspan sou nomineer.[15] Die name van vyf boksers sou egter eers op 25 Junie bekend gemaak word, die datum waarop die jaarlikse kampioenskappe sou plaasvind. Kaptein Twomey het gemeld dat een van die moontlike vyf nominasies hom ten tyde van die Spele in die Verenigde State sou bevind. Sodoende kon sy insluiting die Olimpiese-vereniging die onkoste van een deelnemer spaar.[16] Die naam van hierdie bokser is Len Hall en volgens kaptein Twomey sou hy òf in die weltergewig- òf in die middelgewigafdeling deelneem.[17]

Omrede die Springbokspan Suid-Afrika op die 4de Julie 1930 verlaat het[18], en daar tussen 22 Junie en 15 Augustus geen Raadsvergaderings van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging plaasgevind het nie, verskyn die name van die vyf boksers (behalwe die naam van Len Hall) nie in die notules nie. Die name wat die destydse sekretaris van die Olimpiese Komitee, mnr. Ira Emery, in sy boek[19] aangee, is dié van L. Stevens (veergewig), L. Hall (weltergewig), J.N. Smith (vlieggewig), J. Basson (Ligswaargewig) en E. Pierce (middelgewig).

---

15) Ibid., Notule van die 12de Algemene Jaarvergadering, 31.3.1930, p. 3.

16) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 19.5.1930, p. 1.

17) Ibid., Notule van die Raadsvergadering gehou op 2.6.1930, p. 3.

18) Maakal, Jennie. Plakboek.

19) South African Olympic and British Empire Games Association. Springboks ... Past and Present, 1888-1947. Pietermaritzburg, 1947, n.p.

### 2.1.4 Suid-Afrikaanse Amateurstoeifederasie

Tydens die Raadsvergadering van 19 Mei 1930 het dr. Verceuil namens die Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging bekend gemaak dat die nasionale proewe op 13 en 14 Junie gehou sou word. Die gedagte was om een goeie stoeier te stuur, maar sou die proewe geen noemenswaardite kandidaat oplewer nie, sou die stoeivereniging hom onttrek.[20)]

Die naam van die stoeier is op 2 Junie bekend gemaak. Hy was mnr. Max Thiel[21)] en sou in die middelgewigafdeling stoei.[22)] Die nominasie is eenparig aanvaar.

Aanvanklik is menings gewissel of A. Praeg (Suid-Afrika se verteenwoordiger op die 1928-Olimpiese Spele) nie 'n beter keuse as Thiel sou wees nie. Dit was veral mnr. G.C. Jones (O.V.S.) wat sterk ten gunste van Praeg was.

Mnr. Jones was van mening dat Ben Sherman van Kanada in die middelgewigafdeling die stoeier sou wees om te klop. Dr. J.F. Verceuil het egter die vergadering verseker dat Thiel wel 'n kans gestaan het om Sherman te klop.[23)]

---

20) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 19.5.1930, p. 2.

21) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 2.6.1930, p. 3.

22) South African Olympic and British Empire Games Association. Springboks ... Past and Present, 1888-1947. Pietermaritzburg, 1947, n.p.

23) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 2.6.1930, p. 4.

### 2.1.5 Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging

Alhoewel rolbal nie 'n Olimpiese sportsoort was nie, het die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging 'n kabelgram vanuit Kanada ontvang waarin die rolbalprosedures van die Rykspele uiteengesit is. Dit het aanleiding gegee tot die voorstel van die beheerliggaam aan sy geaffilieerde lede dat 'n span van agt spelers na Hamilton gestuur moes word. Die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging het hom bereid verklaar om self die rolbalspan se onkostes te dra. Op voorstel van kaptein Twomey is daar op 'n Raadsvergadering besluit om twee verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging na toekomstige vergaderings te nooi.[24]

Die span wat Suid-Afrika op Hamilton verteenwoordig het, was C.W. Giovanetti (kaptein), J.H. Brooks, J.C. Thoms, E.J. Hall, H.S. Walters,* J.J. Armstrong, J.J. Ware en J. Southern.[25] Dit is nie bekend of die span 'n spanbestuurder gehad het nie.

---

24) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 19.5.1930, p. 1.

25) Bolsover, Godfrey R., comp. When South Africa played in Empire Games. Bowls, 7:6, Januarie 1976, p. 14.

* Emery (Springbokke van die Olimpiade, p. 74) maak melding van 'n H.S. Waters. Mnr. N.S. "Snowy" Walker, bekende Springbokrolbalspeler, bevestig egter dat dit H.S. Walters is en nie "Waters" nie. Die artikel in Bowls (p. 14) praat ook van Walters.

2.1.6 Suid-Afrikaanse Tennisunie

Op die 12de Algemene Jaarvergadering het mnr. T. St. John Dean (O.V.S.) die voorstel ingedien dat mej. E.L. Heine en mev. G. Peacock* Suid-Afrika op die tenniskampioenskappe van die Rykspele moes verteenwoordig. Die vergadering het vervolgens besluit dat enige tennisnominasies vir die Rykspele deur die regte kanale moes gaan. Die kies van tennisspelers sou by die Suid-Afrikaanse Tennisunie berus. Dit het ook tot die besluit gelei dat die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging die Tennisbeheerliggaam in Suid-Afrika sou versoek om sy bande met eersgenoemde vereniging te hervat.[26)]

Die Suid-Afrikaanse Tennisunie het egter hierdie versoek van die hand gewys en verklaar dat hul op daardie stadium nie bereid tot heraffiliasie met die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging was nie. Eers, indien tennis op die 1932 Olimpiese Spele-program hertoelating verkry, tesame met volle ondersteuning van die Internasionale Tennisfederasie, sou die nasionale liggaam affiliasie met die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging oorweeg. Die besluit van die tennisunie om nie aan die Rykspele deel te neem nie, is met teleurstelling aanvaar.[27)]

---

26) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die 12de Algemene Jaarvergadering, 31.3.1930, pp. 2-3.

27) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 16.4.1930, p. 2.

* Die voorletters van die twee dames word nie in die Notules vermeld nie, maar wel in "Springboks ..... Past and Present."

2.1.7 Die Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie

het nooit gereageer op omsendbriewe van die Olimpiese-vereniging nie[28)] en ook nooit nominasies ingestuur nie.[29)] Dit is eenparig deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspelevereniging aanvaar dat Suid-Afrika geen roeideelname op die Rykspele in Hamilton sou hê nie.

Die 23 Springbokke wat die Unie van Suid-Afrika se naam onder die 400 sportmanne[30)] uit elf Statebondslande hoog moes gaan hou, was die volgende :

| | | | |
|---|---|---|---|
| Atletiek | (7) | : | H.Q. Davies, H.B. Hart, W.J. Walters, W. Gerhardt, J.H. Viljoen, W.B. Legg, J. Chandler. |
| Swem | (2) | : | Mejj. J. Maakal, O. Whitsett. |
| Boks | (5) | : | L. Stevens, L. Hall, J.N. Smith, J. Basson, E. Pierce. |
| Stoei | (1) | : | M. Thiel. |
| Rolbal | (8) | : | C.W. Giovanetti (kapt.), J.H. Brooks, J.C. Thoms, E.J. Hall, H.S. Walters, J.J. Armstrong, J.J. Ware, J. Southern. |

---

28) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 19.5.1930, p. 2.

29) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 2.6.1930, p. 3.

30) Emery, I.G. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, p. 77.

### 2.2 Nominasies van Beamptes

#### 2.2.1 Spanbestuurder

Op die Raadsvergadering van 19 Mei 1930 het die sekretaris meegedeel dat drie nominasies vir die spanbestuurderskap ontvang is. Die sluitingsdatum was 2 Junie en verdere nominasies kon nog deur geaffilieerde sportbeheerliggame gedoen word. Die finale keuse oor die bestuurderskap sou by die Raad lê.[31)]

Op 2 Junie 1930 is die volgende name voorgelees:

Mnr. Norman Welsford, voorgestel deur die Natalse Olimpiese en Rykspele-vereniging asook deur die Oranje-Vrystaatse provinsiale liggaam en die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsry-vereniging. Die tweede nominasie was mnr. Bevil Rudd wat ondersteun is deur die Westelike Provinsie se Olimpiese en Rykspele-vereniging. Mnr. J.W. Loubser is voorgestel deur die Griekwalandse Olimpiese en Rykspele-vereniging met die gedagte dat hy as atleet sowel as spanbestuurder moes optree. Die vierde en laaste nominasie was mnr. J.H. Doig. Hy is genomineer deur die Transvaalse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Mnr. Doig het hom bereid verklaar om op eie koste te reis.

Die feit dat mnr. Loubser nie onder die gekose atlete geval het nie, het sy kandidatuur om die bestuurderskap benadeel. Die keuse het dus tussen mnre. Welsford, Rudd en Doig gelê.

---

31) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 19.5.1930, p. 4.

Mnr. T. St. John Dean het op hierdie stadium die vergadering se aandag daarop gevestig dat die Westelike Provinsie geen verteenwoordigers op die vergadering gehad het nie. Hy het voorgestel dat die twee koerantmanne toegelaat moes word om namens die Westelike Provinsie te stem. Mnr. A.V. Lindbergh (voorsitter) het die voorstel verwerp as onkonstitusioneel.

Die uitslag van die eerste stemmery was as volg :
Mnr. J.H. Doig (8), mnr. N. Welsford (6) en mnr. B. Rudd (2).
Mnr. Suzman het as plaasvervangende lid vir mnr. Rudd nie gestem nie.

Die uitslag van die tweede stemmery was t.g.v. mnr. Doig met agt stemme teenoor die sewe van mnr. Welsford.[32)]

'n Week later is daar 'n vergadering byeengeroep om mnr. Doig se bedanking as spanbestuurder te bespreek. Weens werksomstandighede het dit vir mnr. Doig onmoontlik geword om as spanbestuurder op te tree. Daar die tweede keuse by mnr. Welsford gelê het, het die Uitvoerende Komitee ooreengekom dat hy die plek van mnr. Doig moes vul.[33)]

---

32) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 2.6.1930, p. 5.

33) Ibid., Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 10.6.1930, p. 1.

### 2.2.2 Chaperone

Die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging het op 9 Junie 1930 byeengekom om die nominasies vir 'n chaperone te bespreek. Drie nominasies is ontvang, nl. die van mevv. Maisie Weir (Pretoria), B. Rudd (Kimberley) en Rachael Finlayson (Natal).

Die sekretaris het ook 'n telegram van mnr. Norman Welsford voorgelees waarin hy die vergadering versoek om die aanstelling van 'n chaperone uit te stel omrede Natal graag verdere nominasies wou maak.

Mev. Weir is aanvanklik genomineer vir die swemspan en was bereid om, indien sy kon deelneem, haar eie koste as chaperone te dra. Die vergadering het egter hierop geantwoord dat hulle nie by magte was om enige veranderings in die swemspan aan te bring nie.

Mnr. S. Dowsett het die vergadering ingelig dat hy deur die Suid-Afrikaanse Swemunie genader is om voorspraak te doen vir mev. Finlayson, daar sy reeds ondervinding as chaperone en swemafrigster van die 1928 Olimpiese Span opgedoen het.

Terwyl mev. Rudd haar dienste as chaperone aangebied het, het mnr. Bevil Rudd verklaar dat hy as atletiekadviseur sou optree. Hy sou ook op eie koste saamreis. Mnr. Doig het namens die vergadering mnr. Rudd se aanbod hoog op prys gestel en hy is gesekondeer deur mnr. T. St. John Dean.

Die vergadering het op die aanstelling van mev. Bevil Rudd as chaperone besluit.[34)]

---

34) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 9.6.1930, pp. 1-2.

Twee weke voor die Springbokspan na Hamilton sou vertrek, het die Suid-Afrikaanse Swemunie die aanstelling van 'n chaperone tydens 'n Raadsvergadering weer te berde gebring. Die Swemunie het gevra dat heroorweging geskenk moes word aan hul nominasie in die persoon van mev. Finlayson.

Mnr. Dowsett, wat die Swemunie verteenwoordig het, het voorgestel dat die bestaande chaperone-benoeming teruggetrek moes word en dat mev. Finlayson aangestel moes word.

Mnr. Dowsett se voorstel is nie gesekondeer nie. Die Uitvoerende Komitee se besluit om mev. Rudd as chaperone aan te stel, is bevestig.[35)]

### 2.2.3 Ander Beamptes

Aanvanklik was die gedagte om slegs 'n algemene spanbestuurder en 'n chaperone saam te stuur, maar op die ou einde is daar 'n atletiekadviseur en 'n boksadviseur saam na Hamilton.

Die insluiting van 'n atletiekadviseur het gekom nadat mnr. Bevil Rudd aangebied het om op eie koste saam te reis en in so 'n hoedanigheid diens te lewer.[36)]

Die pos van boksadviseur is geskep nadat die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging ingelig is oor dissiplinêre probleme onder die boksers. Daar is vinnig opgetree en na raadpleging met mnr. Welsford is 'n boksadviseur en boksbeoordelaar in die persoon van mnr. F.D. Rose Price na die span in Londen gestuur.

---

35) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 22.6.1930, pp. 2-3.

36) Ibid., Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 10.6.1930, p. 2.

Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging het die Boksvereniging geprys vir die vinnige en besliste stappe wat hulle geneem het. Slegs die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging het hul teleurstelling uitgespreek dat die Uitvoerende Komitee, sonder om hulle te raadpleeg, 'n boks-adviseur aangestel het.[37)]

Die uiteinde van die saak was dat die span deur vier beamptes vergesel is, naamlik kapt. Norman Welsford as algemene span-bestuurder, mnr. Bevil Rudd as atletiekadviseur, mnr. F.D. Rose Price as boksadviseur en mev. Bevil Rudd as chaperone.

## 3 REIS NA, EN AANKOMS BY, DIE SPELE

Die Springbokspan het op 4 Julie 1930 met die Armadale Castle vanuit die Kaapstadse hawe vertrek.

In mnr. Japie Smith se brief aan sy boksafrigter, mnr. A.W. Newton van Pretoria, vertel hy sommige van die span se ervarings soos die vreeslike storm wat hulle op die eerste nag belewe het. Die skip het so rondgerol dat almal seesiek was. Die reis na Engeland het amper drie weke geduur en die spanlede moes hul met dekspeletjies vermaak. Die aande is verwyl met allerhande vermake soos dans, sing, konserte, ens. Japie Smith en Laurie Stevens het selfs ook 'n boksvertoning gelewer.

Die spanlede het ook aan boord geoefen. Soggens was dit lig-gaamsoefeninge en smiddae het die boksers geskerm. Japie Smith het gereeld teen die stokers geskerm totdat sy neus gekraak is. Dit het hom genoodsaak om 'n tydjie af te lê. Hy het gewig-

---

37) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 15.8.1930, n.p.

probleme ondervind en om dit te bekamp, het hy tussen Londen en Kanada stookwerk op die skip gedoen.

Tydens die Springbokke se besoek aan Engeland het hulle die Suide per bus besigtig. Die Hertog van Norfolk het die Springbokspan na sy kasteel uitgenooi. Die Hertog was 'n groot boksgeesdriftige en dit was vir Smith 'n groot eer en ondervinding om 'n paar rondes teen die Hertog te skerm.[38)]

Die spanlede het hul vanaf 21-26 Julie op die vloot se terrein by Southampton met voorbereidingswerk vir die Spele besig gehou. Gedurende hierdie periode het die rolbalspelers na Londen gereis om teen Southgate te gaan speel.[39)]

Op die skeepsreis na Quebec het die Suid-Afrikaners met 'n aantal Amerikaners kennis gemaak. Laasgenoemde het hul verbasing uitgespreek om blankes uit die "Dark Continent" te sien. Baie van die Springbokke, en dit was veral Snaar Viljoen, het die buitelanders se onkunde oor Suid-Afrika uitgebuit en met vergesogte jagstories voor die dag gekom.

So byvoorbeeld het Viljoen by een geleentheid vertel van 'n jagepisode waarin hy betrokke was. Hy het in die oerwoud gestap op jag na grootwild toe hy skielik 'n leeu oor 'n kruin na hom sien loer. Onmiddellik het hy aangelê en die leeu met 'n kopskoot getref. Hy het skaars twee tree in die rigting van die kruin beweeg of weer eens verskyn die leeu se kop oor die kruin. Viljoen skiet en weer verdwyn die leeu, om maar net 'n minuut later weer sy verskyning te maak. So het dit 'n uur lank aange-

---

38) Maakal, Jennie. Plakboek.

39) The Star, 21.7.1930.

gaan totdat die leeu nie weer sy verskyning gemaak het nie. Verdere ondersoek bring toe aan die lig dat hy in werklikheid 26 leeus geskiet het![40)]

Na 'n aangename rit aan boord van die "Empress of France" op die St. Lawrencerivier het die span teen donkeraand die hawe van Quebec bereik. Dit was eers teen die volgende middag dat die Springbokke Hamilton per trein bereik het. Na 'n amptelike verwelkoming is die span na hul oefenkwartier vergesel. Die "Prince of Wales School" het gedien as Speledorpie en is geleë net langsaan die stadion waar die Rykspele oor drie weke 'n aanvang sou neem.

Hamilton lê op die oewer van die Ontariomeer en die Suid-Afrikaners het dit 'n pragtige dorp met uiters gawe inwoners gevind.[41)]

Nadat die handjievol Suid-Afrikaners hul in Hamilton tuisgemaak het, is hulle amptelik in die stadsaal van Hamilton deur die burgemeester, mnr. Peebles, en die voorsitter van die ontvangskomitee, mnr. Alderman Thomas Wright verwelkom.

Die voorsitter van die Kanadese Rykspelevereniging, mnr. M.M. Robinson, het ook 'n spesiale verwelkoming aan die Springbokspan gerig.[42)]

Soos dit die gewoonte was, het koerante gereeld bespiegel wie die moontlike titelwenners op die Spele sou wees. Howard Davies is as die gunsteling om die 120 tree hekkiestitel bestempel met

---

40) Emery, I.G. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, pp. 77-78.

41) The Cape Argus, s.j. (In Harry Hart - Plakboek).

42) Hart, H.B. Plakboek.

Snaar Viljoen (wie se naam selde reg gespel of uitgespreek is) in die tweede plek.

Snaar Viljoen en Harry Hart was met hul "orkes" en trefferliedjies groot gunstelinge onder die publiek en joernaliste. Vleiende opskrifte het in koerante verskyn - om slegs 'n paar te noem :

"South Africa's sons make deep impression";

"Springboks sterling performances have great appeal for enthusiastic fans";

"South African stars shine in different ways: Springboks made presence felt everywhere".[43)]

Uit hierdie koerantopskrifte blyk dat die Suid-Afrikaanse sportmanne baie gewild was en as voortreflike ambassadeurs vir Suid-Afrika gedien het.

'n Beriggie in die Rand Daily Mail (s.j.)[44)] dui daarop dat die Springbokke 'n ligte opskudding veroorsaak het met hul opelugslapery. Hulle het nietemin die kompetisie met groot afwagting binne gegaan.

---

43) The Cape Argus, 11.10.1930. (In Harry Hart-Plakboek).
44) Maakal, Jennie. Plakboek.

## 4 DEELNAME

Die Britse Rykspele is gebaseer op die Olimpiese model. Dit word dus geopen met 'n volle openingseremonie wat onder andere die paradering van al die deelnemende lande insluit. Daar word ook vlae gehys, duiwe losgelaat en die eed afgelê.[45] Dit alles versinnebeeld die vredeliewende samekoms van lidlande van die Britse Ryk om onder gesonde sportmangees, ter ere van die Britse kroon, teen mekaar te wedywer.

Die eerste Britse Rykspele is op 16 Augustus 1930 geopen. Lord Willingdon, goewerneur van Kanada, het boodskappe voorgelees van die Britse Koning, die Prins van Wallis en die Hertog van Connaught. Hierna het hy al die deelnemers en besoekers amptelik welkom geheet met die boodskap dat die grootsheid van die Britse Ryk gebou is op die Britte se groot liefde vir sport. Hy het die hoop uitgespreek dat die Britse onderdane hul grootsheid sou toon deur net sulke goeie verloorders as oorwinnaars te wees. Lord Willingdon het die leuse voorgeskryf van "Play the game straight in everything we do."[46]

Die openingseremonie is afgesluit met die volgende eed wat 'n atleet namens al die deelnemers afgelê het :

"We declare that we are all loyal subjects of His Majesty the King Emperor, and will take part in the British Empire Games in the spirit of true sportmanship, recognising the rules which govern them, and desirous of participating in them for the honour of our Empire and for the Glory of Sport."[47]

---

45) British Empire Games. Official Programme and Handbook. Londen, 1930, n.p.

46) The Cape Argus, 11.10.1930.

47) The Star, 18.8.1930.

Daar is dikwels gevoel dat die Britse Rykspele ingespan is om verdere beslag aan Britse Imperialisme te gee, dat die Spele gedien het as 'n instrument tot 'n politieke doel. Die eed wat hierbo genoem is, verbind alle deelnemers aan 'n openlike belofte as getroue onderdane van die Kroon, en dat hul deelname geskied tot eer van die Koning en dan tot eer van sport. Deur die sport is die Britse Ryk simbolies saamgebind. Hierdie eerste Rykspele, tesame met al die seremonies wat daarmee saamgegaan het, het die funksie vervul om die Britse Ryk te verheerlik deur sport.

In Hamilton was daar 400 sportmanne om 11 lande in die Britse Ryk te verteenwoordig. Die lande wat deelgeneem het is Australië, Bermuda, Brits-Guiana, Engeland, Kanada, Newfoundland, Nieu-Seeland, Noord-Ierland,* Skotland, Suid-Afrika en Wallis.[48)]

Die program van die Hamilton-Spele het items soos atletiek, rolbal, boks, roei, stoei en swem ingesluit en het geduur vanaf Saterdag 16 Augustus tot Saterdag 23 Augustus 1930.[49)] Daar is egter ander bronne soos die Rand Daily Mail (15.8.1930) en The Star (20.8.1930) wat ook melding maak van kanokampioenskappe en seiljagvaart.

---

48) British Empire Games. Official Programme and Handbook. Londen, 1930, n.p.

49) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 10.

* Die Rand Daily Mail (15.8.1930) maak egter net melding van 10 lande en laat Noord-Ierland uit. In 'n berig van The Star (25.8.1930), waarin die afsluitingseremonie geskets word, word die naam van Ierland wel genoem.

Hierdie eerste Britse Rykspele het buitengewoon groot belangstelling uitgelok. Dit het veral geblyk uit die groot opkomste. Omdat die Stadion slegs 15,000 mense kon huisves, moes honderde mense daagliks teleurgesteld omdraai.[50)]

### 4.1 Atletiek

Suid-Afrika se atlete is met groot verwagting in Hamilton ontvang. H.Q. Davies is as die sekere wenner van die 120 tree hekkies bestempel terwyl Snaar Viljoen in die hoogspring, verspring en hekkies alle aandag geniet het. Harry Hart het in 1928 die Britse tienkampkampioenskap verower en die algemene verwagting was dat hy koning in die veldnommers sou kraai. Hierdie drie atlete is voor die Spele as sekere titelwenners bestempel.

#### 4.1.1 100 tree*

Die 100 tree-uitdunne is op Donderdag 21 Augustus, beslis en die eerste twee uit elke uitdun sou vir die finaal kwalifiseer. Die uitslae van die uitdunne, waar slegs die name van die kwalifiserendes aangegee is, is as volg :

---

50) British Empire Games. Official Programme and Handbook. Londen, 1930, n.p.

* Die Rykspele se uitslae is alles in die Engelse mate aangegee. In die metrieke maat sal die afstande soos volg vergelyk : 100 tree = 91,44 meter; 120 tree = 109,728 meter; 220 tree = 201,168 meter; 440 tree = 402,336 meter; 880 tree = 804,672 meter; een myl = 1609,344 meter; twee myl = 3218,688 meter; drie myl = 4828,032 meter; ses myl = 9656,064 meter.

Eerste uitdun -

1. J. Fitzpatrick (Kanada) 10,0 sek.
2. S.E. Engelhart (Engeland)

Fitzpatrick het met twee tree gewen.
W.J. Walters van Suid-Afrika het nie deelgeneem nie.

Tweede uitdun -

1. P. Williams (Kanada) 9,6 sek.
2. W. Gerhardt (Suid-Afrika).

Williams wen met drie tree en ewenaar die Kanadese rekord.

Derde uitdun -

1. E.L. Page (Engeland) 9,7 sek.
2. W.B. Legg (Suid-Afrika) 9,7 sek.*

Page wen 'n baie opwindende naelloop met enkele duime.
Snaar Viljoen het onttrek ten einde aan die 120 tree hekkies-uitdunne deel te neem.

Die Suid-Afrikaanse naellopers het in die uitdunne baie prominent vertoon ten spyte van die sterk teenstand wat hulle gekry het. Werner Gerhardt het sy beste tye geëwenaar, maar selfs dit was nie goed genoeg om Percy Williams te klop nie. Wilfred Legg (of ook William genoem) het ook baie goed vertoon deur met enkele duime agter die jong Engelse Ster, Page, te eindig.[51)]

---

51) The Star, 22.8.1930.

* Volgens die 6e Jaarlikse Ranglys van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Atletiekstatistici, 1957, p. 22.

Die 100 tree-finaal was die derde item op die laaste dag se program. Sestien duisend toeskouers het die wedloop gadegeslaan.

Dit was die twee Suid-Afrikaners wat vir twee breekslae verantwoordelik was, eers Gerhardt en die tweede keer, Legg. Die derde poging was geslaag en vanuit die staanspoor was dit Percy Williams wat voorgeloop het. Sowat drie tree van die wenpaal het Williams skielik tekens van 'n spierbesering getoon, maar kon nogtans daarin slaag om die oorwinning te behaal.

Die finale uitslag was as volg :

1. Percy Williams (Kanada) 9,9 sek.
2. E.L. Page (Engeland)
3. Johnny Fitzpatrick (Kanada)
4. Wilfred B. Legg (Suid-Afrika)
5. W. Gerhardt (Suid-Afrika)
6. S.E. Engelhart (Engeland)[52)]

Williams wen met drie tree terwyl die res van die finaliste almal in 'n bondel geëindig het.[53)]

In die <u>4 x 100 tree aflos</u> was die finale uitslag soos volg :

1. Kanada (Miller, Brown, Adams en Fitzpatrick)
2. Engeland (Heap, Cohen, Simmons en Engelhart)
3. Suid-Afrika (Gerhardt, Hart,* Legg en Walters)

---

52) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

53) The Star, 25.8.1930.

* Volgens Emery (Springbokke van die Olimpiade, p. 74) het Davies deelgeneem.

Kanada wen die wedloop met vyf tree terwyl drie tree Engeland en Suid-Afrika van mekaar geskei het.[54] Hart, wat nie 'n naelloper was nie, het Snaar Viljoen vervang weens onttrekking as gevolg van 'n besering. Die moontlikheid dat Suid-Afrika tweede kon geëindig het indien Snaar Viljoen beskikbaar was, is agterna genoem. Dis slegs 'n natroos.

Wat die wentyd van Kanada betref, bestaan daar heelwat meningsverskil. The Star (25.8.1930) gee die wentyd aan as 40,4 sek., wat 'n nuwe Kanadese rekord sou wees. Die Kanadese koerant, The Hamilton Spectator (25.8.1930) het weer 'n berig geplaas wat meld dat die Kanadese span hulle nasionale rekord, sonder Percy Williams, met 0,2 sekondes verbeter het. Hulle wentyd was 42,2 sek. Die vorige rekord van 42,4 sek. is in Hamilton op 7 Julie 1928 deur Williams, Adams, Hester en Fitzpatrick opgestel.

4.1.2 220 tree

Op die openingsdag, Saterdag 16 Augustus, is die uitdunne sowel as die finaal afgehandel. Die eerste twee uit elke uitdun sou kwalifiseer vir die finaal.

Eerste uitdun -

> Wilfred B. Legg is hier uitgeskakel. Nadat hy vir 'n tydjie voorgeloop het, het Legg stadigaan uit die prentjie begin verdwyn totdat hy net vierde kon eindig. Legg het nie sy topvorm getoon nie.

---

54) Ibid.

Tweede uitdun -

Willie Walters wen hierdie uitdun met 'n tyd van 22,1 sek.

Derde uitdun -

W. Gerhardt wen in 22,2 sek. Gerhardt, wat op daardie stadium die Suid-Afrikaanse kampioen oor die 220 tree was, het vantevore vinniger tye opgestel.[55)]

In die finaal het Walters die buitebaan geloot terwyl hy altyd voorkeur aan die binnebaan gegee het. Sy gewoonte om tydens 'n wedloop om te kyk het sy kanse op 'n oorwinning verder in die wiele gery.[56)]

Wat die finale uitslag betref, wyk die Star (18.8.1930) af van ander bronne. Volgens die Star was Engelhart (Engeland) eerste in 21,8 sek. Walters (Suid-Afrika) en Hamilton (Skotland) was tweede en derde, onderskeidelik. Werner Gerhardt, ook van Suid-Afrika, het vyfde geëindig. Volgens die Star het Engelhart vir Walters met 'n tree geklop.

Die volgende uitslag blyk egter juis te wees, naamlik Engelhart (Engeland) eerste, Fitzpatrick (Kanada) tweede en Walters (Suid-Afrika) derde. Dit is die inligting soos verstrek deur dr. H.Q. Davies[57)] èn die 1934 Amptelike Rykspeleprogram. Emery (Springboks ... Past and Present) en Sport-Rapport (24.8.1975) bevestig ook die derde plek van Walters.

---

55) The Star, 18.8.1930.

56) The Cape Argus, 11.10.1930.

57) Davies, H.Q. Persoonlike Korrespondensie. 2.6.1976.

4.1.3 440 tree

Op Donderdag, 21 Augustus 1930, het die 440 tree-uitdunne plaasgevind. Soos by die ander naellope het slegs die eerste twee uit elke uitdun gekwalifiseer vir die finaal. Hul tye word nie aangegee nie.

Eerste uitdun -

1. Golding (Australië)
2. Wilson (Kanada)

Wilfred Legg van Suid-Afrika het nie deelgeneem nie.

Tweede uitdun -

1. Walters (Suid-Afrika)
2. Ball (Kanada)

Chandler van Suid-Afrika het ook nie deelgeneem nie.

Die beste vertoning in die uitdunne is deur Willie Walters gelewer. Hy het die Kanadese kampioen, Jimmy Ball geklop. Ball is beskou as 'n sekere wenner, veral omdat hy by die vorige Olimpiese Spele slegs met enkele duime om die goue medalje geklop is.[58)]

In die finaal het Walters ook uitstekend genael en selfs sy spanmaats het gejuig vir nog 'n goue medalje wat aan die kom was, maar steeds het diè eer hom ontwyk. By die wenpaal is Walters sonder sy wete geklop deur Wilson van Kanada. Slegs Wilson se sensasionele eindpoging het tussen die Springbok en die titel gekom.[59)]

---

58) The Star, 22.8.1930.

59) The Cape Argus, 11.10.1930.

Alle eer moet egter Alex Wilson, student aan die Notre Dame Universiteit, toekom. Sy tyd van 48,8 sek. was slegs 0,2 sek. buite die Kanadese rekord wat al sedert 1909 gestaan het. Die houer was W.C. Robbins van die Verenigde State en dit is in Montreal opgestel.

Die wedloop het as volg verloop. Vanaf die wegspring was die pas baie vinnig met Golding die pasaangeër. Spoedig is hy egter verbygesteek deur Walters, 'n posisie wat Walters behou het. Om die laaste draai was dit duidelik dat Walters die wenner sou wees. Intussen het Alex Wilson die Suid-Afrikaner agterna gesit en 75 tree van die wenpaal ingehaal. Vir 20 tree het hulle kop aan kop gehardloop en die skare behoorlik op hulle voete gehad. Walters kon egter nie daarin slaag om die Kanadees se eindpoging af te weer nie en moes die knie buig.

Die finale uitslag was :

1. A. Wilson (Kanada) 48,8 sek.
2. W.J. Walters (Suid-Afrika)
3. G.A. Golding (Australië)
4. K.C. Brangwin (Engeland)
5. J. Ball (Kanada)
6. H.A. Bascombe (Australië)[60)]

---

60) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

Ook in die 4 x 440 tree aflos moes Suid-Afrika die onderspit delf. Kanada, Engeland en Suid-Afrika was die deelnemers.

Die uitslag was :

1. Engeland (Leigh-Wood, Townsend, Lord Burghley en Brangwin) 3:19,4
2. Kanada (Scott, Glover, Wilson en Ball)
3. Suid-Afrika (Chandler, Davies,* Gerhardt en Walters)

Engeland het Kanada met drie tree geklop terwyl Suid-Afrika ver agter geëindig het.[61)]

Engeland se wentyd was slegs 0,2 sek. buite die Kanadese rekord.[62)]

4.1.4 880 tree

J. Chandler het 'n baie goeie wedloop gehardloop en wen sy uitdun in 1:56,8.[63)] Vyf dae later, op Donderdag 21 Augustus, het Chandler teen uitmuntende middelafstandatlete te staan gekom. Alhoewel Chandler goed vertoon het en beslis sy insluiting in die span waardig was, kon hy net nie daarin slaag om onder die eerste drie te eindig nie. Hampson, die wenner, het 'n tyd

---

61) The Star, 25.8.1930.

62) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

63) The Star, 18.8.1930.

* Volgens Emery (Springbokke van die Olimpiade, p. 74) het Legg deelgeneem.

opgestel wat net 'n fraksie buite die wêreldrekord was.

Die uitslag was :

1. Hampson (Engeland) 1:52,4
2. Thomas (Engeland)
3. Wilson (Kanada)
4. Chandler (Suid-Afrika)

Hampson het met 80 tree gewen in 'n nuwe Kanadese rekordtyd.[64]
'n Kanadese koerant gee die uitslag as volg aan :

1. T. Hampson (Engeland) 1:54,4
2. R.H. Thomas (Engeland)
3. A. Wilson (Kanada)
4. J.H. Chandler (Suid-Afrika)
5. P. Edwards (Brits-Guiana)
6. H.S. Townsend (Engeland)[65]

Die tyd verskil van die vorige bron s'n.

4.1.5 120 tree hekkies

Die eerste drie uit elke uitdun kon kwalifiseer vir die finaal wat twee dae later, op die sluitingsdag (23 Augustus), sou plaasvind.

Eerste uitdun -

1. Viljoen (Suid-Afrika) 14,9 sek.
2. Lord Burghley (Engeland)
3. Hart (Suid-Afrika)

---

64) The Star, 22.8.1930.

65) Hart, H.B. Plakboek.

Snaar Viljoen se oorwinning, al was dit slegs met duime, was sensasioneel. Hy het nie net met die groot Britse ster afgereken nie, maar in die proses ook 'n nuwe Kanadese rekord opgestel.[66] Die ou Kanadese rekord het op 15,2 sek. gestaan en is gehou deur E. Spence (1927), Toronto.[67]

Lord Burghley het stadig weggespring en moes tweede viool speel. Alhoewel lord Burghley met 'n goeie eindpoging voor die dag gekom het, het Snaar Viljoen nogtans daarin geslaag om hom met enkele duime te klop. Harry Hart was ook suksesvol om te kwalifiseer en dit het beteken dat Suid-Afrika 50% verteenwoordiging in die finaal geniet het.[68]

Tweede uitdun -

1. Davies (Suid-Afrika) 14,7 sek.
2. Gaby (Kanada)*
3. Harper (Engeland)

---

66) The Star, 22.8.1930.

67) Hart, H.B. Plakboek.

68) The Star, 22.8.1930.

* Volgens die Star (22.8.1930) het F.R. Gaby Kanada verteenwoordig. Dit is egter foutief. Volgens 'n Kanadese koerant, The Hamilton Spectator (25.8.1930), was Gaby vanuit Engeland afkomstig. Die Cape Argus (11.10.1930) bevestig hierdie stelling.

Howard Q. Davies het voortgebou op Snaar Viljoen se prestasie en het sy naaste teenstander met ses tree geklop. Davies se tyd was weer 'n verbetering op Viljoen se rekord.[69] Vanuit die wegspring het Gaby en Davies kop aan kop gehardloop, maar na die sesde hekkie het die Springbok 'n voorsprong begin opbou om duidelik in 'n rekordtyd te wen.[70]

Die 120 tree hekkies-finaal het op die laaste dag van die Spele plaasgevind. Om 14h30 op Saterdag 23 Augustus het die volgende atlete hul in gietende reën aangemeld : Lord Burghley (Engeland), H.Q. Davies (Suid-Afrika), F.R. Gaby (Engeland), J.H. Viljoen (Suid-Afrika), R. St. G.T. Harper (Engeland) en H.B. Hart (Suid-Afrika). Dit was dus 'n tweestryd tussen Engeland en Suid-Afrika[71] met Davies (veral) en Viljoen as gunstelinge. As gevolg van twee dae se swaar reëns was die baan baie nat en Snaar Viljoen en Harry Hart was twee ongelukkiges om bane te loot waar talle poele water hul weg "versper" het.[72]

In teenstelling met sy uitdun, was dit Lord Burghley wat vanuit die staanspoor voorgeloop het. Dwarsdeur die wedloop was dit H.Q.* Davies wat hom, veral oor die laaste drie hekkies, opgekeil het. Lord Burghley kon met groot vasberadenheid daarin slaag

---

69) Ibid.

70) The Cape Argus, 11.10.1930.

71) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

72) The Cape Argus, 11.10.1930.

* Die 5de Jaarlikse Ranglys van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Atletiekstatistici (p. 30) gee sy naam as Harold aan, terwyl die S.A. Atletiekjaarboek van 1960 (p. 41) dit as Howard aangee. Laasgenoemde is korrek.

om die titel met enkele duime te verower. Sy wentyd van 14,6 sek. was weer eens 'n nuwe Kanadese rekord en slegs 0,2 sek. buite die destydse wêreldrekord wat Earl Thompson van Kanada in 1920 te Philadelphia opgestel het.[73)]

Die eindpoging tussen Burghley en Davies was so gelykop dat talle toeskouers van mening was dat hulle saam eerste geplaas sou word. Na lange beraad het die beoordelaars besluit om die goue medalje aan Lord Burghley toe te ken.[74)]

Volgens dr. Davies was die Engelse teenstanders meer tuis in die nat omstandighede as die Suid-Afrikaners. Hy spreek ook die mening uit dat hy die wedloop verloor het omrede hy die laaste hekkie geraak het. Dit het sy eindpoging vertraag en veroorsaak dat hy met 'n paar duim tweede geëindig het.[75)] Die eindfoto toon dat hierdie inligting korrek is.

---

73) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

74) The Cape Argus, 11.10.1930.

75) Davies, H.Q. Persoonlike korrespondensie. 22.4.1976.

Die volledige uitslag van die finaal is as volg :

1. Lord David Burghley (Engeland) 14,6 sek. Kanadese Rekord
2. H.Q. Davies (Suid-Afrika) 14,6 sek.*
3. F.R. Gaby (Engeland)
4. J.H. Viljoen (Suid-Afrika)
5. R. St. G.T. Harper (Engeland)
6. H.B. Hart (Suid-Afrika)[76)]

4.1.6 Hoogspring

Donderdag, 21 Augustus. In die hoogspring, waar die dwarslat met 3 duim-intervalle opgeskuif is, het Snaar Viljoen die titel ingepalm met 'n hoogte van 6 voet 3 duim. Met die dwarslat op 6 voet 4 duim het Viljoen die Kanadese rekord aangedurf, maar sonder sukses.[77)] Daar word egter beweer dat hy wel die rekord sou geslaan het, was dit nie vir die beamptes wat die hoogte 'n $\frac{5}{8}$ duim i.p.v. 'n $\frac{1}{8}$ duim bokant die rekord gestel het nie.[78)]

---

76) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

77) The Cape Argus, 11.10.1930.

78) Hart, H.B. Plakboek.

* Volgens die 5de Jaarlikse Ranglys van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Atletiekstatistici, 1956, p. 30. Die datum wat aangegee word is 26.9.1930, maar die Spele het al op 23.8.1930 afgesluit.

Die 4de Jaarlikse Ranglys van die S.A. Vereniging van Atletiekstatistici, 1955, p. 28, gee ook 'n foutiewe datum aan. Die dag is hierdie keer reg, maar nie die maand nie. Die datum wat aangegee word op p. 28 is 23.9.1930 in plaas van 23.8.1930.

Viljoen se wenhoogte was 'n $\frac{3}{8}$ duim beter as sy eie Suid-Afrikaanse rekord wat hy op 16 Desember 1929 in Pretoria opgestel het.[79)]

Die finale hoogspringuitslag is as volg :

1. J.H. Viljoen (Suid-Afrika) 6 voet 3 duim (1,905 meter)
2. C.E.S. Gordon (Brits-Guiana) 6 voet 2 duim (1,88 meter)
3. C. Stargratt (Kanada)[80)] 6 voet 1 duim[81)] (1,855 meter)

4.1.7 Verspring

Die verspring is ook op die laaste dag afgehandel. Die wenner, L. Hutton van Kanada, se afstand van 23 voet 7½ duim, was slegs 1 duim buite die Kanadese rekord wat C.D. Bricker, ook van Kanada, in Montreal (1908) opgestel het.

Soos gebruiklik, het elke deelnemer in die finaal drie spronge gekry. Hutton se eerste en derde poging was nie suksesvol nie sodat sy enigste sprong ook die wensprong was. Snaar Viljoen het 'n beenbesering opgedoen en moes hom van sowel die verspring as die aflos onttrek.

Uit die 10 inskrywings het die ses finaliste as volg geëindig :

1. L. Hutton (Kanada) 23 voet 7½ duim (7,20 meter)
2. R.W. Revans (Engeland)
3. J.H. Viljoen (Suid-Afrika)
4. Cohen (Engeland)
5. Smallacombe (Kanada)
6. Smith (Kanada)[82)]

---

79) Vogt, Will H., comp. Championships and Official Records. Kaapstad, 1955, p. 55.

80) The Mail and Empire, Toronto. 22.8.1930.

81) The Star, 22.8.1930.

82) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

Revans en Viljoen het albei 22 voet 6 duim gehaal. Viljoen se beenbesering het hom verhoed om sy beste te lewer. Die wen-afstand van Hutton was ver binne Viljoen se vermoë.[83)]

Viljoen se Suid-Afrikaanse rekord wat hy op 31 Augustus 1929 in Bloemfontein opgestel het, het op 24 voet 7½ duim gestaan.[84)]

### 4.1.8 Gewigstoot

Op Donderdag 21 Augustus, het Harry Hart die tweekuns behaal deur beide die gewigstoot en die skyfwerp te wen.

Die uitslag van die gewigstoot was :

1. H.B. Hart (Suid-Afrika) 47 voet 10 duim (14,58 meter)
2. R.L. Howland (Engeland)
3. C. Herman (Kanada)
4. A. Zvonkin (Kanada)
5. H. Ford (Engeland)
6. K.H. Pridie (Engeland)[85)]

### 4.1.9 Skyfwerp

Die uitslag van die skyfwerp was :

1. H.B. Hart (Suid-Afrika) 135 voet 11 duim (41,43 meter)
2. C. Herman (Kanada)
3. A. Zvonkin (Kanada)[86)]

---

83) The Star, 25.8.1930.

84) Vogt, Will H., comp. Championships and Official Records. Kaapstad, 1955, p. 55.

85) The Mail and Empire, Toronto. 22.8.1930.

86) The Star, 22.8.1930.

Abe Zvonkin het voorgeloop totdat Hart en Herman hom met hul laaste werpe verbygesteek het.[87] Alhoewel Harry Hart albei veldnommers gewen het, was hy teleurgesteld met sy vertonings. Hy het dit toegeskryf aan ooryweriqheid.[88]

4.1.10 Spiesgooi

Die spiesgooi is ook op die laaste dag van die Spele afgehandel en Harry Hart het 'n derde medalje by sy versameling gevoeg. Hierdie keer was dit 'n bronsmedalje.

Stan Lay van Nieu-Seeland het die titel gewen met 'n nuwe Kanadese rekord. Sy wenafstand was 207 voet 1½ duim. Die vorige rekord is gehou deur Doral Pilling, nl. 202 voet 4½ duim. Pilling het dit in 1928 in Hamilton opgestel. In 1930 het Pilling ook deelgeneem, maar hy kon slegs 'n afstand van 183 voet 6 duim behaal. Harry Hart was derde met 174 voet 7 duim. Opgesom lyk die uitslag as volg :

1. S. Lay (Nieu-Seeland) 207 voet 1½ duim (63,13 meter) Kanadese rekord
2. D. Pilling (Kanada) 183 voet 6 duim (55,93 meter)
3. H. Hart (Suid-Afrika) 174 voet 7 duim[89] (53,21 meter)

---

87) Hart, H.B. Plakboek.
88) The Cape Argus, 11.10.1930.
89) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

4.1.11 Opsomming

Wat die atletiek betref, het Suid-Afrika veral op Donderdag 21 Augustus en Saterdag 23 Augustus, uitgeblink.

Op die Donderdag was dit veral Snaar Viljoen en Harry Hart wat die kalklig gesteel het. Voor 16,000 mense het Suid-Afrika drie goue medaljes gewen terwyl die baanatlete die 100 tree -, 440 tree - en 120 tree hekkiesuitdunne oorheers het.[90)]

Wat Suid-Afrika se vertoning op die laaste dag van die Spele betref, het Ella J. Reynolds die volgende in die Hamilton Spectator[91)] geskryf :

> "Those who have attended the three big programs at the stadium must have been impressed by the doings of the team from South Africa. These lads revealed the real stuff, and more than once received the plaudits of the crowd. One expects the athletes from England to be the flower of the flock, and we would feel disappointed if the English lads had not been well up in the winning line. Britain, for centuries, has taught her sons how to play games, and her youth at home or afar, have learned their lesson well. But when a group of contestants, most of them scarcely entered on their twenties, journeys from one of the Empire's youngest countries, on the other side of the globe, and shows its members as able to rank among the best, how could we miss being thrilled again and again. The lads have brought their country into intimate relationship with Canada, and Hamilton has been proud to receive them and give them the right hand of fellowship."

---

90) The Star, 22.8.1930.

91) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

4.2 Swem

In die swemafdeling is Suid-Afrika slegs in die dames 400 tree vryslag en in die springplankduik verteenwoordig. Die uitslae in hierdie items was die teenoorgestelde as die aanvanklike verwagting. Aangesien Suid-Afrika die eerste keer internasionaal aan duik deelgeneem het, was mej. Whitsett nie hoog aangeskrewe nie. Daar was egter te veel van mej. Maakal verwag.

4.2.1 Dames 400 tree vryslag

Alhoewel die amptelike opening van die Spele eers die Saterdagmiddag om 14h30 was, is die uitdunne van die mans en dames 400 tree vryslag (o.a.) al die oggend om 11h30 in die Munisipale Swembad afgehandel. Die lande wat hieraan deelgeneem het was : Suid-Afrika, Australië, Engeland, Nieu-Seeland, Bermuda, Skotland, Wallis en Kanada.

Die uitslae van die damesuitdunne was soos volg :

Eerste uitdun :

1. Joyce Cooper (Engeland) 5:26,6
2. Valerie Davies (Wallis)
3. Irene Perie (Kanada)
4. Cissie Stuart (Skotland)

Tweede uitdun :

1. Jennie Maakal (Suid-Afrika) 5:39,6
2. Betty Edwards (Kanada)
3. Mary Cason (Kanada)
4. Olive Tarr (Engeland)
5. M.D. Cooper (Engeland)[92)]

---

92) The Hamilton Spectator, Kanada. 16.8.1930.

In die finaal het mej. Maakal, ten spyte daarvan dat die wentyd binne haar bereik was, nie daarin kon slaag om 'n plek te kry nie. Die volledige uitslag is as volg :

1. Joyce Cooper (Engeland) 5:25,4
2. Valerie Davies (Wallis)
3. Cissie Stuart (Skotland)
4. Irene Perie (Kanada)
5. Jennie Maakal (Suid-Afrika)[93] 5:30,0[94]

Na mej. Maakal se mislukking in die 400 tree vryslag, het baie kritici getwyfel aan haar waardigheid in die span.

Aanvanklik was haar afrigter, mnr. Jimmy Green van Pretoria, nie baie opgewonde oor haar vertoning nie. In haar brief aan mnr. Green het Jennie Maakal die volgende verduideliking gemaak :

> "I am very sorry I have disappointed you in my swim, but now you will know I am not world's class yet, as I have always said. It was not that I was not fit, or swam badly, my time as a matter of fact, was 5 minutes 30 seconds, which was much better than I have ever done in South Africa. It was only 4,6 sec. slower than Miss Joyce Cooper's time, which was 5 minutes 25,4 seconds. I won my heat easily in 5 minutes 39,6 seconds."[95]

---

93) Hart, H.B. Plakboek.
94) Maakal, Jennie. Plakboek.
95) Ibid.

Die eerste vyf swemmers het almal in 'n bondel geëindig. As mej. Maakal se tye met dié van haar voorganger, mej. Freddie van der Goes, vergelyk word, dan vergelyk dit gunstig. Mej. Van der Goes het op die vorige Olimpiese Spele ook vyfde geëindig met 'n tyd van 6 minute 7,2 sekondes. Waar Jennie Maakal 41,2 sekondes per 50 tree gemiddeld afgelê het, was mej. Van der Goes se tyd 41,6 sekondes oor dieselfde afstand. Daar is dus weinig verskil.[96] Mej. Maakal se prestasie was allesbehalwe swak.

### 4.2.2 Duik

Mej. Oonagh Whitsett, tweede gekeurde wie se kanse aanvanklik maar skraal was om die span te haal, het haar onderskei deur 'n verdere goue medalje vir Suid-Afrika te verwerf. Die nasionale swemkeurders was só beïndruk met die duikkompetisie op die vorige Olimpiese Spele, dat hulle besluit het om mej. Whitsett 'n kans te gee. Sy is vir die springplankduikkompetisie ingeskryf waar die uitslag as volg was :

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Oonagh Whitsett (Suid-Afrika) | 90,1 punte |
| 2. | Doris Ogilvie (Kanada) | 89,7 punte |
| 3. | Molly Bailey (Kanada) | 88,7 punte[97] |

## 4.3 Boks

In die voorafgaande dekade het boksers soos C. Walker, W. Smith, H. Isaacs, H. Lebanon, D. McCorkindale, e.a. voorbrand gemaak vir 'n gedugte boksreputasie. Dit het meegebring dat daar in 1930 oor die algemeen hoë verwagtinge van ons boksers gekoester is.

---

96) Op. cit.

97) The Hamilton Spectator, Kanada. 16.8.1930.

### 4.3.1 Vlieggewigafdeling (112 pond of 50,802 kilogram)

Die 18-jarige Jacob Naudé Smith het 'n jaar tevore nog in die juniorliga geboks. Sy grootste bates was sy verbysterende vaart, uitstekende voetwerk en verdediging.[98)]

Japie Smith se oorwinning in die vlieggewigfinaal op Donderdag 21 Augustus, was een van die grootste verrassings van die aand. Smith het egter sy naelskraap oorwinning oor die gunsteling, Tim Pardoe van Engeland, verdien.[99)]

In die eerste ronde van hul geveg het Pardoe meer effektief en vinniger voorgekom. Volgens kenners was Smith se verdediging te oop gelaat en dan het hy ook nog met swak gekoördineerde houe voor die dag gekom. Pardoe het hiervan gebruik gemaak en Smith teen die kakebeen getref. In die tweede ronde het Smith 'n regter in sy opponent se maag geplant en dit afgerond met 'n linker teen sy ken. Die Engelsman kon egter herstel en die Springbok met drie regters terugbetaal. Smith was egter die res van die geveg die aanvaller en sy aggressiwiteit en inisiatief het hom gehelp om die oorwinning te behaal.[100)]

Die finale uitslag :

1. J.N. Smith (Suid-Afrika)
2. T. Pardoe (Engeland)
3. R. Galloway (Kanada)[101)]

---

98) The Star, 22.8.1930.

99) The Mail and Empire, Toronto. 22.8.1930.

100) The Star, 22.8.1930.

101) The Mail and Empire, Toronto. 22.8.1930.

4.3.2 Veergewigafdeling (126 pond of 57,153 kilogram)

Die 18-jarige Laurence Stevens, wat ook nog die vorige jaar as junior geboks het, was volgens kommentare, 'n toonbeeld van wetenskaplike boks. Sy grootste bate was sy linkerhou. Dit is baie keer vergelyk met die linkers van Willie Smith, Clarence Walker, Ralph Minshall en Joe Thomas.[102)]

In die semi-finaal het Stevens maklik met sy opponent, F. la Fosse van Newfoundland, klaargespeel om sodoende met 'n punte-oorwinning tot die finaal deur te dring.[103)]

In die finaal op Donderdag 21 Augustus, het baie toeskouers nie akkoord met die beslissing gegaan nie. Dit was die naelskraapste oorwinning wat enige bokser in die finaal behaal het, toe F.R. Meachem van Engeland vir Laurie Stevens van Suid-Afrika met punte geklop het.[104)] Stevens was wel gedurig op die aanval, maar sy oordeelsvermoë was gebrekkig. Meachem het meer bestendig vertoon.[105)]

Die finale veergewiguitslag was :

1. F.R. Meachem (Engeland)
2. L. Stevens (Suid-Afrika)
3. A. Lyons (Skotland)[106)]

---

102) The Star, 22.8.1930.

103) The Mail and Empire, Toronto. 22.8.1930.

104) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 76.

105) The Star, 22.8.1930.

106) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

4.3.3 Weltergewigafdeling (148 pond of 66,678 kilogram)

Len A. Hall, wat om besigheidsredes namens sy firma, Messrs Hortors, in Amerika gereis het, het op eie koste Suid-Afrika op die Rykspele verteenwoordig. Hall, wat Rhodesië op die 1928 Olimpiese Spele verteenwoordig het, het die Suid-Afrikaanse kritici se monde gesnoer deur die weltergewigtitel in te palm. 'n Jaar of twee tevore het 'n dokter Hall aangeraai om ter wille van sy swak hart, boks te laat vaar.[107)]

In die semi-finaal het Hall teen F. Brooman van Engeland te staan gekom. Die geveg het op 'n bloedbad uitgeloop nadat Hall in die eerste ronde 'n ou wond aan Brooman se kop oopgeslaan het. Bloed het letterlik teen die Engelsman se skouers afgeloop totdat selfs sy broek daarmee bevlek was. Ook Len Hall se oogbank het gebloei nadat Brooman hom getref het. Alhoewel Brooman 'n goeie bokser met baie ervaring was, was die veggees van die Springbok een te veel vir hom.[108)]

Die uitslag :

1. L.A. Hall (Suid-Afrika)
2. H. Williams (Kanada)
3. F. Brooman (Engeland)[109)]

---

107) The Star, 21.8.1930.

108) Hart, H.B. Plakboek.

109) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

4.3.4 Middelgewigafdeling (165 pond of 72,574 kilogram)

In die semi-finaal was Eddie Pierce van Suid-Afrika se teenstander, Dudley C. Gallagher van Australië. In Australië het die feit dat hy 43 uit sy 45 gevegte met 'n uitklophou gewen het, hom die bynaam van "Die Grote" besorg.

In sy geveg teen die Suid-Afrikaner het dit egter nie gelyk asof hy sy reputasie waardig was nie. Gelukkig vir Gallagher het die beoordelaars met twee stemme teen een ten gunste van hom besluit. Baie kenners was van mening dat die geveg eerder aan die Springbok toegeken moes gewees het.

In die eerste ronde het Pierce al 'n regter geplant wat "die Grote" plat op sy rug laat beland het. Vir die res van die ronde het Gallagher met goeie voetwerk uit Pierce se pad gebly. In die tweede ronde was dit weer eens Pierce se eerste hou wat Gallagher se rug laat knak het. Dwarsdeur die tweede ronde het Pierce die Australiër met verwoede aanvalle lastig geval. Dit is dus duidelik waarom die toeskouers ontevrede was toe die uitslag van die geveg ten gunste van die Australiër was.[110)]

Die finale middelgewiguitslag was :

1. F. Mallin (Engeland)
2. D.C. Gallagher (Australiër)
3. E. Pierce (Suid-Afrika)[111)]

---

110) Emery, Ira. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, pp. 79-82.

111) The Hamilton Spectator, Canada. 25.8.1930.

4.3.5 Ligswaargewigafdeling (178 pond of 79,378 kilogram)

"Jerry" Basson was pas ontslaan uit die hospitaal in Hamilton waar hy vir borsvliesontsteking behandel is, toe hy al weer deelneem. Sy teenstander in die ligswaargewig-finaal was J.W. Goyder van Engeland. Alhoewel Goyder as oorwinnaar aangewys is, het Basson bewys van watter kwaliteit hy in werklikheid was.[112)]

Basson het vanaf die eerste klok sterk aanvallend geboks, maar ongelukkig te dikwels wilde houe geslaan. Goyder daarenteen was meer selfverseker en het groter krag in sy houe gesit. Goyder was beslis die beste bokser in die kompetisie.[113)]

Die Star (22.8.1930) berig dat Basson se geveg teen Goyder in die semi-finaal was, maar die Cape Argus (11.10.1930), asook Emery (p. 79), lewer sterk bewyse dat dit die finale geveg in die ligswaarafdeling was, met Basson as die silwermedaljewenner. Balfour[114)] gee ook Basson as 'n silwermedaljewenner aan. Dit wil dus voorkom asof hierdie gegewens die korrekte is.

4.4 Stoei

Suid-Afrika het wel sy stoeiloopbaan in die Statebondspele met slegs een stoeier begin, maar dit was terselftertyd die begin van 'n uiters interessante en suksesvolle geskiedenis.

---

112) The Cape Argus, 11.10.1930.

113) The Star, 22.8.1930.

114) Balfour, Ian. Amateur Boxing. In South African Sporting Encyclopaedia. Johannesburg, 1949, p. 32.

### 4.4.1 Middelgewigafdeling (174 pond of 82 kilogram)

Max Thiel was nie so suksesvol soos dit aanvanklik verwag is nie. Hy het sy geveg in die semi-finaal teen S.J. Bissell van Engeland met punte verloor.[115)]

Van die Kanadese stoeier, Ben Sherman,[116)] word daar nêrens melding van gemaak nie.

Die finale uitslag :

1. M. Chepwick (Kanada)
2. S.J. Bissell (Engeland)
3. M. Thiel (Suid-Afrika)[117)]

## 4.5 Rolbal

Rolbal is 'n uitsondering op die Speleprogram daar dit geen Olimpiese sportsoort is nie. Brittanje het met haar kolonisasie 'n groot verskeidenheid sportsoorte na buite gedra. Een van hulle was rolbal. Rolbal het dwarsoor die wêreld in die Britse kolonies ingang gevind en soos die Statebondspele-geskiedenis dit bewys, is dit 'n sportsoort wat groot aanhang binne die Britse Statebond geniet.

---

115) Hart, H.B. Plakboek.

116) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 2.6.1930, p. 4.

117) The Hamilton Spectator, Kanada. 25.8.1930.

### 4.5.1 Enkelspel

Die wenner in die enkelspelafdeling, R.G. Calquhoun van Engeland, het sy sterkste teenstand van die Nieu-Seelandse speler, W. Fielding, ontvang. Die puntetelling het regdeur die wedstryd gelykop verloop totdat die laaste nulbeurt aangekondig is. Op hierdie stadium was Fielding die voorloper met een punt. Toe het Calquhoun daarin geslaag om sy eerste twee balle teen die witte en die derde, enkele duime daarvandaan te laat rol. In antwoord hierop was die Nieu-Seelander kort met sy eerste drie balle. Ook sy vierde bal was net agter die Brit se derde.

In die wedstryd om die tweede plek is Fielding geklop deur J.C. Thoms van Suid-Afrika.[118)] In 'n vroeëre wedstryd het Calquhoun daarin geslaag om vir Thoms met 21-15 te klop.[119)]

Die posisie in die enkelspelafdeling wat op 21 Augustus beslis is, was soos volg :[120)]

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Engeland: | 4 gespeel | 3 gewen | 1 verloor | = | 6 punte |
| Kanada: | 4 gespeel | 2 gewen | 2 verloor | = | 4 punte |
| Skotland: | 4 gespeel | 2 gewen | 2 verloor | = | 4 punte |
| Suid-Afrika: | 4 gespeel | 2 gewen | 2 verloor | = | 4 punte |
| Nieu-Seeland: | 4 gespeel | 1 gewen | 3 verloor | = | 2 punte |

---

118) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 78.

119) The Star, 19.8.1930.

120) The Mail and Empire, Toronto. 22.8.1930.

Op die vorige dag kon Kanada vir Suid-Afrika met 29-15 verslaan.[121] Dit wil dus voorkom asof Thoms hom behoorlik reggeruk het, en dit was veral sy oorwinning oor Fielding wat die bordjies verhang het. Thoms het tweede[122] agter Calquhoun geëindig met Fielding in die derde plek.

### 4.5.2 Parespel

Suid-Afrika se twee verteenwoordigers, E.J. Hall en C.W. Giovanetti, het die kompetisie op die eerste dag van die rolbaltoernooi (Maandag, 18 Augustus) swak begin deur met 24-10 teen Kanada te verloor.[123]

Al die ander wedstryde het net so ongunstig verloop soos byvoorbeeld die wedstryde teen Engeland wat Suid-Afrika met 26-8 verloor het.[124] En toe kom die Nieu-Seelanders, P. McChanell en W. Fielding, en verslaan die Suid-Afrikaners met 21-13.[125]

Die uiteinde van die saak was dat Suid-Afrika heel onder aan die punteleer geëindig het.[126]

---

121) The Star. 21.8.1930.

122) Bolsover, Godfrey R., comp. When South Africa played in Empire Games. Bowls, 7:6, January 1976, p. 14.

123) The Star, 19.8.1930.

124) Hart, H.B. Plakboek.

125) The Mail and Empire, Toronto. 22.8.1930.

126) Bolsover, Godfrey R., comp. When South Africa played in Empire Games. Bowls, 7:6, January 1976, p. 14.

### 4.5.3 Viertal

In die viertal het J.H. Brooks, H.S. Walters, J.J. Armstrong, J.J. Ware en J. Southern gesorg dat Suid-Afrika 'n tweede medalje in die rolbalafdeling inpalm. Een van die spelers het as reserwe opgetree, maar dit is nie bekend watter een nie. Hulle het gelykop tweede geëindig saam met Kanada en Skotland.[127] (Dit is ongelukkig die enigste bron wat daarvan melding maak). Emery (p. 74) maak geen melding van hierdie uitslag nie.

Enkele ander uitslae betreffende Suid-Afrika se deelname aan die viertalkompetisie is dat Engeland met 26-24 gewen het[128] terwyl Suid-Afrika daarin kon slaag om Nieu-Seeland met een punt (19-18) te klop.[129]

## 5 SAMEVATTING

Die eerste Rykspele het op Saterdag 23 Augustus 1930, ten einde geloop. Gedurende die afsluitingseremonie het die Luitenant-Goewerneur van Ontario die vlae in die volgende volgorde oorhandig - Brits-Guiana, Nieu-Seeland, Newfoundland, Kanada, Skotland, die Unie van Suid-Afrika, Ierland, Australië, Bermuda en Engeland.

Die skare het in hul duisend-talle na die hoofpawiljoen gestroom om die oorhandiging te sien. Hierna het die doedelsakorkes verbymarsjeer en die Spele het geëindig met die sing van "Auld Lang Syne" en die nasionale volkslied.

---

127) Ibid.

128) Hart, H.B. Plakboek.

129) The Mail and Empire, Toronto. 22.8.1930.

Alhoewel daar geen amptelike puntestand bekend gemaak is nie, is dit bekend dat Engeland die meeste "punte" ingesamel het met Kanada tweede en Suid-Afrika derde.[130)]

Suid-Afrika se suksesse is behaal deur :

GOUD:

Hart, H.B. (gewigstoot)
Hart, H.B. (diskus)
Viljoen, J.H. (hoogspring)
Whitsett, O. mej. (duik)
Smith, J.N. (vlieggewig, boks)
Hall, L.A. (weltergewig, boks)

SILWER:

Walters, W.J. (440 tree)
Davies, H.Q. (120 tree hekkies)
Stevens, L. (veergewig, boks)
Basson, J. (ligswaargewig, boks)
Thoms, J.C. (enkelspel, rolbal)

BRONS:

Walters, W.J. (220 tree)
Viljoen, J.H. (verspring)
Hart, H.B. (spiesgooi)

Chandler, J.
Davies, H.Q.
Gerhardt, W.
Walters, J.W. } 4 x 440 tree aflos

---

130) The Star, 25.8.1930.

Gerhardt, W.
Hart, H.B.
Legg, W.B.
Walters, W.J.

} 4 x 440 tree aflos

Pierce, E. (middelgewig, boks)

Thiel, M. (middelgewig, stoei)

Die eerste Rykspele was so 'n reusesukses en die onderlinge gees en samewerking tussen die deelnemende lande van so 'n vriendskaplike aard, dat die algemene gevoel oorweldigend ten gunste van die voortbestaan daarvan was.

Op Woensdagoggend, 20 Augustus, is die toekoms van die Britse Rykspele verseker toe al die afgevaardigdes van die Britse Eilande, Dominiums en Kolonies op 'n konferensie eenparig ten gunste van die voortbestaan van die Rykspele besluit het.

'n Konsepgrondwet is vir die Rykspele Federasie opgestel asook 'n subkomitee bestaande uit mnre. Watmore (Engeland), Weir (Australië), Welsford (Suid-Afrika), Hobbs (Nieu-Seeland) en Loudoun (Kanada). Hierdie komitee moes die Vrydag (22 Augustus) voorstelle indien met betrekking tot reëls en die omvang van toekomstige Rykspele. Die hoofdoel van die Federasie moes wees om Brittanje en sy Dominiums saam te bind in 'n verteenwoordigende krag wat sy stempel in internasionale sport sou kon afdruk.[131)]

---

131) The Star, 21.8.1930.

Die stappe in die rigting van die stigting van 'n Britse Rykspele Federasie is deurgevoer tydens 'n soortgelyke konferensie wat tydens die 1932 Olimpiese Spele te Los Angeles gehou is. Teen hierdie tyd het die meeste lidlande al oor nasionale Rykspeleverenigings beskik. 'n Vergadering is in Londen belê met die doel om 'n Federale Konstitusie op te stel. Dit moes in die jare 1932/33 geskied het. Die president sou die Hertog van Lonsdale wees met Sir James Leigh-Wood die voorsitter. Mnre. E.A. Hunter en E.J. Holt is as die sekretaris en tesourier onderskeidelik verkies. Hierdie Federale Raad sou geheel en al verantwoordelik wees vir die algemene organisasie van die Spele.[132)]

Voor die Suid-Afrikaanse span se vertrek uit Kaapstad het die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging mnr. Welsford versoek om alle moontlike inligting met die oog op die hou van die tweede Rykspele in Suid-Afrika te versamel en aan die vereniging verslag te lewer. Mnr. Welsford is egter versoek om geen bindende reëlings aan te gaan nie.[133)]

Tydens die konferensie wat op Donderdag 21 Augustus in Hamilton gehou is, het Suid-Afrika en Nieu-Seeland aansoek gedoen om die volgende Rykspele aan te bied.[134)]

---

132) British Empire Games. Official Programme and Handbook. Londen, 1930, n.p.

133) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 22.6.1930, p. 3.

134) The Star, 21.8.1930.

Dit was die taak van die Raad van die Britse Rykspele Federasie om die Spele te organiseer. Een van die Raad se pligte was om by die Algemene Raad aan te beveel wie die volgende Rykspele moes aanbied, en hoe die program daar moes uit sien.

Elke land wat 'n aansoek om die Spele aan te bied ingedien het, moet waarborge verskaf dat gratis huisvesting vir alle besoekende spanne vir die tydsduur van 'n maand verskaf sal word. Dit sluit in 'n voorbereidingsperiode van twee weke voor die aanvang van die Spele, asook 'n addisionele week van ontspanning na afloop van die Spele. Daar is ook van die gasheer verwag om 'n sekere toelaag aan die besoekende spanne te waarborg. Die bedrag sou deur die grootte van die span bepaal word. Die voedsel wat aan die spanne voorsien moes word, moes so ver moontlik aanpas by die nasionale dieet van elke span terwyl alle fasiliteite en apparate aan Olimpiese Standaarde moes voldoen. Dit is duidelik dat die Rykspele inderdaad 'n mini weergawe van die Olimpiese Spele was, en dat die voornemende gasheer oor voldoende finansies moes beskik om so 'n Spele te kon wil aanbied.

Al hierdie aspekte is onder die vergrootglas geplaas alvorens die Raad die Spele aan 'n bereidwillige land toegeken het.[135)]

Dit gee die indruk dat sekere faktore ernstig oorweeg sou moes word alvorens Suid-Afrika as gasheer van 'n Britse Rykspele sou kon optree. Met die depressie van die vroeë dertigerjare in gedagte, was die finansiële hindernis 'n ernstige oorweging waaraan aandag geskenk moes word. Sou die Unie van Suid-Afrika,

---

135) Emery, Ira. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, pp. 75-76.

met sy primitiewe sportgeriewe, in staat wees om die volgende (tweede) Britse Rykspele te huisves? Dat dit 'n veelvolkige sportsametrekking in Suid-Afrika sou wees, het die moontlikheid om as gasheer op te tree ook verder op die agtergrond geskuif.

Die feit dat die Federale Raad op 30 Januarie 1933 besluit het om die tweede Rykspele aan Londen toe te sê, dien as bewys dat Suid-Afrika en Nieu-Seeland se aansoeke misluk het.[136)]

Die Rykspele van Hamilton het 'n paar interessante nadraaie gehad. Die aanbod wat Snaar Viljoen van 'n paar voorste Amerikaanse afrigters ontvang het, het 'n reeks debatte in die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging ten gevolg gehad. Viljoen is 'n beurs aangebied wat hom in staat sou stel om 'n volle erkende kursus in afrigting aan 'n Amerikaanse Universiteit te loop.

Daar het egter niks van gekom nie, omdat Snaar Viljoen se amateurstatus daardeur in gedrang sou kom en dit sy kanse om aan die 1932 Olimpiese Spele deel te neem sou verongeluk.

Dan is daar ook 'n eis van £80 deur mnr. Len Hall ingestel. Hall, wat op eie onkoste die Spele bygewoon het, moes 'n operasie vir 'n oogbesering ondergaan na 'n boksgeveg. Die Raad het besluit om aan die eis te voldoen asook om versekering vir spanlede in die toekoms uit te neem.[137)]

---

136) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

137) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 29.11.1930, pp. 1-4.

Die Britse Rykspelebeweging het dus op 'n baie suksesvolle noot weggespring. Dit was nie net 'n reusesukses vir die organiseerders nie, maar vir Suid-Afrika was dit ook die suksesvolste Spele van die reeks tot en met 1958. Sien grafiek VI vir die grafiese voorstelling van Suid-Afrika se prestasies. Dit het meegebring dat daar met groot afwagting na die tweede Rykspele uitgesien is.

# HOOFSTUK IV

## DIE TWEEDE RYKSPELE - LONDEN, 1934

Die Unie van Suid-Afrika se suksesse op die eerste Rykspele het as aansporing gedien om ook aan die tweede een mee te doen, waar dit ook gehou mag word.

Tydens 'n vergadering van die Raad van die Britse Rykspele Federasie gehou op 30 Januarie 1933, is die tweede Rykspele amptelik aan Engeland toegesê. Die Raad het onmiddellik met voorbereidings begin en uitnodigings is aan alle lidlande gestuur. Selfs aansoeke van lande binne die Britse Ryk wat nie oor nasionale Spele Komitees beskik het nie, is ontvang.

Die Raad het ooreengekom dat die tweede Rykspele die volgende nommers op sy program sal aanbied: atletiek (mans en dames), swem (mans en dames), stoei (mans), boks (mans), fietsry (mans) en rolbal (mans). Fietsry het roei dus vervang.

Damesatletiek word dus vir die eerste keer op die program toegelaat.[1] Vir die algemene reëls wat die Federasie opgestel het, sien Bylaag I.

### 1 FINANSIES

Die insameling van die nodige fondse om die Unie se sportspanne na die Rykspele te kon stuur is bemoeilik deur die feit dat die land nog gesukkel het om van die armoede van die depressie

---

1) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

ontslae te raak. Nogtans het die insamelingspogings geslaag, danksy mildelike ondersteuning deur die Britse Rykspele Federasie en die plaaslike regering. Ondersteuning is ook ontvang uit die plaaslike handelsektor en, natuurlik, insamelingsveldtogte wat deur die onderskeie sportsoorte geloods is. Om die breë verloop van hierdie insamelingsveldtogte uit te stippel, word vervolgens 'n kort bespreking daaraan gewei.

Op 'n spesiale Raadsvergadering, nie lank nadat die Springbokspan vanuit Hamilton teruggekeer het nie, het die vergadering t.o.v. toekomstige spanne na die Rykspele besluit dat alle fondse voortaan deur die Provinsiale Olimpiese en Rykspele-verenigings ingesamel moes word. Waar provinsiale liggame ontbreek, moes die ingesamelde fondse direk aan die Nasionale Olimpiese-vereniging betaal word.[2] Alle verenigings sou vanaf 11 Augustus 1933 versoek word om met hul onderskeie fondsinsamelingsveldtogte te begin.[3]

Die eerste daadwerklike finansiële bydrae het op 3 Mei 1933 gekom toe die Britse Rykspele Federasie bekend gemaak het dat 'n bedrag van 'n £1000 aan die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging geskenk sal word ten einde die Springbokspan se skeepstariewe te verlig.[4]

---

2) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Spesiale Raadsvergadering, 29.4.1931, p. 2.

3) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 11.8.1933, p. 4.

4) Ibid., p. 2.

Mnr. A.V. Lindbergh het ingestem om in sy hoedanigheid as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging die volgende instansies om bydraes te nader: die Suid-Afrikaanse regering, mynwese, Transvaalse perdewedrenklubs, die beroepsweddersvereniging en sy lede, die aandelebeurs en die Johannesburgse Munisipaliteit. Kaptein G. Twomey (voorsitter) en mnr. J.H. Doig (sekretaris) het namens die Transvaalse Olimpiese en Rykspele-vereniging aangebied om 'n aantal handelshuise te nader.

Die Transvaalse Swemunie het beloof om minstens £200 in te samel terwyl die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging hul daadwerklike ondersteuning gewaarborg het.[5)]

Die eerste reaksie in Suid-Afrika het vanaf die Regering gekom toe die voorbeeld van die Britse Rykspele Federasie gevolg is en 'n bedrag van £1000 geskenk is.[6)] 'n Bedrag van £2000 was dus reeds beskikbaar.

Op die 1ste Mei 1934 is bekend gemaak dat 'n totale bedrag van oor die £1000 alreeds in Transvaal ingesamel is, maar die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging het tot op bogenoemde datum slegs £200 van die Natalse Olimpiese en Rykspele-vereniging en £10.10.0 van die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging ontvang.[7)]

---

5) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 27.2.1934, p. 2.

6) Ibid., Notule van die Algemene Jaarverslag van die Raad vir die jaar wat geëindig het op 31.12.1933, p. 2.

7) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 1.5.1934, p. 1.

Die Springbokspan, bestaande uit 26 deelnemers, sou £3,790.8.10 benodig, d.w.s. £135.7.5½ per lid. Danksy die Britte en die Uniale Regering se £2,000 plus addisionele fondse ingesamel, kon die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging 'n goed verteenwoordigende span na Londen stuur.[8)]

Donasies ontvang :

| | |
|---|---|
| Transvaalse Olimpiese en Rykspele-vereniging ..... | £2,716. 3.11 |
| Unieregering .................................. | £1,000. 0. 0 |
| Britse Rykspelevereniging ...................... | £1,000. 0. 0 |
| Londense Komitee ............................... | £ 919.19. 6 |
| Natalse Olimpiese en Rykspele-vereniging ........ | £ 300. 0. 0 |
| W.P. Olimpiese en Rykspele-vereniging ........... | £ 120. 0. 0 |
| Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsry-vereniging ................................ | £ 46.10. 0 |
| O.V.S. Olimpiese en Rykspele-vereniging ......... | £ 20. 0. 0 |
| Suid-Afrikaanse Amateurswemunie ................. | £ 17. 3. 1 |
| Totaal : | £6,139.16. 6 |

Soos opgestel op 6 Maart 1935.[9)]

8) Ibid., Notule van die Jaarverslag van die jaar wat geëindig het op Desember 1934 gelewer op 19 April 1935, pp. 1-2.

9) Ibid., Notule van die Jaarverslag vir die jaar geëindig op 31.12.1934 en gelewer op 19 April 1935, n.p.

## 2 NOMINASIES VAN DEELNEMERS EN BEAMPTES

### 2.1 Deelnemers

#### 2.1.1 Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging

Die Britse Rykspele Federasie het 'n totale inskrywing van vier atlete per item per land toegelaat wat sou geld vir beide mans en dames.

Die 1934-program het voorsiening gemaak vir die volgende items vir mans: 100 tree, 220 tree, 440 tree, 880 tree, 1 myl, 3 myl, 6 myl, marathon, 2 myl hinderniswedloop, 120 tree hekkies, 440 tree hekkies, hoogspring, verspring, spiesgooi, gewigstoot, skyfwerp, hamergooi, paalspring, driesprong, 4 x 100 tree aflos en 4 x 440 tree aflos.

Die dames se program, wat vir die eerste keer aangebied is, het voorsiening gemaak vir die volgende items: 100 tree, 880 tree, 80 tree hekkies, hoogspring, verspring, spiesgooi, 440 tree aflos (220 x 110 x 110) en 660 tree aflos (220 x 110 x 220 x 110).

Die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging se voorlopige nominasies het bestaan uit 5 naellopers (3 mans en 2 dames), 3 middelafstandatlete, 2 langafstandatlete, 1 hekkiesatleet, 2 veldatlete en 3 fietsryers, 'n totaal van 16 dus.

Die Atletiekvereniging het ook verlof gevra dat die damesatlete vooruit na Londen gestuur moes word ten einde hul in staat te stel om aan die Dameswêreldkampioenskappe deel te neem, maar mnr. Ira Emery het meegedeel dat die wêreldkampioenskappe vir dames eers vanaf 11-16 Augustus sou plaasvind terwyl die Britse Rykspele vanaf 3-11 Augustus sou duur.

Daarom het die Raad volstaan dat geen lid van die Springbokspan voor die Rykspele aan 'n oorsese byeenkoms sou deelneem nie.[10)]

Die Atletiekvereniging het mej. Eileen Crockhart van Port Elizabeth genomineer om Suid-Afrika op die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms te verteenwoordig. Mej. Crockhart sou egter nie aan die Rykspele kon deelneem nie omrede haar items (skyfwerp en gewigstoot) nie in die program opgeneem was nie. Die Raad het ingestem dat mej. Crockhart onder die beskerming van die Springbokspan na Engeland mag reis. Haar onkoste sou deur die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging gedek word.

Op hierdie stadium was daar sprake dat dames deelname aan die Olimpiese Spele ontsê sou word en die Wêreldkampioenskappe vir Vroue sou dan die plek daarvan inneem.[11)] Dit het egter nie gebeur nie.

Mnr. A.V. Lindbergh het dit beklemtoon dat een van die vereniging se vernaamste take die kies van spanne na die Spele was. Hul uitgangspunt was om geen passasiers saam te stuur nie, maar slegs lede wat volgens meriete hul plek in die span regverdig en aan die buiteland sou kon toon van watter stoffasie die Suid-Afrikaanse sportlui gemaak is.[12)]

---

10) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 11.8.1933, pp.2-4.

11) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 11.8.1933, pp.2-4.

12) Ibid., Notule van die Algemene Jaarvergadering, 22.3.1934, p. 1.

Die finale keuse wat die Raad gemaak het uit die Atletiek- en Fietsryvereniging se nominasies, was soos volg: M.W. Theunissen (Natal) vir die naellope, H.B. Hart (Transvaal) vir die veldnommers, J.H. Viljoen (Transvaal) vir die hekkiesitems, mej. B. Burke (Transvaal) vir die naellope, A.S. du Plessis (Transvaal) vir die paalspring, J. Luckhoff (Westelike Provinsie) vir die veldnommers, H.A. Thompson (Transvaal) vir die langafstande, mej. M. Clark (Natal) vir die hekkies en hoogspring, E. Thacker (Transvaal) vir die hoogspring, mej. D. Morgan (Westelike Provinsie) vir die naellope en 880 tree, W. Botha (student in Skotland op daardie tydstip) vir die langafstande, en E. Clayton (Westelike Provinsie) vir die fietsry.[13)]

As gevolg van gebrekkige finansies moes die span besnoei word sodat Danie Joubert[14)] (naellope) en Sid Rose (fietsry) uit die span gelaat is. Laasgenoemde is genomineer om aan die 10 myl-item deel te neem, maar omdat daar geen inligting vanuit Engeland ontvang is dat twee fietsryers 'n land in 'n item kon verteenwoordig nie, is Clayton as eerste keuse en Suid-Afrika se enigste fietsryer gekies.[15)]

Volgens die amptelike uitnodiging wat die Britse Rykspele Federasie op 3 Mei 1933 aan Suid-Afrika gerig het, kon elke land slegs een deelnemer per item inskryf. Die fietsry-items wat op die program sou verskyn sou die 1000 tree naelry, 1000 meter tydtoets en die 10 myl sonder voorgee wees.[16)]

---

13) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 22.5.1934, p. 1.

14) Pretoria News, 23.5.1934.

15) Op. cit. Notule van die Raadsvergadering, 22.5.1934, p.2.

16) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 11.8.1933, p.2.

2.1.2 Suid-Afrikaanse Amateurswemunie

Wat die sweminskrywings op die Rykspele betref, is elke land slegs drie deelnemers per item toegelaat. Die swemitems op die mans se program was die volgende : 100 tree vryslag, 100 tree rugslag, 220 tree borsslag, 440 tree vryslag, 1500 tree vryslag, hoogduik, springplankduik, 4 x 220 tree aflos en 300 tree wisselaflos.

Die dames kon inskryf vir die 100 tree vryslag, 100 tree rugslag, 220 tree borsslag, 440 tree vryslag, hoogduik, springplankduik, 4 x 100 tree aflos en die 300 tree wisselaflos.

Die voorlopige nominasies wat ingedien is dui op 'n damespan van vier lede waarvan twee vir die kortafstande, een vir die langafstande en een vir die duikkompetisie ingeskryf sou word.[17)]

Die name is op die Raadsvergadering van 22 Mei bekend gemaak waar 'n addisionele twee lede tot die span toegevoeg is. Die dames wat gekies is, was mejj. J. Maakal (Transvaal), O. Whitsett (Natal), K. Russell (Transvaal), M. Ryde (Natal), E. Hayward (Transvaal) en mnr. George May (Natal).

Daar is ook 'n nie-amptelike nominasie vir mnr. E. Loydell ontvang, maar mnr. Lindbergh het dit afgekeur omrede die Raad geen nie-amptelike nominasies aanvaar nie.[18)]

---

17) Ibid., p. 3.

18) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 22.5.1934, p. 2.

2.1.3 Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging

Aanvanklik was die Boksvereniging van plan om 'n volle boksspan na die tweede Rykspele te stuur. Elke land was toegelaat om een deelnemer per gewigsafdeling in te skryf. Die bokskampioenskappe sou uit agt gewigsafdelings bestaan. Elke geveg sou oor drie rondes van 3 minute elk beslis word. [19]

Die finale span het uit die volgende sewe boksers bestaan: R. Barton (Transvaal) vir die weltergewig; J.R. Wade (Natal) vir die vlieggewig; S.R. Leibbrandt (Transvaal) vir die ligswaargewig; C.B. Hull (Transvaal) vir die liggewig; C. Catterall (Transvaal) vir die veergewig; J.L. Smith (Transvaal) vir die middelgewig; en W. van Rensburg (Westelike Provinsie) vir die swaargewig.[20]

Op 'n Raadsvergadering (1.5.1934) is daar ook verlof toegestaan aan die Springbokboksers om na afloop van die Spele met die boksers van die Britse Leër en Denemarke kragte te meet. Die versoek is toegestaan aangesien daar ook van die damesatlete was wat na die Spele aan die Wêreldkampioenskappe vir Dames sou deelneem. Die hele Suid-Afrikaanse span moes egter as 'n eenheid na Suid-Afrika terugkeer,[21] per skip soos dit destyds die gebruik was.

---

19) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 11.8.1933, pp.2-3.
20) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 22.5.1934, p. 2.
21) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 1.5.1934, p. 2.

2.1.4 Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging

Terwyl al die ander geaffilieerde Sportbeheerliggame op 11 Augustus 1933 hul voorlopige nominasies ingedien het, kon die Stoeivereniging op daardie stadium nog geen nominasies indien nie. Die stoeikompetisie op die Spele sou uit sewe gewigsafdelings bestaan en die styl wat gebruik word, moes vrystoei wees.[22)]

Op 22 Mei 1934 is die finale span gekies. Slegs een uit die drie nominasies is aanvaar, naamlik die van W.H. Cubbin (Transvaal) vir die ligswaargewigafdeling. Omrede daar weens gebrekkige finansies aan die span besnoei is, is die naam van mnr. V. Joubert ten spyte van 'n sterk pleidooi deur die stoeivereniging, van die nominasielys geskrap. Ook die nie-amptelike nominasie vir mnr. Dan McDonald is nie aanvaar nie omrede nie-amptelike nominasies ontoelaatbaar was.[23)] Uit die notules is dit opmerklik dat die Suid-Afrikaanse Spelevereniging deurgaans streng konstitusioneel opgetree het.

2.1.5 Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging

Die rolbalvereniging het die Suid-Afrikaanse Olimpiese- en Rykspele-vereniging in kennis gestel dat hulle 'n volle span na die Rykspele sou stuur en dat hulle self hul eie koste ten volle sal dra.[24)] Die rolbalspan sou op die amptelike opening en alle ander amptelike funksies deel van die Springbokspan uitmaak.[25)]

---

22) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 11.8.1933, p. 3.

23) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 22.5.1934, pp.2-3.

24) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 11.8.1933, p. 3.

25) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 1.5.1934, p. 2.

Die volgende spelers is gekies:

Enkelspel : A. Harvey

Parespel : H. Russell en C.J. Konig

Viertal : J.C. Thoms (kaptein), J. Morton, C. Abbott en H. Holshausen.[26)]

Daar is egter een bron, sover vasgestel kan word die enigste, wat melding maak van twee reserwes in die persone van mnre. A. Wynn en J. Lee.[27)]

### 2.1.6 Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie

Die Natalse Roei-unie het die versoek ingedien dat roei op die Rykspeleprogram van 1934 ingesluit moes word. Die versoek is gesteun deur die Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie. Die pleidooi was egter tevergeefs, want op die Britse Rykspelevereniging se vergadering van 26 Oktober 1933 in Londen, is daar besluit dat die hou van roeikampioenskappe onprakties sou wees en dat daar nie aan die versoeke vanuit Suid-Afrika en Australië voldoen kon word nie.[28)]

---

26) Bolsover, Godfrey R., comp. When South Africa played in Empire Games. Bowls, 7:6, January 1976, p. 14.

27) Springboks to Vancouver. Official Programme of 1954 Commonwalth Games. Johannesburg, 1954, p. 34.

28) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Britse Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 19.11.1933, p. 2.

## 2.2 Nominasies van Beamptes

### 2.2.1 Algemene Spanbestuurder

Op 'n spesiale Raadsvergadering van 29 April 1931 is besluit dat die algemene spanbestuurder gekies sou word uit nominasies ingedien deur enige geaffilieerde sportbeheerliggaam.[29)]

Tydens 'n Raadsvergadering gehou op 1 Mei 1934 is daar drie nominasies vir spanbestuurder ingedien, naamlik mnre. B.C. Sims, D.W. Maggennis en A. Getz.

Mnr. Sims is genomineer deur die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging, die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging, die Transvaalse Olimpiese en Rykspele-vereniging en die Oranje-Vrystaatse Olimpiese en Rykspele-vereniging.
Mnr. Maggennis is deur die Suid-Afrikaanse Amateurswemunie genomineer terwyl mnr. Getz deur die Westelike Provinsie Olimpiese en Rykspele-vereniging genomineer is.

Die uitslag van die stemming was ten gunste van mnr. Bertie Sims.[30)]

### 2.2.2 Chaperone

Op 'n Spesiale Raadsvergadering (29.4.1931) is daar besluit dat adviseurs en chaperones gekies sou word uit 'n lys van nominasies ontvang van die betrokke Suid-Afrikaanse Sportbeheerliggame.[31)]

---

29) Ibid., Notule van die Spesiale Raadsvergadering, 29.4.1931, p. 1.

30) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 1.5.1934, pp. 1-2.

31) Ibid., Notule van die Spesiale Raadsvergadering, 29.4.1931, p. 1.

By die Raadsvergadering van 22 Mei 1934 is daar twee nominasies ingedien, naamlik die van mevv. E. Hayward en R. Finlayson.

Mnr. S. Dowsett, afgevaardigde van die Suid-Afrikaanse Amateurswemunie, het die keuse van mev. Finlayson sterk voorgestaan. Haar suksesse as swemafrigter en ervaring as chaperone was volgens mnr. Dowsett genoeg rede om haar te kies. Mnr. J.H. Doig, verteenwoordiger van die Transvaalse Olimpiese en Rykspelevereniging, het mev. Hayward ondersteun.

Die uitslag van die stemmery was met 'n groot meerderheid ten gunste van mev. Hayward.[32)]

### 2.2.3 Ander Beamptes

Wat die afrigters en/of adviseurs betref, was dit net die Suid-Afrikaanse Swemunie wat die stuur van sulke beamptes voorgestaan het. Die president van die Swemunie het in 'n persoonlike brief, gerig aan mnr. Ira Emery, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging, die nominasie van mnr. J. Green as afrigter en adviseur gesteun. Ook mnr. Dowsett het redes verstrek waarom 'n afrigter vir die swemspan aangestel moes word. Mnr. Dowsett het die voorbeeld van mej. Jennie Maakal by die Los Angeles Olimpiese Spele gebruik. Haar sukses daar was grotendeels te danke aan die hulp wat sy van mev. Braun van die Nederlandse span ontvang het.

---

32) Ibid., Notule van die Raadsvergadering, 22.5.1934, p. 2.

Mnr. T. Pay (Natalse provinsiale vereniging) het daarenteen weer op die nadele van so 'n persoon gewys. Volgens mnr. Pay kon 'n gemeenskaplike afrigter die individuele styl van die swemmers negatief beïnvloed. Mnr. Lindbergh noem dat hy met swemmers gesels het en dat sy indruk uit die gesprekke was dat hulle geen afrigter wou hê nie. Ook die idee van 'n masseur vir die span het nie aanhang gevind nie.

Mnr. T. St. John Dean het die voorstel ingedien dat 'n algemene afrigter in die persoon van Sersant C.J. Rootman aangestel moes word om mnr. Sims by te staan. Die voorstel is met 'n groot meerderheid verwerp.[33)] Slegs mnr. Bertie Sims (spanbestuurder) en mev. Hayward (chaperone) sou dus die span vergesel.

## 3 REIS NA, EN AANKOMS BY, DIE SPELE

Die vroulike spanlede het Kaapstad op 15 Junie 1934 aan boord van die "Warwick Castle" verlaat terwyl die mans eers op 22 Junie met die "Balmoral Castle" vertrek het. Albei groepe sou egter op 17 Augustus saam met die "Armadale Castle" na Suid-Afrika terugkeer. Van hul vertrek tot hul terugkoms sou spanlede sakgeld ter waarde van drie sjielings per dag ontvang.[34)]

Op pad na Londen het die "Balmoral Castle" by die Madeira-Eilande aangedoen. Terwyl George May litte losgemaak het deur om die skip te swem, is Harry Hart vir die eerste keer in sy lewe in 'n aartappelresies geklop - en dit nogal deur Andries du Plessis, die paalspringer. Selfs in 'n krieketwedstryd teen die skeepsbemanning het die Springbokke die slegste daarvan afgekom.

---

33) Ibid., pp. 2-3.

34) Hart, H.B. Plakboek.

Een van die passasiers op die "Balmoral Castle" was 'n filmvervaardiger met die naam van Tom Arnold. Hy was op pad terug na Londen nadat hy "Waltzes from Vienna" in Johannesburg vervaardig het. Arnold was so beïndruk met die liggaamsbou van Harry Hart en Snaar Viljoen dat hy hulle albei 'n rol in sy nuwe film aangebied het.[35] Nie een van hulle het die aanbod aanvaar nie.

Die Springbokspan het op hierdie reis 'n hele paar karakters opgelewer. Afgesien van Hart en Viljoen was daar ook Eddie Thacker wat die chef hoofbrekens besorg het met sy geweldige eetlus. Hy kon al die geregte op 'n spyskaart sommer 'n paar keer na mekaar verorber. Dan was Robey Leibbrandt ook 'n uitsonderlike persoon. Behalwe dat hy 'n vegetariër was, het Robey ook nooit op 'n bed geslaap nie. Hy het voorkeur aan die harde vloer gegee. Aanvanklik is daar ondersoeke gelas na die Springbok wat nooit in sy bed geslaap het nie!

Ceasar Hull, Joey Wade, Charlie Catterall en Dickie Barton het as die "Vreeslike Viertal" bekend gestaan. By een geleentheid het hulle 'n mede-Suid-Afrikaner, Gerald Orpen, bygedam en die een helfte van sy snor afgeskeer. 'n Moontlike rede hiervoor was omdat Orpen op daardie tydstip geklee was in 'n swierige swart manel, wit hemp, swart das, wit broek en bruin skoene![36]

Die Organiserende Komitee in Londen het dit vir die besoekende spanne moontlik gemaak om tien dae voor die Openingsdag hul intrek in Londen te neem, waar ook al akkommodasie vir die betrokke spanne gereël is.[37]

---

35) Rand Daily News, 9.5.1934.

36) Emery, Ira. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, pp. 104-106.

37) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 27.2.1934, p. 2.

Die Suid-Afrikaners is in Londen verwelkom deur die Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika, mnr. Chas. te Water.[38)]

Op Dinsdagmiddag 31 Julie het die Prins van Wallis die Suid-Afrikaanse span tesame met die deelnemers uit Kanada. Australië, Nieu-Seeland, Jamaika en Brits-Guiana* ontmoet. Die ontvangs is gereël by die St. James Paleis waar die Prins enkele minute met elke spanbestuurder gesels het alvorens hy aan die atlete bekend gestel is. Hierna is die atlete deur die paleis geleide gedoen waar hul 'n onthaal, deur die "Overseas League" georganiseer, bygewoon het.[39)]

Tydens die Springbokke se voorbereiding op die Paddingtonsportterrein, het Harry Hart opspraak verwek deur op 'n dag met sy vierde poging nie-amptelik die wêreldrekord met twee voet te slaan. Die afstand wat Hart behaal het, was 55 voet 4 duim.

Snaar Viljoen het op doktersaanbeveling gerus nadat hy sy linkervoet beseer het tydens 'n liggaamsoefeningsessie op die skip.

Afgesien van die algemene spanbestuurder, het die atlete nie oor 'n afrigter beskik nie. So het dit gebeur dat in Londen die spanlede mekaar hulp en leiding moes gee tydens die voorbereiding. Harry Hart het veral hier die leiding geneem.

---

38) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 1.5.1934, p. 3.

39) The Star, 1.8.1934.

* Die Star (1.8.1934) fouteer deur na Nieu-Guinea te verwys i.p.v. Brits-Guiana.

Snaar Viljoen het Marjorie Clark in die hekkies gehelp terwyl Thompson vir Doris Morgan met die middelafstande raad gegee het. Ook Bevil Rudd het die oefeninge bygewoon en waardevolle diens gelewer.[40] Die uitgangspunt was klaarblyklik dat afrigting tuis reeds afgehandel moes wees.

## 4 DEELNAME

Soos die eerste Rykspele was die opening indrukwekkend. Maar hierdie keer was daar meer op die spel. Die spele is in Londen aangebied, die hart van die magtige Britse Ryk. So het dertigduisend toeskouers op 4 Augustus 1934[41] die amptelike opening in die White City Stadion bygewoon en gesien hoe nagenoeg 500 deelnemers uit 16 lande aan die tradisionele optog deelneem.[42]

Die deelnemende lande was Australië, Bermuda, Brits-Guiana, Engeland, Hongkong, Indië, Jamaika, Kanada, Newfoundland, Nieu-Seeland, Noord-Ierland, Suid-Rhodesië, Skotland, die Unie van Suid-Afrika, Trinidad en Wallis.[43] Lande wat vir die eerste keer aan die Rykspele deelgeneem het, was Indië, Hongkong, Jamaika, Trinidad en Suid-Rhodesië.[44]

---

40) Hart, H.B. Plakboek.

41) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games 1934. Londen, 1934, n.p.

42) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, pp. 10-12.

43) British Empire Games - London. Official Programme and Handbook. Londen, 1934, n.p.

44) Great Britain Central Office of Information, op. cit., p. 12.

Die optog tydens die openingseremonie is gelei deur die "Bands of the Brigade of Guards". In hul verbymars het die spanne die koningsverhoog gesalueer. Mnr. R.L. Howland, kaptein van die Engelse span, het met die "Union Jack", sowat 20 tree voor die Kanadese span, die optog gelei. Daar hulle die gasheer van die vorige Spele was, was dit die Kanadese se voorreg om die optog te lei, met die nuwe gasheer, Engeland, heel agter. Die res van die lande het alfabeties gevolg. Elke land is gelei deur sy kaptein wat ook die betrokke land se vlagdraer was. Dié persoon is ook vergesel deur 'n skilddraer waarop die land se naam verskyn het. Na die optog het die spanne in die middel van die grasoppervlak aangetree om na die openingstoesprake te luister.

Die eerste spreker was Lord Lonsdale wat opgetree het in sy hoedanigheid as president van die Britse Rykspele Federasie. Na sy rede is die Spele amptelik as geopen verklaar deur die waarnemende burgemeester van Londen, Sir George Truscott. Onder luide trompetgeskal en die vrylating van 40,000 duiwe as teken van vrede en vriendskap, is die "Union Jack" gehys. Die gebruiklike eed is namens al die deelnemers deur die Engelse kaptein, R.L. Howland, afgelê.

Nadat Sir James Leigh-Wood, voorsitter van die Britse Rykspele Federasie, enkele dankbetuigings gedoen het, is die eerste kompetisies afgehandel.[45)]

---

45) British Empire Games - London. Official Programme and Handbook. Londen, 1934, n.p.

Die atletieknommers wat die seremonie opgevolg het, het ook die Maandag en Dinsdag voortgeduur. Dieselfde aand, Saterdagaand, is die splinternuwe "Empire Pool" in Wembley deur Lord Lonsdale geopen. Die swem- en duiknommers is op die Maandag en Dinsdag voortgesit. Die bokstoernooi is op Woensdagaand deur Lord Lonsdale geopen terwyl Lord Desborough die stoeiverrigtinge op Donderdag geopen het. Die rolbalkompetisies is op Paddington- en Temple-rolbalbane gehou. Slegs die fietsrynommers is nie in Londen afgehandel nie, maar in Manchester. Die medalje-oorhandigings het onmiddellik na elke finale item plaasgevind.[46) ] Die tweede Rykspele was aan die gang.

Vervolgens word gelet op hoe die onderskeie sportsoorte gevaar het. Heel eerste aan die beurt is atletiek.

## 4.1 Atletiek

Die atletiekspan van 1934 het oor 'n paar uitstekende atlete beskik. Harry Hart en Snaar Viljoen was teen hierdie tyd al welbekende veterane. Viljoen moes sy hoogspringtitel verdedig terwyl Hart sou poog om sy gewigstoot- en skyfwerptitels te herwin. Hierdie twee atlete was van die veelsydigste wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Viljoen was op hierdie tydstip die Suid-Afrikaanse rekordhouer in die verspring en 120 tree hekkies terwyl Hart die rekordhouer in die skyfwerp, gewigstoot en spiesgooi was.

---

46) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games 1934. Londen, 1934, n.p.

Die dames, wat vir die eerste keer aan die Britse Rykspele deelgeneem het, het oor twee atlete van wêreldgehalte beskik. Mej. Barbara Burke was die Suid-Afrikaanse rekordhoudster in die 100 en 220 tree terwyl mej. Marjorie Clark die rekordhoudster in die verspring, hoogspring en 80 meter hekkies was. Hoë verwagtings is dus van hul gekoester.[47)]

4.1.1 100 tree

Mans:

Die uitdunne in die mans 100 tree is op Saterdag 4 Augustus, net na die openingseremonie, beslis. Die eerste twee naellopers uit elke uitdun het gekwalifiseer vir die semi-finaal. Slegs die kwalifiserendes se name word vermeld:

Eerste uitdun - 1. Young (Skotland) 9,9 sek.
2. Saunders (Engeland)

Young wen met ongeveer nege duim.

Tweede uitdun - 1. Sweeney (Engeland) 10,1 sek.
2. Nicks (Kanada)

Sweeney wen met drie voet.

Derde uitdun - 1. Davies (Engeland) 10,2 sek.
2. Poole (Kanada)

Davies wen met een voet.

Vierde uitdun - 1. Rangeley (Engeland) 10,1 sek.
2. Yates (Australië)

Rangeley wen met enkele duime.

47) Vogt, Will H., comp. Championships and Official Records. Kaapstad, 1955, pp. 53-56, 61-62.

Vyfde uitdun - 1. Theunissen (Suid-Afrika) 10,0 sek.

2. Cupid (Engeland)

Theunissen wen met een voet.

Sesde uitdun - 1. Murdoch (Skotland) 10,1 sek.

2. Christie (Kanada)

Murdoch wen met twee voet.[48)]

M.W. Theunissen se opponente in die vyfde uitdun was Horsfall (Australië), Jones (Jamaika), Cupid (Wallis) en Freisenbruch (Bermuda).[49)]

Die semi-finaal het getoon dat die titel na Sweeney of Theunissen moes gaan. Weer eens kon slegs die eerste twee naellopers kwalifiseer vir die finaal.

Eerste uitdun - 1. Sweeney (Engeland) 9,9 sek.

2. Young (Skotland)

3. Yates (Australië)

4. Nicks (Kanada)

Cupid en Davies het ook deelgeneem, maar uitgesak. Sweeney klop Young met 'n halwe tree terwyl Young weer vir Yates met een tree klop.

Tweede uitdun - 1. Theunissen (Suid-Afrika) 10,0 sek.

2. Saunders (Engeland)

3. Murdoch (Skotland)

4. Poole (Kanada)

---

48) The Star, 6.8.1934.

49) The Star, 31.7.1934.

Rangeley en Christie het ook deelgeneem. Theunissen wen met duime terwyl Saunders Murdoch met twee voet klop.[50)]

Terwyl "Tienie" Theunissen 'n uiters strawwe finaal in die oë gestaar het, was die Springbokondersteuners houtgerus dat hul gunsteling die titel sou inpalm. Hulle was egter baie teleurgestel toe Theunissen tweede geëindig het. Na 50 tree was Sweeney 'n kortkop voor die Springbok. Theunissen het verbete teruggeveg en die Brit na 75 tree ingehaal. Na lange beraad het die beoordelaars besluit om Sweeney as die wenner aan te wys.

Die uitslag van die 100 tree finaal is as volg:

1. A.W. Sweeney (Engeland) 10,0 sek.
2. M.W. Theunissen (Suid-Afrika)*
3. I.C. Young (Skotland)
4. G.T. Saunders (Engeland)
5. R. Murdoch (Skotland)
6. H.S. Yates (Australië)

Sweeney klop Theunissen met 'n voet.[51)]

Theunissen het na afloop van die item gesê dat hy baie teleurgesteld is en dat hy oortuig is hy kan beter vaar; nogtans kom Sweeney alle krediet toe, want hy was 'n briljante naelloper.

---

50) The Star, 6.8.1934.

51) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

* Theunissen se tyd is nie bekend nie. Die Amptelike Verslae van destyds gee slegs die wenners se tyd, hoogte of afstand aan.

Bevil Rudd se kommentaar was ook dat Sweeney 'n uitmuntende atleet was; nogtans het die uitslag hom verras. Aangesien die tye nie juis briljant was nie, kon Rudd nie tot 'n besluit kom of Sweeney werklik so uitmuntend was en of Theunissen nie net net van stryk was nie. Theunissen se wentyd in sy uitdun was dieselfde as Sweeney se wentyd in die finaal.

C.W. Packford het M.W. Theunissen in die Sunday Express as "... easily the finest South African sprinter since Reggie Walker" bestempel.[52)] Walker het Suid-Afrika se eerste goue medalje-wenner op 'n Olimpiese Spele geword toe hy die 100 meter in 1908 gewen het.

Na die wedloop het kenners en kommentators baie bespiegel waarom Theunissen nie vir Sweeney oor die laaste paar tree kon klop nie. Theunissen se grootste bate in Suid-Afrika was altyd sy eindpoging. In Engeland het hy nie met daardie kenmerkende eindpogings voor die dag gekom nie.[53)] Sommige kritici plaas die blaam op die kop-in-die-lug-aksie wat hy oor die laaste tree of twee getoon het i.p.v. vorentoe te dryf soos hy gewoonlik gedoen het. Die moontlikheid dat hy van stryk gebring was deur die talle mislukte wegspringe, is ook genoem.[54)]

Volgens Frank Rostron, verteenwoordiger van die Star het Theunissen definitief goed weggespring, maar uiters gespanne vertoon.[55)] Theunissen het verloor en hy het sy neerlaag waardig gedra.

---

52) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

53) The Star, 11.8.1934.

54) The Star, 6.8.1934.

55) The Star, 8.8.1934.

Dames:

Wat die dames 100 tree-uitdunne betref, het Suid-Afrika drie inskrywings gehad.

Doris Morgan was in die eerste uitdun saam met mejj. Bragge (Rhodesië), Fizzell (Kanada), Hiscock (Engeland), Matheson (Kanada) en Lackson (Skotland).[56)]

Marjorie Clark het op die eerste dag van die Spele die tweede uitdun geloot saam met mejj. Ballantyne (Rhodesië), Mackenzie (Skotland), Maguire (Engeland), Cunningham (Skotland) en Dearnie (Kanada). Slegs die eerste twee uit elke uitdun sou kwalifiseer vir die finaal wat op die Maandag beslis sou word.

Barbara Burke het die derde uitdun geloot en haar teenstanders was mejj. Johnson (Engeland), White (Kanada), Bernetson (Skotland), Chalmers (Engeland) en Mackenzie (Skotland).

Al drie die Suid-Afrikaanse dames is in die uitdunronde uitgeskakel. Dit was veral Barbara Burke wat teleurgestel het en treë agter haar opponente geëindig het. Mej. Burke was aanvanklik die gunsteling om die titel te wen.[57)]

4.1.2 220 tree

Mans:

Die 220 tree-uitdunne is op Maandag 6 Augustus beslis. Weer eens het die twee wenners uit elke uitdun gekwalifiseer om in die semi-finaal teen mekaar kragte te meet. Dit sou op die

56) The Star, 31.7.1934.

57) The Star, 6.8.1934.

volgende dag plaasvind.[58]

Eerste uitdun - 1. Yates (Engeland) 22,4 sek.
2. Hintze (Engeland)

Yates wen met drie tree.

Tweede uitdun - 1. Rangeley (Engeland) 22,3 sek.
2. Pearson (Kanada)

Rangeley klop Pearson met vier tree.

Derde uitdun - 1. Young (Skotland)
2. Rathbone (Engeland)

Young wen met twee tree, maar geen wentyd is bekend nie.

Vierde uitdun - 1. Murdoch (Skotland) 22,8 sek.
2. Dempsey (Australië)

Murdoch wen met twee tree.

Vyfde uitdun - 1. Sweeney (Engeland) 22,5 sek.
2. Nicks (Kanada)

Sweeney wen met 'n voet.

Sesde uitdun - 1. Theunissen (Suid-Afrika) 22,5 sek.
2. Cupid (Wallis)
3. Horsfall (Australië)
4. Penlaton (Bermuda)

Theunissen wen met 'n tree terwyl twee tree Cupid en Horsfall van mekaar geskei het.[59]

---

58) The Star, 31.7.1934.

59) The Star, 7.8.1934.

In die semi-finaal, wat uit twee uitdunne bestaan het, kon die eerste drie kwalifiseer vir die finaal.

Eerste uitdun - 1. Sweeney (Engeland) 22,6 sek.
2. Young (Skotland)
3. Nicks (Kanada)

Sweeney wen met 'n voet terwyl een tree Young en Nicks van mekaar skei.

Tweede uitdun - 1. Theunissen (Suid-Afrika) 22,2 sek.
2. Rangeley (Engeland)
3. Murdoch (Skotland)

Theunissen wen met vier tree en Rangeley klop Murdoch met een tree.[60)]

Op Maandag 6 Augustus het Theunissen beide sy uitdun en semi-finaal op 'n indrukwekkende wyse gewen. Behalwe dat die Springbok sy opponente met groot gemak uitgestof het, het hy ook die vinnigste tyd van die dag opgestel. Tog het daar onsekerheid oor die Springbok se kop gehang. Dit was duidelik dat Sweeney met groter gemak die 220 tree geëindig het terwyl Theunissen daarenteen geveg het om die laaste paar tree af te handel.[61)]

Die finaal het op Dinsdagmiddag (7 Augustus) plaasgevind en weer eens moes Theunissen tweede viool speel. Vanaf die wegspring was dit 'n verbete tweegeveg en selfs in die pylvak was hulle nog kop aan kop, die Suid-Afrikaner in die buitebaan en Sweeney in baan vier.

---

60) The Star, 7.8.1934.

61) Ibid.

Na 'n uiters spannende eindstryd was die uitslag ten gunste van Sweeney met 'n twaalf duim voorsprong en 'n baie goeie wentyd van 21,9 sek. Theunissen het uitgesak oor die laaste paar tree en sodoende die wedloop verloor.[62]

Die uitslag van die finaal is as volg :

1. A.W. Sweeney (Engeland) 21,9 sek.
2. M.W. Theunissen (Suid-Afrika)
3. W. Rangeley (Engeland)
4. R. Murdoch (Skotland)
5. I.C. Young (Skotland)
6. F. Nicks (Kanada)[63]

Dames:

In die damesafdeling, Maandag 6 Augustus, het mej. Morgan die eerste uitdun geloot saam met mejj. Meagher (Kanada), Ballantyne (Rhodesië), Halstead (Engeland), Jackson (Skotland) en Storey (Kanada). Barbara Burke het in die tweede uitdun beland saam met mejj. Walker (Engeland), Hiscost (Engeland), Keay (Rhodesië), Hiscock Palmer (Kanada) en Mackenzie (Skotland).

Marjorie Clark se teenstanders in die derde uitdun was mejj. Dobbie (Skotland), Bragge (Rhodesië), Cameron (Kanada), Bernetson (Skotland) en Johnson (Engeland). Die eerste twee uit elke uitdun kon kwalifiseer vir die volgende dag (Dinsdag) se finaal.[64]

---

62) Hart, H.B. Plakboek.

63) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

64) The Star, 31.7.1934.

Eerste uitdun - Doris Morgan het onttrek.

Tweede uitdun - 1. Hiscock Palmer (Kanada) 25,4 sek.
2. Walker (Engeland)
3. Burke (Suid-Afrika)

Mej. Hiscock Palmer wen met drie tree terwyl vier tree mejj. Walker en Burke geskei het.

Derde uitdun - 1. Johnson (Engeland) 26,2 sek.
2. Cameron (Kanada)
3. Clark (Suid-Afrika)

Johnson wen met drie tree.[65)]

Geeneen van die Suid-Afrikaanse dames kwalifiseer dus vir die finaal nie. Mej. Morgan het baie las ondervind van stywe spiere en moes geneeskundige aandag ontvang.[66)]

4.1.3 440 tree

Mans:

Op die eerste dag van die Spele, Saterdag 4 Augustus, het Willie Botha die derde uitdun geloot saam met Wylle (Skotland), Roberts (Engeland), Yates (Australië) en Addison (Kanada). Die eerste twee kwalifiseer vir die Maandag se semi-finaal terwyl die eerste drie uit elke semi-finaal tot die finaal deurdring.[67)]

---

65) Hart, H.B. Plakboek.

66) Emery, Ira. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, p. 104.

67) The Star, 31.7.1934.

Geen verdere inligting is bekombaar oor Botha se deelname aan die 440 tree nie. Die moontlikheid dat hy onttrek het is nie uitgesluit nie, want die 880 tree is op dieselfde dag afgehandel en hy sou 'n beter kans in die langer afstand staan.

Dames:

Suid-Afrika se drie damesatlete (mejj. Burke, Clark en Morgan,) het ook aan die 440 tree aflos deelgeneem, op Maandag 6 Augustus. Die drie skofte wat gehardloop is, is 'n 220 tree gevolg deur twee 110 tree skofte. Ook in hierdie nommer het die Springbokke swak vertoon en amper 20 tree agter Engeland, Kanada en Rhodesië geëindig.

Die uitslag van die aflos was as volg:

1. Engeland 49,4 sek.
2. Kanada
3. Rhodesië
4. Suid-Afrika
5. Skotland

Engeland wen met sewe tree. Die deelnemers was Halstead, Hiscock en Maguire.[68)]

4.1.4 880 tree

Mans:

In die tweede uitdun op Saterdag 4 Augustus het Willie Botha feitlik die hele wedloop voorgeloop, maar is op die einde met twee tree geklop. Botha het sy naaste teenstander met 11 tree

---

68) The Star, 7.8.1934.

agtergelaat. Tog het die kritici Botha afgeskryf vir die finaal.

Die uitslag van die tweede uitdun was:

1. Powell (Engeland) 1:55,2*
2. Botha (Suid-Afrika)
3. Wade (Kanada)
4. Gutteridge (Engeland)

Ander deelnemers was Graham (Skotland) en Crispin (Rhodesië).[69) ] Botha se tyd word nie aangegee nie.

Die finaal, wat op Maandag 6 Augustus afgehandel is, het een van die grootste verrassings vir die Springbokke opgelewer. Willie Botha, die Randse atleet wat op daardie stadium in die medisyne aan die Edinburghse Universiteit gestudeer het, het tweede geëindig agter die welbekende Negeratleet, Phil Edwards, van Brits-Guiana. In die proses het Botha, wat nie eers goed genoeg vir die finaal geag is nie, met talle knap 880 tree-atlete afgereken.

Edwards was 'n sekere wenner en het dwarsdeur die wedloop met 'n vinnige pas voorgehardloop. Na 440 tree het Willie Botha die derde posisie beklee, agter Edwards en Cooper van Engeland, totdat hul die agterste pylvak bereik het. Daar het Edwards probeer wegbreek, maar Botha het kort op sy hakke gebly. Die 40,000 toeskouers het gegil van opwinding om te sien hoedat hierdie onbekende Suid-Afrikaner die gunsteling opkeil.

---

69) The Star, 6.8.1934.

* Harry Hart-Plakboek gee die wentyd as 1:56,2 aan.

Na die wedloop het die Londense koerante Botha "the South African surprise packet" gedoop.[70)]

Die volledige uitslag was:

1. P. Edwards (Brits-Guiana) 1:54,2
2. W. Botha (Suid-Afrika)
3. J.C. Stothard (Skotland)
4. J.V. Powell (Engeland)
5. R. Sampson (Kanada)
6. J.A. Cooper (Engeland)

Edwards wen met vyf tree terwyl Botha die Skot met twee tree klop.[71)]

Emery beweer dat Botha heel moontlik die wedloop kon gewen het was dit nie dat hy 250 tree vanaf die wenpaal gestuikel en geval het nie.[72)] Geen koerantberig (of enige ander bron) maak egter hiervan melding nie en daarom word die betroubaarheid van hierdie inligting betwyfel.

Dames:

In die dames 880 tree kon mej. Doris Morgan, ten spyte van haar pragtige styl, nie sukses behaal nie. Sy het beslis nie oor die nodige spoed beskik om haar teenstanders te klop nie.[73)]

---

70) The Star, 7.8.1934.

71) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

72) Emery, I.G. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, p.103.

73) The Star, 7.8.1934.

Die finale uitslag was:

1. G. Lunn (Engeland) 2:19,4
2. I. Jones (Engeland)
3. D. Butterfield (Engeland)
4. C. Furneaux (Engeland)
5. D. Morgan (Suid-Afrika)
6. V. Smith (Kanada)

Mej. Lunn wen met 10 tree terwyl daar 'n twee tree verskil tussen mejj. Jones en Butterfield was.[74)]

4.1.5 Een myl

Thompson was ongelukkig om dieselfde uitdun te loot as die wêreldkampioen en rekordhouer, Lovelock, van Nieu-Seeland. Sy ander teenstanders in die tweede uitdun op Maandag 6 Augustus was Wooderson (Engeland), Dookie (Trinidad), Reeve (Engeland), Laidlow (Skotland) en Wade (Kanada). Die eerste vier kon kwalifiseer vir die finaal op die volgende dag.[75)]

Oor die eerste ronde het Thompson die derde posisie beklee, maar in die tweede ronde het hy die pas aangegee totdat hy in die derde ronde weer uitgesak het na die vierde plek. In die laaste ronde was dit Lovelock wat na vore geskiet het om net seker te maak dat hy wel kwalifiseer maar terselfdertyd hom nie uitput nie. Thompson het in die pylvak hard probeer om te kwalifiseer, maar sonder sukses.

---

74) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

75) The Star, 31.7.1934.

Die uitslag van die tweede uitdun was:

1. Reeve (Engeland) 4:24,0
2. Wooderson (Engeland)
3. Lovelock (Nieu-Seeland)
4. Wade (Kanada)
5. Thompson (Suid-Afrika)

Reeve wen met vyf tree terwyl daar 'n drie tree verskil tussen Wooderson en Lovelock was. Thompson het een tree agter Wade geëindig.[76)] Geen Suid-Afrikaner het na die finaal deurgedring nie.

4.1.6 Drie myl

Op die openingsdag het Harold Thompson Suid-Afrika in die driemylnommer verteenwoordig. Thompson het goed vertoon en twee myl ver die tweede posisie beklee. 'n Kwartmyl vanaf die wenpaal was hy nog derde, maar toe sak Thompson weens uitputting geheel en al uit. Die uiteinde van die saak was dat hy ver agter sy teenstanders in die sesde posisie geëindig het.[77)]

Die uitslag van die finaal was dus:

1. Beavers (Engeland) 14:32,6
2. Allen (Engeland) 14:37,6
3. Burns (Engeland) 14:48,0*
4. Rankine (Kanada)
5. Parker (Noord-Ierland)

---

76) The Star, 7.8.1934.

77) Hart, H.B. Plakboek.

* Hart, H.B. se Plakboek gee Burns se tyd as 14:46,0 aan.

6. Thompson (Suid-Afrika)

7. Dookie (Trinidad) het nie die wedloop voltooi nie.[78]

4.1.7 80 meter hekkies

Op die eerste dag se uitdunne het Marjorie Clark die tweede uitdun geloot saam met mejj. Atkins (Kanada), Green (Engeland) en Tittin (Engeland). Die eerste drie uit elke uitdun het vir die finaal gekwalifiseer.[79]

In die uitdun was mej. Clark soos oudergewoonte laaste oor die eerste ry hekkies, maar het so goed verbeter dat sy by die wenpaal slegs met enkele duime deur die Engelse kampioen, mej. E. Green, geklop is. Mej. Green het in die proses haar eie Britse rekord van 11,9 sek. geslaan. Mej. Atkins van Kanada was derde.[80]

Op die Dinsdag het Marjorie Clark vir 'n roemryke oorwinning gesorg. Weer eens het sy te laat weggespring sodat sy met die eerste vlug hekkies 'n tree agter haar teenstanders was. Die pragtige styl en tegniek wat Sid Atkinson haar geleer het, tesame met die nodige spoed, was haar redding. By die vyfde hekkie het mej. Clark selfs al begin voorloop en wen die wedloop met 'n drie tree voorsprong op Betty Taylor van Kanada. Mej. Taylor het op die vorige Olimpiese Spele baie prominent vertoon in dieselfde nommer.

---

78) The Star, 6.8.1934.

79) The Star, 31.7.1934.

80) The Star, 6.8.1934.

Mej. Clark se tyd in die finaal was 'n 0,1 sekonde vinniger as die nuutopgestelde Britse rekord van mej. Green. Ook was mej. Clark se tyd slegs 0,1 sekonde stadiger as Babe Didricksen se wêreldrekord wat sy in Los Angeles tydens die Olimpiese Spele van 1932 opgestel het.[81] Die vraag kan dus gevra word wat sou mej. Clerk se tyd gewees het indien sy 'n perfekte wegspring gehad het?

Die volledige uitslag van die finaal was:

1. M. Clark (Suid-Afrika) 11,8 sek. Britse Rekord
2. B. Taylor (Kanada)
3. E. Green (Engeland)
4. R. Atkins (Kanada)
5. A. Wilson (Kanada)
6. P. Goad (Engeland)[82]

4.1.8 120 tree hekkies

Die uitdunne is op die Maandag beslis en die eerste twee atlete uit elke uitdun kon kwalifiseer vir die finaal wat die middag beslis sou word.

Die uitslae van die uitdunne was as volg:

Eerste uitdun -

1. Gabriel (Engeland) 15,7 sek.
2. Worrall (Kanada)
3. Singh (Indië)

A.S. du Plessis van Suid-Afrika het geval oor die laaste hekkie terwyl hy na 'n moontlike wenner gelyk het.

---

81) The Star, 8.8.1934.

82) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

Tweede uitdun -

1. Finlay (Engeland) 15,7 sek.
2. Pilbrew (Engeland)
3. Lovell (Brits-Guiana)

Derde uitdun -

1. Viljoen (Suid-Afrika) 15,9 sek.
2. Ravensdale (Kanada)
3. Harper (Engeland)

Snaar Viljoen wen met twee tree terwyl een tree die Kanadees en Brit vanmekaar geskei het.

Die algemene verwagting was 'n spannende tweestryd tussen Viljoen en Finlay in die finaal. Finlay het voor sy tuisskare opgetree en was die gunsteling. Hy het sy superioriteit ook bewys deur met twee tree voor te loop in die finaal. In sy desperaatheid om die agterstand uit te wis, het Viljoen roekeloos geraak sodat hy oor die sewende hekkie geval het. Terwyl Finlay die wedloop in 15,2 sek. voltooi het, was alle aandag egter op Viljoen. Die Suid-Afrikaner het intussen opgestaan met tekens van 'n armbesering. Onderwyl hy met 'n draagbaar van die baan gedra is, het Viljoen, ten spyte van die pyn en ongerief, vir die toeskouers gewuif. Nadat sy arm behandel is, is hy uit die ongevalle-afdeling van die plaaslike hospitaal ontslaan.[83] Die ongelukkige nadraai was dat Viljoen die hoogspring (waarvan hy die titelhouer was) asook die verspring (waarvan hy die gunsteling was) misgeloop het.

---

83) The Star, 7.8.1934.

Wat die ongelukkige voorval in die hekkiesfinaal betref, bestaan daar heelwat twyfel oor presies watter hekkie Snaar Viljoen geval het. Was dit die sewende of die agste? Emery (p. 106) praat selfs van die laaste hekkie, maar dit geniet geen ondersteuning uit ander bronne nie. Die Star (7.8.1934) maak melding van die agste hekkie en dat Viljoen op daardie stadium die derde posisie beklee het. 'n Berig uit Harry Hart se plakboek gee selfs die hoogte van die hekkies as 3 voet 6 duim aan. Hierdie berig sê ook dat dit die sewende hekkie was waaroor Snaar Viljoen geval het.

Frank Rostron berig in die Star (8.8.1934) dat Viljoen die tweede plek beklee het toe hy oor die sewende hekkie geval het. Volgens Rostron het Viljoen sy regtersy nerfaf geval en boonop sy skouer ontwrig.

Die volledige uitslag van die finaal is :

1. D.O. Finlay (Engeland) 15,2 sek.
2. J. Worrall (Kanada)
3. A.G. Pilbrow (Engeland)
4. A. Ravensdale (Kanada)
5. J.P. Gabriel (Engeland)
6. J.H. Viljoen (Suid-Afrika) ... geval.[84)]

84) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

4.1.9 Verspring

Johan Luckhoff het aanvanklik na die wenner gelyk met 'n sprong van 23 voet 3½ duim. Toe kom die 16-jarige Negerskoolseun Richardson van Kanada, en behaal met sy laaste poging die wenafstand van 23 voet 6¼ duim.

Was Snaar Viljoen fiks, was die verspringtitel seer sekerlik Suid-Afrika s'n. In die oefeninge het Viljoen gereeld verder as Luckhoff gespring.[85] Snaar was ook die Suid-Afrikaanse rekordhouer met 'n afstand van 24 voet 7½ duim wat hy in Bloemfontein op 31 Augustus 1929 opgestel het.[86]

Die uitslag van die verspring was :

1. S. Richardson (Kanada) 23 voet 6¼ duim (7,17 meter)
2. J.R. Luckhoff (Suid-Afrika) 23 voet 3½ duim (7,10 meter)
3. J.P. Metcalfe (Australië) 22 voet 9 duim (6,934 meter)
4. K.S. Duncan (Engeland) 22 voet 8 duim (6,91 meter)
5. R. Cooper (Kanada) 22 voet 5 duim (6,83 meter)
6. L.D. Butler (Engeland) 22 voet 3¼ duim[87] (6,79 meter)

4.1.10 Hoogspring

Mans:

Die hoogspring vir mans het ook een van die grootste verrassings van die Spele opgelewer. Snaar Viljoen, die titelhouer, is uitgeskakel weens beserings en dit het J.P. Metcalfe van Australië

---

85) The Star, 8.8.1934.

86) Vogt, Will H., comp. Championships and Official Records. Kaapstad, 1955, p. 55.

87) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

die enigste gunsteling gemaak. Metcalfe het in Australië al 'n hoogte van 6 voet 6 duim opgestel.

Suid-Afrika se enigste oorblywende hoop in die hoogspring was dus Edwin Thacker. Tydens hul voorbereiding vir die Spele, het Thacker en Metcalfe groot vriende geraak met die gevolg dat Metcalfe vir Thacker onder hande geneem en veral sy styl aansienlik verbeter het. Dit was veral die hardloop-aanloop wat die Australiër hom geleer het waarby Thacker die meeste baat gevind het. Thacker het van die ou skêrstyl gebruik gemaak.[88)]

Toe Thacker vroeg in die kompetisie die dwarslat telkens so maklik oorspring, het sy vriende optimisties begin raak en begin duim vashou vir 'n silwermedalje.[89)] Veral nadat Harry Hart vir Thacker belowe het dat indien hy wen, hy daardie aand soveel kon eet as wat hy wou, was daar geen keer meer aan hom nie.[90)]

Die gunsteling, Metcalfe, het tot almal se verbasing op 'n hoogte van 6 voet 2 duim gefaal. Die drie oorblywende hoogspringers was Thacker, Haley (Kanada) en Mitchie (Skotland). Al drie het op 6 voet 3 duim geslaag, maar nie een kon op 6 voet 4 duim sukses behaal nie. Die lat is daarna twee keer afgeskuif totdat Thacker eerste was om op 6 voet 2 duim te slaag en sodoende as die wenner aangewys te word.[91)] Alhoewel 'n naelskraap oorwinning, was dit beslis 'n verrassende een. Thacker het nie net Snaar Viljoen se Rykspelerekord geëwenaar nie, maar ook die titel vir Suid-Afrika behou.

---

88) The Star, 8.8.1934.

89) The Star, 7.8.1934.

90) Hart, H.B. Plakboek.

91) The Star, 7.8.1934.

Die volledige uitslag was :

1. E.T. Thacker (Suid-Afrika) 6 voet 3 duim (1,905 meter)
2. I. Haley (Kanada) 6 voet 3 duim (1,905 meter)
3. J.F. Mitchie (Skotland) 6 voet 3 duim (1,905 meter)
4. J.P. Metcalfe (Australië) 6 voet 2 duim (1,88 meter)
5. A.J. Gray (Engeland) 6 voet 1 duim (1,855 meter)
6. S.R. West (Engeland) 6 voet 0 duim (1,83 meter)
7. W.A. Land (Engeland) 6 voet 0 duim (1,83 meter)
8. J.G.R. McKenzie (Jamaika) 6 voet 0 duim[92] (1,83 meter)

Dames:

Nadat die dames in die naellope so teleurgestel het, het Marjorie Clark op die laaste item van die eerste dag vir opwinding gesorg. Sy het die dameshoogspring met 'n nuwe Britse rekord gewen. Die vorige rekord het agter die naam van mej. P. Green gestaan en is in 1927 opgestel.

Aanvanklik was mej. Clark baie onseker oor haar vermoëns. Sy het die lat twee keer op 'n hoogte van 5 voet 3 duim afgespring, maar sukses behaal met die derde poging. In die proses het sy met mej. Dawes van Kanada afgereken en die ou rekord met 'n ¼ duim verbeter.[93]

---

92) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

93) The Star, 6.8.1934.

Die uitslag was as volg :

1. M. Clark (Suid-Afrika) 5 voet 3 duim (1,60 meter) Britse rekord
2. E. Dawes (Kanada) 5 voet 2 duim (1,575 meter)
3. M. Bell (Kanada) 5 voet 0 duim (1,525 meter)
4. M. Milne (Engeland) 5 voet 0 duim (1,525 meter)
5. I. Miller (Kanada) 4 voet 10 duim (1,47 meter)
6. M. Okell (Engeland) 4 voet 9 duim[94) ] (1,445 meter)

4.1.11 Paalspring

A.S. du Plessis was die gunsteling om die paalspringtitel te wen nadat hy tydens een van sy oefensspronge 'n hoogte van 13 voet behaal het.[95)] Hy het egter al sy kanse verbrou deur die paalspringitem te onderbreek om aan die hekkie-uitdunne te gaan deelneem waar hy oor die laaste hekkie geval het. Om alles te kroon het sy aluminiumpaal tydens een van sy spronge gebreek en het hy hard op sy skouer te lande gekom. Sy besering was nie ernstig nie.

Kanada se twee verteenwoordigers, Apps en Gilbert, het albei op 'n hoogte van 12 voet 6 duim geëindig. Toe hul daarna om die titel moes uitspring, het Apps met 'n hoogte van 12 voet 9 duim gewen.[96)]

---

94) British Empire Games Federation, op. cit., n.p.

95) Hart, H.B. Plakboek.

96) The Star, 7.8.1934.

Die uitslag was :

1. S. Apps (Kanada) 12 voet 6 duim (3,81 meter)
2. A. Gilbert (Kanada) 12 voet 6 duim (3,81 meter)
3. F.I. Woodhouse (Australië) 12 voet 0 duim (3,66 meter)
4. A.S. du Plessis (Suid-Afrika) 12 voet 0 duim (3,66 meter)
5. F. Phillipson (Engeland) 12 voet 0 duim (3,66 meter)
6. P.B.B. Ogilvie (Skotland) 11 voet 6 duim[97)] (3,505 meter)

### 4.1.12 Skyfwerp

Nadat Harry Hart aanvanklik drie mislukte worpe gehad het, was sy vierde poging 'n nuwe Rykspelerekord. Hy het sy eie Spelerekord met 4 duim verbeter. Harry Hart was die eerste Springbok om op die 1934 Rykspele op die wennersverhoog te verskyn.[98)]

Die volledige uitslag is :

1. H.B. Hart (Suid-Afrika) 136 voet 3 duim (41,53 meter) Rykspelerekord
2. D.R. Bell (Engeland) 132 voet 8 duim (40,44 meter)
3. B.L. Prendergast (Jamaika) 132 voet 0 duim (40,23 meter)
4. G. Walla (Kanada) 129 voet 3 duim (39,40 meter)
5. W.A. Land (Engeland) 129 voet 1 duim (39,35 meter)
6. K.H. Pridie (Engeland) 123 voet 11½ duim[99)] (37,78 meter).

---

97) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

98) The Star, 6.8.1934.

99) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

### 4.1.13 Gewigstoot

Harry Hart het aan alle verwagtinge voldoen en ook sy gewigstoottitel behou. Hy maak ongeëwenaarde geskiedenis deur vir die tweede keer die tweekuns op die Rykspele te verwerf en boonop in albei nommers sy eie Spelerekords te verbeter.

Alhoewel Hart nie naasteby sy vorige beste afstand kon ewenaar nie, het hy nogtans met groot gemak gewen.[100]

Die uitslag is as volg :

1. H.B. Hart (Suid-Afrika) 48 voet 1¾ duim (14,675 meter) Rykspelerekord
2. R.L. Howland (Engeland) 44 voet 4¾ duim (13,53 meter)
3. K.H. Pridie (Engeland) 44 voet 0¾ duim (13,43 meter)
4. G. Walla (Kanada) 43 voet 4¾ duim (13,225 meter)
5. H. Reeves (Engeland) 41 voet 10½ duim (12,76 meter)
6. A.J.A. Watson (Engeland) 39 voet 11½ duim[101] (12,18 meter)

### 4.1.14 Spiesgooi

In die spiesgooi het die twee Suid-Afrikaanse reuse, Hart en Luckhoff, albei op een stadium in die item na sekere wenners gelyk. Toe kom die Kanadees, Dixon, uit die bloute en gooi 'n paar voet verder as Harry Hart om die Springbok sodoende van sy derde titel te beroof.[102]

---

100) The Star, 7.8.1934.

101) British Empire Games Federation, op. cit., n.p.

102) The Star, 8.8.1934.

Die uitslag was soos volg :

1. R. Dixon (Kanada) 196 voet 11 duim (60,02 meter)
2. H.B. Hart (Suid-Afrika) 191 voet 2 duim (58,27 meter)
3. J. Luckhoff (Suid-Afrika) 185 voet 4 duim (56,49 meter)
4. S. Wilson (Engeland) 179 voet 7 duim (54,74 meter)
5. J.C.W. Heath (Engeland) 175 voet 3 duim (53,42 meter)
6. G. Walla (Kanada) 171 voet 1½ duim[103)] (52,16 meter)

### 4.1.15 Opsomming

Wanneer die atletiekuitslae van 1934 met diè van 1930 vergelyk word, is dit opmerklik dat slegs twee nuwe Rykspelerekords opgestel is, albei deur Harry Hart van Suid-Afrika. Net een is geëwenaar, naamlik dié in hoogspring van Edwin Thacker, ook 'n Suid-Afrikaner.

Wanneer Harry Hart se Suid-Afrikaanse rekords met sy Rykspeleprestasies vergelyk word, word 'n groot verskil bespeur. Hy het dit aan oorywerigheid toegeskryf. In die skyfwerp het Hart se Suid-Afrikaanse rekord op 147 voet 6 duim gestaan en dit is opgestel in Kimberley op 29 Augustus 1931. Sy gewigstootrekord wat hy in Groenpunt op 5 September 1931 opgestel het, was 51 voet 7 duim. In die spiesgooi het Hart 204 voet 7 duim in Pretoria op 28 Oktober 1932 behaal.[104)]

---

103) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

104) Vogt, Will H., comp. Championships and Official Records. Kaapstad, 1955, pp. 55-56.

Aangesien damesatletiek in 1934 vir die eerste keer aangebied is, kan daar geen vergelyking getref word nie. Dat Marjorie Clark op daardie stadium die mees uitsonderlike damesatleet in die Britse Ryk was, was 'n algemeen aanvaarde feit.

Daar kan slegs gespekuleer word oor watter verdere roem en glorie Snaar Viljoen vir Suid-Afrika in die verspring en moontlik ook die hoogspring kon gebring het, was dit nie vir die beserings wat hy in die hekkiesitem opgedoen het nie.

Die medaljewenners in Atletiek was as volg :

| Mans: | Goud | Silwer | Brons |
|---|---|---|---|
| 1. Engeland | 10 | 6 | 9 |
| 2. Kanada | 4 | 8 | 0 |
| 3. Suid-Afrika | 3 | 5 | 1 |
| 4. Skotland | 1 | 1 | 7 |
| 5. Australië | 1 | 1 | 2 |
| 6. Brits-Guiana | 1 | 0 | 0 |
| 7. Nieu-Seeland | 1 | 0 | 1 |
| 8. Jamaika | 0 | 0 | 1 |

| Dames: | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Engeland | 6 | 3 | 6 |
| 2. Suid-Afrika | 2 | 0 | 0 |
| 3. Kanada | 1 | 6 | 1 |
| 4. Skotland | 0 | 0 | 1 |
| 5. Rhodesië | 0 | 0 | 1 [105] |

Die Suid-Afrikaanse atlete van hierdie jare kan dus onder die bestes in die Britse Ryk gereken word.

---

105) Hart, H.B. Plakboek.

## 4.2 Fietsry

Deurdat Clayton bo Sid Rose tot die span verkies is, moes hy van hierdie geleentheid gebruik maak om sy superioriteit te bewys. Soos die onderstaande uitslae aantoon, het hy met groot eer uit die stryd getree.

### 4.2.1 1000 meter tydtoets

Die uitslag van hierdie item is as volg :

1. D. Gray (Australië) 1:16,4
2. R. McLeod (Kanada) 1:18,0
3. E. Clayton (Suid-Afrika) 1:18,6
4. F.J. Grosse (Nieu-Seeland) 1:20,4
5. W. Harvell (Engeland) 1:21,6
6. D.J. Corr (Noord-Ierland)
   D. McKenzie (Rhodesië) 1:22,2 [106)]

### 4.2.2 1000 tree kampioenskap

Die uitslag was:

1. E.W. Higgings (Engeland) geen tyd bekend nie
2. H. Penthybridge (Australië)
3. E. Clayton (Suid-Afrika)
4. F.J. Grosse (Nieu-Seeland)[107)]

---

106) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

107) Ibid.

4.2.3 10 myl

Die uitslag was:

1. R. McLeod (Kanada) 24:26,2
2. E. Clayton (Suid-Afrika)
3. W. Harvell (Engeland)
4. F.J. Grosse (Nieu-Seeland)[108)]

Daar bestaan ook 'n bron, "Springboks ... Past and Present, (n.p.)", wat melding maak van 'n 1000 tree uitnodigingsnaelry waarin E. Clayton van Suid-Afrika die eerste plek verower het. Geen ander inligting kon egter m.b.t. hierdie item opgespoor word nie.

In die konsep-program, soos opgeneem in die korrespondensie van die Britse Rykspele Federasie (3.5.1933), word daar ook slegs melding gemaak van die 1000 tree-naelry, 1000 meter tydtoets en die 10 myl (sonder voorgee) items.[109)]

Wanneer daar na die uitslae van die "enigste" drie fietsryitems gekyk word, pryk die naam van Clayton baie prominent. In al drie items het hy daarin geslaag om 'n medalje te wen sodat hy met twee brons- en 'n silwermedalje kon spog. Clayton was dus 'n ware aanwins vir die Springbokspan.

---

108) Op. cit.

109) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 11.8.1933, p. 2.

## 4.3 Swem

Mnr. B.C. Sims, algemene spanbestuurder, het op Maandag 30 Julie die swemmers se tye geneem toe daar nog 'n week van voorbereiding oor was. Dit was die eerste keer dat die Springbokswemmers teen die horlosie meegeding het. Boonop was dit nog in die nuwe Wembley-bad, en almal het daarna uitgesien. Tog was die tye teleurstellend. Slegs George May kon sy vorige beste tyd oor die 100 tree vryslag met 2 sekondes oortref, terwyl die dames almal swakker vertoon het.

Die feit dat die swembad vir die publiek oopgestel is, het wel hul kanse om goeie tye op te stel bederf, maar selfs hierdie verskoning kon mnr. Sims nie gerusstel nie.

Oonagh Whitsett het die springplank gewoond geraak en foutloos vertoon. Die algemene verwagting was dat sy haar titel sou kon behou.[110)]

### 4.3.1 100 tree rugslag

**Mans:**

Die uitdunne het op Saterdag 4 Augustus plaasgevind en die eerste twee uit elke uitdun kon kwalifiseer vir die finaal op Maandag.

In die derde uitdun was George May in die laaste posisie nadat 'n driekwart van die 100 tree afgelê is, maar onder groot opgewondenheid kon hy nogtans daarin slaag om die uitdun met 'n tree te wen. Sy uitduntyd was egter die stadigste van die dag.[111)]

---

110) The Star, 31.7.1934.

111) Hart, H.B. Plakboek.

Die uitslag was :

1. May (Suid-Afrika) 67,6 sek.*
2. Scott (Engeland)
3. Fry (Kanada)

Terwyl May, volgens hierdie bron, met 'n aanraking gewen het, was Scott en Fry saam tweede. Hul moes uitswem om 'n plek in die finale ronde te kry en Fry is deur Scott geklop.[112)]

Die finaal is op die Maandag beslis. Intussen is May gekortwiek deur 'n swaar verkoue, maar het hom nogtans aangemeld vir die 100 tree rugslagfinaal.[113)]

Die uitslag was:
1. W. Francis (Skotland) 65,2 sek.
2. J.C.P. Besford (Engeland) 65,6 sek.
3. B. Gazell (Kanada) 66,6 sek.
4. G. May (Suid-Afrika) 67,4 sek.
5. K.T. Scott (Engeland) 67,6 sek.
6. W. Burns (Skotland) 69,6 sek.[114)]

May was baie ongelukkig om nie 'n plek te kry nie. Gazell het hom met 'n aanraking geklop terwyl May 'n volle sekonde op sy vorige beste tyd verbeter het.[115)]

---

112) The Star, 6.8.1934.

113) The Star, 7.8.1934.

114) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

115) The Star, 7.8.1934.

* Alex Bulley. Persoonlike Onderhoud. Durban, 15.7.1975. Hy gee May se tyd as 67,4 sek. aan.

Dames:

Die uitdunne vir die dames 100 tree rugslag is ook op die eerste dag gehou. Die eerste twee uit elke uitdun plus die vinnigste twee verloorders kon kwalifiseer vir die Maandag se finaal.

Molly Ryde het die tweede uitdun geloot en die uitslag was:

1. Harding (Engeland) 1:15,4
2. Ryde (Suid-Afrika) 1:20,0*
3. Hutton (Kanada)

Harding wen met twee en 'n halwe tree.[116)]

Die finale uitslag van Maandag 6 Augustus was minder rooskleurig vir Suid-Afrika:

1. P. Harding (Engeland) 1:13,8
2. M.A. Hamilton (Skotland) 1:15,0
3. E.V. Davies (Wallis) 1:18,2
4. A. Hancock (Engeland) 1:20,6
5. M. Moffat (Kanada) 1:21,8
6. M. Ryde (Suid-Afrika) 1:22,0 [117)]

4.3.2 Dames 100 tree vryslag

Die eerste twee in elke uitdun op Saterdag 4 Augustus kon kwalifiseer vir die Maandag se finaal.

---

116) The Star, 6.8.1934.

117) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

* Bulley, Alex. Persoonlike Onderhoud. Durban, 15.7.1975. Hy gee Molly Ryde se tyd as 1:20 aan.

Eerste uitdun -

1. Dewar (Kanada) 64,0 sek.
2. Hughes (Engeland)
3. Russell (Suid-Afrika) 66,8 sek.*

Mej. Dewar wen met drie tree.[118)]

Kathleen Russell was beslis nie in topvorm nie en word uitgeskakel ten spyte van die feit dat sy tot 'n 62,4 sek. in staat was.[119)] Sy het regdeur die uitdun die derde posisie beklee, maar kon nie daarop verbeter nie a.g.v. 'n te onegalige en rukkerige swemaksie.[120)]

Tweede uitdun -

1. Hayward (Suid-Afrika) 62,0 sek. Britse Rekord
2. McDowall (Skotland)
3. Hutton (Kanada)

Mej. Hayward wen met 'n tree.[121)]

Daar bestaan die moontlikheid dat hierdie tyd van mej. Hayward foutief mag wees. 'n Ander bron meld dat sy swak weggespring het en laaste was by die draai, maar nogtans met 'n goeie eindpoging gewen het. Haar wentyd was die stadigste van die uit-

---

118) The Star, 6.8.1934.
119) The Star, 11.8.1934.
120) Hart, H.B. Plakboek.
121) The Star, 6.8.1934.

* Bulley, Alex. Persoonlike Onderhoud. Durban, 15.7.1975. Hy gee mej. Russell se tyd as 66,8 sek. aan.

dunne.[122] Hierdie inligting word gesteun deur mnr. Alex Bulley[123] wat beweer dat Enid Hayward se tyd in die uitdun 66.0 sek. was en dus wel die stadigste.

Derde uitdun -

1. Pirie (Kanada) 64,6 sek.
2. Maakal (Suid-Afrika)
3. Bartley (Engeland)

Mej. Pirie wen met twee tree,[124] terwyl mej. Maakal se tyd as 66,2 sek. aangegee word.[125]

In die finaal op die Maandag was dit 'n baie teleurgestelde Enid Hayward wat uit die bad uitgeklim het. Sy was dwarsdeur die wedloop in die derde posisie totdat sy naby die einde van die item teen die kurkbaanafskorting vasgeswem het en in die proses deur mej. McDowall geklop is.[126]

Die uitslag van die finaal was:

1. P. Dewar (Kanada) 63,0 sek.
2. I. Pirie (Kanada) 63,6 sek.
3. J.H. McDowall (Skotland) 65,8 sek.
4. E. Hayward (Suid-Afrika) 66,4 sek.
5. E. Hughes (Engeland) 66,6 sek.
6. J. Maakal (Suid-Afrika) 66,8 sek.[127]

---

122) Hart, H.B. Plakboek.

123) Bulley, Alex. Persoonlike Onderhoud. Durban, 15.7.1975.

124) The Star, 6.8.1934.

125) Bulley, Alex. Persoonlike Onderhoud. Durban, 15.7.1975.

126) The Star, 7.8.1934.

127) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

4.3.3 Dames 200 tree borsslag

Mej. Jennie Maakal is ingeskryf om Suid-Afrika in hierdie item te verteenwoordig. Die uitdunne het op die eerste dag van die Spele plaasgevind. Die eerste twee plus die vinnigste verloorder het gekwalifiseer vir die finaal.

Eerste uitdun -

1. Hinton (Engeland) 3:2,4
2. Maakal (Suid-Afrika)
3. Perkins (Wallis)

Mej. Hinten klop mej. Maakal met ses tree.[128)]
Laasgenoemde se tyd was 3:8,4.[129)]

Die uitslag van die finaal was:

1. C. Dennis (Australië) 2:50,2
2. P. Haslam (Kanada) 2:55,4
3. M. Hinton (Engeland) 2:58,6
4. M. Gomm (Engeland) 3:1,4
5. V. Kingston (Engeland) 3:6,2
6. J. Maakal (Suid-Afrika) nie deelgeneem nie.[130)]

4.3.4 Dames 300 tree wisselaflos

Die nommer het bestaan uit drie skofte van 100 tree elk. Die eerste skof is in rugslag afgelê, die tweede in borsslag en die derde in vryslag.

---

128) The Star, 6.8.1934.

129) Bulley, Alex. Persoonlike Onderhoud. Durban, 15.7.1975.

130) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

Molly Ryde het vir Suid-Afrika in die eerste skof weggespring, maar ongelukkig laaste geëindig, sowat 15 tree agter die voorloper. Jennie Maakal het goed gevaar in die borsslag en kon 'n paar tree van die agterstand uitwis terwyl Enid Hayward in die laaste skof slegs die posisie kon behou.[131)]

Suid-Afrika is oortuigend geklop en die uitslag was as volg :

1. Kanada (M. Hutton, P. Haslam, P. Dewar) 3:42,0
2. Engeland (P.M. Harding, V. Kingston, E. Hughes) 3:43,0
3. Skotland (M.A. Hamilton, M. McCallum, J.H. McDowall) 3:50,0
4. Suid-Afrika (M. Ryde, J. Maakal, E. Hayward) 3:55,6
5. Wallis (J. Greenland, E. Perkins, E.V. Davies) 4:1,0 [132)]

4.3.5 Dames 400 tree vryslagaflos

In die 4 x 100 tree vryslagaflos op Maandag 6 Augustus, was Suid-Afrika in 'n tweestryd met Kanada gewikkel. Mej. Enid Hayward is op die eerste skof met vier tree deur mej. Dewar geklop terwyl Molly Ryde in die tweede skof ses tree agter mej. Humble geëindig het.

Jennie Maakal kon daarin slaag om die agterstand effens te laat krimp teen mej. Hutton. Kathleen Russell, nadat sy aanvanklik goed vertoon het teen mej. Pirie, het oor die laaste 25 tree van die vierde skof heeltemal uitgesak sodat Kanada Suid-Afrika redelik maklik geklop het.

---

131) The Star, 8.8.1934.

132) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

Die Suid-Afrikaanse swemspan kon hul gelukkig ag om die silwermedalje met 'n aanraking voor Engeland weg te raap.[133] Die finale uitslag was :

1. Kanada (P. Dewar, F. Humble, M. Hutton, I. Pirie) 4:21,8
2. Suid-Afrika (E. Hayward, M. Ryde, J. Maakal, K. Russell) 4:34,0
3. Engeland (E. Hughes, B. Wolstenholme, O. Bartle, M. Hinton) 4:34,4
4. Skotland (M. McCallum, M.A. Hamilton, E.R. Parker, J.H. McDowall) 4:41,2
5. Wallis (J. Greenland, I. Evans, P. Gould, E.V. Davies) 5:12,8 [134]

4.3.6 440 tree vryslag

Mans:

Die eerste twee plus die twee vinnigste verloorders uit Maandag se uitdunne kon kwalifiseer vir die finaal.

Eerste uitdun -

1. Wainwright (Engeland) 5:25,0
2. May (Suid-Afrika)
3. McCatty (Jamaika)

Wainwright wen met 'n derde lengte terwyl 'n halwe lengte May en McCatty van mekaar geskei het.[135]

---

133) The Star, 7.8.1934.

134) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

135) The Star, 7.8.1934.

George May se tyd in die uitdun was 5:46,4.[136] Hy het hom blykbaar onttrek van die finaal alhoewel hy gekwalifiseer het, want geen bron maak enige melding van sy naam in die finale uitslag nie.

Dames:

In die dames 440 tree vryslag was dit Molly Ryde en Jennie Maakal wat ingeskryf was. Die uitdunne is op die Maandagaand gehou onderhewig aan dieselfde voorwaardes vir kwalifikasie as in die mansuitdunne.

Eerste uitdun -

1. Wolstenholme (Engeland) 5:58,6
2. Pirie (Kanada)
3. Marcom (Engeland)
4. Ryde (Suid-Afrika)

Mej. Wolstenholme wen met drie tree terwyl sewe tree mejj. Pirie en Marcom van mekaar geskei het. Molly Ryde het enkele duime agter mej. Marcom geëindig[137] met 'n tyd van 6:10,8.[138]

Tweede uitdun -

1. Dewar (Kanada) 5:54,0
2. Maakal (Suid-Afrika) 6:06,0
3. Hinton (Engeland)

---

136) Bulley, Alex. Persoonlike Onderhoud. Durban, 15.7.1975.

137) The Star, 7.8.1934.

138) Bulley, Alex. op. cit.

Mej. Dewar wen met vyf tree. Enkele duime het mejj. Maakal en Hinton van mekaar geskei. Mejj. Marcom en Hinton is aangewys as die vinnigste twee verloorders.[139] Mnr. Alex Bulley verwys na Jennie Maakal se tyd as 6:00,6.[140]

Jennie Maakal was die gunsteling om die 440 tree vryslagtitel te wen, maar moes die knie buig voor die Kanadese ster, mej. P. Dewar. Jennie Maakal en mej. Pirie het mekaar opgedreun om die tweede plek terwyl mej. Dewar onverstoord die pas aangegee het. Mej. Pirie kon egter nie die Springbok se eindpoging afweer nie en moes met die derde plek tevrede wees. Mej. Maakal het hard probeer om in haar eindpoging die Kanadese voorloper in te haal, maar sonder sukses. Mej. Dewar se voorsprong was sewe tree en mej. Pirie se agterstand op Jennie Maakal twee tree.[141]

Die finale uitslag was :

1. P. Dewar (Kanada) 5:45,6
2. J. Maakal (Suid-Afrika) 5:53,0*
3. I. Pirie (Kanada) 5:54,4
4. B. Wolstenholme (Engeland) 5:56,2
5. M. Hinton (Engeland) 6:00,0
6. G. Marcom (Engeland) 6:16,0 [142]

---

139) The Star, 7.8.1934.

140) Bulley, Alex. Persoonlike Onderhoud. Durban, 15.7.1975.

141) Hart, H.B. Plakboek.

142) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

* Volgens die Star (11.8.1934) het mej. Maakal in Suid-Afrika voor die span se vertrek 'n tyd van 5:36,0 oor die 440 tree vryslag aangeteken.

### 4.3.7 Duik

Nog 'n teleurstelling op die Maandagaand se swemkompetisie was Oonagh Whitsett se mislukte poging om haar duiktitel te behou. Teen almal se verwagtinge kon sy slegs vyfde eindig. Mej. Whitsett het nie so swak vertoon nie, maar slegs te veel na buite beweeg tydens haar duike en dit het haar weerhou van hoër punte.[143)]

Die uitslag van die springplankduikkompetisie was :

1. J. Moss (Kanada) 62,27 punte
2. L. Thompson (Australië) 60,49 punte
3. D. Ogilvie (Kanada) 57,00 punte
4. K. Larsen (Engeland) 54,10 punte
5. O. Whitsett (Suid-Afrika) 52,20 punte
6. M. Stoneberg (Kanada) 46,43 punte [144)]

Opgesom kan daar gesien word dat Suid-Afrika se swemspan van ses net twee silwermedaljes kon verower. As span was hul prestasies nie indrukwekkend nie. Nogtans het verskeie van hulle tot die eindrondes kon deurdring.

## 4.4 Boks

Die boksowerhede het voor die aanvang van die bokskampioenskappe besluit om nie soos voorheen ál die uitdunrondes op een aand te hou nie, maar om vier gewigsafdelings op een aand en die ander vier op 'n volgende aand af te handel. Op Woensdagaand 8 Augustus sou die vlieggewig-, weltergewig-, veergewig- en ligswaar-

143) The Star, 7.8.1934.

144) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

gewigafdelings plaasvind terwyl die bantamgewig-, liggewig-, middelgewig- en swaargewigafdelings op Vrydagaand 10 Augustus beslis sou word.[145)]

Die Springbokboksers het 'n goeie kans op sukses gehad, mits hulle sou kon slaag om binne hulle onderskeie gewigsgrense te bly. Wade, wat ingeskryf was vir die vlieggewigafdeling, was teen die 1ste Augustus al oor die bantamgewigsgrens.

Met die nuwe bedeling sou dit ook onmoontlik wees vir boksers om tussen die uitdun- en finale-rondes gewig op te tel. Inweging sou om 17h00 plaasvind terwyl die gevegte om 18h30 'n aanvang sou neem.

Die boksspan het in Londen gebly omdat daar geen verblyfplek vir hulle in Brighton, waar die kompetisie sou plaasvind, gereël kon word nie.

Die twee Suid-Afrikaanse boksers wat met beserings gesukkel het, was Hull en Smith. Albei is skermoefeninge verbied sodat die snye op hul oogbanke tyd kon kry om te genees.[146)] Smith het die besering opgedoen tydens 'n skermoefening teen sy spanmaat, Eddie Pierce, op Dinsdag 31 Julie.[147)]

---

145) The Star, 1.8.1934.

146) The Star, 2.8.1934.

147) The Star, 1.8.1934.

4.4.1 Bantamgewig (119 pond of 53,524 kilogram)*

J.R. Wade was ongelukkig om sy eerste geveg van die toernooi te verloor en sodoende uitgeskakel te word.

Wade se teenstander was Heathfield van Kanada. Dit was die eerste keer in Wade se loopbaan dat hy teen 'n linkerhand-opponent te staan gekom het. Wade was verward en moes onder die Kanadees se venynige linkerswaaihoue deurloop.

In die daaropvolgende twee rondes het Wade baie beter gevaar en met sy regterhoue heelwat punte ingesamel. Alhoewel die tweede helfte van die geveg in Wade se guns was, was die finale uitslag ten gunste van Heathfield. Die skeidsregter se beslissing was omstrede. Die Kanadese boksafrigter het na die geveg erken dat die Suid-Afrikaner die geveg moes gewen het.[148] Dog die beslissing van die skeidsregter, wat in die beste posisie is om te oordeel, moet aanvaar word.

4.4.2 Veergewig (126 pond of 57,153 kilogram)

Charlie Catterall het die ander veergewigboksers totaal oorskadu en is allerweë beskou as die beste bokser op die Spele. Hy het al drie sy gevegte sonder veel moeite gewen en is deur kritici vergelyk met Willie Smith vanweë sy mooi en vinnige boksstyl en sy giftige linkerhoue.

---

148) The Star, 11.8.1934.

* Die Engelse mate kom uit die notule van die Raadsvergadering, 23.11.1953, p. 3. Die metrieke mate vir die boks en stoei kom uit "Rules of the Game", pp. 46, 49.

Na Catterall se eerste geveg in die uitdunronde, was dit al duidelik dat hy die titelhouer sou wees. Sy teenstander was Treadaway van Engeland. Laasgenoemde was die onoorwonne Engelse kampioen van twee jaar tevore. Die skare was verstom om te sien hoe maklik Catterall die hoogaangeskrewe Engelsman oorweldig het. Treadaway het oor harder slaankrag as die Springbok beskik, maar laasgenoemde se linkers was nooit uit die kol nie.

In die semi-finaal het Catterall sy taaiste teenstander in die persoon van Fulton van Rhodesië gevind. Fulton was bekend as 'n aggressiewe bokser met buitengewone krag. Die volle drie rondes het die Rhodesiër verwoed ingeklim. Slegs Catterall se netjiese linkerhoue en sy verbasende vlugvoetigheid het hom die punte-voorsprong besorg.

In die finaal het die Suid-Afrikaner teen die Walliese kampioen, J.D. Jones, te staan gekom. Steeds het Catterall met baie selfvertroue en dodelike akkuraatheid geboks om sodoende elke ronde op punte te wen. Jones het sy goeie sportmanskap geopenbaar deur die uitslag met 'n breë glimlag te aanvaar.[149)]

Die medalje-wenners was:

1. C. Catterall (Suid-Afrika)
2. J.D. Jones (Wallis)
3. W. Fulton (Rhodesië) [150)]

---

149) The Star, 9.8.1934.

150) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen 1934, n.p.

### 4.4.3 Liggewig (133 pond of 61,235 kilogram)

Caesar Hull was die mees populêre lid in die Rykspelespan. Sy geveg teen die Walliese kampioen, Taylor, het dit bewys. Alhoewel Hull aan die verloorkant was, is hy onder luide toejuiging voortdurend aangemoedig.

Hierdie geveg was een van die bestes die aand en Taylor het getoon dat hy met albei vuiste ewe goed kon boks. Vanaf die eerste lui van die klok tot die laaste het die twee boksers mekaar verwoed toegetakel. Teen die einde van die derde en laaste ronde was albei uitgeput.

Hull het wel 'n paar mooi houe ingekry, maar sy verdediging was gans te oop. Die Wallieser het elke ronde gewen.[151] Hull is uitgeskakel ongeag sy goeie vertoning.

### 4.4.4 Weltergewig (148 pond of 66,678 kilogram)

Dickie Barton het in sy eerste geveg sterk teenstand gekry van die Walliese bokser, Horton. Die Springbokondersteuners het geskrik toe Barton aan die einde van die tweede ronde effens agter geraak het op die puntelys. Die laaste ronde het egter aan Barton die geveg besorg. Die Suid-Afrikaner het voluit geveg en telkens sy opponent se kop laat ruk met kragtige reguitlinkers opgevolg deur kragtige regterhoue wat die Wallieser laat steier het.

---

151) The Star, 11.8.1934.

In die semi-finaal het Barton teen Duncan van Noord-Ierland te staan gekom. Barton was dwarsdeur die geveg in beheer van die situasie en het met kragtige houe die Ier laat rondsteier om uiteindelik die geveg met 'n maklike punte-oorwinning te wen.

In die finaal het Dickie Barton een van die beste vertonings van sy loopbaan gelewer. Sy teenstander was D. McCleave. Laasgenoemde is beskryf as die beste Engelse amateurweltergewigbokser sedert die dae van Harry Mallin. Dickie Barton het bo verwagting goed weggespring en met lang reguitlinkers aanhoudend die kol getref. Na die eerste ronde het Barton na die wenner gelyk.

In die tweede ronde het Barton ongelukkig sy waaksaamheid verslap en hom vasgeloop teen twee perfekte regterhoue wat hom 'n oomblik planke toe gestuur het. Die Suid-Afrikaner was egter gou weer op sy voete, maar het duidelik die effek van die twee houe getoon. Dit was McCleave se ronde.

Die derde ronde het ontwikkel in 'n mees opwindende geveg. Barton het geboks om in die guns van die beoordelaars te kom en het soveel aksie as wat die tyd hom toegelaat het, ingesit. McCleave was egter in staat om die houe te wissel soos hy dit ontvang het.

Die uitslag was ten gunste van die Engelse kampioen. Dit is egter noemenswaardig dat Barton voor hierdie geveg ses moordende rondes agter die rug gehad het teenoor die Engelse kampioen se twee rondes. McCleave het 'n loslootjie getrek in die eerste ronde en in die semi-finaal het sy teenstander na die tweede ronde die handdoek ingegooi weens 'n beenbesering. Alle kenners was dit eens dat hierdie geveg die beste in amateurboks was wat

hulle nog gesien het.[152]

Die finale weltergewiguitslag was :

1. D. McCleave (Engeland)
2. R. Barton (Suid-Afrika)
3. W. Duncan (Noord-Ierland)[153]

4.4.5 Middelgewig (165 pond of 72,574 kilogram)

In sy eerste geveg het J.L. Smith stewig vertoon en Ford, die Walliese kampioen, met punte gewen. Smith se tweevuishoue het punte sowel as bewondering afgedwing.

In die semi-finaal het Smith teen Wadsworth van Kanada te staan gekom. Wadsworth het sy opponent, McKillop van Skotland, in die eerste ronde met 'n geweldige regterhou uitgeslaan.

Smith het ongelukkig sy linker boarmspier beseer wat hom die oorwinning gekos het. Hy is aangeraai om slegs van reguit-linkers gebruik te maak. Smith was in staat om die eerste ronde met aanskoulike boksvernuf te wen. Tussen die rondes deur het Smith egter gekla van die pyn in sy linkerarm.

In die tweede ronde het Smith ongelukkig die wyse raad verontagsaam en met sy regters begin boks. Aanvanklik het dit goed gegaan en Smith het 'n paar gemengde trefferhoue geplant, maar toe ontvang hy 'n geweldige regterhou teen die slaap. Smith het geval, maar sonder 'n telling weer opgestaan. Vir die

152) The Star, 9.8.1934.

153) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

tweede keer is Smith planke toe, maar weer eens kon hy daarin slaag om sonder enige tellings op sy voete te kom. Dit was duidelik dat Smith dronk geslaan was en vir 'n oomblik wou dit nog voorkom asof die klok hom sou red, maar nog twee verdere regterswaaihoue het die skeidsregter die geveg laat beëindig, enkele sekondes voor die klok sou lui.

Later die aand het Smith die geleentheid gekry om teen Magill van Ierland te boks om die derde plek. Die regterhelfte van sy gesig was erg geswel sodat sy sig aansienlik belemmer was. Sy arm het bly pyn, maar die Springbok het desnieteenstaande 'n baie dapper vertoning gelewer om naelskraap met punte te verloor.[154)]

4.4.6 Ligswaargewig (178 pond of 79,378 kilogram)

Robey Leibbrandt se eerste geveg, dié teen G.J. Brennan van Engeland, het skaars 20 sekondes geduur. Leibbrandt het die Engelse kampioen met die eerste hou planke toe gestuur. Enkele minute later is hy gediskwalifiseer vir 'n te lae hou.

Leibbrandt se diskwalifikasie was vir die Springbokke 'n groot teleurstelling. Hy het so briljant vertoon tydens die oefeninge dat niemand getwyfel het dat Suid-Afrika die goue medalje in die ligswaargewigafdeling sou misloop nie.

Alhoewel die Britse pers meningsverskille oor die hou uitgespreek het, het Frank Rostron, boksadviseur van die 1932 Springbokspan na Los Angeles, asook verslaggewer van die Star, berig dat daar volgens hom geen twyfel bestaan het nie. Hy het digby die kryt gesit en was oortuig dat die hou toelaatbaar was.

---

154) The Star, 11.8.1934.

Ander welbekende kritici, soos Geofrey Sampson en Norman Hurst, het Rostron gesteun.

Om die waarheid te sê was Frank Rostron die brein agter alles. Net voordat Leibbrandt in die kryt geklim het, was Rostron se raad aan hom dat hy die Engelse kampioen moes ontsenu deur een tree terug te gee nadat hulle hande geskud het en dan onverwags 'n linkerswaaihou teen Brennan se lyf te plant.

Leibbrandt het die raad aanvaar en 'n linker met perfekte tydsberekening na Brennan se maag gestuur. Die Engelsman is onmiddellik planke toe. Toe die Engelse kampioen bewerig op sy voete kom, was Leibbrandt reg vir hom en 'n regter teen die kakebeen het Brennan weer laat harpuis ruik.

Dit is op hierdie stadium waar die skeidsregter tussenbei getree het en die boksers na hul neutrale hoeke beveel het. Frank Rostron was op hierdie tydstip al op pad kryt toe om Leibbrandt met sy vinnige oorwinning geluk te wens, maar tot sy verbasing moes hy aanhoor hoe die skeidsregter die beoordelaars na die toelaatbaarheid van die hou vra. Die een beoordelaar het die hou toegelaat terwyl sy kollega van hom verskil het. Die skeidsregter het van sy beslissende stem gebruik gemaak en die Springbok gediskwalifiseer. Pandemonium het onder die skare losgebars terwyl die Springbokondersteuners stomgeslaan was. Op pad kleedkamer toe kon Leibbrandt nie sy trane bedwing nie. Jarelange voorbereiding en verwagtinge was daarmee heen. Selfs 'n mediese ondersoek na die geveg kon geen aanduiding van 'n lae hou vind nie.

Later die aand het Robey Leibbrandt en 'n Wallieser, Walters, om die derde plek geboks. Leibbrandt het met punte gewen nadat hy die Wallieser amper in die eerste ronde uitgeslaan het.[155)]

Die uitslag van die ligswaargewig-afdeling was :

1. G.J. Brennan (Engeland)
2. G. Holton (Skotland)
3. S.R. Leibbrandt (Suid-Afrika)[156)]

4.4.7 Swaargewig (178 pond of 79,378 kilogram en meer)

W.L.J. van Rensburg het goed vertoon in sy eerste geveg en klop Lord Davis Douglas-Hamilton met punte. Alhoewel Van Rensburg sy opponent al in die eerste ronde kon uitgeslaan het, het hy nie die geleentheid benut nie. Die Skot het sy taaiheid bewys deur baie straf van die Springbok se regterswaaihoue te verduur.

In die finaal was Van Rensburg nie ervare en opgewasse genoeg om die Engelse kampioen, H.P. Floyd, te klop nie. Na die eerste ronde was die uitslag nog twyfelagtig, maar in die tweede ronde het Floyd afgehaak en die Suid-Afrikaner met 'n vinnige kort regterhou teen die slaap getref. Dit het so vinnig gebeur dat die meeste toeskouers dit nie eens raakgesien het nie. Volgens wat berig word, was die hou niks langer as 17 duim nie. Van Rensburg het neergeslaan en weer opgestaan. Hy was skaars weer op sy bene of 'n tweede regterhou het hom so uit soos 'n kers gelaat.[157)]

---

155) The Star, 9.8.1934.

156) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

157) The Star, 11.8.1934.

Die finale uitslag van die swaargewigafdeling was :

1. H.P. Floyd (Engeland)
2. W.L.J. van Rensburg (Suid-Afrika)
3. Lord David Douglas-Hamilton (Skotland)[158)]

4.5 Stoei

Net soos in 1930 is Suid-Afrika deur net een stoeier verteenwoordig. Mick Cubbin het egter soveel welslae behaal dat die daaropvolgende stoeispanne aansienlik vergroot is.

4.5.1 Ligswaargewig (191 pond of 90 kilogram)

Mick Cubbin het Suid-Afrika met sukses verteenwoordig in die ligswaargewigstoeitoernooi in die Wembley-stadion op Woensdag, 8 Augustus.

In Cubbin se eerste geveg het hy teen B.J. Rowe te staan gekom. Rowe was die Engelse kampioen en onoorwonne vir meer as 'n jaar. Dit spreek dus vanself dat Rowe die gunsteling onder sy tuisskar sou wees. Die geveg het egter net twee minute geduur. Die Brit, wat veral vir sy krag bekend was, kon net nie raad vind vir die blitsvinnige Suid-Afrikaner nie. Voor Rowe nog sy voete kon vind, was hy al vasgepen met 'n wingerdgreep en halwe-Nelson.

Cubbin se welslae het die kritici so beïndruk dat hulle hom as die sterkste aanspraakmaker om die titel beskou het. Wen Cubbin die titel, sou dit die eerste keer wees dat 'n Suid-Afrikaanse

---

158) British Empire Games Federation. op. cit., n.p.

stoeier 'n titel oorsee wen.[159)]

Die semi-finaal het op die volgende dag plaasgevind. Cubbin se teenstander hier was Brodie van Skotland. Vir die tweede keer het die Springbok daarin geslaag om die geveg met 'n wingerdgreep en halwe-Nelson te wen. Hierdie keer het dit hom 2 minute 31 sekondes geneem.

Die finaal is op dieselfde aand beslis. Na een minuut en 41 sekondes het Cubbin sy Kanadese opponent, A. Watt, met 'n kop-en-armgreep tot 'n val gebring.

Die finale uitslag van die ligswaargewigafdeling was :

1. W.H. Cubbin (Suid-Afrika)
2. B.J. Rowe (Engeland)
3. A. Watt (Kanada) [160)]

Dit beteken dat Mick Cubbin die hele ligswaargewigafdeling binne ses minute afgehandel het. In die proses het hy met niks minder nie as drie nasionale kampioene afgereken. Cubbin het nie net die eerste stoei-titel na Suid-Afrika gebring nie, maar ook 'n ongeëwenaarde prestasie behaal. Hy is onbestrede beskryf as die uitmuntendste stoeier van die toernooi.[161)]

---

159) The Star, 9.8.1934.

160) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen, 1934, n.p.

161) The Star, 10.8.1934.

4.6 Rolbal

Op Maandag 6 Augustus (10h30) het Australië teen Suid-Afrika op Paddington kragte gemeet in al drie afdelings terwyl Kanada die middag om 15h30 aan die beurt gekom het.[162]

Die uitslag van Maandag se twee kragmetings is as volg :

Enkelspel -
Walker (Australië) klop Harvey (Suid-Afrika) met 21-20.
Suid-Afrika klop Kanada met 21-8.

Parespel -
Russell en Konig (Suid-Afrika) klop Hankes en Rainer (Australië) met 28-18.

Viertal -
Suid-Afrika klop Kanada met 19-18, asook vir Australië met 20-18.[163]

Op Dinsdag 7 Augustus (10h30) was Suid-Afrika se opponente die Skotte terwyl Engeland die middag om 15h30 aan die beurt gekom het.[164] As gevolg van swaar reën is die kompetisie na die Temple-bane verskuif, waar die uitslag van die wedstryde as volg was :

---

162) British Empire Games - London. Official Programme and Handbook. Londen, 1934, n.p.

163) The Star, 7.8.1934.

164) British Empire Games - London, op. cit., n.p.

Enkelspel -

In die derde ronde van die enkelspelreeks het Skotland gewen met 21-19. Suid-Afrika het egter die middag se wedstryd teen Engeland met 21-20 gewen.

Parespel -

Die Springbokpaar verloor weer eens teen Skotland met 26-14. Hulle klop die Engelse egter met 31-11.

Viertal -

Skotland maak skoonskip in die derde ronde deur ook hier te wen met 17-16. Suid-Afrika wen die middag se spel teen Engeland met 22-15.[165)]

Op Woensdag 8 Augustus, op dieselfde tye en terug op Paddington, was Suid-Afrika se twee opponente Wallis en Ierland onderskeidelik.[166)]

Enkelspel -

Suid-Afrika klop Wallis met 21-14, maar verloor teen Ierland met 21-13.

Parespel-

Suid-Afrika wen weer eens teen Wallis (21-20), maar verloor ook weer teen Ierland met 24-15.

---

165) The Star, 8.8.1934.

166) British Empire Games - London. Official Programme and Handbook. Londen, 1934, n.p.

Viertal -

Suid-Afrika verloor hier teen Wallis met 19-18 asook teen Ierland met 24-21.[167)]

Op Donderdag 9 Augustus, op die Temple-bane was Suid-Afrika se teenstanders Hongkong en Rhodesië onderskeidelik. (Geen uitsla te verkry nie)

Die volgende dag, Vrydag 10 Augustus, het Suid-Afrika op Paddington die Nieu-Seelandse span om 10h30 gepak.[168)]

Enkelspel -

Suid-Afrika wen met 21-13.

Parespel -

(Geen inligting bekend)

Viertal -

Suid-Afrika klop Nieu-Seeland met 30-15.

Die finale uitslag in die enkelspelafdeling was as volg :

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Skotland | 18 punte |
| 2. | Kanada | 14 punte |
| 3. | Suid-Afrika | 14 punte |
| 4. | Engeland | 10 punte |
| 5. | Wallis | 10 punte |
| 6. | Ierland | 6 punte |
| 7. | Rhodesië | 6 punte |
| 8. | Hongkong | 4 punte |
| 9. | Nieu-Seeland | 0 punte [169)] |

---

167) The Star, 9.8.1934.

168) British Empire Games - London. op. cit., n.p.

169) The Star, 11.8.1934.

Dit is egter ook bekend dat Kanada (W.S. Macdonald) en Suid-Afrika (Andrew Harvey) saam tweede was na R. Sprot van Skotland.[170)]

'n Derde bron gee ook die uitslag aan as Skotland (R. Sprot) met Kanada (W.S. Macdonald) en Suid-Afrika (A. Harvey) tweede en derde onderskeidelik.[171]

Die finale uitslag in die parespelafdeling is :

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Engeland | 16 punte |
| 2. | Kanada | 12 punte |
| 3. | Wallis | 10 punte |
| 4. | Hongkong | 10 punte |
| 5. | Ierland | 10 punte |
| 6. | Skotland | 6 punte |
| 7. | Rhodesië | 5 punte |
| 8. | Suid-Afrika | 4 punte |
| 9. | Australië | 0 punte [172)] |

T.C. Hills en G.W.A. Wright het Engeland in die parespel verteenwoordig terwyl Kanada se span uit W.G. Hutchinson en A.A. Langford bestaan het.[173)]

---

170) Bolsover, Godfrey R., comp. When South Africa played in Empire Games. Bowls, 7:6, January 1976, p. 14.

171) British Empire Games Federation. Official Report of the Empire Games, 1934. Londen 1934, n.p.

172) The Star, 11.8.1934.

173) British Empire Games Federation. op. cit., n.p.

In die viertal het sake só geëindig :

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Engeland | 16 punte |
| 2. | Ierland | 16 punte |
| 3. | Skotland | 12 punte |
| 4. | Suid-Afrika | 12 punte |
| 5. | Nieu-Seeland | 8 punte |
| 6. | Kanada | 8 punte |
| 7. | Rhodesië | 6 punte |
| 8. | Australië | 6 punte |
| 9. | Wallis | 5 punte |
| 10. | Hongkong | 2 punte [174) |

Daar bestaan teenstrydige inligting wat Suid-Afrika en Skotland saam derde plaas,[175) maar die Star (11.8.1934) hou vol dat Skotland derde geplaas is op skootgemiddelde.

## 5 SAMEVATTING

Die burgemeester van Johannesburg het 'n onthaal op Woensdag 5 September om 10h30 in die stadsaal gereël ter verwelkoming van die span wat op 3 September in Johannesburg terug verwag is.

Die "Central News Agency Balls Committee" het die spanlede ook na 'n bal op 5 Oktober uitgenooi. Dit sou dien as 'n amptelike verwelkoming.[176)

---

174) The Star, 11.8.1934.

175) Bolsover, Godfrey R., comp. When South Africa played in Empire Games. Bowls, 7:6, January 1976, p. 14.

176) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Britse Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 24.8.1934, p. 1.

Die Springbokspan se prestasies op die tweede Rykspele kan as hoogs suksesvol beskryf word, desondanks die afwesigheid van afdelingbestuurders/afrigters. In die damesatletiekafdeling is drie nuwe Britse rekords opgestel waarvan twee agter die naam van Marjorie Clark verskyn het.[177] 'n Ewe merkwaardige prestasie is deur Harry Hart behaal. Hy is die enigste mansatleet wat Rykspelerekords opgestel het en nogal in twee items.

Die Springbokke, met spesiale verwysing na die atlete en met uitsondering van die swemmers, het almal hul topvorm getoon, terwyl 'n paar selfs beter vertoon het. Dit het vergoed vir die swak vertoning van die swemspan.

In atletiek het die kalklig gedurende hierdie jare van die baannommers verskuif na die velditems. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die pragvertonings van sterre soos Harry Hart, Snaar Viljoen, Edwin Thacker, Johan Luckhoff en Marjorie Clark.

Dit was die swemmers wat aan die meeste kritiek blootgestel was. Na Jennie Maakal se pragvertoning op die Olimpiese Spele van 1932 het belangstelling in swem aansienlik toegeneem onder die Suid-Afrikaanse sportlui. Tog kon nie een van Suid-Afrika se swemmers hul topvorm in Londen herwin nie. Die vertonings van mejj. Maakal en Russell kan as voorbeelde dien. In Suid-Afrika het Jennie Maakal 'n tyd van 5 minute 36 sekondes in die 440 tree vryslag behaal terwyl die wenner in Londen slegs 5 minute 45,6 sekondes aangeteken het. Mej. Kathleen Russell was in staat

---

177) Emery, Ira. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, pp. 101, 103.

tot 'n 62,4 sekondes in die 100 tree vryslag, maar op die Spele kon sy nie eens kwalifiseer nie, terwyl die item gewen is in 64,0 sekondes.[178]

Die medalje-wenners aan Suid-Afrika kant was die volgende :

GOUD:

Clark, M. mej. (80m hekkies)
Clark, M. mej. (hoogspring, dames)
Thacker, E. (hoogspring)
Hart, H.B. (diskus)
Hart, H.B. (gewigstoot)
Catterall, C. (veergewig, boks)
Cubbin, M. (ligswaargewig, stoei)

SILWER:

Theunissen, M.W. (100 tree)
Theunissen, M.W. (220 tree)
Botha, W. (880 tree)
Luckhoff, J. (verspring)
Hart, H.B. (spiesgooi)
Clayton, E. (10 myl, fietsry)
Maakal, J. mej. (440 tree vryslag, swem)

Hayward, E.
Ryde, M.
Maakal, J.
Russell, K.
} dames 400 tree vryslagaflos

Barton, R. (weltergewig, boks)
Van Rensburg, W.L.J. (swaargewig, boks)

---

178) The Star, 11.8.1934.

BRONS:

Luckhoff, J. (spiesgooi)

Clayton, E. (1000 meter tydtoets, fietsry)

Clayton, E. (1000 tree kampioenskap, fietsry)

Leibbrandt, S.R. (ligswaargewig, boks)

Harvey, A. (enkelspel, rolbal)

Tydens 'n vergadering gehou vir alle Rykspelebeamptes en verteenwoordigers in die Suid-Afrika Huis op Woensdag 8 Augustus 1934, is daar besluit dat die gasheer vir die derde Rykspele tydens die Olimpiese Spele in Berlyn (1936) aangewys sou word.[179)]

Suid-Afrika, wat dit nog steeds oorweeg het om 'n Rykspele aan te bied, het die saak op 'n Raadsvergadering bespreek. Die saak is voor die geaffilieerde sportbeheerliggame gelê en met die uitsondering van die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging, wat t.g.v. die voorstel was mits dit die regering se goedkeuring wegdra, het almal daarteen gestem. Die Raad het gevolglik besluit om nie aansoek te doen nie.[180)] Geen melding word gemaak aangaande die Sportbeheerliggame se redes nie.

---

179) The Star, 9.8.1934.

180) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 28.6.1935, pp.1-2.

## HOOFSTUK V

## DIE DERDE RYKSPELE - SYDNEY, 1938

Nadat Suid-Afrika in 1935 besluit het om nie aansoek te doen om as gasheer van die 1938 Rykspele op te tree nie,[1] is dit toegesê aan die pragtige stad Sydney. Dis geleë in Nieu-Suid-Wallis, in die suidoostelike gedeelte van Australië. Anders as die vorige twee Spele, dié in Kanada en dié in Brittanje, sou hierdie Spele in die suidelike halfrond plaasvind. Wat klimaatsomstandighede betref, sou dit vir Suid-Afrika gunstig wees.

Suid-Afrika se deelname aan die Rykspele van 1930 en 1934, asook sy deelname aan die Olimpiese Spele van 1920, 1924, 1928, 1932 en 1936 te Berlyn, het as 'n belangrike prikkel gedien om die standaard van die sport te verhoog. Die Rykspele het 'n gewilde byeenkoms geword en sportlui het met groot toewyding hul daarvoor voorberei.

Die Springbokspan wat in 1938 na die Rykspele gegaan het, word allerweë gereken as van die beste Suid-Afrikaanse spanne in die geskiedenis van die Spele. Dit was ook die grootste span tot dusver. Dit het bestaan uit 35 deelnemers teenoor die 33 van 1934, en die 23 van 1930. Maar dit het ook teweeggebring dat meer geld gevind moes word om groot kostes te bestry.

---

1) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 28.6.1935, p. 1.

## 1 FINANSIES

Soos die geval met die vorige twee Rykspele was het die onus vir fondsinsameling by die onderskeie provinsiale Olimpiese en Rykspele-verenigings gelê. Ingesamelde geld is by die nasional Olimpiese en Rykspele-vereniging inbetaal.[2)]

Op 'n spesiale noodvergadering gehou in die Carlton Hotel (Johannesburg) op 1 Maart 1937 het die voorsitter, mnr. A.V. Lindbergh, aangekondig dat daar uit 'n finansiële oogpunt 'n baie sterk span na Sydney gestuur sou kon word. Die Australies Rykspelevereniging het die gebruiklike donasie van £1000 aan Suid-Afrika gedoen. Volgens mnr. Lindbergh sou die Suid-Afrikaanse regering ook weer 'n ruim skenking maak. Dan is daa natuurlik ook 'n verskeidenheid ander bronne waaruit aanvullende fondse gevind kon word.[3)]

In Augustus 1937 het mnr. Ira Emery, sekretaris van die S.A. Olimpiese en Rykspele-vereniging, op 'n vergadering bekend gemaa dat die beraamde koste per persoon na die Rykspele van 1938 £143.3s.10d. sou beloop. Op dieselfde geleentheid is 'n bedrag van £250 van die Johannesburgse stadsraad in ontvangs geneem.[4)]

Ander donasies wat met die verloop van tyd ontvang is, is 'n bedrag van £2,000 van die Suid-Afrikaanse regering; £50 van die "National Physical Training"; £50 van die Pretoriase Stadsraad; £5.5.0 van die Transvaalse Stoeivereniging; £2.2.0 van mnr. E.G. Kitson; £5.5.0 van Suzman (Ltd); £17.1.0 van die Suid-

2) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 28.6.1935, p. 1.

3) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 1.3.1937, p. 3.

4) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 13.8.1937, pp. 4-5.

Transvaalse Amateur Atletiek en Fietsryvereniging; £20.0.0 van mej. E. Brayshaw en £15.15.0 as diverse donasies aan die spanbestuurder,[5] wat 'n totaal van £3165.8s.0d. gee.

Die gebruik was om sakgeld aan die spanlede te voorsien. In 1938 is die bedrag per spanlid op 3/- per dag vasgestel. Hieroor het die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging beswaar aangeteken. Die rede vir hul beswaar was dat dit 'n skending van die amateurreëls sou wees. Hulle het aanbeveel dat 'n ander skema uitgedink moes word. Die Suid-Afrikaanse Amateurswemunie het daarenteen weer die beginsel van sakgeldverskaffing gesteun.[6] Hiermee is dan ook voortgegaan.

## 2 NOMINASIES VAN DEELNEMERS EN BEAMPTES

Op die Jaarvergadering van 23 Februarie 1937 het die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging sy hoop uitgespreek dat die verskillende sportbeheerliggame alles in hul vermoë sou doen om die regte materiaal vir die komende Rykspele in Sydney te vind. Enige suksesse wat Suid-Afrika daar mag behaal sou definitief 'n stimulus vir groter geesdrif en voorbereiding in Suid-Afrika met die oog op die 1940-Olimpiese Spele wees.[7] Onnodig om te sê, hierdie Spele sou vanweë die uitbreek

5) Ibid. Finansiële verslag vir die jaar geëindig op 31 Desember 1938 en gelewer op die Algemene Jaarvergadering gehou op 14.2.1939, n.p.

6) Ibid., Notule van die Spesiale Raadsvergadering, 28.4.1938. p. 2.

7) Ibid., Notule van die Jaarvergadering, 23.2.1937, p. 6.

van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 nooit plaasvind nie. In sy jaarverslag (vir 1934) gelewer op 19 April 1935, het die voorsitter die voorstel gemaak dat die bestaande stelsel van spanne kies hersien moes word. Sekere individuele sportbeheerliggame het te groot druk op die Raad uitgeoefen, met die gevolg dat die finale keuses ".... even though they include the best candidates of each branch of sport may not always include the most outstanding in any branch of sport." Mnr. Lindbergh het gevoel dat 'n volle Raad nie die kies van 'n span tot sy reg kon laat kom nie. Hy sou eerder 'n verteenwoordiger uit elke sportbeheerliggaam wat in die genomineerde span verteenwoordig is, op 'n keurkomitee wou sien.[8)]

Tydens die Raadsvergadering van 28 Junie 1935 het die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging, die Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging, die Suid-Afrikaanse Amateurswemunie en die Transvaalse Olimpiese en Rykspele-vereniging voorgestel dat geen veranderings aan die bestaande stelsel van spanne kies aangebring moes word nie.

Die Westelike Provinsie se Olimpiese en Rykspele-vereniging het voorgestel dat die keurkomitee moes bestaan uit een verteenwoordiger uit elke sportafdeling wat nominasies ingedien het plus die voorsitter en sekretaris van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Die Natalse- en O.V.S. se Olimpiese en Rykspele-verenigings het die W.P. se voorstel gesteun, maar verkies dat die sekretaris uit die keurkomitee gelaat moes word.

---

8) Ibid. Notule van die Jaarverslag vir die jaar wat geëindig het op Desember 1934, gelewer op 19.4.1935, p. 3.

Hierdie aangeleentheid het 'n wye bespreking uitgelok met die meerderheid ten gunste van die behoud van die bestaande stelsel van spanne kies, soos die stemmery trouens bewys het. Die aanstelling van die spanlede en beamptes sou deur die Uitvoerende Raad i.p.v. die gewone Raad behartig word. Die volgende algemene vergadering sou egter in beginsel hieroor besluite neem. Alle verteenwoordigers is versoek om hul verenigings aan te raai om hierdie mosie te steun.

Die finale besluit kom daarop neer dat alle geaffilieerde liggame by magte sou wees om nominasies in te dien, soos voorheen die geval was, maar dat die Uitvoerende Komitee sou bepaal watter nominasies aanvaar gaan word.[9] Die finale kies van die span sou op 15 November 1937 plaasvind terwyl die spanbestuurder en ander beamptes op 1 November aangewys sou word.[10]

### 2.1 Deelnemers

Die volgende nominasies is op 15 November deur die onderskeie sportbeheerliggame ingedien :

#### 2.1.1 Suid-Afrikaanse Amateuratletiek en Fietsryvereniging :

L.A. Fouché, H.A. Gibson, J.L. Coleman, D.V. Shore, mej. A. Robertson, A.S. du Plessis, T.P. Lavery, S. Kiel, N.J. Wessels, E.T. Thacker, S. Rose, H. Binneman, W. Hayward, A.W. Saunders, E. Grimbeek en H. Krischker. Mej. Barbara Burke, wat haar om studieredes in Engeland bevind het, is al op 13 Oktober genomi-

---

9) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 28.6.1935, pp. 2-3.

10) Ibid. Notule van die Algemene vergadering, 13.8.1937, p. 4.

neer. Aanvanklik het haar geskrewe nominasie probleme veroorsaak daar dit nie op die amptelike lys van die atletiekverenigin verskyn het nie. Na bespreking is haar nominasie egter eenpari aanvaar, asook al die ander nominasies met die uitsondering van Saunders, Grimbeek en Krischker.

2.1.2 Suid-Afrikaanse Amateurswemunie :

Die nominasies ingedien was mejj. M. Ryde, H. Holmes, C. Gerke en mnre. T. Collard, G. May, McVlure en Lubbe. Al die dames is aanvaar terwyl net T. Collard van die mans die span gehaal het.

2.1.3 Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging :

Al ses nominasies is aanvaar. Hulle is J.S. Joubert, N.C. Wolmarans, B.D. Worrall, C.B. Sterley, J. Hahn en H. Knoesen.

2.1.4 Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging :

Ses stoeiers is genomineer in die persone van S.S. Greenspan, A.C. Harding, P. Sheasby, F.F. Stander, C.J. Nel, en A.C. Kannen berg. Slegs vier van hulle het die span gehaal naamlik Greenspan, Harding, Sheasby en Stander.

2.1.5 Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie :

N. Youell was hul enigste nominasie, maar is nie gekies nie.[11)]

---

11) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Algemene vergadering, 15.11.1937, pp. 1-3.

2.1.6 Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging :

Tydens 'n algemene vergadering van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging gehou op 13 Augustus 1937, het die Rolbalvereniging bekend gemaak dat hul 'n span van sewe rolbalspelers na die Spele sou stuur. Die rolbalspan sou, soos by die vorige twee geleenthede, op eie koste reis.[12)]

Die span was Horace Harvey (enkelspel); J.R. Appleford en D.A. Adamson (parespel); J.G. Donaldson (skipper), T.H. Samson, F. Stevenson en N.S. Walker (viertal). Die bestuurder is mnr. J. Garnett.[13)]

## 2.2 Beamptes

### 2.2.1 Spanbestuurder

Op 25 Oktober 1937 het die Uitvoerende Komitee byeengekom om die spanbestuurder vir die Springbokspan na die derde Rykspele aan te wys. Die twee nominasies wat ontvang is, was die van mnre. Ira Emery en G. Reynolds. Die aanstelling van mnr. Ira Emery is eenparig deur die vergadering aanvaar[14)] en bekragtig op die Algemene vergadering van 15 November 1937.

---

12) Ibid. Notule van die Algemene vergadering, 13.8.1937, p. 4.

13) Bolsover, Godfrey R., comp. When South Africa played in the Empire Games. Bowls, 7:6, January 1976, p. 14.

14) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 25.10.1937, pp. 1-2.

### 2.2.2 Chaperone

Wat hierdie pos betref het die Uitvoerende Komitee besluit om van die Rhodesiese aanbod gebruik te maak en 'n gemeenskaplike chaperone te kies. Die Rhodesiese span sou saam met die Spring bokke reis en hul was bereid om die chaperone te voorsien. Hul keuse was mev. C.E. Biggs.[15)]

### 2.2.3 Ander Beamptes

Vir die eerste keer is 'n aantal afdelingbestuurders/afrigters gekies om die betrokke afdelings van die span met hulp en leidin by te staan. Dit sou die taak van die spanbestuurder aansienli verlig. Benewens die rolbalbestuurder wat deur die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging aangestel is, is die volgende person as afrigters en bestuurders vir boks, atletiek en swem aangestel Mnr. W. Latham van Natal sou beheer oor die boksafdeling uitoefen terwyl sers. C.J. Rootman van Transvaal vir die atletiek verantwoordelik sou wees. Mnr. Alex Bulley is gekies om die swemmers af te rig. Al hierdie aanstellings is op 15 November eenparig deur die Uitvoerende Komitee aanvaar.[16)] Mnre. T. St John Dean en R.M.N. Tisdall is addisioneel voorgestel as boksadviseur en stoeiadviseur, onderskeidelik,[17)] maar dit is afgewy

---

15) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 25.10.1937, pp. 1-2

16) Ibid. Notule van die Algemene vergadering, 15.11.1937, p. 1.

17) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 25.10.1937, p. 2.

## 3 DIE REIS NA, EN AANKOMS BY, DIE SPELE

Tydens 'n spesiale Noodvergadering gehou op 1 Maart 1937 het die sekretaris die vergadering meegedeel dat die voorlopige bespreking vir die 4de Desember 1937 vanuit Kaapstad op die "Ascanius" was. Die terugreis sou vanuit Sydney-hawe op 12 Februarie 1938 met die "Themistocles" 'n aanvang neem. Volgens die skeepvaartmaatskappye was dit die enigste skepe beskikbaar.[18)]

Die spanlede wat nie in Kaapstad aan boord kon gaan nie, het Johannesburg op 3 Desember verlaat om saam met die res van die span op 6 Desember vanaf Durban te vertrek. Op Saterdag 4 Desember het die atlete en swemmers aan byeenkomste in Durban deelgeneem en die Sondag is hul deur die Natalse Olimpiese en Rykspele-vereniging onthaal.[19)]

Met die span se vertrek uit Durban het daar 'n interessante en unieke gebeurtenis plaasgevind. Chris Nel, 'n stoeier wat genomineer is, maar weens gebrek aan die nodige fondse nie die finale span kon haal nie, het hom ewe ongemerk tussen die spanlede en besoekers op die skip versteek. Met die skip se vertrek was hy nog steeds veilig in sy wegkruipplek totdat sy aanwesigheid twee dae later bekend geword het. Nel het blykbaar homself aan die kaptein gaan voorstel. Kapt. Wilson het aanvanklik met drastiese tugmaatreëls gedreig, maar Nel later toegelaat om vrylik tussen sy spanmaats rond te beweeg. Sy spanmaats het hom van sakgeld voorsien, terwyl die dames sy klere gewas en gestryk het.

---

18) Ibid. Notule van die Spesiale Noodvergadering, 1.3.1937, p. 3.

19) Ibid. Notule van die Algemene vergadering, 15.11.1937, p. 3.

Die eerste hawe waar die "Ascanius" aangedoen het, was Freemantle. Daar is die saak aan die polisie en doeanebeamptes voorgelê en na baie mooipraat is 'n paspoort aan Nel uitgereik. Alhoewel die Australiese Spelevereniging bereid was om Nel se inskrywing in die stoei te aanvaar, het die Suid-Afrikaanse Spelevereniging sy terugkeer geëis en daarby ook sy reisonkostes vir hom betaal.[20)]

Die Uitvoerende Komitee het eenparig ooreengekom om die reiskost van £55 van C.J. Nel te betaal. Diegene wat Nel finansieel bygestaan het op die "Ascanius" sou ook vergoed word.[21)]

In 'n Sydney se koerant is daar melding gemaak van 'n onsmaaklik gebeurtenis wat die Springbokspan te beurt geval het. Die beri maak melding van 'n vereniging met die naam van die "Transvaal Listeners' Association" wat 'n anti-Afrikaans georiënteerde beweging was. Hulle het hul ten doel gestel om Afrikaans te vernietig as taalmedium oor die radio. Die vereniging het ook briewe aan die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging geskryf waarin hulle versoek dat "Die Stem van Suid-Afrika" nie as oorwinnaarslied tydens die medalje-oorhandiging gespeel moes word nie. Naamlose briewe is ook aan Engelstalige lede van die span gestuur met die doel dat dit onder die ander Engelstaliges gesirkuleer moes word. Die bedoeling was klaarblyklik om tweedrag in die span te bring; Engelssprekendes teenoor Afrikaanssprekendes. Die persone wat die briewe ontvang het, het dit

---

20) Emery, Ira. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, pp. 120, 122.

21) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Spesiale Noodvergadering van die Uitvoerende Komitee, 4.4.1938, p. 2.

egter opgeskeur. Mnr. Emery het as spanbestuurder nie toegelaat dat so iets die spangees bederf nie.[22)]

Tydens die skeepsreis het die Springbokke daagliks geoefen en saans vroeg die ligte gedoof. Pret en ontspanning het egter nie agterweë gebly nie. Een aand, tydens 'n kostuumbal, het die groot gewigstoter van die span, Louis Fouché, as 'n "ballerina" opgetree, kompleet met 'n kort papierrokkie en ander toebehore. Coleman was 'n "Madeira-blommemeisie" terwyl Thacker 'n "Zoeloe" voorgestel het.[23)]

In Sydney aangeland, het die spanlede so spoedig moontlik met verdere voorbereiding begin. Louis Fouché was ongelukkig om 'n knie-besering op die skip op te doen en dit het sy oefenprogram ietwat belemmer. Mnr. T.A. Langridge, die amptelike masseur, was verseker dat dit nie ernstig was nie en het Fouché 'n week se rus voorgeskryf.[24)]

Die Springbokke het snags min rus gekry. Derduisende muskiete het die Suid-Afrikaners slapelose nagte besorg. Alles is probeer om die muskiete af te skrik, maar tevergeefs. Dit was eers nadat muskietnette aan die deelnemers uitgedeel is dat sake rustiger verloop het. Die Suid-Afrikaners het 08h00 opgestaan en 10h00 met hul oefenprogramme begin. Tussen 14h00 - 16h00 was dit rustyd en vanaf 17h00 het hul weer geoefen. Saans om 22h00 is alle ligte gedoof.[25)] Alle voorbereidings het goed verloop en die aanduiding was daar dat hierdie span goed sou vaar.

---

22) Labor Daily, Sydney. 3.1.1938.

23) Coleman, J.L. Plakboek.

24) Telegraph, Sydney. 5.1.1938.

25) Sun, Sydney. 3.1.1938.

## 4 DEELNAME

Van die atlete was dit slegs Andries du Plessis, Edwin Thacker en Barbara Burke wat aan die vorige Britse Rykspele (1934) deelgeneem het. Thacker was die titelhouer in die hoogspring.

Ses van die atlete het ook Suid-Afrika op die 1936 Olimpiese Spele in Berlyn verteenwoordig. Hulle is Coleman, Gibson, Shore, Thacker, Lavery en Du Plessis. Van hierdie groepie het Coleman die beste gevaar, naamlik deur sesde te eindig onder die wêreld se beste marathonlopers.

In 1938 is roei weer teruggebring op die program nadat dit laas in 1930 aangebied is. Dit vergroot dus die aantal sportsoorte na sewe. Vyftien lande het 507 deelnemers en beamptes na die Spele gestuur.[26] Uit rekonstruksie is 13 van die 15 lande bekend, naamlik: Suid-Afrika, Australië, Nieu-Seeland, Kanada, Engeland, Trinidad, Skotland, Indië, Brits-Guiana, Rhodesië, Ceylon, Ierland en Fiji.

### 4.1 Atletiek

#### 4.1.1 100 tree

Mans:

Suid-Afrika se verteenwoordigers in die 100 tree uitdunne was Lavery, Kiel en Shore.

---

26) British Commonwealth Games 1974, Xth...., Christchurch, New Zealand. Official Programme. Christchurch, 1974, p. 31.

Eerste uitdun -

1. T.P. Lavery (Suid-Afrika) 10,0 sek.
2. H.S. Yates (Australië)
3. S. Nielsen (Kanada)
4. L.M. Wallace (Engeland)
5. G.H. Quinn (Nieu-Seeland)

Lavery wen met 'n halwe tree. Enkele duime het Yates en Nielsen vanmekaar geskei.

Derde uitdun -

1. C.B. Holmes (Engeland) 10,0 sek.
2. T.E. Hampson (Australië)
3. P. Haley (Kanada)
4. S. Kiel (Suid-Afrika)

Holmes wen met 'n tree. Hampson het vir Haley met 'n halwe tree geklop.

Vierde uitdun -

1. E.J. Best (Australië) 10,0 sek.
2. D.V. Shore (Suid-Afrika)
3. P.F. Sharpley (Nieu-Seeland)
4. K.S. Duncan (Engeland)
5. J. Harrison (Kanada)

Best wen met twee tree. Shore klop Sharpley met 'n halwe tree.

Terwyl Sid Kiel uitgeskakel is in die uitdunronde, het Tom Lavery en Denis Shore tot die semi-finaal deurgedring waar slegs eersgenoemde sukses behaal het. Die uitslag van hierdie eerste semi-finaal was :

1. T. Lavery (Suid-Afrika) 9,9 sek.
2. J. Mumford (Australië)
3. H. Yates (Australië)
4. J. Cumberbatch (Trinidad)
5. S. Nielsen (Kanada)
6. P. Sharpley (Nieu-Seeland)

Lavery wen met 'n tree-en-'n-half. Mumford klop Yates met 'n halwe tree.

Tweede Semi-finaal -

1. C. Holmes (Engeland) 9,9 sek.
2. E. Best (Australië)
3. T. Hampson (Australië)
4. J. Brown (Kanada)
5. P. Haley (Kanada)
6. D. Shore (Suid-Afrika)

Holmes wen met 'n tree en 'n half terwyl Best sy spanmaat met een tree geklop het.[27)]

Alhoewel Lavery in beide sy uitdun en semi-finaal die items gewe het (in baan nommer een) was hy minder suksesvol in die finaal en kon hy slegs vierde eindig. Die volledige uitslag van die finaal was soos volg :

1. C.B. Holmes (Engeland) 9,7 sek.
2. J. Mumford (Australië)
3. E.J. Best (Australië)
4. T.P. Lavery (Suid-Afrika)
5. T.E. Hampson (Australië)
6. H.S. Yates (Australië)

---

27) Sun, Sydney. 5.2.1938.

Holmes klop Mumford met 'n tree terwyl laasgenoemde sy spanmaat met 'n halwe tree geklop het.[28)]

Dames :

In die damesafdeling het sake as volg verloop :

Eerste uitdun -

1. B. Burke (Suid-Afrika) 11,4 sek.
2. J. Walker (Australië)
3. B. Howard (Kanada)
4. E. Raby (Engeland)
5. R.I. Tong (Nieu-Seeland)

Barbara Burke wen met duime terwyl mej. Walker die Kanadees met 'n tree geklop het.

In die vierde uitdun het Decima Norman die Spelerekord na 11,2 sekondes verbeter. In die semi-finaal het Barbara Burke die nuwe rekord geëwenaar. Die uitslag is as volg :

Tweede Semi-finaal -

1. B. Burke (Suid-Afrika) 11,2 sek.
2. J. Woodland (Australië)
3. B. Howard (Kanada)
4. D. Lumley (Nieu-Seeland)

Mej. Burke wen met 'n voet terwyl 'n tree mejj. Woodland en Howard vanmekaar geskei het.[29)]

---

28) Sun, Sydney. 6.2.1938.

29) Sun, Sydney. 5.2.1938.

Alhoewel Barbara Burke die amptelike Spelerekord geëwenaar het, kon sy nie daarin slaag om 'n plek in die finaal te behaal nie. Die uitslag van die finaal was :

Finaal -

1. D. Norman (Australië) 11,2 sek.
2. J. Walker (Australië)
3. J. Dolson (Kanada)
4. B. Burke (Suid-Afrika)
5. J. Woodland (Australië)
6. B. Howard (Kanada)

Decima Norman wen met 'n tree en 'n half. Mej. Walker het met 'n tree voorsprong voor mej. Dolson geëindig.[30)]

4.1.2 220 tree

Mans:

In die 220 tree vir mans is Suid-Afrika deur Denis Shore verteenwoordig. Die uitdunne is op 7 Februarie afgehandel en die uitslag was as volg :

Eerste uitdun -

1. J. Mumford (Australië) 21,6 sek. Spelerekord
2. D.V. Shore (Suid-Afrika)
3. J.R. Cumberbatch (Trinidad)[31)]

In die tweede uitdun van die semi-finaal was Denis Shore vyfde geplaas en kon sodoende nie kwalifiseer vir die finaal nie.

---

30) Sun, Sydney. 6.2.1938.

31) Telegraph, Sydney. 8.2.1938.

Holmes, wenner van die 100 tree, was eerste met 'n tyd van 21,3 sekondes wat 'n nuwe Spelerekord was.[32)]

Dames:

In die damesafdeling het Barbara Burke goed begin, maar algaande swakker gevaar.

Vierde uitdun -

1. B. Burke (Suid-Afrika) 25,4 sek. Australiese rekord
2. I. Talbot (Australië)
3. K.S. Stokes (Engeland)
4. I. Beasdale (Kanada)

Barbara Burke wen met twee tree terwyl daar drie tree tussen die tweede en derde naelloopster was. Die ou Australiese rekord was 25,5 sek.[33)]

Eerste Semi-finaal -

1. D. Norman (Australië) 24,5 sek. Australiese rekord
2. B. Burke (Suid-Afrika)
3. I. Talbot (Australië)

Mej. Norman klop die Springbok met ses tree en mej. Burke klop Talbot met 'n tree.[34)]

---

32) Morning Herald, Sydney. 8.2.1938.

33) Sun, Sydney. 10.2.1938.

34) Labor Daily, Sydney. 11.2.1938.

Finaal -

1. D. Norman (Australië) 24,7 sek.
2. J. Coleman (Australië)
3. E. Wearne (Australië)
4. E. Meagher (Kanada)
5. B. Burke (Suid-Afrika)
6. I. Talbot (Australië)

Mej. Norman wen met drie tree. Die afstand tussen mejj. Colemar en Wearne was twee tree.[35]

4.1.3 440 tree

In die 18 maande wat die Rykspele voorafgegaan het, het Denis Shore meer as 50,000 myl afgelê om in die buiteland (o.a. Duitsland, Engeland, Amerika) aan atletiekbyeenkomste deel te neem.[36] Die ervaring daardeur opgedoen, het hom groot selfvertroue vir die Spele in Sydney gegee.

Eerste uitdun -

1. D.V. Shore (Suid-Afrika) 47,9 sek. Spelerekord
2. J. Mumford (Australië)
3. J. Orr (Kanada)

Denis Shore wen met vier tree. Mumford klop Orr met een tree. Shore se tyd was nie net 'n nuwe Spelerekord nie, maar ook 'n nuwe Australiese rekord.[37]

---

35) Sun, Sydney. 12.2.1938.

36) Shore, D. What my trip to America has taught me. <u>The Outspan</u>, 22 Oktober 1937, pp. 69, 83, 85.

37) Morning Herald, Sydney. 11.2.1938.

Tydens 'n oefensessie het Denis Shore teen sterk wind in 'n tyd van 47,6 sekondes opgestel. Met die oog op G.L. Rampling (1934) se Statebondsrekord van 48,0 sekondes, het Shore voorspel dat hy in die uitdun 'n 46,6 sek. sou aanteken.[38)]

In die uitdun, met Shore in die binnebaan, het hy die pistool die eerste keer geklop, terwyl sy tweede poging suksesvol was. In die finaal het Shore die derde baan geloot[39)] waar die uitslag as volg was :

Finaal -

1. W. Roberts (Engeland) 47,9 sek.
2. W. Fritz (Kanada)
3. D.V. Shore (Suid-Afrika)
4. J. Mumford (Australië)
5. J. Loaring (Kanada)
6. H.J. Tyrie (Nieu-Seeland)

Roberts ewenaar Shore se rekord en wen slegs met enkele duime. 'n Halwe tree het Fritz en Shore vanmekaar geskei.[40)]

Die oorwinning van Roberts was 'n groot verrassing. Alhoewel Denis Shore die gunsteling was, moes hy sien hoedat Roberts en Fritz om die eerste plek veg. Dit was Mumford wat die pas vanaf die wegspring aangegee het. Na 220 tree was die deelnemers nog steeds in 'n bondel totdat Roberts 'n voorsprong op Denis Shore begin opbou het. Met 140 tree om te gaan was die prentjie nog

---

38) Labor Daily, Sydney. 9.2.1938.

39) Morning Herald, Sydney. 11.2.1938.

40) Sun, Sydney. 12.2.1938.

steeds dieselfde. Oor die laaste 80 tree het Fritz met 'n asemrowende eindpoging voor die dag gekom en so amper die titel verower.[41]

4.1.4 880 tree

Eerste uitdun -

1. T. Allen (Nieu-Seeland) 1:55,5 Australiese Rekord
2. G.I. Backhouse (Australië)
3. F.R. Handley (Engeland)
4. N.J. Wessels (Suid-Afrika)
5. B.C. Eeles (Engeland)

Klasie Wessels kwalifiseer dus nie vir die finaal nie.[42]

4.1.5 Een myl

Vanaf die wegspring van die tweede uitdun in die een myl was dit die Australiër, G.I. Backhouse, wat die pas aangegee het. Die Suid-Afrikaner, Klasie Wessels, het kort op sy hakke in die tweede posisie gelê. Die eerste ronde is afgelê in 64,5 sekondes en die voorloper se tyd oor die eerste half myl was 2:12,5. Dit was hier waar Lenover van Kanada by Wessels oorgeneem het. Hul tyd vir die drie rondes was 3:19,0. Maar Klasie Wessels was nie in staat om die pas vol te hou nie en het vyfde geëindig

---

41) Sun, Sydney. 12.2.1938.
42) Sun, Sydney. 5.2.1938.

Die uitslag van die tweede uitdun was :

Tweede uitdun -

1. G.I. Backhouse (Australië) 4:18,0
2. V.P. Boot (Nieu-Seeland)
3. B.C. Eeles (Engeland)
4. A. Clarke (Nieu-Seeland)
5. N.J. Wessels (Suid-Afrika)[43]

4.1.6 Drie myl

Die uitslag van die drie myl, wat sonder uitdunne afgehandel is, was weer eens teleurstellend vir die Springbokke. Wally Hayward was Suid-Afrika se enigste inskrywing hier, maar kon nie 'n medalje verower nie.

Die uitslag was :

1. C.H. Matthews (Nieu-Seeland) 13:59,6 Rykspele- en Australiese Rekord
2. P.D. Ward (Engeland)
3. R. Rankine (Kanada)
4. W. Hayward (Suid-Afrika)
5. S.E. Nicholls (Australië)
6. L.H. Weatherill (Engeland)

Matthews het met 'n 30 tree voorsprong gewen terwyl 220 tree Ward en Rankine van mekaar geskei het. Die ou Statebondsrekord is gehou deur S.A. Tomlin van Engeland in 14:27,4.[44]

---

43) Sun, Sydney. 10.2.1938.

44) Sun, Sydney. 5.2.1938.

4.1.7 Ses myl

Die aand nadat Johannes Coleman die marathon vir Suid-Afrika gewen het, kon hy nie slaap nie. Dwarsdeur die nag het hy in die Speledorpie rondgedwaal en dit was toe dat hy op die blink gedagte gekom het om aan die sesmylnommer deel te neem om vir Wally Hayward 'n kans op 'n plek te gee. Hy sou net vir 10 rondes deelneem en so 'n geweldige pas aangee dat hy die kompetisie vir sy spanmaat kon uitdun.[45)]

Volgens Emery, die spanbestuurder, was hy terdeë bewus van die skrale kans wat Wally Hayward op 'n oorwinning gehad het. Daarom het hy die opdrag aan Coleman gegee om oor die eerste twee of drie myl so vinnig as moontlik te hardloop om sodoende die moed van die ander atlete te breek.

Coleman het dit ook gedoen, maar vanaf die wegspring het die Neger-student van Trinidad, Noel Stanford, probeer byhou, iets wat natuurlik fataal sou wees oor 'n afstand van ses myl. Coleman het toe ewe sportief die Trinidad-atleet laat verby kom net om hom weer voor die hoofpawiljoen verby te steek terwyl hy vir die publiek wuif. Coleman het van hierdie tegniek gebruik gemaak totdat Noel Stanford uitgeput was. Na sowat drie myl het Stanford skielik neergeslaan en geprotesteer dat die Springbok sy wind uitgestamp het.[46)]

---

45) Coleman, J.L. Persoonlike onderhoud. 6.3.1975.

46) Emery, Ira. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg, 1956, pp. 127, 129.

Volgens Coleman was dit na die agste ronde dat Stanford dig teen hom begin draf het. Coleman, wat altyd met sy elmboë baie wyd gehardloop het, het toe die Neger so 'n tikkie teen die ribbes gegee. Dit was glo net die geleentheid waarna die uitgeputte Stanford gesoek het om uit te val. Coleman het op hierdie tydstip ook al sy voorgenome 10 rondes voltooi en die baan uit eie wil verlaat. Terwyl hy toe op die gras rondstap, hoor hy oor die luidsprekers dat hy gediskwalifiseer is.[47)]

Die skeidsregter het twee redes vir Coleman se diskwalifikasie verstrek. Eerstens het die Suid-Afrikaner twee keer voor "Scotty" Rankine van Kanada ingesny sonder om die verpligte twee tree afstand te respekteer, en tweedens het hy verhoed dat Weatherill van Engeland hom verby kon steek. Mnr. Langford, die baanskeidsregter, het dit duidelik gestel dat hy nie Coleman se manier om met wydswaaiende elmboë te hardloop, as 'n rede tot diskwalifikasie gebruik het nie.[48)]

Coleman se poging om Wally Hayward te help, het gedeeltelik geslaag soos dit uit die volgende uitslag gesien kan word :

1. C.H. Matthews (Nieu-Seeland) 30:14,5
2. R. Rankine (Kanada)
3. W. Hayward (Suid-Afrika)
4. A.R. Geddes (Nieu-Seeland)
5. L.H. Weatherill (Engeland)
6. H.A. Gibson (Suid-Afrika)
7. M. Wallace (Australië)
8. A.H. Bassed (Australië)
9. S. Millington (Australië)
10. B. Doyle (Australië)

---

47) Coleman, J.L. Persoonlike onderhoud. 6.3.1975.

48) Morning Herald, Sydney. 11.2.1938.

Matthews het die wedloop met 180 tree gewen terwyl 250 tree Rankine en Hayward van mekaar geskei het.[49)]

4.1.8 80 meter hekkies

'n Suid-Afrikaner, Marjorie Clark, was die Statebondsrekordhouer met 'n tyd van 11,8 sekondes, opgestel in Londen tydens die tweede Rykspele (1934). In 1938 was dit weer eens 'n Suid-Afrikaner wat die gunsteling was om die rekord te slaan.

Eerste uitdun -

1. B. Burke (Suid-Afrika) 11,9 sek.
2. R.I. Tong (Nieu-Seeland)
3. C. Kennedy (Australië)
4. N. Gould (Australië)
5. E.M. Raby (Engeland)

Mej. Burke klop Tong met twee tree.[50)]

Barbara Burke, wat al in 1936 die wêreldrekord van 11,6 sekondes geëwenaar het, het in die finaal met nog 'n beter vertoning as in die uitdun voor die dag gekom en 'n nuwe Spelerekord opgestel. Sy verbeter in die proses haar landgenoot se tyd met 0,1 sekonde.[51)]

---

49) Morning Herald, Sydney. 11.2.1938.

50) Sun, Sydney. 10.2.1938.

51) Morning Herald, Sydney. 10.2.1938.

Die volledige finale uitslag was :

1. B. Burke (Suid-Afrika) 11,7 Spelerekord
2. I. Grant (Australië)
3. R.I. Tong (Nieu-Seeland)
4. C. Kennedy (Australië)
5. T. Peake (Australië)
6. K.M. Tiffen (Engeland)

Barbara Burke wen met duime en Isabel Grant klop mej. Tong met 'n tree.[52)]

4.1.9 120 tree hekkies

Die beste vertoning wat deur 'n atleet op die Spele gelewer is, was dié van Tom Lavery in die 120 tree hekkies finaal.

Eerste uitdun -

1. T.P. Lavery (Suid-Afrika) 14,4 sek. Spelerekord
2. S.G. Stenner (Australië)
3. P.F. Sharpley (Nieu-Seeland)
4. F. Popplewell (Australië)

Lavery wen met 'n halwe tree terwyl Stenner Sharpley met agt tree geklop het.

Tweede uitdun -

1. L. O'Connor (Kanada) 14,6 sek.
2. S. Kiel (Suid-Afrika)
3. D.F. McLardy (Australië)
4. G. Wilson (Australië)

---

52) Sun, Sydney. 12.2.1938.

O'Connor klop die Suid-Afrikaner met 'n tree terwyl McLardy met 'n tree en 'n half agter Kiel geëindig het.

Vanaf die wegspring in die eerste uitdun was dit duidelik dat die atleet wat Lavery sou klop, ook die uiteindelike wenner sou wees. Hy was al die voorloper nog voordat die atlete die eerst ry hekkies bereik het. Die enigste moontlike opposisie moes van Stenner kom, maar dit was onbeduidend. Lavery se wentyd van 14,4 sekondes was nie net 'n nuwe Australiese rekord nie, maar ook 'n nuwe Rykspelerekord. Die vorige rekords was 14,8 sek., gehou deur D.F. McLady van Victoria, en 14,6 sek., gehou deur Lord David Burghley van Engeland, Australiese- en Rykspelerekords onderskeidelik.

In die tweede uitdun het Sidney Kiel verlof ontvang om na die loting vanaf baan twee na die buitenste baan te skuif. Die wedloop was 'n harde tweestryd met O'Connor die oorwinnaar en Kiel tweede.

In die finaal het Lavery soos 'n kampioen vertoon en was hy ook 'n waardige wenner, terwyl Stenner en O'Connor dit om die tweede plek moes uitspook. Aanvanklik het dit voorgekom asof Stenner tweede sou eindig, maar hy kon nie die verbete eindpoging van O'Connor afweer nie.

Die volledige uitslag was :

1. T.P. Lavery (Suid-Afrika) 14,0 sek. Wêreldrekord
2. L. O'Connor (Kanada)
3. S.G. Stenner (Australië)
4. D.F. McLardy (Australië)
5. S. Kiel (Suid-Afrika)
6. P.F. Sharpley (Nieu-Seeland)

Lavery wen met 'n tree. Die wêreldrekord was op daardie tydstip gehou deur Forrest G. Towns van Amerika en is opgestel in Chicago op 19 Junie 1936 en op 6 Augustus 1936 tydens die Olimpiese Spele van Berlyn geëwenaar.[53)]

Na luide applous en groot opgewondenheid het die skokkende nuus gekom. Mnr. G.E. Langford, die baanskeidsregter, het beslis dat die atlete deur wind gehelp is! Mnr. Langford het sy beslissing gegrond op die getuienis van stukkies watte wat hy aan die hekkies geheg het. Dit het glo getoon dat die atlete vanaf die vierde hekkie deur 'n wind met 'n hoek van 60 grade op die regterskouer gehelp is. Omdat daar geen windmeter aanwesig was nie, moes hy die spoed van die wind skat. Kragtens die internasionale reëls waaronder hierdie byeenkoms (Spele) onderhewig was, was 'n windsterkte van 4½ m.p.u. toelaatbaar. Tydens die wegspring het alle baanvlaggies roerloos gehang terwyl die "Union Jack" hoog bo in die lug reghoekig met die pylvak, d.w.s. noordoos, gewaai het.[54)]

Mnr. M.P. Adams van die Globe het kort voor die byeenkoms 'n aanvang geneem het, die weerburo geskakel en die volgende weerberig ontvang :

"Noordoostelike wind met 'n spoed van 10 m.p.u. en 'n temperatuur van 82 grade."[55)]

---

53) Sun, Sydney. 12.2.1938.

54) Telegraph, Sydney. 14.2.1938.

55) Globe, Melbourne. 16.2.1938.

Beide Lavery en O'Connor het dit ten sterkste ontken dat die wind hul enigsins gehelp het. Lavery het beweer dat hy meer gehinder as gehelp was, want sy mikpunt was op 13,9 sek. gestel.[5 'n Film van die wedloop staaf Lavery se argument. Tydens die wegspring toon die film baie duidelik dat die "Union Jack" dwars oor die pylvlak wapper, m.a.w. die wind moes die atlete reg in die sy gevang het en nie met 'n hoek van 60 grade van agter soos die skeidsregter beweer het nie.[57]

Mnr. R. Clemson, die afsitter by die geleentheid, het aangevoer dat die aangeleentheid te belangrik was om by die beslissing van slegs een persoon te berus. Hy het voorgestel dat 'n komitee van drie lede aangestel moes word om in die toekoms, met behulp van apparate, oor sulke aangeleenthede te beslis.[58] Mnr. Lang ford, as president van die Australiese Amateuratletiekvereniging het die voorstel afgekeur.[59]

Terwyl die Truth (13.2.1938) in groot opskrifte geskryf het "... but despite all this Australian glory, our name is 'mud'. We'll never get over disallowing Lavery's world record. ... It was an appaling example of officiousness," het die Australiese Amateuratletiek-vereniging bekend gemaak dat hulle nie van plan was om met mnr. Ira Emery te onderhandel in verband met die besluit van die skeidsregter nie.[60] Die baanskeidsregter se

---

56) Telegraph, Sydney. 14.2.1938.

57) Telegraph, Sydney. 16.2.1938.

58) Telegraph, Sydney. 14.2.1938.

59) Morning Herald, Sydney. 15.2.1938.

60) Telegraph, Sydney. 15.2.1938.

besluit is gehandhaaf en Lavery was sy wêreldrekord kwyt. Die bewyse van die stukkies watte is as geldig aanvaar om windsterkte te skat!

### 4.1.10 Marathon

Op die "Ascanius", op pad na Sydney, het Johannes Coleman en Jackie Gibson hul dae omgehardloop op die skip se dek. In Australië het hulle oor die 100 myl per week afgelê (18-26 myl per dag) terwyl hulle Sondae "gerus" het deur 10 myl te stap.[61)]

Die marathon het op Maandag 7 Februarie 1938 plaasgevind. Die Saterdag voor die veeleisende wedloop het 'n koerantman die snuf in die neus gekry dat alles nie pluis was nie. Mnr. Ira Emery het dr. Keith Kirkland ingeroep om na Johannes Coleman te kyk. Coleman het las gehad van 'n seer keel asook 'n verkoue. Terwyl Coleman die Sondag alleen in die Springbokke se woonkwartier deurgebring het, lees hy die berig in 'n koerant dat die Engelse marathonkampioen, A.J. Norris, spesiaal sy vrou na Australië laat kom het om te sien hoe hy die marathon gaan wen. Dit was die grootste motivering wat Coleman ooit kon ontvang. Net daar het hy besluit dat hý die marathon gaan wen en niemand anders nie.

Die Maandag het Coleman, danksy die intensiewe versorging, veel beter gevoel en om 14h30 het hy saam met Jackie Gibson by die afsitter aangemeld. Australië is verteenwoordig deur R.J. Crossley, A. Hayes, E.E. Jolly, W.H. Liddle, J. Patterson en J. Wood. Kanada se inskrywings was J. Bartlett, L. Longman,

---

61) Telegraph, Sydney. 27.1.1938.

R. Rankine en W. Young. A.J. Norris en D. McNab Robertson het Engeland en Skotland onderskeidelik verteenwoordig. Trinidad se N.E.C. Stanford was ook daar.

Nadat die atlete twee rondes om die baan afgelê het, is hulle deur die hoofhek na "Driver Avenue". Vyf van die vyftien atlet het in 1936 aan die Olimpiese Marathon in Berlyn deelgeneem. Van die klomp het J. Bartlett verreweg die meeste ondervinding gehad, en heel gepas was dit ook hy wat die groepie uit die stadion gelei het. Na die eerste myl was dit Jackie Gibson wat die pas aangegee het. Na twee myl was Gibson nog steeds voor met Coleman 50 tree agter hom, en die bondel, gelei deur Bartlett, weer op 'n veilige afstand agter Coleman.

By die eerste kontrolepunt (5 myl) het Johannes Coleman die agterstand tot 25 tree laat krimp. Geeneen van die twee het egter verversings ingeneem nie. Tydens hul klim teen "Arncliff Hill" op die "Prince's Highway", het Gibson vir Coleman kort op sy hakke gehad. Toe hulle deur "Rockdale" gaan, was die twee kop aan kop. Hier was L. Longman twee minute agter die twee Springbokke met die res van die deelnemers oor 'n redelike groot afstand versprei.

Die kwaai pas van die twee Suid-Afrikaners het spoedig sy tol geëis. A. Hayes van Australië was eerste om die handdoek in te gooi, en dit na net agt myl! Kort daarna het Stanford ook uit die wedloop verdwyn, met die verskoning dat hy verdwaal het. 'n Spysverteringsteuring het W.H. Liddle genoodsaak om 'n halfmy na sy spanmaat se uittrede dieselfde te doen.

By die 10 myl-kontrolepunt was Coleman en Gibson nog steeds bymekaar. Hul tyd was 54:32. Dit was slegs een minuut buite die Nieu-Suid-Wallis baanrekord vir daardie afstand. Op 'n

stadium moes die polisie ingryp om sowat honderd entoesiaste op fietse te verwilder.

Na 13½ myl was dit Norris wat die derde plek ingeneem het. Sowat vier minute voor hom het die twee Springbokke en boesemvriende nog steeds voorgeloop. Dit was vanaf die 14de myl dat Coleman die voortou begin neem het. Na 15 myl het hy 'n veilige voorsprong opgebou en steeds enige vorm van verversings geweier. Gibson het darem 'n slukkie water en 'n nat spons aanvaar.

By "Ramsgate", langs die "Botany Bay", was Coleman 200 tree voor Gibson. Norris het alles uitgehaal om die gaping tussen hom en Gibson te laat krimp sodat hy op die "General Holmes Drive" die tweede plek ingeneem het. Gibson het nou vir die eerste keer tekens van vermoeidheid begin toon. McNab Robertson het op hierdie stadium vir Longman vervang in die vierde posisie.

Na 20 myl en met die wind van voor, het Coleman nog met dieselfde kragtige pas gehardloop as waarmee hy weggespring het. Dit was hier waar hy 'n botteltjie gliserien van mnr. Emery ontvang het. Dit was die enigste tipe verversing wat Coleman oor die hele roete van 26 myl 385 tree gebruik het. Coleman se tyd vir die 20 myl was 1:53:46 en hy het net geglimlag toe hy Norris se vrou met 'n glas lemoensap sien staan. Norris was op hierdie stadium 'n driekwart myl agter Coleman met Gibson weer 'n 100 tree agter hom.

In "Botany Road" het 'n verkeersopeenhoping sake vir die atlete bemoeilik. Coleman se oorwinning was egter 'n uitgemaakte saak. In "Gardener's Road" het Norris 'n entjie gestap en dit het Coleman se voorsprong nog verder vergroot. By die 25 myl kontrolepunt was hy sewe minute voor Norris. Tussen Norris en Gibson was hier een minuut verskil.

Coleman se verskyning in die stadion is met 'n oorverdowende applous begroet. Dit het vir die volle verpligte ronde van 300 tree om die baan geduur. Oudergewoonte het Coleman die ronde al wuifend afgelê. Alhoewel natgesweet het Coleman nog verbasend fiks en sterk daaruit gesien.[62)]

Die Australiërs het so op Coleman toegesak dat sy spanmaats nie naby hom kon kom nie. Daar was voldoende rede vir hierdie opgewondenheid. Coleman se tyd van 2:30:49,8 was 'n nuwe Rykspelerekord wat 20 jaar lank sou staan. Dit was ook 'n nuwe Australiese rekord. Die ou Australiese rekord is in 1928 deur Rowley Bateman opgestel met 'n tyd van 2:45:51,4. Coleman se tyd was ook net 1:30,6 stadiger as Kitei Son (Japan) se Olimpies rekord van twee jaar tevore. Was dit nie vir die wind en gebre aan kompetisie oor die laaste helfte van die marathon nie, dan was die wêreldrekord beslis in gevaar.[63)]

Die eerste vier atlete se posisies en tye op verskillende punte van die marathon was as volg :

| | | |
|---|---|---|
| 5 myl | Gibson | 26:31 |
| | Coleman | 26:40 |
| | Longman | 27:06 |
| | Wood | 27:30 |
| 6, 5 myl | Gibson | 34:25 |
| | Coleman | 34:28 |
| | Longman | 35:27 |
| | Stanford | 36:13 |

62) Morning Herald, Sydney. 8.2.1938.

63) Telegraph, Sydney. 8.2.1938.

| | | |
|---|---|---|
| 10 myl | Gibson | 54:32 |
| | Coleman | 54:32,2 |
| | Longman | 56:31 |
| | Norris | 56:47 |
| 13 myl | Coleman & Gibson | 1:40:22 |
| | Norris | 1:44:29 |
| | Longman | 1:45:51 |
| 15 myl | Coleman | 1:23:58 |
| | Gibson | 1:24:28 |
| | Norris | 1:26:23 |
| | Longman | 1:29:14 |
| 20 myl | Coleman | 1:53:46 |
| | Norris | 1:57:13 |
| | Gibson | 1:57:32 |
| | McNab Robertson | 2:01:18 |

26 myl 385 tree - wenpaal (42,195 kilometer)

1. J.L. Coleman (Suid-Afrika) 2:30:49,8
2. A.J. Norris (Engeland) 2:37:51
3. H.A. Gibson (Suid-Afrika) 2:38:20
4. D. McNab Robertson (Skotland) 2:42:40
5. J. Bartlett (Kanada) 2:50:21
6. L. Longman (Kanada) 2:54:54
7. W. Young (Kanada) 2:59:05
8. J. Wood (Australië) 3:12:50

Blykbaar was bogenoemde agt atlete die enigstes wat die marathon voltooi het. Dit mag te wyte wees aan die moordende pas wat di twee Suid-Afrikaners vanaf die begin gehandhaaf het,[64] en die uitputtende weer.

### 4.1.11 Hoogspring

Die uitslag was :

1. E.T. Thacker (Suid-Afrika) 6 voet $5\frac{1}{8}$ duim (1,959 meter) Spelerekord
2. R. Heffernan (Australië) 6 voet 2 duim (1,88 meter)
3. D.F. Shetliffe (Australië) 6 voet 2 duim (1,88 meter)
4. P.L. Tancred (Australië) 6 voet 1¼ duim (1,86 meter)
5. J.L. Newman (Engeland) 6 voet 1¼ duim (1,86 meter)
6. J. Haley (Kanada) 6 voet 1¼ duim[65] (1,86 meter)

Thacker, wat terloops ook die titelhouer en rekordhouer was, het drie mislukte pogings op 6 voet $6\frac{3}{8}$ duim gehad, die hoogte van di Australiese rekord. Dit was laat die namiddag, die lig was al baie swak en telkens het Thacker die dwarslat rakelings afgestam Sy naaste opponente het op 6 voet 2 duim uitgesak. Thacker het sukses behaal op die volgende hoogtes :

6 voet $3\frac{1}{8}$ duim, 6 voet $4\frac{1}{8}$ duim en 6 voet $5\frac{1}{8}$ duim.[66]

---

64) Labor Daily, Sydney. 8.2.1938.

65) Sun, Sydney. 6.2.1938.

66) Referee, Sydney. 10.2.1938.

### 4.1.12 Paalspring

In die paalspring was dit nog 'n Suid-Afrikaner wat nog 'n goue medalje met nog 'n rekord verower het. Die ou Rykspelerekord van S. Apps (Kanada) het gestaan op 12 voet 9 duim terwyl die Australiese rekord op 13 voet 3¼ duim gestaan het. Andries du Plessis slaan dus beide rekords met sy wenhoogte van 13 voet 5¾ duim.

Die uitslag was :

1. A.S. du Plessis (Suid-Afrika) 13 voet 5¾ duim (4,11 meter) Rykspele- en Australiese rekord.
2. L.A. Fletcher (Australië) 13 voet 0¼ duim (3,97 meter)
3. S. Frid (Kanada) 12 voet 9 duim (3,886 meter)
4. F.R. Webster (Engeland) 12 voet 9 duim (3,886 meter)
5. E.J. Winter (Australië) 12 voet 9 duim (3,886 meter)
6. J.M. Barratt (Rhodesië) 12 voet 4½ duim[67] (3,77 meter)

### 4.1.13 Gewigstoot

Alhoewel Louis Fouché ook 'n goue medalje in een van die veldnommers verower het, kon hy egter nie soos sy ander spanmaats daarin slaag om 'n nuwe Spelerekord op te stel nie. Harry Hart van Suid-Afrika se rekord het veilig op 48 voet 1¾ duim bly staan.

---

67) Sun, Sydney. 14.2.1938.

Die uitslag was :

1. L.A. Fouché (Suid-Afrika) 47 voet 6 duim (14,48 meter)
2. E. Coy (Kanada) 45 voet $9\frac{5}{8}$ duim (13,96 meter)
3. F. Drew (Australië) 45 voet $3\frac{3}{8}$ duim (13,80 meter)
4. W.C. Plummer (Australië) 44 voet $5\frac{5}{8}$ duim (13,546 meter)
5. H.B. Wilson (Australië) 43 voet $3\frac{5}{8}$ duim (13,186 meter)
6. W.R. McKenzie (Australië) 42 voet 1¼ duim[68] (12,846 meter

Louis Fouché was ongelukkig om die Donderdag voor sy kompetisie wat op Saterdag 12 Februarie beslis sou word, sy regterwysvinger te beseer. Dit het gebeur terwyl hy met 'n sestienpondgewig gespeel het. Fouché het die gewig sowat 15 voet die lug ingegooi en toe met die regterhand gevang. Ook sy regterskouer het hom effens las gegee, sodat hy nie sy beste kon lewer nie.[69]

Fouché was van die begin af die gunsteling om die titel te wen. Dit kan toegeskryf word aan sy oefengooie van 50 voet. Voor die Spele het hy ook gereeld verder as die Australiese rekord van 49 voet 5 duim gestoot. Amptelik het hy by 'n geleentheid laasgenoemde rekord na 49 voet 9½ duim verbeter.[70] Interessant om te weet, wyle Louis Fouché was die vader van die trampolinespringbok, Chantal Fouché. Dit terloops.

---

68) Sun, Sydney. 12.2.1938.
69) Labor Daily, Sydney. 9.2.1938.
70) Telegraph, Sydney. 4.2.1938.

4.1.14 Spiesgooi, dames.

Antonio Robertson, ook "Toni" deur haar vriende genoem, was die Suid-Afrikaanse rekordhouer in spiesgooi met 'n afstand van 129 voet. In haar oefengooie het sy al 135 voet gehaal. Dit het haar 'n groot gunsteling om die Rykspeletitel gemaak. Die Britse Ryksrekord op daardie stadium het slegs op 105 voet 7¼ duim gestaan. Dit is in 1934 in Londen opgestel deur mej. G. Lunn.[71] Die Australiese rekord het op 117 voet 7¼ duim gestaan.

Die uitslag was :

1. R. Higgins (Kanada) 127 voet 7¼ duim (38,895 meter) Rykspele- en Australiese rekord.
2. A.H. Robertson (Suid-Afrika) 121 voet 4 duim (36,98 meter)
3. G.A. Lunn (Engeland) 119 voet 5½ duim (36,41 meter)
4. M.J. Mitchell (Nieu-Seeland) 118 voet 0 $\frac{5}{8}$ duim (35,972 meter)[72]

4.1.15 Opsomming

Die atletiekafdeling van die Spele het inderdaad suksesvol afgeloop vir die Springbokke. Altesaam 60 atletiekrekords is binne vier dae geslaan.[73] Van die 28 baannommers is 22 Britse Ryksrekords geslaan en een geëwenaar. In 17 nommers is Australiese rekords geslaan terwyl Lavery se "Wêreldrekord" die enigste was.[74]

---

71) Labor Daily, Sydney. 11.1.1938.

72) Morning Herald, Sydney. 11.2.1938.

73) Referee, Sydney. 17.2.1938.

74) Globe, Melbourne. 10.2.1938.

Op die finale dag van die Spele is die Suid-Afrikaanse vlag neg keer gehys. 'n Australiër het later verontwaardig en hardop uitgeroep: "Blimy, haven't they got any other kind of flag here?"[75) ] Hierdie roemryke prestasie sou Suid-Afrika se atlet moeilik weer kon nadoen.

## 4.2 Fietsry

Terwyl Henri Binneman uitsluitlik in die langer afstande uitgeblink het, was Sid Rose die kampioen in die korter afstande. Rose was die Suid-Afrikaanse kampioen vanaf die kwartmyl tot die tien myl-nommers, alhoewel nie op dieselfde tydstip nie.[76)]

### 4.2.1 1000 meter tydtoets

Die 1000 meter tydtoets is op Henson Park beslis. Om hierdie afstand te voltooi moes die jaers twee rondes en 67 tree aflê. Altesaam 14 deelnemers afkomstig van Engeland, Kanada, Suid-Afrika, Nieu-Seeland, Indië en Australië het deelgeneem. 'n Baie sterk wind het sake bemoeilik wanneer die agterste pylvak aangedurf is; desnieteenstaande is die ou Statebondsrekord verbeter. Die ou rekord het agter Duncan Gray van Australië se naam gestaan. Sy tyd van 1:16,4 het hy tydens die vorige Rykspele (1934) in Manchester, die plek waar die fietsrykompetisie gehou is, opgestel. Die wind het egter die fietsryers van 'n nuwe Australiese rekord weerhou. Laasgenoemde het op 1:12,9 gestaan.

---

75) Walker, N.S. Plakboek.

76) Vogt, Will H., comp. Championships and Official Records. Kaapstad, 1955, pp. 49-50.

Elke jaer het slegs een poging oor hierdie afstand gehad. Die volgorde is deur loting bepaal.[77] Jaers het gepoog om hul vinnigste tye aan te teken. Die volledige uitslag is as volg :

1. R. Porter (Australië) 1:15,2 Statebondsrekord
2. T. Johnson (Australië) 1:15,7
3. E.V. Mills (Engeland) 1:15,9
4. W.W. Maxfield (Engeland) 1:16,3
5. E.L. Gray (Australië) 1:16,5
6. R.E. Ulmer (Nieu-Seeland) 1:16,6
7. R. Taylor (Nieu-Seeland) 1:16,7
8. R. Hicks (Engeland) 1:16,9
9. M. Robinson (Kanada) 1:17,7
10. S.R. Giles (Nieu-Seeland) 1:17,8
11. S. Rose (Suid-Afrika) 1:18,8
12. I. Lampard (Kanada) 1:18,9
13. H. Binneman (Suid-Afrika) 1:20,8
14. J. Dass (Indië) 1:22,6[78]

4.2.2 1000 meter naelry

Uitdunne; Sesde uitdun -

1. M.W. Maxfield (Engeland)
2. S. Rose (Suid-Afrika)

Maxfield wen met 'n halwe lengte. Sy tyd oor die laaste 220 tree was 12,4 sek.

---

77) Morning Herald, Sydney. 9.2.1938.

78) Telegraph, Sydney. 9.2.1938.

Repechage; Tweede uitdun -

1. R. Porter (Australië)
2. I. Lampard (Kanada)
3. S. Rose (Suid-Afrika)

Porter wen met drie lengtes. Sy tyd oor die laaste 220 tree was 12,5 sek.

Finaal - Sid Rose eindig 11de en Henri Binneman 13de.[79)]

4.2.3 10 myl

Hierdie nommer is in die aand afgehandel. Dit was 'n stadige, maar gebeurtenisvolle nommer met Rose wat hard probeer het om verby Hicks van Engeland te kom. Sid Rose het egter met 'n lengte agterstand in die derde plek geëindig. Hicks het hom slegs met 'n wiellengte geklop.[80)]

Die finale uitslag was :

1. W. Maxfield (Engeland) 24:24
2. R. Hicks (Engeland)
3. S. Rose (Suid-Afrika)
4. - Ashby (Australië) [81)]

---

79) Sun, Sydney. 10.2.1938.
80) Morning Herald, Sydney. 9.2.1938.
81) Telegraph, Sydney. 9.2.1938.

### 4.2.4 100 kilometer padwedren

Hierdie item is vir die eerste keer op die Rykspele aangebied. Die baan of roete het 15 rondes om 'n 8-vormige baan van 100 kilometer (62,14 myl) beslaan. Die roete het 15 heuwels en drie baie skerp draaie ingesluit. Vaardigheid, uithouvermoë en krag sou tot die uiterste beproef word. Daar was ook vier herstelpunte sowat 'n halfmyl vanmekaar.[82)]

Sid Rose het in die tweede ronde las met sy fietsketting gehad met die gevolg dat hy ná die tweede ronde 'n 300 tree agterstand gehad het. Die agterstand het Rose egter na 'n ronde uitgewis sodat hy na die derde ronde die pas aangegee het. In die agtste ronde was Binneman, Jones, Yuille, Mills, Robinson, Brown en Triner die voorlopers. Hul tyd oor agt rondes was 1:30:4; oor nege rondes 1:40:21 en oor tien rondes 1:52:32. Binneman het sy voorsprong behou tot die einde toe.

Die finale uitslag was :

1. H. Binneman (Suid-Afrika) 2:53:29,6
2. J. Brown (Nieu-Seeland)
3. R. Jones (Engeland)
4. E.V. Mills (Engeland)
5. M. Robinson (Kanada)
6. F. Hines (Australië)
7. R.S. Triner (Nieu-Seeland)

Binneman se oorwinning was baie gewild onder die skare, veral omdat hy oor die grootste deel van die wedren die voortou geneem het. Die Springbok het sy naaste teenstander met 'n halwe wiel

---

82) Referee, Sydney. 10.2.1938.

geklop. Die tye van die eerste en tweede rondes was 11:18 en 11:15 onderskeidelik.[83] Dit was veral die Britse paar wat vir die sterkste mededinging gesorg het.[84]

Binneman se sukses word daaraan toegeskryf dat hy van die heuwel gebruik gemaak het om sy teenstanders, veral die Britse span, se moed te breek. Telkens, voor 'n lang bult, het Binneman 'n moordende pas aangesit.

Aanvanklik het Binneman se posisie in die span aan 'n dun draadjie gehang, want vyf weke voor die span se vertrek het hy sy linkerarm in 'n fratsongeluk gebreek. Die besering het egter spoedig herstel en Binneman was sy insluiting in die span waardig. Volgens Binneman was Sydney se baan moeiliker as die een in die Berlynse Olimpiese Spele waar hy 11de geëindig het.[85]

## 4.3 Swem

Van die vier swemmers wat in 1938 in die span ingesluit is, was dit net Molly Ryde wat al voorheen aan 'n Spele deelgeneem het. In 1936 was daar geen swemmers in die span na die Olimpiese Spele ingesluit nie terwyl mej. Ryde in 1934 aan die Britse Rykspele in Londen deelgeneem het.

---

83) Sun, Sydney. 12.2.1938.

84) Sun, Sydney. 13.2.1938.

85) Globe, Melbourne. 10.2.1938.

4.3.1 110 tree vryslag

Mans:

Die uitdunne is op 7 Februarie 1938 beslis en die finaal twee dae later.

Tweede uitdun -

1. R. Pirie (Kanada) 60,8 sek. Rykspelerekord
2. T. Collard (Suid-Afrika) 61,4 sek.
3. F. Dove (Engeland) 61,8 sek.
4. P. Hannan (Nieu-Seeland) 62,4 sek.

Pirie klop Collard met twee tree.[86)]

Finaal -

1. R. Pirie (Kanada) 59,6 sek. Spelerekord
2. T. Collard (Suid-Afrika) 60,8 sek.
3. W. Fleming (Australië) 61,0 sek.
4. P.W. Spence (Brits-Guiana) 61,2 sek.[87)]

Dit was Collard se beste tyd van sy loopbaan. Hy het met 'n goeie eindpoging voor die dag gekom en oor die laaste 25 tree goed ingehaal op Pirie.[88)]

Dames:

In die damesafdeling het Molly Ryde aan die uitdunne deelgeneem.

---

86) Telegraph, Sydney. 8.2.1938.

87) Labor Daily, Sydney. 10.2.1938.

88) Morning Herald, Sydney. 10.2.1938.

Tweede uitdun -

1. D.J. Green (Australië) 1:11,4
2. D. Lyon (Kanada) 1:11,6
3. Z. Grant (Engeland) 1:12,6
4. M. Ryde (Suid-Afrika) 1:13,4 [89)]

Die tyd van Molly Ryde in die tweede uitdun, soos aangegee deur die Telegraph (8.2.1938), is blykbaar nie korrek nie. Twee ander bronne maak melding van 1:13,0 as haar tyd, naamlik die Labor Daily (8.2.1938) en mnr. Alex Bulley (persoonlike korrespondensie, 15.7.1975).

Die dames wat vir die finaal gekwalifiseer het, was Phyllis Dewa en Dorothy Lyon van Kanada, E. de Lacy en D. Green van Australië Z. Grant en E. Hughes van Engeland en Molly Ryde van Suid-Afrika.[90)] Mej. Ryde het haar egter van die finaal onttrek om haar kragte vir die 440 tree finaal te spaar.[91)]

4.3.2 220 tree borsslag, dames

Die uitslag van die finaal was as volg :

1. D. Storey (Engeland) 3:06,6 Australiese rekord
2. C. Gerke (Suid-Afrika) 3:12,1
3. J. Langdon (Kanada) 3:22,2

Storey klop die Springbok met ses tree.[92)] Besonderhede aangaande die uitdunuitslae is nie beskikbaar nie.

---

89) Telegraph, Sydney. 8.2.1938.

90) Morning Herald, Sydney. 9.2.1938.

91) Morning Herald, Sydney. 10.2.1938.

92) Sun, Sydney. 6.2.1938.

4.3.3 300 tree wisselaflos, dames

Suid-Afrika se deelnemers aan die 300 tree wisselaflos was mejj. Holmes (rugslag), Gerke (borsslag) en Ryde (vryslag).

Die uitslag[93] was :

1. Engeland 3:57,7 Rykspelerekord
2. Suid-Afrika 4:07,5
3. Australië
4. Kanada

4.3.4 440 tree vryslag

Dames:

Die 440 tree vir dames was ook 'n nuwe nommer op die Rykspeleprogram. Die uitdunne het op 7 Februarie plaasgevind met Molly Ryde as Suid-Afrika se enigste inskrywing.

Eerste uitdun -

1. M.K. Jeffery (Engeland) 5:43,2
2. D. Hobson (Kanada) 5:48,6
3. M. Ryde (Suid-Afrika) 5:49,8
4. M. Steele (Australië) 5:53,2 [94]

---

93) Morning Herald, Sydney. 14.2.1938.

94) Telegraph, Sydney. 8.2.1938.

Finaal -

1. D.J. Green (Australië) 5:39,7 Rykspelerekord
2. M.K. Jeffery (Engeland) 5:40,2
3. M. Leydon (Nieu-Seeland) 5:42,0
4. D. Hobson (Kanada) 5:47,0
5. M. Ryde (Suid-Afrika)
6. M. Steele (Australië)
7. P. Dewar (Kanada) [95]

Molly Ryde se tyd was 5:51,4 [96]

Mans:

In die 440 tree vryslag vir mans kon Terry Collard nie daarin slaag om te kwalifiseer nie. Die uitslag van sy uitdun was :

Tweede uitdun -

1. N. Wainwright (Engeland) 5:05,7
2. J. Devlin (Kanada)
3. N.P. Ryan (Australië)
4. T. Collard (Suid-Afrika)

Wainwright wen met 10 tree. [97] Terry Collard se tyd in die vierde posisie was 5:19,9. [98]

Die Springbokswemmers onderskei hul dus deur uit die stryd te tree met drie silwermedaljes.

---

95) Labor Daily, Sydney. 10.2.1938.
96) Bulley, Alex. Persoonlike korrespondensie. 15.7.1975.
97) Sun, Sydney. 6.2.1938.
98) Bulley, Alex. op. cit.

## 4.4 Boks

Alhoewel nie een van die boksers al voorheen aan 'n Spele deelgeneem het nie, is daar nogtans hoë verwagtinge van hulle gekoester. Die verwagtinge is gebaseer op Suid-Afrika se roemryke boksreputasie.

### 4.4.1 Vlieggewig (tot 112 pond of 50,802 kilogram*)

In die uitdungeveg het J. Joubert van Suid-Afrika met T. Law van Australië afgereken. Law het die geveg hoogs aggresief begin en met sy linkers het hy die Suid-Afrikaner aanvanklik op die verdediging geplaas. Toe Joubert egter sy voete vind, het hy met ewe aggresiewe dubbelvuis-aanvalle begin. Dit het meegebring dat die Australiër swaar straf begin verduur het. Die eerste ronde is as gevolg daarvan aan Joubert toegeken.

Ook die tweede ronde was 'n nagmerrie vir Law. Die Suid-Afrikaner het sy opponent 'n paar keer in die knyp gehad met sy kragtige regterswaaihoue. Omdat Law oormatige straf moes verduur, het mnr. Sid Sherrin, die skeidsregter, dit gerade geag om die geveg te staak en Joubert as die wenner aan te wys. Alhoewel die Springbok een pond ligter was, was hy verreweg te sterk en ervare vir sy opponent.[99)]

---

99) Referee, Sydney. 10.2.1938.

* Die massa in die Engelse maat vir die boks en stoei is aangehaal uit die notule van die Fondsinsamelingskomitee- en Raadsvergadering, 23.11.1953, p. 3. Die metrieke maat kom uit "Rules of the Game", pp. 46, 49.

Joubert se tweede geveg, in die semi-finale ronde, het hy met punte gewen. Sy teenstander was H. Sheridan van Nieu-Seeland. Die geveg het redelik gelykop verloop, hoewel die Suid-Afrikane met groter akkuraatheid geboks het.[100] Dit was veral in die eerste twee rondes waar Joubert sy slag getoon het, maar hy het sterk teenstand in die derde ronde ontvang.[101]

In die finale geveg het Joubert teen J. Gagnon van Kanada te staan gekom. Die twee boksers het 'n hoogs opwindende vertoni gelewer. In die eerste ronde was Joubert vir 'n paar sekondes teen die planke, terwyl die tweede ronde hul gevind het waar hulle mekaar vierkantig staan en moker het. So ook die derde ronde. Albei se gesigte was bedek met bloed. Joubert, wat die skoonste geboks het, is as die wenner aangewys.[102]

Die finale vlieggewiguitslag was :

1. J. Joubert (Suid-Afrika)
2. J. Gagnon (Kanada)
3. H. Cameron (Skotland) [103]

4.4.2 Bantamgewig (119 pond of 53,524 kilogram)

In die eliminerende ronde het H. Knoesen teen W. Brade van Kanada te staan gekom. Die geveg was deurgaans 'n taai stryd. Knoesen was die meer beweeglike bokser terwyl Brade oor 'n netjiese linkerhaakhou beskik het. Die eerste ronde het dan oo aan die Kanadees gegaan. Die tweede ronde was Knoesen s'n en hy het ook gesorg dat hy ook die derde ronde inpalm. Hy wen

---

100) Labor Daily, Sydney. 8.2.1938.

101) Morning Herald, Sydney. 8.2.1938.

102) Labor Daily, Sydney. 11.2.1938.

103) Telegraph, Sydney. 11.2.1938.

dus 'n baie gelykop stryd met punte.[104]

Die derde en finale geveg was teen W.H. Butler van Engeland. Die Britse kampioen het die oninteressante geveg met punte gewen. Die finale bantamgewiguitslag was :

1. W.H. Butler (Engeland)
2. H. Knoesen (Suid-Afrika)
3. J.B. Dillion (Australië) [105]

### 4.4.3 Veergewig (126 pond of 57,153 kilogram)

B.D. Worrall is in sy eerste geveg uitgeskakel toe hy met punte teen A.W. Henricus van Ceylon verloor het. Henricus was 'n lang bokser met 'n wye radius wat ook Worrall se grootste bekommernis was. Dit het die Ceylonnees in staat gestel om 'n voorsprong in punte teen die bonkige, aggressiewe Suid-Afrikaner op te bou.

Vir twee rondes kon Worrall weliswaar daarin slaag om sy opponent op die verdediging te hou, maar die laaste ronde was oortuigend in die Ceylonnees se guns. Worrall moes waarskynlik meer op sy opponent se lyf gekonsentreer het.[106] Sy strategie was verkeerd en dit het hom die onderspit laat delf.

### 4.4.4 Weltergewig (148 pond of 66,678 kilogram)

In J. Hahn se eerste geveg is hy met punte deur A. Tsirindanis van Rhodesië geklop. Aanvanklik wou dit voorkom asof Hahn die geveg sou kon wen, maar die skeidsregter het anders besluit.[107]

---

104) Referee, Sydney. 10.2.1938.

105) Telegraph, Sydney. 11.2.1938.

106) Referee, Sydney. 10.2.1938.

107) Labor Daily, Sydney. 8.2.1938.

Die uitslag was ten gunste van die Rhodesiër ten spyte daarvan dat Hahn elke ronde met netjiese linkersteekhoue en linkerhaakhoue gewen het.[108] Maar die skeidsregter se beslissing is finaal, en in die gees van sport moet dit as regverdig gereken word.

4.4.5 Ligswaargewig (178 pond of 79,378 kilogram)

In die semi-finaal het Nick Wolmarans vir J. Wilby van Engeland met punte geklop. Drie rondes lank het die twee gelykop gebok. Die Brit het geensins geswig onder die swaar straf nie, maar Wolmarans het die oorwinning behaal deurdat hy te uitgeslape, te sterk en te aggressief was.[109]

In die finaal het C. Overall van Australië te laat besef dat sy regterhoue skade kon aanrig. Het die Australiër vanuit die staanspoor meer daarvan gebruik gemaak, kon hy moontlik gewen het. Wolmarans se mokerhoue het aan sy opponent benoude oomblikke besorg. Toe Overall in die derde ronde met regterhoue begin inklim het, was dit al te laat om met punte te wen.[110]

Die finale plasing in die ligswaargewigafdeling was :

1. N. Wolmarans (Suid-Afrika)
2. C. Overall (Australië)
3. J. Wilby (Engeland) [111]

---

108) Referee, Sydney. 10.2.1938.

109) Referee, Sydney. 10.2.1938.

110) Labor Daily, Sydney. 11.2.1938.

111) Telegraph, Sydney. 11.2.1938.

4.4.6 Swaargewig (178 pond of 79,378 kilogram en meer)

Nadat Claude Sterley sy teenstander, R.W. Whithell van Nieu-Seeland, met 'n uitklophou (linkerswaaihou) in die eerste ronde uitgeslaan het,[112)] verloor hy die daaropvolgende geveg teen T. Osborne van Kanada. Die trae en verbeeldinglose geveg het op 'n punte-oorwinning vir die Kanadees uitgeloop.[113)] Sterley het swaar geleef en dit was duidelik dat die Kanadees die geveg sou wen.[114)]

Die finale uitslag in die swaargewigafdeling was :

1. T. Osborne (Kanada)
2. C.B. Sterley (Suid-Afrika)
3. L. Haley (Australië) [115)]

Suid-Afrika verower dus twee goue en twee silwermedaljes teenoor die een goue, twee silwer- en een bronsmedalje van 1934.

## 4.5 Stoei

By beide die voorafgaande twee Rykspele het Suid-Afrika se verteenwoordigers medaljes in stoei verower. In 1938 is die stoeispan die eerste keer vergroot. Die Suid-Afrikaanse stoeistandaard kon dus nou meer objektief beoordeel word.

---

112) Referee, Sydney. 10.2.1938.

113) Telegraph, Sydney. 11.2.1938.

114) Labor Daily, Sydney. 11.2.1938.

115) Telegraph, Sydney. 11.2.1938.

4.5.1 Liggewig (147½ pond of 68 kilogram)

A.C. Harding se eerste geveg was teen R.E. Gerrard van Australië. Gerrard klop die Springbok met punte na 'n taai stryd. Gerrard se wangbeen is vroeg in die geveg beseer en het lastig gebloei. Nadat hy die eerste ronde met punte gewen het, het Gerrard tevergeefs probeer om in die tweede ronde 'n val aan te teken.[116)]

In die derde geveg is Harding weer eens geklop, hierdie keer deur V.L. Thomas van Nieu-Seeland.[117)] Die finale uitslag in die liggewigafdeling was dus as volg :

1. R. Gerrard (Australië)
2. V.L. Thomas (Nieu-Seeland)
3. A. Harding (Suid-Afrika) [118)]

4.5.2 Weltergewig (160½ pond of 74 kilogram)

In die tweede geveg van hierdie afdeling klop Felix Stander sy opponent, J. Podjursky van Nieu-Seeland, met 'n val na 7 minute 4½ sekondes. Podjursky moes na die geveg hospitaalbehandeling ontvang vir 'n beseerde regterknieskyf.[119)]

Volgens die Telegraph (9.2.1938) is die val aangeteken 7 minute 41,5 sekondes na aanvang van die geveg.

Ongelukkig vir Stander misluk hy in die finale geveg om die titel te verower deur met punte teen T. Trevaskis van Australië te verloor.

---

116) Referee, Sydney. 10.2.1938.

117) Morning Herald, Sydney. 8.2.1938.

118) Telegraph, Sydney. 11.2.1938.

119) Morning Herald, Sydney. 9.2.1938.

Die finale uitslag :

1. T. Trevaskis (Australië)
2. F. Stander (Suid-Afrika)
3. J. Pdjursky (Nieu-Seeland) [120]

4.5.3 Middelgewig (174 pond of 82 kilogram)

In sy eerste geveg op die toernooi, 8 Februarie, klop P. Sheasby die Britse kampioen L. Jeffers, met punte. Sheasby wen ook sy tweede geveg teen T. Hardwick van Australië met 'n val na 6 minute 10 sekondes. In die derde geveg teken Sheasby weer eens 'n val teen Godfrey van Nieu-Seeland aan, eers na 14 minute 28 sekondes.[121] In hierdie geveg het Godfrey onverwagte teenstand gekry. Nadat Godfrey 'n aanmerklike puntevoorsprong opgebou het, het Sheasby 32 sekondes voor die einde van die geveg skielik 'n val teen Godfrey aangeteken.

In die finaal het die middelgewigtitel tussen T. Evans (die titelhouer) van Kanada en P. Sheasby gelê. Laasgenoemde het duidelik meer selfvertroue getoon as Evans.[122] Na 'n taai stryd moes Sheasby die geveg aan die Kanadees afstaan.[123]

Die finale middelgewiguitslag was :

1. T. Evans (Kanada)
2. P. Sheasby (Suid-Afrika)
3. L. Jeffers (Engeland) [124]

---

120) Telegraph, Sydney. 11.2.1938.

121) Telegraph, Sydney. 9.2.1938.

122) Morning Herald, Sydney. 9.2.1938.

123) Labor Daily, Sydney. 11.2.1938.

124) Telegraph, Sydney. 11.2.1938.

### 4.5.4 Ligswaargewig (191 pond of 90 kilogram)

Sid Greenspan se eerste geveg was teen T. Anderson van Nieu-Seeland. Greenspan het die geveg in die eerste ronde met 'n val gewen. Die tweede geveg teen T. Ward van Skotland het Greenspan ook met punte gewen.[125)]

In die finaal het Eddie Scarf van Australië die ligswaargewig-titel ingepalm deur met Greenspan af te reken. Scarf was te sterk vir die Springbok en het die geveg reg van die begin af oorheers. Hy het die Suid-Afrikaner se linkerskouer ook gedeeltelik ontwrig met 'n dubbele gewrigklem. Nadat 'n val na 2 minute 57 sekondes teen hom aangeteken is, het Greenspan die kryt met groot pyn verlaat.[126)]

Die finale uitslag was :

1. E. Scarf (Australië)
2. S. Greenspan (Suid-Afrika)
3. T. Ward (Skotland) [127)]

Die stoeiers bou dus voort op die goeie reputasie deurdat almal met 'n medalje huiswaarts kon keer.

### 4.6 Rolbal

Die rolbaltoernooi het op Waverley plaasgevind. Dit het oor drie dae gestrek.

---

125) Sun, Sydney. 9.2.1938.

126) Labor Daily, Sydney. 11.2.1938.

127) Telegraph, Sydney. 11.2.1938.

### 4.6.1 Enkelspel

In die eerste ronde op die eerste dag van die toernooi het Horace Harvey van Suid-Afrika sy Britse teenstander, T. Hills, met 25-11 verslaan. Op dieselfde dag, in die tweede ronde, klop Harvey vir D. Bourne van Rhodesië met 25-17.[128)]

Op die tweede dag is die derde en vierde rondes afgehandel. Harvey sit sy segetog voort deur W. Clarke van Ierland in die derde ronde met 25-14 te klop. Die middag het die Suid-Afrikaner ook met F. Livingstone van Nieu-Seeland afgereken, die telling was 26-19.[129)] Hierdie wedstryd was 'n skouspelagtige vertoning. Albei spelers was tot voor hierdie kragmeting onoorwonne en dit was duidelik dat die wenner ook die wenner van die enkelspeltoernooi sou wees. Horace Harvey het vroeg in die wedstryd die leiding geneem, maar het later skynbaar belangstelling in die wedstryd begin verloor. Die Springbok het hom egter betyds reggeruk en die wedstryd met 26-19 gewen. In die vyfde en laaste ronde het Harvey met Low van Australië klaargespeel om sodoende die Statebond se enkelspelkampioen te word.[130)]

### 4.6.2 Parespel

Suid-Afrika is in die parespel verteenwoordig deur D.A. Adamson en J.R. Appleford. In hul wedstryd op die eerste dag en in die eerste ronde, klop hulle die Skotse paar, A. Templeton en J.B. McAlpine met 36-8. Die middag, in die tweede ronde, klop Suid-

---

128) Labor Daily, Sydney. 8.2.1938.

129) Telegraph, Sydney. 9.2.1938.

130) Morning Herald, Sydney. 9.2.1938.

Afrika ook die Australiese paar, P. Hutton en H. Mildren met 28-19.[131)]

Op die tweede dag is die derde en vierde rondes afgehandel. Nieu-Seeland klop Suid-Afrika met 24-13 in die tweede ronde. Nieu-Seeland se parespelers was L. Macey en W. Denison. Die middag wen Suid-Afrika die vierde ronde teen Fiji met 21-17.[132)]

In die vyfde ronde op die derde dag verras Engeland Suid-Afrika met 'n onverwagte oorwinning. Die Britse paar het bestaan uit S. Jones en R. Weeks. Suid-Afrika se nederlaag het Nieu-Seeland bo-aan die kompetisie geplaas met 'n totaal van vier oorwinnings. Suid-Afrika en Australië moes uitspeel om die tweede plek. Alhoewel die uitslag 12 elk was, is die tweede plek aan Australië toegeken, en het Suid-Afrika die bronsmedalje verower.[133)]

### 4.6.3 Viertal

In die eerste ronde klop Suid-Afrika se viertal, bestaande uit N.S. Walker (skipper), F. Stevenson, T. Samson en J. Donaldson, die vierspan van Kanada met 21-13. Kanada is verteenwoordig deur A.S. Reid, J. Fleming, R. Adam en R. Gray.

Die middag verloor Suid-Afrika die tweede ronde teen T. Kinder, H.F. Murray, A. Murray en C.H. McNeil van Australië met 25-18.[134)]

---

131) Labor Daily, Sydney. 8.2.1938.

132) Telegraph, Sydney. 9.2.1938.

133) Walker, N.S. Plakboek.

134) Labor Daily, Sydney. 8.2.1938.

Die derde ronde (tweede dag) het weer suksesvol verloop toe Suid-Afrika vir Engeland (E.J. Shuttle, J.G. Cuthbert, E. Tappenden en G. Hiscock) met 29-22 verslaan. Die vierde ronde is die middag beslis waar Suid-Afrika met 17-16 oor Nieu-Seeland geseëvier het.[135] Die Nieu-Seelandse span het bestaan uit W. Whittaker, H.A. Robertson, E. Jury en W. Bremmer. 'n Berig in Snowy Walker se plakboek gee die telling teen Nieu-Seeland as 16 elk aan. Dit word ook bevestig deur die Morning Herald van 9.2.1938. Die finale uitslag was egter dat Suid-Afrika tweede agter Nieu-Seeland geëindig het.[136]

Saamgevat beteken dit dat Suid-Afrika op die derde Rykspele-rolbaltoernooi 'n goue, silwer- en bronsmedalje verower het.

## 5 SAMEVATTING

Die insident wat tydens die Spele groot publisiteit ontlok het, was die tweede "onderonsie" met Noel Stanford. Nadat hy in die ses mylitem in 'n voorval met 'n Springbok betrokke was, het die Negerstudent van Trinidad een aand in die Springbokke se woonkwartier die telefoon gebruik. Die ander telefone elders was beset. Soos dit die Springbokke se gewoonte was, draai hulle toe weer die musiek vol oop sodat die persoon in die telefoonhokkie se gehoor belemmer kon word. Selfs mnr. Emery, die spanbestuurder, is aan hierdie poets onderwerp. Stanford het hom vererg en deur die dun afskorting geskreeu dat die Suid-Afrikaners

---

135) Telegraph, Sydney. 9.2.1938.

136) Bolsover, Godfrey R., comp. When South Africa played in Empire Games. Bowls, 7:6, January 1976, p. 14.

die lawaai moes staak. Die versoek het egter op dowe ore geval. Toe dit nie help nie, het Stanford 'n paar knope gelos en teen die afskorting geskop. Teen die afskorting het 'n hangkas gestaan met breekbare aandenkings en selfs haarolie daarop. As gevolg van die skop het die hangkas omgeval sodat van die aandenkings beskadig is en die bottel haarolie flenters op een van die Springbokke se splinternuwe pak klere beland het.

Een van die Suid-Afrikaners het hierop vir Stanford bygedam en hom 'n klap in die gesig gegee. Stanford het hom vinnig uit die voete gemaak.

Later die aand het drie Suid-Afrikaners vanaf hul woonkwartier na die eetsaal gestap. Twee van die drie se name is bekend, nl. Jackie Gibson en Wally Hayward. Op pad daarheen het Stanford hulle onder die klippe gesteek. Een klip het Wally Hayward teen die arm getref.

Mnr. Ira Emery het in sy persverklaring gesê dat die pers aan die hele aangeleentheid gans te veel publisiteit gegee het. Mnr. Emery se standpunt is gesteun deur die Kanadese spanbestuurder, mnr. M.M. Robinson. Volgens mnr. Emery het die spanlede hul afsydig gehou waar Nie-Blankes in die nabyheid was, maar wanneer Nie-Blankesportlui besoek aan die Suid-Afrikaanse woonkwartiere afgelê het, het die Springbokke hulle met die grootste hoflikheid behandel. Selfs handtekeninge en aandenkings is dan uitgeruil.[137] 'n Senior polisieman het ook verklaar dat geen amptelike verslag met betrekking tot insidente in die Speledorpie ingedien is nie. Daar was egter 'n nie-amptelike verslag

---

137) Herald, Melbourne. 17.2.1938.

ingedien nadat 'n Trinidad-atleet deur 'n Suid-Afrikaner geslaan is. Die saak is egter opgelos nadat apologie deur beide kante aangeteken is en 'n handdruk die seël op die versoening geplaas het.[138] Dis van die vroegste rasse-insidente bekend in Suid-Afrikaanse sport.

Wat die Suid-Afrikaanse span se prestasies op die Spele betref, kan, op die basis van titeloorwinnings, die volgende vergelyking met ander lande getref word. In atletiek het Kanada 8 goue medaljes of titels verower, Suid-Afrika 6, Australië 6, Engeland 3, Nieu-Seeland 3 en Wallis 1.

In die boksafdeling het Suid-Afrika en Engeland voorgeloop met twee titeloorwinnings elk, terwyl Australië, Kanada, Ceylon en Wallis elk een verower het.

In die rolbal het Nieu-Seeland twee en Suid-Afrika een gebuit.

In die fietsry het Australië twee, Suid-Afrika en Engeland elk een titel gewen.

In die roei-, swem- en stoeiafdelings het Suid-Afrika geen titels verower nie. Suid-Afrika het egter die hoogste gemiddelde persentasie oorwinnings behaal wanneer dit relatief gemeet word, m.a.w. wanneer die deelnemertal in aanmerking gebring word. Australië het wel die meeste punte (132 punte) op die 3:2:1-basis behaal, maar hulle het ook oor die grootste span, naamlik 151

---

138) Sun, Sydney. 16.2.1938.

lede, beskik. Suid-Afrika se persentasie oorwinnings, volgens 'n Sydneyse koerant, was 39,25% teenoor die 15,8% van Australië.[139]

Uit die 35 deelnemers was daar net vier wat nie een of ander tyd op die wennersverhoog beland het nie.

Suid-Afrika se medaljewenners was soos volg :

GOUD:

Mej. B. Burke (80 meter hekkies)
Mnre. T. Lavery (120 tree hekkies)
L. Fouché (gewigstoot)
A.S. du Plessis (paalspring)
E. Thacker (hoogspring)
J. Coleman (marathon)
H. Binneman (100 kilometer fietsry)
J. Joubert (vlieggewig, boks)
N. Wolmarans (ligswaargewig, boks)
H. Harvey (enkelspel, rolbal)

SILWER:

Mejj. A. Robertson (spiesgooi)
C. Gerke (220 tree borsslag)
M. Ryde, C. Gerke, H. Holmes } 300 tree wisselaflos, swem
Mnre. T. Collard (110 tree vryslag)
H. Knoesen (bantamgewig, boks)
C. Sterley (swaargewig, boks)

---

139) Telegraph, Sydney. 14.2.1938.

S. Greenspan (ligswaargewig, stoei)

P. Sheasby (middelgewig, stoei)

F. Stander (weltergewig, stoei)

| | |
|---|---|
| N.S. Walker<br>F. Stevenson<br>T.H. Samson<br>J.G. Donaldson | viertal, rolbal |

BRONS:

Mnre. H.A. Gibson (marathon)

D. Shore (440 tree)

S. Rose (10 myl fietsry)

W. Hayward (6 myl)

A. Harding (liggewig, stoei)

| | |
|---|---|
| A. Adamson<br>J.R. Appleford | parespel, rolbal |

Op die terugreis het daar 'n noemenswaardige petalje aan boord die Themistocles plaasgevind. Terwyl die Springbokspan eersteklas gereis het, was daar in die derdeklas 'n groep danseresse, die "Marcus Girls" genoem. Die derdeklaspassasiers, en andersom, is volgens skeepsregulasies nie in die eersteklas toegelaat nie. Dis die rede waarom mnr. Marcus die Springbokke verlof geweier het om die dames te besoek.

Een aand betrap mnr. Ira Emery vir Denis Shore waar hy op die dek, digby die kant, vir lewe op dood aan 'n tou vasklou. Die vry punt van die tou het tot in die see gehang. Toe mnr. Emery plotseling aan Denis vra of hy 'n groot vis aan die tou beet het, skrik Shore so groot dat hy die tou, en sy buit, laat skiet. Louis Fouché, wat aan die onderste punt van die tou vas was en al hangende met die Marcus-meisies deur hulle kajuitvenster

gesels het, moes hom plotseling in die koue see bevind.

Fouché kan hom gelukkig ag dat die tou bo aan die reling geanker was. Hy is hierna boontoe gehys. Die skeepskaptein het agter na die vergunning gemaak dat die danseresse en die Springbokke mekaar mag besoek,[140)] onder toesig natuurlik.

Vir Suid-Afrika was die besoek aan die 1938 Rykspele 'n grootse sege. Die addisionele bestuurders en afrigters wat vir die onderskeie sportsoorte saamgestuur is, het help sorg vir goeie beheer, voorbereiding en motivering. Die sukses wat op hierdie Spele behaal is, het ongetwyfeld gedien om sportlui aan te spoor tot verdere hoogtes. Maar toe breek die Wêreldoorlog uit wat duur van 1939 tot 1946. Die Rykspele van 1942 en 1946 is nooit gehou nie weens die oorlog. Eers na die oorlog is weer voortgegaan om die Spele aan te bied, maar in 'n ander politieke klimaat.

---

140) Emery, Ira. Springbokke van die Olimpiade. Johannesburg 1956, pp. 130-131.

# HOOFSTUK VI

## DIE VIERDE RYKSPELE - AUCKLAND, 1950

In 'n brief, gedateer 20 Oktober 1947, het die voorsitter van die Britse Rykspele Federasie 'n vergadering belê wat kort voor die Olimpiese Spele van 1948 gehou sou word. Die hoofdoel van die vergadering was om 'n gasheer vir die vierde Britse Rykspele aan te wys.[1)]

Dit sou die eerste Rykspele na die Tweede Wêreldoorlog wees. Die oorlog het wel die reeks onderbreek, maar gedien om die gees te versterk. Tydens die Olimpiese Spele van 1948 in Londen het die Statebondslande eenparig besluit dat die Britse Rykspele-reeks moes voortgaan.[2)]

In Suid-Afrika het die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging, adv. Reg. Honey na ontvangs van bogenoemde brief die vraag voor 'n Raadsvergadering gelê of Suid-Afrika moes aanbied om die vierde Britse Rykspele aan te bied. Volgens adv. Honey was Johannesburg die enigste stad wat so iets sou kon finansier, maar die Goudstad het nie oor die nodige fasiliteite beskik nie. Kapt. G. Twomey het ook die vergadering se aandag op die rassekwessie gevestig. Die Statebondspele was uiteraard 'n veelrassige sportfees en dit was twyfelagtig of die Unie van Suid-Afrika met sy tradisionele benadering van gestrenge rasseskeiding, so 'n byeenkoms sou kon

---

1) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 15.12.1947, pp. 1-2.

2) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 12.

herberg. Na bespreking is daar besluit om nie vir die Spele aansoek te doen nie. Die eer het Nieu-Seeland te beurt geval.[3)]

In 1948 het Suid-Afrika ook 'n voorstel ingedien dat die Rykspeleprogram uitgebrei moes word. Daar is byvoorbeeld voorgestel dat skyfskiet tot die program toegevoeg moes word. Die antwoord van mnr. Evan Hunter, sekretaris van die Britse Rykspele Federasie, was dat daar nie soveel lande binne die Britse Ryk by die Spele betrek word as wat die geval by die Olimpiese Spele is nie. Om slegs 'n paar sportmanne by 'n oorvloed items te hê, sou die tyd en energie van die organiseerders verspil. Voorkeur moet liefs aan 'n beperkte program gegee word wat 'n aksievolle week sou kon waarborg.[4)] Die status quo is dus gehandhaaf.

## 1 FINANSIES

In Maart 1949 het dit tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee aan die lig gekom dat die verteenwoordiging van Suid-Afrika op die vierde Rykspele in die weegskaal was. Volgens adv. Reg. Honey, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging, was die gebrek aan finansies die rede hiervoor. Die Suid-Afrikaanse Regering sowel as die geaffilieerde sportbeheerliggame sou van die situasie verwittig word.

---

3) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 15.12.1947, pp. 1-2.

4) Emery Ira. Persoonlike korrespondensie met Evan Hunter, 20.2.1948.

Die enigste ligpunt op hierdie stadium was die £1,500 wat die Nieu-Seelandse Rykspelevereniging in Suid-Afrika en Rhodesië se fondse gestort het.[5)]

Twee weke later het die Uitvoerende Komitee weer byeengekom om onder andere die fondsinsamelingpoging te bespreek. Volgens mnr. Honey het mnr. Reg. Haswell, besturende Direkteur van die White City- en Wembly-stadions, belowe dat indien die sportklubs van Suid-Transvaal sou ooreenkom om een of ander aand 'n simposium oor sport te reël, hy met die reëlings daarvoor sou help. Die wins uit hierdie onderneming sou in sy geheel aan die fondskas van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging oorbetaal word. Die vergadering was gretig om van mnr. Haswell se aanbod gebruik te maak. Daar sou aan al die verskillende provinsiale verenigings in Suid-Transvaal geskryf word om 'n vergadering te belê waar 'n program vir al die sportsoorte opgestel kon word. Die verslag van die vergadering moes dan aan mnr. Haswell oorhandig word vir die finale koördinering en organisasie. Daar is ook voorgestel dat die ander provinsies dieselfde kon doen.

Die Uitvoerende Komitee het ooreengekom, ná 'n voorstel van mnr. Honey, dat die Administrateur van Transvaal genader moes word ter verkryging van 'n datum vir perdewedrenne. Hierdie wedrenbyeenkoms moes ten bate van die fondsinsameling gehou word. Dr. J.F. Verceuil het aangebied om die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Administrasie te nader in verband hiermee.[6)]

---

5) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 28.3.1949, p. 2.

6) Ibid., Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 11.4.1949, p. 1.

Nadat die Administrateur van Transvaal ingestem het dat 'n datum gevind en aan die "Associated Racing Clubs of Transvaal" voorgelê kon word, is die "Associated Racing Club" en die Jokkie-klub hiervan in kennis gestel.[7)]

Verdere voorstelle is ingedien, soos byvoorbeeld dat die Transvaalse Rugbyvereniging en die Transvaalse Sokkervereniging genader moes word oor die moontlikheid dat 'n provinsiale wedstryd ten bate van die fonds gereël kon word. Alhoewel die verenigings per skrywe genader sou word, het mnr. Jan F. Botha* twyfel uitgespreek of die konstitusie van die Suid-Afrikaanse Rugby-unie so iets sou sanksioneer.

Die voorstel is ook gemaak dat mnr. John Schlesinger van die "African Theatre Group" genader moes word om 'n teater gratis beskikbaar te stel vir die vertoon van die film "For the Glory of Sport." Dié aand se opbrengs moes dan aan die Spelefonds gaan.

Mnr. S. Suzman het ook voorgestel dat daar, indien moontlik, 'n rugbytoernooi tussen die verskillende Suid-Afrikaanse Universiteite op Ellispark aangebied moes word. Dit sou baie toeskouers lok met die gevolg dat die fondse van die Spelevereniging aansienlik baat hierby sou vind.

---

7) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 22.4.1949, p. 4.

* Die latere Sekretaris van Sport en Ontspanning, tans reeds oorlede.

Voorts het mnr. Suzman voorgestel dat die Randse Landbouvereniging genader moes word. Hierdie liggaam sou gevra word om 'n perdespringkompetisie te reël ooreenkomstig die standaardprogram van die Olimpiese Spele. Dan moes die Inanda-klub ook gevra word om 'n polowedstryd ten bate van die fonds te hou. Mnr. Suzman het ook die moontlikheid van 'n vuurwerkvertoning geopper.

Mnr. Abe Getz, assistent-sekretaris van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging, het voorgestel dat, waar daar geen provinsiale Speleverenigings bestaan het nie, die burgemeester van die hoofstad van die provinsie genader moes word om 'n vergadering van sportbeheerliggame byeen te roep om pogings vir fondsinsameling te bespreek. 'n Komitee wat vir die fondsinsameling verantwoordelik sou wees, moes dan ook gestig word. Gunstige reaksie is al teen 22 April 1949 van Bloemfontein, Port Elizabeth en Oos-Londen ontvang.[8)]

Elke burgemeester in die groot stede moes ook gepols word oor 'n straatkollekte ten bate van die Spelefonds. Die fondsinsamelingskomitees moes maandeliks verslag lewer van hul vordering.

Uit Pretoria het mnr. J. Nico Visser verslag gelewer dat hy op eie houtjie 'n subkomitee vir fondsinsameling gestig het. Mnr. Jan F. Botha (Nasionale Adviseur vir Liggaamlike Opvoedkunde), Adv. Danie Joubert (Voorsitter van die Noord-Transvaalse Amateuratletiekvereniging), kapt. C.J. Rootman (Voorsitter van die Pretoria- en distriksboksvereniging), mnr. E.O. Wegner (Voor-

---

8) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 22.4.1949, p. 4.

sitter van die Noord-Transvaalse Swemvereniging) en adv. G. Viljoen (Voorsitter van die Suid-Afrikaanse gewigoptelunie) is almal deur mnr. Nico Visser genader en hulle het hulle heelhartige steun belowe.

Hierdie subkomitee van mnr. Nico Visser is erken deur die Olimpiese liggaam en was by magte om addisionele lede te werf. Alle geld ingesamel, moes egter in die Spelefonds gestort word en daarby moes die nuutgestigte komitee 'n maandelikse verslag van hul bedrywighede indien.[9] Hierdie subkomitee was amptelik bekend as die Noord-Transvaalse Olimpiese en Rykspele-vereniging vir Fondsinsameling. Na hulle eerste vergadering het die bestuur as volg daaruit gesien: Adv. D.J. Joubert (voorsitter), mnr. E.O. Wegner (vise-voorsitter), mnr. J. Nico Visser (sekretaris/tesourier) met die here J.F. Botha en adv. G. Viljoen as addisionele lede. Mnre. A. Getz, R.A. Bloemink en dr. Ernest Jokl sou ook diens aan die komitee lewer.[10]

Dr. J. Verceuil het bekend gemaak dat op die 25ste Mei 'n stoeitoernooi in Pretoria gehou sou word en die wins daaruit sou via die Suid-Afrikaanse Stoeivereniging aan die Spelefonds uitbetaal word.

'n Voorstel is ontvang van 'n onbekende persoon van Johannesburg m.b.t. 'n nasionale motorraaikompetisie. Die publiek moes die aantal myle wat die kompetisiemotor al geloop het, kon raai.[11]

---

9) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 11.4.1949, pp. 2-3.

10) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 22.4.1949, p. 4.

11) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 11.4.1949, p. 4.

Mnr. Brodrick sou die skema vir die kompetisie opstel.[12)]

Tydens 'n Raadsvergadering (22.4.1949) van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging het mnr. R.L. Adkins, verteenwoordiger van die Natalse Olimpiese en Rykspele-vereniging, die Raad meegedeel dat die Natallers hul mikpunt op £2,500 gestel het. 'n Bedrag van £250 sou op daardie tydstip aan die nasionale liggaam uitbetaal word.

Mnr. E. Loydell het op hierdie vergadering voorgestel dat 'n lys van alle sportklubs in die Unie van Suid-Afrika gemaak moes word en dat 'n donasie dan van elkeen aangevra moes word.

Die 15de Mei is ook voorgestel as die datum vir 'n sportbyeenkoms wat in die Wembly-stadion aangebied sou word. Die program sou uit atletiek, boks en stoei bestaan. Die polisiestudente van die Pretoriase Polisiekollege het ingewillig om 'n vertoning te lewer,[13)] alles natuurlik ten behoewe van die Spelefonds.

Na 'n skenking van £500 deur die Transvaalse Broueryvereniging, het die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging se bankbalans op 27 Mei 1949 op £754.4.0 gestaan. Hierdie skenking van die Brouerye was die grootste wat toe tot op datum deur 'n individuele instansie geskenk is.[14)]

---

12) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 22.4.1949, p. 5.

13) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 22.4.1949, pp. 3, 5.

14) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 27.5.1949, pp. 2, 5.

Die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging het besluit dat die naam van die vereniging onder geen omstandighede aan enige lotery of iets dergliks gekoppel mag word nie.

Ter verdere fondsinsameling sou die Uitvoerende Komitee ook kontak maak met liggame soos die motorindustrie, Kamer van Koophandel, die effektebeurs, ens. Daarbenewens het die Komitee ook voorgestel dat 'n besoldigde kollektant aangestel moes word om die fondsinsameling by Johannesburgse firmas te behartig. In Johannesburg sou daar vir die periode Junie/Julie geen straatkollektes gehou kon word nie, aangesien die kollektes vir poliosorg prioriteit geniet het.[15)]

Mnr. A. Taylor, president van die Transvaalse Swemunie, het 'n boek met loterykaartjies vir goedkeuring voor die Olimpiese liggaam gelê. Die doel was om sekere ware deur middel van lotery van die hand te sit en die opbrengs in die Spelefonds te stort. Mnre. Taylor en Honey sou die Polisie-owerhede in verband hiermee kontak ten einde die wetsaspekte te ondersoek.[16)]

Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging het voorstelle ontvang dat elke geaffilieerde sportbeheerliggaam die onkostes van sy nominasies self moes dra. Dit is egter nie goedgekeur nie omdat dit teenstrydig met die konstitusie sou wees. Dit sou ook die bestaan van die Nasionale Olimpiese liggaam nutteloos maak. Kragtens die konstitusie moes alle

---

15) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 9.6.1949, p. 2.

16) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 22.7.1949, p. 5.

ingesamelde finansies en donasies in 'n gemeenskaplike fonds gestort word waaruit die span se onkoste dan betaal word.

Mnr. S. Suzman het ook voorgestel dat 'n sportmankollekte onmiddellik van stapel gestuur moes word. Alle industriële en handelsfirmas moes gekontak word om 'n donasie van 1/- per personeellid aan te vra. Die versoek sou in albei landstale op spesiale vorms gedruk word en aan elke geaffilieerde sportbeheerliggaam uitgedeel word. Die lede en sportmanne van die onderskeie sportliggame sal dan as kollektante optree. Elkeen sou byvoorbeeld tien vorms kry om te kollekteer. Dit het meegebring dat daar sowat 10,000 vorms vir 1000 sportmanne gedruk sou moes word. Mnr. Suzman het aangebied om vir die drukkoste te betaal. Mnr. Ira Emery, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging, het verklaar dat hierdie stelsel alreeds in die Kaap van toepassing was.

Teen Augustus 1949 is die volgende donasies al in ontvangs geneem:

| | |
|---|---|
| £100.00.00 | van die Boksburgse Stadsraad (indien die Administrateur sy toestemming verleen) |
| £ 50.00.00 | van Nigel se Stadsraad |
| £ 25.00.00 | van die "Midget Car Racing Association", Johannesburg |
| £ 5. 5.00 | Barclay's Bank, Troystraat, Johannesburg |
| £ 10.10.00 | Garnisoen Ontspanningsklub, Witwatersrand Kommando |
| £ 5. 5.00 | Johannesburg Harriersklub.[17)] |

---

17) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 29.8.1949, pp. 3-4.

Na die eerste week van November het die sekretaris, mnr. Ira Emery, op 'n Raadsvergadering van die Olimpiese Komitee bekend gemaak dat meer as 9,000 kollektebriewe na geaffilieerde sportbeheerliggame en provinsiale Olimpiese en Rykspele-verenigings uitgestuur is.

Mnr. Emery het die voorspelling gewaag dat meer as £3,000 net in Johannesburg d.m.v. hierdie metode ingesamel sou word.

Mnr. W.A. Lindeque het namens die O.V.S. se Olimpiese en Rykspele-vereniging gerapporteer dat tot op datum 'n bedrag van £360 gekollekteer was terwyl nog meer verwag word. Namens Noord-Transvaal het mnr. J. Nico Visser verslag gedoen dat £250 alreeds ingesamel was en dat hy 'n verdere £100 kon waarborg. Die Noord-Transvaalse Amateuratletiekvereniging het ook 'n £350 beloof. Met die tennistoernooi, waaraan vyf van die ses Springbokke sou deelneem, asook 'n swemgala deur die polisie georganiseer, het mnr. Visser sy visier op 'n bedrag van oor die £1000 gestel.

Mnr. H. Atkinson, verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging, het 'n bedrag van £2,000 vir die einde van Oktober 1949 belowe. Hulle uiteindelike doelwit was £2,500.

Terwyl daar op hierdie stadium nog geen reaksie vanuit Griekwaland-wes ontvang is nie, het die Westelike Provinsie al 250 kollektelyste versprei. Terwyl pogings nog aangewend word, het ook hulle nie 'n finansiële verslag kon instuur nie.

Die Oostelike Provinsie het al £457 ingesamel en die verwagting was om voor die einde van daardie maand, d.w.s. November, 'n verdere £100 in te samel. Vanuit Oos-Londen is geen amptelike verslag ontvang nie, alhoewel hulle nie-amptelik laat blyk het

dat hulle £1000 verwag.

Mnr. C. Harris het namens die Suid-Afrikaanse Swemunie gesê dat hulle £2000 verwag. Die Suid-Afrikaanse Gewigoptelunie het volgens mnr. C.J. van der Walt al £100 gekollekteer en 'n verdere £100 gewaarborg, voor die einde van November. Die Suid-Afrikaanse Stoeivereniging het alreeds £100 in die Spelefonds gestort en verwag 'n verdere £150. Die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging het ook hul verwagting van £350 bekend gemaak. Mnr. W.E. Marsh het namens die Suid-Afrikaanse Roeiunie £100 oorhandig en gesê dat hulle nie tot veel meer in staat sou wees nie.

Die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging het laat weet dat, soos dit in die verlede die gebruik was, die lede van die rolbalspan na Auckland op hul vereniging se onkoste sou reis. Hiervoor moes die vereniging £3,000 insamel. Alle geaffilieerde rolbalklubs het hulle volle steun belowe.

Die Vierde Veldregiment van Potchefstroom het ook 'n bedrag van £26.1.6 geskenk.[18)]

Die Uitvoerende Komitee van die S.A. Olimpiese en Rykspelevereniging het op 14 November 1949 weer eens vergader om die vervoer en finansies van die Rykspelespan te bespreek. Die sekretaris, mnr. Emery, het aan die komitee bekend gemaak dat dit £650 per spanlid sou kos om na Auckland te gaan. Die versoek is beklemtoon dat alle geaffilieerde sportbeheerliggame asook

---

18) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 7.11.1949, pp. 2-5.

alle provinsiale Olimpiese en Rykspele-verenigings 'n laaste wanhoopspoging moes aanwend om verdere fondse in te samel sodat 'n span van 20 deelnemers en 2 beamptes gestuur sou kon word. Verdere addisionele bydraes kon nog tot 1 Desember 1949 ingehandig word.

Die sekretaris is ook deur die vergadering versoek om 'n bedankingsbrief aan mnr. Eric Sturgess en sy span te skryf wat aan Saterdag 12 November se tennistoernooi in Pretoria deelgeneem het. Die toernooi is gehou ten behoewe van die Spelefonds.[19)]

Op 'n Raadsvergadering op 5 Desember 1949 het die sekretaris aangekondig dat goeie vordering gemaak is. 'n Bedrag van £16,000 was reeds ingesamel en dit laat die Speleveremiging toe om 'n span van 21 lede plus twee beamptes saam te stel. Die voorsitter het egter teleurstellende nuus gehad. Die Uitvoerende Komitee, wat vroeër dieselfde middag vergader het, het besluit om £1000 as neseier agter te hou. Dit sou verhoed dat daar weer sulke groot skuld gemaak word as met die 1948 Olimpiese Spele. Teen £650 per deelnemer sou £15,000 voldoende wees om 'n span van 21 deelnemers en 2 beamptes na Auckland te stuur. Hierdie besluit van die Uitvoerende Komitee het sterk reaksie uitgelok.

Mnr. J.N. Visser, S.A. Stoeivereniging, het aangedring dat al die beskikbare fondse gebruik moes word om die maksimum aantal deelnemers oorsee te stuur. Dit was tog waarvoor die geld ingesamel was. Mnre. C.B. Scholtz (W.P.) en W.H. Vogt (SAAAFV) het mnr. Visser ondersteun.

---

19) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 14.11.1949, p. 2.

Mnr. Reg. Honey, gesteun deur mnr. B.C. Sims, het volgehou dat die 1948-les 'n dure les was. Sou die Olimpiese vereniging nie so baie skuld gehad het nie, kon die 1950-span met 'n Regeringsfregat na Nieu-Seeland gereis het. Die voorwaarde wat aan hulle gestel was, was om £8,000 onmiddellik neer te lê en daartoe was die Olimpiese vereniging nie in staat nie. Ook mnr. E. Loydell (W.P.) het die terughou van 'n £1000 gesteun. Volgens hom moes dit vir administratiewe doeleindes gebruik word.

Mnr. R.L. Adkins (Natal) het 'n kompromie probeer uitwerk. Hy het voorgestel dat die £1000 vir spandoeleindes aangewend word, maar dat daar voortgegaan moes word met fondsinsameling ten einde die administratiewe kostes te dek. Volgens mnr. Emery kos dit die Spelevereniging sowat £450 per jaar om te funksioneer. Mnr. Vogt het die voorstel gesteun dat die fondsinsameling vir 'n verdere ses weke voortgesit moes word en dat die administratiewe onkostes dan daaruit gedek moes word. Die mosie is verder gesekondeer met 'n addisionele bydrae van £200 deur Natal.

Dit het die Raad voor 'n verdere probleem geplaas: watter sport moes deur die addisionele donasie verteenwoordig word? Die mosie dat 'n ekstra atleet gekies moes word, is met 14 stemme teenoor 8 verslaan. Mnr. M. Cadle (roei-verteenwoordiger) het voorgestel dat daar met die oog op verdere fondsinsameling, drie reserwes op 'n merietebasis gekies moes word. Mnr. Cadle se voorstel is met 19 stemme teenoor 7 verslaan. Die oorwegende rede hiervoor was dat omrede die finansies so 'n kwesbare punt was, al die sportbeheerliggame hul nominasies so laag as moontlik gehou het en almal aanvaar is. Daar was dus geen reserwes nie.

Ook mnr. Vogt se pogings om drie fietsryers in die span ingesluit te kry, het misluk. Adv. M.A. van Hulsteyn het namens die Suid-Afrikaanse Skermvereniging voorgestel dat Douglas Barber as skermer gekies moes word. Mnr. Barber het baie goed met die Britse skermers vergelyk.

Mnr. J.N. Visser het namens die Suid-Afrikaanse Stoeiunie die Raad se aandag daarop gevestig dat geen Kaapprovinsienominasie aanvaar is nie. Hy het voorgestel dat Blondie Pienaar, die nommer vier stoeier, in die span ingesluit moes word sodat die moederprovinsie ook verteenwoordiging kon geniet. Mnr. E. Loydell het hierop geantwoord dat die doel moes wees om die sterkste moontlike span te stuur en nie om alle provinsies verteenwoordiging te gee nie.[20] Hiermee is uiteindelik volstaan.

Op 29 Desember 1949, het mnr. Reg. Honey die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging se finansiële posisie op 'n Spesiale Raadsvergadering bekend gemaak. Die vereniging se kontantbedrag in die bank was £12,427. 'n Verdere £3,260 is belowe, saamgestel uit die volgende :

| | |
|---|---|
| Benoni Munisipaliteit .......................... | £ 100.00.00 |
| W.P. Olimpiese en Rykspele-vereniging ........... | £ 60.00.00 |
| S.A. Amateurboksvereniging ..................... | £2,600.00.00 |
| Suid-Transvaal Amateuratletiekvereniging ....... | £ 500.00.00 |
| | £3,260.00.00 |

20) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 5.12.1949, pp. 2-5.

Dit bring die groottotaal op £15,687. By die vorige Raadsvergadering het die vereniging oor £16,000 beskik, maar die jaar se administratiewe onkostes het die bedrag met £500 verminder.

Mnr. P. Herbstein, die Suid-Afrikaanse Swemunie se verteenwoordiger op die Spesiale Raadsvergadering, het opgestaan om weer eens te pleit vir die stuur van meer sportmanne. Mnr. Herbstein het aan die Raad gesê dat hy vanaf Kaapstad gereis het om sy saak te kom stel, naamlik dat alle genomineerdes sover moontlik aanvaar moes word. Mnr. Herbstein het ook gesê dat hy bewus is dat die finansies die spangrootte bepaal, maar hy wou nogtans hê dat die nominasielys oopgehou moes word sodat die groots moontlike aantal verteenwoordigers gestuur kon word. Volgens mnr. Herbstein het die sportmanne en -vroue baie opgeoffer en moes hulle 'n regmatige geleentheid gegun word om Springbokkleure te verkry. Hierdie geleentheid moes hulle nie om tegniese of konstitusionele redes ontneem word nie. Volgens hom was daar mense wat bereid was om addisionele inskrywings te borg. Mnr. Herbstein het ook gesê dat al sou al die nominasies gestuur word, dit nog nie 'n regmatige verteenwoordiging sou wees nie.

Ten slotte het hy voorgestel dat die Konstitusie verander moes word op die basis dat 80% van die bedrae deur die sportbeheerliggame ingesamel, gebruik moes word om hulle onderskeie nominasies te borg. Die 20% balans moes dan in die algemene kas gestort word.

Mnr. E.P. Shore (Natal) het namens sy vereniging simpatie betoon teenoor genomineerdes wat weens ontoereikende fondse nie gekies was nie, maar terselfdertyd ook gesê dat hulle voel dat die gedagte van individuele inskrywings ten strengste afgekeur moes word. Alle nominasies moes deur die onderskeie geaffilieerde sportbeheerliggame gaan. Mnr. Shore het afgesluit met die

voorstel dat, indien verdere fondse bekom kon word, die Raad addisionele inskrywings moes oorweeg.

Mnr. C.K. Friedlander, van die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging, het in beginsel die opmerkings van mnr. Herbstein gesteun. Mnr. Friedlander het ook beklemtoon dat slegs inskrywings van sportbeheerliggame en nie van individuele klubs oorweeg moes word. Volgens hom het die Atletiekliggame vir 'n £3,000-bydrae gesorg. Hy was egter van mening dat indien 'n beroep op individuele persone gemaak sou word, daar 'n styging in die fondse sou geskied. Hy het ten slotte voorgestel dat sportbeheerliggame wat nòg nominasies wou indien, dit self finansier voor 31 Desember 1949. Die voorstel is gesekondeer deur mnre. Herbstein en Danie Joubert.

Mnr. C. Harris, Suid-Afrikaanse Swemunie, het ook gewaarsku dat 'n gevaarlike presedent geskep kon word indien mnr. Friedlander se voorstel aanvaar sou word. Mnr. Harris het die aanvaarding van verdere nominasies beveg omrede alle verenigings kennis gedra het dat die span op die 5de Desember gekies sou word. Hy ondersteun die gemeenskaplike skatkisstelsel.

Mnr. B.C. Sims, die trustee van die vereniging, het die vergadering meegedeel dat die teleurgestelde sportmanne die blaam op hul onderskeie sportbeheerliggame moes plaas. Mnr. Sims het mnr. Friedlander ook gekorrigeer dat die Atletiekliggame se ingesamelde bedrag nader aan £1,000 as £3,000 was.

Die voorsitter het die besprekings afgesluit met die belofte dat indien daar verdere fondse binne die daaropvolgende paar dae ingesamel sou kon word, die Komitee addisionele inskrywings sou oorweeg.[21)]

Terwyl daar op die Spesiale Raadsvergadering van 29 Desember 1949 besluit is om nie die £1,000 vir administratiewe doeleindes terug te hou nie, is 'n algemene vergadering byeengeroep om 'n addisionele spanlid te kies. Mnr. Emery het die Organiserende Komitee in Nieu-Seeland gekontak en gevra of hulle 'n addisionele inskrywing in òf boks òf stoei òf gewigoptel òf swem òf fietsry òf atletiek sou oorweeg. Die antwoord hierop was dat hulle nog 'n boksinskrywing sou aanvaar. Die boksafgevaardigdes op die algemene vergadering het dit egter baie duidelik gestel dat hulle nie daarin belangstel om 'n verdere boksnominasie te maak nie.

Mnr. J.J. Erwee, verteenwoordiger van die Nasionale Raad vir Liggaamlike Opvoedkunde, het hierop voorgestel dat mnr. J.L. Dreyer vir die veldnommers ingeskryf moes word. Die Raad het egter uit die Nieu-Seelandse kabelgram afgelei dat die atletiekprogram vir die Spele alreeds finaal opgestel was. Hierdie vergadering kon uiteindelik nie tot 'n ooreenkoms geraak oor watter addisionele inskrywing gemaak moes word nie.

Mnr. B.C. Sims (trustee) het die vergadering meegedeel dat hy in sy hoedanigheid as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging, 'n addisionele bedrag van £400 aan die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging skenk. Dit moes

---

21) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Spesiale Raadsvergadering, 29.12.1949, pp. 2-6.

vir administratiewe onkoste aangewend word. [22)]

Op hierdie stadium mag dit skyn asof daar geen werklike planmatigheid was by die insameling van fondse nie. Dit was so. Maar dit wat mense se pogings saamgebind het, was 'n gemeenskaplike idealisme en liefde vir sport, en hul bereidwilligheid om te help. Soveel mense as wat daar was, soveel pogings was daar om fondse te vind. Wat opval, is die spontaneïteit van die pogings, die rykdom aan inisiatief, die verbeeldingrykheid en kreatiwiteit. Elke bietjie het gehelp. En uiteindelik is die nodige middele gevind, sonder dat die staat die hand te diep in die sak moes steek. Private inisiatief het die deurslag gegee, in die gees van amateursport op sy beste. Die poging was geslaag.

Na afloop van die vierde Britse Rykspele, wat geduur het van 4 tot 11 Februarie 1950, het die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging op 16 Februarie die volgende finansiële verslag m.b.t. uitgawes aangegaan, bekend gemaak.

| | |
|---|---|
| Thomas Cook & Son; vir lug- en spoortariewe asook akkommodasie .......................... | £13,289. 7. 6 |
| Kapt. Rootman; Spanbestuurder se toelae vir onkoste oorsee aangegaan ...................... | £ 800. 0. 0 |
| Ward & Salmon; Span se kleding ................ | £ 634.14. 0 |
| Mnre. Gordon Douglas; Assuransie vir die span .. | £ 146.18.11 |
| Assuransie vir die Rolbalspan ................. | £ 34.13.18 |
| Bykomende onkoste ............................. | £ 66. 6. 3 |
| Totaal ... | £14,971.20. 4* |

22) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Algemene vergadering, 11.1.1950, pp. 1-2.

* Die totaal moet lees: £14972.1s.2d.

Tot op 16 Februarie het die span se onkoste op 'n bedrag van £648.10.0 per lid uitgewerk, teenoor die tender van £650 per lid.[23]

Opgawe van 1950 Springbokspan se uitgawes soos ter tafel gelê op die Algemene Jaarvergadering gehou op 19.3.1951 :

| | | |
|---|---|---|
| Uitgawes aangegaan in Suid-Afrika : ............... | | £14,446. 6. 7 |
| Lug-, spoor- en akkommodasietariewe . | £13,289. 7. 6 | |
| Kleding van span ................... | £ 635.17. 3 | |
| Vliegassuransie vir die span ........ | £ 181.12. 7 | |
| Kwarantynonkoste (De Jongh en Jooste) | £ 185.10. 0 | |
| Skeepsvervoer vir roeiboot .......... | £ 110. 9.11 | |
| Akkommodasie vir Engelbrecht ........ | £ 31. 3. 5 | |
| Koste van drie landsvlae ............ | £ 4.10. 0 | |
| Diverse uitgawes; insluitende telefoonoproepe na Nieu-Seeland ......... | £ 7.15.11 | |
| Algemene Spanbestuurder se Uitgawes aangegaan in Nieu-Seeland : ...................... | | £ 658.17. 7 |
| Sakgeld vir 23 spanlede teen 7/6 per dag vir 39 dae ...................... | £ 336. 7. 6 | |
| Onthaalonkoste, fooitjies, kruierslone, ens. ......................... | £ 101.12. 8 | |
| Masseurs, skermmaats, uitgawes vir opleiding ......................... | £ 161. 2. 5 | |
| Wasgoed ............................. | £ 21.18. 2 | |
| Kabelgramme en bankgeld ............. | £ 15.13. 3 | |
| Oordragkoste van geld ............... | £ 6. 2. 7 | |
| Diverse uitgawes; insluitend foto's, mediese onkoste, ens. ............. | £ 16. 1. 0 | [24] |
| TOTAAL .................................... | | £15,105. 4. 2 |

23) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 16.2.1950, pp. 1-2.

24) Ibid. Notule van die Algemene Jaarvergadering, 27.3.1950, p.5.

Dit is interessant om melding te maak van die Krieket- en Rugby-unies se houding teenoor die fondsinsamelingsveldtog van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Behalwe vir die Wes-Transvaalse Rugby-unie, het geeneen van die ander bogenoemde unies die Olimpiese-vereniging ondersteun nie. Die rede hiervoor was dat hulle nie professionalisme daardeur wou bevorder nie. Hierdie argument is aangevoer terwyl 75% van die krieketspelers in internasionale krieket glo professioneel was.[25)]

## 1.2 Vervoer

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee (4.1.1949) het die sekretaris, mnr. Ira Emery, verslag gelewer van die vervoermaatreëls. Die skeepsmaatskappy het vir 'n enkelkaartjie vanaf Suid-Afrika na Sydney met die "Dominion Monarch" 'n tarief van £120 gekwoteer. Met die "Arawa" sou die koste tussen £70-£110 beloop. 'n Retoerkaartjie per lug tussen Sydney en Auckland sou £50 wees. Ongelukkig was nie een van bogenoemde skepe beskikbaar nie. Die skeepsmaatskappye sou egter na April 1949 die sekretaris van verdere informasie kon voorsien.[26)]

Die alternatiewe vervoer sou per lugdiens wees. 'n Enkelkaartjie vanuit Suid-Afrika na Sydney sou £330 per persoon wees. Die B.O.A.C. het egter bekend gemaak dat ten tyde van die span se vertrek uit Suid-Afrika daar hopelik 'n direkte vlug na Sydney sou wees.

---

25) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 19.3.1951, p. 7.

26) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 4.1.1949, p. 2.

Op 11 April 1949 het die sekretaris verslag gelewer van die nuutste verwikkelinge betreffende die vervoer van die span na Auckland. Alle skeepsmaatskappye in Suid-Afrika het hulle twyfel uitgespreek of hulle die span vanaf Durban na Nieu-Seeland en terug sou kon vervoer. Die jongste inligting wat mnr. Emery vanuit Engeland ontvang het, was dat die Britse span via Panama na Nieu-Seeland sou vaar. Alle pogings sou dus aangegaan word om vas te stel of die Suid-Afrikaanse span die Engelse skip by Panama kon ontmoet.

Die Lugvaartmaatskappye kon op daardie tydstip ook geen inligting verstrek nie, aangesien geen Suid-Afrikaanse vliegtuie die roete na Nieu-Seeland bedien het nie. Dit sluit militêre vliegtuie in.[27)]

Die enigste vaste reëlings wat op daardie stadium aangegaan kon word, was met die B.O.A.C. Laasgenoemde het die volgende reisplan voorgestel, naamlik dat die span vanaf Johannesburg na Kairo moes reis teen £203.8.0 en vanaf Kairo na Auckland teen £441.0.0. Dit bring die totale bedrag per deelnemer op £647.8.0.[28)]

Die Rolbalspan, wat op eie houtjie sou reis, het plek op die "S.S. Corinthic" van die Shaw Savill Skeepvaartmaatskappy gekry. Dit is slegs die reis na Auckland en die Rolbalvereniging moes dus nog reëlings tref vir die terugreis.

Voorstelle is ook ontvang dat die Minister van Verdediging genader moes word ten einde die Weermag se vliegboot te huur.

---

27) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 11.4.1949, p. 4.

28) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 22.4.1949, p. 6.

Die Spelevereniging se grootste probleem was dat hulle nie geweet het hoe groot die span gaan wees nie. Die grootte van die span sou deur die beskikbare fondse bepaal word. Die Skeepvaartmaatskappye het 'n aantal plekbesprekings vereis alvorens enige reëlings getref kon word. Geen vae beraming was vir hulle aanvaarbaar nie.[29)]

Die Uitvoerende Komitee het op 9 Junie vergader om finaal te besluit of die span per lug of per see moes reis. Aangesien skeepsvervoer feitlik buite die kwessie was, en die B.O.A.C. 'n spesiale tarief van £580 (retoer) vanaf Johannesburg na Auckland aangebied het, het die Komitee besluit dat die span definitief per lugvervoer sou reis. Dit sou òf met militêre hulp geskied òf met die B.O.A.C.[30)]

Tydens 'n Raadsvergadering gehou op 22 Julie 1949, het dit aan die lig gekom dat die Hoof van die Generale Staf laat weet het dat die Weermag nie 'n vliegtuig tot die Spelevereniging se beskikking sou kon stel nie.

Rhodesië het ook besluit om hulle span van 17 lede met die B.O.A.C. na Nieu-Seeland te stuur. Die B.O.A.C. het voorgestel dat die Springbokspan in groepe van tien na Nieu-Seeland gestuur moes word in plaas dat 'n hele vliegtuig vir die doel gehuur word. Die reis sou vyf dae duur en die groepe kon weggestuur word algaande die geld ingesamel word. Die B.O.A.C. het 10% afslag in die retoerkoste van £647 belowe.[31)]

---

29) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 27.5.1949, p. 3.

30) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 9.6.1949, p. 2.

31) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 22.7.1949, pp. 3-4.

Aan die begin van November 1949 het die K.L.M. hulle bereid verklaar om die span teen £618 per lid te vervoer. Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging het egter besluit om liewer voorkeur aan die B.O.A.C. se aanbod van £574 per lid te gee.[32] So het dit gebeur dat die span uiteindelik na hul bestemming gevlieg het.

## 2 NOMINASIES VAN DEELNEMERS EN BEAMPTES

### 2.1 Deelnemers

#### 2.1.1 Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging :

Op 27 Mei 1949 is die nominasie van tussen 12 tot 16 mansatlete en twee of meer damesatlete ontvang. Daar is ook ses fietsryers benoem.[33]

Op 5 Desember 1949 is die name van die verkose nominasies bekend gemaak. Daar is slegs sewe atlete en geen fietsryers gekies. Die name is :

Sydney Luyt (marathon, 6 myl)
Mej. Daphne Robb (100, 220 tree)
George Lubbe (440 tree hekkies)
C.L. "Ian" de Jongh (120 tree hekkies, hoogspring)
Schalk Booysen (440, 880 tree)
Neville Price (verspring, driesprong)
Thomas Lavery (120 tree hekkies) [34]

---

32) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 7.11.1949, p. 4.

33) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 27.5.1949, p. 4.

34) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 5.12.1949, pp. 5-6.

### 2.1.2 Suid-Afrikaanse Amateurswemunie

Uit die 8 nominasies en een waterpolospan wat op 27 Mei 1949 ingedien is,[35] het slegs drie swemmers die span behaal.

Hulle was :

Mej. Joan Harrison (110, 440 tree vryslag en 110 tree rugslag)
Jacobus Wiid (110 tree rugslag, 110 tree vryslag)
Graham Johnston (110 tree vryslag en 440 tree vryslag)[36]

### 2.1.3 Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging :

Die boksafgevaardigde het op die Raadsvergadering van 27 Mei 'n mondelinge en baie liberale nominasie van 16 boksers en 'n afrigter gemaak, dit wil sê, indien reserwes toegelaat sou word.[37]

Daar is uiteindelik slegs vyf gekies :

Dennis Shepherd (liggewig)
Teuns van Schalkwyk (middelgewig)
Marcus Temple (vlieggewig)
Jan van Rensburg (bantamgewig)
Johannes Pretorius (veergewig)[38]

---

35) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 27.5.1949, p. 4.

36) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 5.12.1949, pp. 5-6.

37) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 27.5.1949, p. 4.

38) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 5.12.1949, p. 6.

### 2.1.4 Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging

Uit die agt stoeiers en een afrigter[39] is net drie gekies om Suid-Afrika in hierdie afdeling te verteenwoordig. Die drie was Patrick Morton (ligswaargewig), Martin Jooste (weltergewig) en Carl Reitz (middelgewig)[40]

### 2.1.5 Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging

Die genomineerde rolbalspan sou uit agt lede bestaan - vier spelers vir die viertal, twee spelers vir die parespel en een speler vir die enkelspel asook 'n Bestuurder wat die span sou vergesel.[41] Die name van die spanlede was :

| | |
|---|---|
| Viertal: | N.S. Walker (skipper), A. Blumberg, H. Currer, H. Atkinson. |
| Parespel: | W. Gibb en H. van Zyl. |
| Enkelspel: | G. Jacobs. |
| Bestuurder: | J. Garnett.[42] |

In die notule van die Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging gehou op 16 Februarie 1951, word een van die rolbalspelers, nl. A. Blumberg se naam verkeerdelik as A. Bloomberg gespel.[43]

---

39) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 27.5.1949, p. 4.

40) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 5.12.1949, p. 6.

41) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 27.5.1949, p. 4.

42) Bolsover, Godfrey R., comp. When South Africa played in Empire Games. Bowls, 7:6, January 1976, p. 14.

43) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Algemene Jaarvergadering, 16.2.1951, p. 3.

### 2.1.6 Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie

Die gedagte was aanvanklik om vier roeiers vir die stuurmanlose viertal ("coxless four") in te skryf,[44] maar die Roei-unie het van mening verander sodat slegs Ian Stephen vir die enkelroei gekies is.[45]

### 2.1.7 Suid-Afrikaanse Amateurgewigoptelunie

Die unie se nominasies is later ingedien. Hulle het vier gewigoptellers genomineer wat goed met die Statebondstandaard vergelyk het.[46] Slegs twee is daarna gekies. Die name van die twee gewigoptellers was Issy Bloomberg en Barrie Engelbrecht.[47]

Dit bring die totale aantal spanlede op 28 te staan. Die span is amptelik op die aand van 5 Desember 1949 aangekondig. Die samestelling van die span het gelei tot onenigheid in die geledere van die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging. Die rede was omdat geen fietsryer in die span ingesluit was nie. Die fietsryers het al geruime tyd aangevoer dat hulle afgeskeep word. Drie genomineerde fietsryers, naamlik C. Olivier, R.L. Robinson en George Estman, het 'n goeie kans tot roem gehad.[48]

---

44) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 27.5.1949, p. 4.

45) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 5.12.1949, p. 6.

46) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 22.7.1949, p. 5.

47) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 5.12.1949, p. 6.

48) Van Heerden, Johan. Sal hulle terugkom met die vlag? <u>Brandwag</u>, 11:639, 30 Desember 1949, p. 17.

## 2.2 Spanbestuurder

Die nominasies wat ontvang is vir spanbestuurderskap is op 7 November 1949 voor die Raad gelê. Die bestuurder sou deur die Uitvoerende Komitee gekies word.

Die nominasies ontvang, was :

| | |
|---|---|
| Mnr. Trevor Pay; | Natalse Olimpiese en Rykspele-vereniging. |
| Kapt. O. Hollard; | Natalse Boksvereniging genomineer via die Nasionale Olimpiese-vereniging. |
| Mnr. A.R. Bulley; | Suid-Afrikaanse Swemunie. |
| Mnr. W.A. Lindeque; | O.V.S. Olimpiese en Rykspele-vereniging. |
| Kapt. C.J. Rootman; | Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging asook die Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging. |
| Mnr. H. Kinsman; | Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging.[49] |

Die stryd om die nodige fondse in te samel, het ook veroorsaak dat die Raad besluit het om die getal beamptes wat die span moes vergesel, besnoei word. Slegs 'n spanbestuurder en 'n assistentbestuurder sou gekies word. Geen chaperones, masseurs, adviseurs, afrigters of afdelingbestuurders sou hierdie keer oorweeg word nie.

---

49) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Rykspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 7.11.1949, p. 4.

Die Uitvoerende Komitee het op 14 November eenparig besluit om kapt. C.J. Rootman as spanbestuurder aan te wys en mnr. Alex Bulley as assistent-spanbestuurder.[50] Onder hulle bekwame leiding sou die span van 28 deelnemers Suid-Afrika op die vierde Britse Rykspele gaan verteenwoordig.

## 3 REIS NA, EN AANKOMS BY, DIE SPELE

Op Sondag 15 Januarie 1950 om 11h00 het die span per vliegboot, genaamd "City of Liverpool", vanaf die Vaaldam na Auckland vertrek. Die eerste landing is op die Zambezi gedoen waar die span by die Valle Hotel oornag het. Die Maandag het die span na Port Bell vertrek. Die Springbokke is per bus na Kampala vervoer waar die inwoners van Kampala onder die indruk verkeer het dat die Springbokke 'n reisende sirkus was.

Op Dinsdag 17 Januarie, het die vliegboot Port Bell verlaat op pad na Khartoem en vanaf Khartoem na Alexandrië. Die afstand van Alexandrië na Kaïro is per bus afgelê. In Kaïro is die spanlede toegelaat om die besienswaardighede te gaan besigtig. Denis Shepherd en Carl Reitz is per huurmotor na die Sfinks. Blykbaar is al wat hulle kon onthou, die huurmotor se gebrek aan remme, maar uitstekende toeter.

Die Woensdag is die skof van Kaïro na Karachi afgelê. Hier in Karachi het twee Springbokke 'n onsmaaklike ondervinding opgedoen. Ian de Jongh, die hoogspringer en Martin Jooste, weltergewigstoeier, is albei agt dae lank onder kwarantyn geplaas. Die

---

50) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 14.11.1949, p. 1.

rede hiervoor was omdat hulle immuniseringsdokumente nie in orde was nie. Die Suid-Afrikaanse Gesondheidsdepartement het 'n ernstige beroep op die Pakistanse regering gedoen om die twee Springbokke vry te laat. Die versoek is via die Departement van Buitelandse Sake gedoen, maar het op dowe ore geval.

Martin Jooste (35 jaar) is onder kwarantyn gehou omrede sy geelsuginentingsdokumente nie in orde was nie. Hy is eers op 24 Januarie 1950 vrygelaat op versoek van die Suid-Afrikaanse Regering. Hulle kon die Pakistanse Direkteur-Generaal, kol. Jaffar, oortuig dat Jooste wel ingeënt was. Ian de Jongh (19 jaar) kon egter nie vrygelaat word nie omdat die militêre geneesheer wat hom ondersoek het, nie internasionaal erken was nie. Hy moes nog tot daardie Vrydag onder kwarantyn verkeer.

Kol. Jaffar het 'n telegram van die Unieregering ontvang waarin die groeperingsnommers en ander inligting t.o.v. die inenting vir geelkoors verskyn het. Dit was die inligting wat op die twee Suid-Afrikaners se dokumente ontbreek het.

Op die dag van Jooste se vrylating was die Britse span juis op die lughawe waar hulle brandstof moes inneem. Ongelukkig was daar geen plek vir Jooste op die vliegtuig nie en hy moes wag tot die Vrydag toe hy saam met De Jongh kon vertrek. Jooste se kommentaar oor die aangeleentheid, soos dit verskyn het in 'n Engelse dagblad, was: "I do not blame the Pakistan authorities for keeping me in quarantine. They were within their rights by detaining us, but I think they might have stretched a point." Jooste het verder gesê dat die enigste rede vir sy "inhegtenisname" was omdat die verpleegster in Suid-Afrika nagelaat het om die nommer van die groepering van die serum op die sertifikaat te plaas. Hy beskou die hele aangeleentheid as 'n baie tragiese geval. Dit was hul enigste kans om roem vir Suid-Afrika op 'n

Statebondspele te verwerf. Die aanhouding het hulle van topfiksheid beroof en daarmee ook al hulle kanse belemmer. Hulle sou die Speledorpie eers drie dae voor die amptelike opening bereik.

De Jongh het aan Reuter bekend gemaak dat hulle nie in die kwarantynkamp veel kon oefen nie. Hulle onderbene het begin pyn as gevolg van die harde sementvloere waarop hulle gespring en gedraf het. Saam met die twee Suid-Afrikaners was daar ook die Rhodesiese weltergewigbokser, Lindsay King. Dit gee dus die indruk dat Rhodesië einde ten laaste ook per lugdiens gereis het.

Die res van die Springbokspan het Karachi op Donderdag 19 Januarie verlaat en via Kalkutta na Singapoer gereis. Die volgende dag is die reis via Darwin na Sydney voortgesit. Die span het Sydney in twee groepe verlaat. Die Sondag het kapt. Rootman met die helfte van die span na Auckland vertrek terwyl mnr. Alex Bulley die tweede groep op die Maandag geleide gedoen het. Daphne Robb het as chaperone vir Joan Harrison opgetree.

Die hele reis na Auckland het 14,865 myl beloop terwyl die terugreis nog meer was, naamlik 15,071 myl. Dit gee dus 'n totale reisafstand van 29,936 myl! Die totale vliegure het 136 uur 35 min. beloop.[51)]

---

51) Bulley, Alex. Plakboek.

In Auckland was die oorspronklike gedagte om die verskillende spanne by die Papakura Militêre Kamp te huisves, maar die finale keuse het uiteindelik na Ardmore verskuif. Ardmore was 'n eertydse lugmagstasie wat nie ver van Auckland geleë is nie.[52)]

Op 25 Januarie 1950 het die span in Auckland in alle erns begin voorberei. Die Springbokswemmers het saam met die Kanadese swemmers in die 33½-tree lange swembad in Paparura geoefen. Laasgenoemde was net vier myl buite die Speledorpie. Die Speleswembad was ongelukkig 20 myl vanaf Ardmore.[53)]

Die span was vasbeslote om dieselfde sukses te behaal as die roemryke 1938-span na Sydney. Dit sou egter moeiliker gaan omrede die oorlog 'n langtermynvoorbereiding verhoed het.

## 4 DEELNAME

Op 4 Februarie 1950, om 13h40, het die trompetgeskal die optog van die 12 deelnemende lande ingelui. Die volgende lande het deelgeneem :

| | |
|---|---|
| Wallis | Rhodesië |
| Brittanje | Ceylon |
| Nieu-Seeland | Skotland |
| Australië | Maleia |
| Kanada | Fiji |
| Suid-Afrika | Nigerië |

---

52) Rowe, T.K. Empire Games Fever has set in already. Outspan, 46:1179, 30 September 1949, p. 21.

53) Bulley, Alex. Persoonlike korrespondensie aan sy vrou, 25.1.1950.

Voor 40,000 mense het Sir Bernard Freyberg, V.C., die Goewerneur-generaal van Nieu-Seeland, die openingsrede en boodskap van die Koning op Eden Park gelewer. Pas hierna het die eerste atletieknommers begin.[54)]

## 4.1 Atletiek

### 4.1.1 100 tree

Die Suid-Afrikaanse atlete het swak gevaar in die 100 tree-item wat op die openingsdag, 4 Februarie, afgehandel is. Tom Lavery* en Daphne Robb kon geeneen kwalifiseer vir die semi-finaal nie. Mej. Robb het in haar uitdun baie swak weggespring en slegs vierde geëindig. Die uitdun is gewen deur mej. Verna Johnston van Australië in 11,1 sekondes. Dit ewenaar die Spele-rekord. Die uitslag van die 3de uitdun was :

1. V. Johnston (Australië) 11,1 sek.
2. Ruth Dowman (Nieu-Seeland)
3. D. Parker (Nieu-Seeland)
4. D. Robb (Suid-Afrika)
5. D. Manley (Engeland)

In die eerste uitdun het Marjorie Jackson van Australië, slegs 18 jaar oud, die wêreldrekord van 10,8 sekondes geëwenaar. Mej. Jackson het dieselfde prestasie ook 'n maand tevore behaal. Haar mederekordhoudster was die bekende Fanny Blankers-Koen van Holland.[55)]

---

* Geen verdere inligting m.b.t. die uitdun is verkry nie.

54) Walker, N.S. Plakboek.

55) The Star, 4.2.1950.

Mej. Robb se vertoning was uiters teleurstellend vir Suid-Afrika, veral nadat sy op 15 Oktober die vorige jaar die wêreldrekord nie-amptelik met 0,1 sekonde verbeter het. Haar tyd van 10,7 sekondes is egter nie toegelaat nie weens wind.[56] Tog het sy na afloop van die Rykspele in Auckland die wêreldrekord twee maal geëwenaar en ook nuwe Suid-Afrikaanse rekords opgestel.[57]

4.1.2 220 tree, dames

Die 220 tree uitdunne en semi-finale is op Dinsdag 7 Februarie beslis terwyl die finaal op die Donderdag afgehandel is.[58]

Daphne Robb het die derde uitdun geloot en veel beter gevaar as in die 100 tree. Die uitslag was :

Derde uitdun -

1. D. Robb (Suid-Afrika) 25,0 sek.
2. D. Parker (Nieu-Seeland) 25,4 sek.
3. V. Johnston (Australië) 25,4 sek.
4. V. Myers (Kanada)
5. C. Malone (Nieu-Seeland)
6. D.G. Manley (Engeland)

Tweede semi-finaal -

1. S. Strickland (Australië) 24,6 sek.
2. D. Robb (Suid-Afrika) 24,9 sek.
3. D. Parker (Nieu-Seeland) 25,1 sek.
4. A. Shanley (Australië)

---

56) Strydom, Le Fras. Sportkroniek. Vigor, 3:1, Des. 1949, p. 67.

57) Strydom, Le Fras. Sportkroniek. Vigor, 3:3, Junie 1950, p. 65.

58) The Auckland Star, Auckland. 3.2.1950.

Finaal -

1. M. Jackson (Australië) 24,3 sek. Rykspelerekord en ewenaar wêreldrekord

2. S. Strickland (Australië) 24,5 sek.

3. D. Robb (Suid-Afrika) 24,7 sek.

4. D. Parker (Nieu-Seeland)

5. V. Johnston (Australië)

6. L. Rowe (Nieu-Seeland)[59]

Die vorige Spelerekord het gestaan op 24,5 sekondes en is gehou deur mej. Decima Norman van Australië, opgestel tydens die Rykspele van 1938 in Sydney. Daphne Robb se tyd van 24,7 sekondes was dieselfde as haar Suid-Afrikaanse rekord terwyl Marjorie Jackson nie net 'n nuwe Rykspelerekord opgestel het nie, maar ook die wêreldrekord geëwenaar het.[60]

4.1.3 440 tree

Op Donderdag 9 Februarie het Schalk Booysen 'n groot teleurstelling ondervind. Hy het die derde uitdun van die 440 tree maklik in 48,4 sekondes gewen, maar is agterna gediskwalifiseer.

Na afloop van die wedloop het Booysen gesê dat hy nie bewus daarvan was dat hy uit sy baan gehardloop het nie. Saam met kapt. Rootman het hulle die baan ondersoek en slegs een spykermerkie op die witlyn gevind. Die betrokke baanbeamptes kon op

---

59) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 25, 27.

60) Bulley, Alex. Plakboek.

hul vraag van waar dit gebeur het, hulle ook geen antwoord gee nie. Volgens Booysen het hy gemaklik gehardloop en was kortpad geensins nodig nie.[61)]

#### 4.1.4 880 tree

In sy uitdun moes Schalk Booysen hard veg om te kon kwalifiseer. Ten spyte van sy Suid-Afrikaanse rekord van 1:52,2 wat hy op 16 April 1949 in Queenstown opgestel het,[62)] kon hy slegs 'n tyd van 1:53,5 aanteken.[63)]

Die volledige uitslag was :

Tweede uitdun -

1. H.J. Parlett (Engeland) 1:52,1
2. J.W.M. Hutchins (Kanada) 1:53,0
3. S.D. Booysen (Suid-Afrika) 1:53,5
4. C. Simpson (Nieu-Seeland)[64)]

In die finaal was Booysen baie prominent gedurende die eerste driekwart van die wedloop. Nadat hy in die buitebaan weggespring het, het hy die wedloop na die eerste draai gewen sodat hy oor die agterste pylvak voorgeloop het. Parlett en Wilson was kort op sy hakke. Teen die einde van die eerste 440 tree was Wilson die voorloper met Parlett, Parnell en Booysen in

---

61) Ibid.

62) Vogt, Will H., comp. Championships and Official Records. Kaapstad, 1955, p. 51.

63) Bulley, Alex. Plakboek.

64) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 21.

daardie volgorde agter hom. Weer het Booysen oor die agterste pylvak die pas oorgeneem, maar kon nie verhoed dat ander hardlopers hom verbygaan nie. Na die laaste draai het hy totaal uitgesak om sodoende ongeplaas te eindig.[65)]

Die uitslag was as volg :

1. H. Parlett (Engeland) 1:52,1
2. J. Hutchins (Kanada) 1:53,4
3. - Parnell ( - ) 1:53,4
4. D. White (Ceylon) 1:53,7
5. C.T. White ( - ) 1:53,9
6. C. Simpson (Nieu-Seeland) 1:56,0
7. S. Booysen (Suid-Afrika) [66)]

Parnell se voorletter en land van herkoms word nie aangedui nie terwyl die ander s'n iewers vermeld word. Ook C.T. White se geboorteland is onbekend. 'n Berig (anon.) in die plakboek van mnr. Alex Bulley gee Parlett se wentyd aan as 1:53,1.

### 4.1.5 Ses myl

Op Saterdag 4 Februarie het Sid Luyt aan die ses myl deelgeneem,[67)] meer met die doel om hom op die marathon voor te berei.

---

65) Bulley, Alex. Plakboek.

66) Empire Games 1950, Souvernir Issue. Op. cit.

67) The Auckland Star, Auckland. 3.2.1950.

Die uitslag van die ses myl was :

1. W.H. Nelson (Nieu-Seeland) 30:29,6
2. A. Forbes (Skotland)
3. N. Taylor (Nieu-Seeland)
4. A.H. Chivers (Engeland)
5. W.A. Frederick (Kanada)
6. J.S. Davey (Australië)
7. Sid Luyt (Suid-Afrika)
8. P. Collins (Kanada)
9. A.M. Merrett (Australië)
10. J.T. Holden (Engeland)
11. J.C. Pottage (Australië)
12. G. Norman (Kanada)[68)]

Terwyl die nuusblaaie Sid Luyt as sewende aangee, word sy naam in die agste plek in die Amptelike verslag genoem.[69)] Daar bestaan dus twyfel of Luyt sewende of agtste geëindig het.

4.1.6 120 meter hekkies

Op die vorige Spele het Lavery hierdie nommer in wêreldrekordtyd gewen, maar dit is weens wind nie erken nie. Nou, 12 jaar later, is hy weer hier om dit te verdedig. Die uitslag was :

---

68) The Star, 4.2.1950.

69) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 23.

Tweede uitdun -

1. P.J. Gardner (Australië) 14,5 sek.
2. T.P. Lavery (Suid-Afrika) 14,6 sek.
3. L.R. Smith (Nieu-Seeland) 14,8 sek.
4. G. Crosby (Kanada)
5. L.O. Valberg (Maleia)[70]

Finaal -

1. P.J. Gardner (Australië) 14,3 sek.
2. R.H. Weinberg (Australië) 14,4 sek.
3. T.P. Lavery (Suid-Afrika) 14,6 sek.
4. D.O. Finlay (Engeland) [71]

Die 120 tree hekkiesfinaal het vir 'n paar interessante insidente gesorg. Met die uittrek van sy sweetpak het Tommy Lavery blykbaar die knoop van sy atletiekbroekie verloor. Die gevolg was dat hy oor die laaste drie hekkies sy broek moes vashou om te verhoed dat dit afval. Was dit nie vir hierdie hindernis nie, sou Lavery na alle waarskynlikheid beter as 'n derde plek gevaar het.[72] Lavery was die verdedigende kampioen.

Don Finlay, wat die vierde plek in die finaal ingeneem het, was net soos Lavery 'n veteraan. Finlay was toe al 40 jaar oud teenoor die titelhouer se 39 jaar. Finlay het die 120 tree hekkiestitel in 1934 in Londen met 'n tyd van 15,2 sekondes gewen. In 1936 het albei hekkieslopers ook deelgeneem aan die

---

70) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 23.
71)
71) Ibid., p. 17.

72) Op. cit., p. 23.

Olimpiese Spele in Berlyn. Alhoewel Lavery in 1938 'n 14,0 sekondes aangeteken het, het hy na die oorlog gereeld 14,4 sek. en 14,5 sek. gehaal.

Finlay se beste tyd was 14,4 sek. In 1950 het Finlay deelgeneem in 'n paar spykerskoene wat aan Lavery behoort het. Tommy Lavery het vier paar spykerskoene besit. Hy het bemerk dat Finlay se skoene van geen waarde op die grasbaan sou wees nie. Die spykers was 'n ¼ duim lank en daarby baie geslyt ook. Dit is toe dat Lavery 'n paar van sy eie skoene met $\frac{7}{8}$ duim spykers aan Finlay geleen het.[73)]

4.1.7 440 tree hekkies

Tweede uitdun -

1. J.M. Holland (Nieu-Seeland) 53,0 sek.
2. K.L. Doubleday (Australië) 54,8 sek.
3. G.J. Lubbe (Suid-Afrika) 57,6 sek.
4. T.L. Higgins (Engeland)
5. V.Z. Blaze (Ceylon)

Eerste Semi-finaal -

1. G.C. Goodacre (Australië) 53,2 sek.
2. G.J. Lubbe (Suid-Afrika) 53,4 sek.
3. D. White (Ceylon) 53,4 sek.
4. D.G. Steward (Nieu-Seeland)
5. K.L. Doubleday (Australië)

---

73) Bulley, Alex. Plakboek.

Finaal -

1. D. White (Ceylon) 52,5 sek. Spelerekord
2. J.M. Holland (Nieu-Seeland) 52,7 sek.
3. G.C. Goodacre (Australië) 53,1 sek.
4. G.J. Lubbe (Suid-Afrika)
5. - Gedge ( - )
6. H. Whittle (Engeland)[74)]

George Lubbe was onder die voorlopers tot by die laaste hekkie, maar hy is geklop in die eindpoging en het afgeskuif na vierde plek. Die vorige rekord van 52,9 sekondes is gehou deur J. Loaring van Kanada en is opgestel in 1938.[75)] Lubbe was in 1949 die Suid-Afrikaanse rekordhouer in hierdie nommer met 'n tyd van 52,4 sek., opgestel in Queenstown op 16 April 1949 [76)] wat 0,1 sek. vinniger is as White se wentyd.

4.1.8 Marathon

Suid-Afrika het hier 'n reputasie gehad om te verdedig. En die man wat dit moes doen, was Sid Luyt.

Na die wegspring van die marathon het die 17 deelnemers spoedig oor 'n wye veld versprei. Luyt (Suid-Afrika), Frederick (Kanada) en Lydland (Nieu-Seeland) het bymekaar gebly en na 28 minute en 17 sek. die vyfmylmerk verbygesteek met Holden, wat die res van die veld gelei het, agter hulle. Oor die daaropvolgende

---

74) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 23.

75) Bulley, Alex. Plakboek.

76) Vogt, Will H., comp. Championships and Official Records. Kaapstad, 1955, p. 54.

vyf myl het Holden die drie voorlopers verbygesteek om na 10 myl met 'n 30 sekondes voorsprong voor te loop. Sid Luyt was hier in die tweede posisie. Holden se tyd vir die 10 myl was 54:40. Na 15 myl het hy sy voorsprong oor Sid Luyt verdubbel. Na 20 myl was die Brit twee-en-'n halwe minute voor Luyt, terwyl Luyt 'n desperate poging aangewend het om die voorloper in te haal. Die Britse marathonloper was egter nog sterk en kon sy voorsprong behou.

Twee-en-'n-half myl vanaf die stadion was Holden nog drie minute voor die Suid-Afrikaner. Steeds het dit gereën en by tye kon die atlete beswaarlik voor hulle sien.

Luyt se tyd in Auckland was 1:8,8 vinniger as in Londen toe hy sesde in die Olimpiese Marathon (1948) geëindig het. In die sewende myl, het Luyt na afloop van die wedloop verklaar, het Holden hom verbygegaan. Luyt wou hom toe nie volg nie, want hy het onder die indruk verkeer dat Holden nooit die pas sou kon volhou nie.[77)]

John T. Holden het op 43 jaar as "England's grand old man of athletics" bekend gestaan. Groot lof moet hierdie moedige atleet toegeswaai word, want ten spyte van die reën en die feit dat hy die laaste 10 myl sonder sy nat seilskoene afgelê het, het hy nogtans vier minute voor die 24-jarige Suid-Afrikaner geëindig.

---

77) Bulley, Alex. Plakboek.

Die uitslag was :

1. J.T. Holden (Engeland) 2:32:57,0
2. S. Luyt (Suid-Afrika) 2:37:02,2
3. J. Clark (Nieu-Seeland) 2:39:26,4
4. G. Stanley (Australië) 2:40:49,0
5. T.J. Richards (Wallis) 2:42:10,6
6. P. Collins (Kanada) 2:45:01,4
7. G. Bromily (Nieu-Seeland) 2:46:51,0
8. G. Norman (Kanada) 2:47:49,8
9. R. Prentice (Australië) 2:48:53,8
10. W.A. Frederick (Kanada) 2:51:28,6 [78)]

4.1.9 Verspring

Die uitslag van die verspringkompetisie was :

1. Neville Price (Suid-Afrika) 24 voet 0 duim (7,315 meter)
2. W.B. Hough (Nieu-Seeland) 23 voet $7\frac{3}{8}$ duim (7,204 meter)
3. D. Dephoff (Nieu-Seeland) 23 voet 3 duim (7,086 meter)
4. K. Forsythe (Nieu-Seeland) 23 voet 3 duim (7,086 meter) [79)]

Price, alhoewel hy met die wind van voor gespring het, kon nie sy nasionale rekord van 25 voet $0\frac{3}{8}$ duim ewenaar nie. Sy wensprong het hy in sy tweede poging behaal. Sy eerste en derde spronge was 23 voet 3¼ duim en 23 voet 1 duim, onderskeidelik.[80)]

---

78) Empire Games 1950, Souvernir Issue. _The New Zealand Sportsman_, 4:8, 8 March 1950, pp. 15, 23.

79) Empire Games 1950, Souvernir Issue, _The New Zealand Sportsman_, 4:8, 8 March 1950, p. 18.

80) Bulley, Alex. Plakboek.

### 4.1.10 Driesprong

In die driesprong was Price minder suksesvol en kon slegs sewende eindig. Die volledige uitslag was :

1. B. Oliver (Australië) 51 voet 2½ duim (15,61 meter)
2. L.A. McKeand (Australië) 50 voet 1¾ duim (15,28 meter)
3. I.J. Polmear (Australië) 48 voet 1¾ duim (14,67 meter)
4. R. Johnson (Nieu-Seeland) 47 voet 7½ duim (14,516 meter)
5. K. Forsythe (Nieu-Seeland) 46 voet 7¾ duim (14,22 meter)
6. G.H. Jefferies (Nieu-Seeland) 46 voet 2¾ duim (14,09 meter)
7. N. Price (Suid-Afrika) 45 voet 11¼ duim (14,00 meter)
8. A.S. Lindsay (Skotland) 45 voet 10 duim (13,97 meter)
9. C.M. Kay (Nieu-Seeland) 45 voet 7¾ duim (13,91 meter)
10. H. Whittle (Engeland) 42 voet 3¾ duim (12,89 meter) [81]

### 4.1.11 Hoogspring

Vir Ian de Jongh wou niks vlot verloop nie. Eers is hy onder uiters ongemaklike omstandighede in Karachi aangehou en toe hy in Nieu-Seeland aanland, verstuit hy sy enkel op die heel eerste dag. Sy kanse om die hoogspringtitel vir Suid-Afrika 'n vierde keer te wen, was daarmee heen.

Die uitslag was :

1. J.A. Winter (Australië) 6 voet 6 duim (1,98 meter) Spelerekord
2. J.O. Majekodunmi (Nigerië)<br>A. Paterson (Skotland) 6 voet 5 duim (1,955 meter)
4. J.H. Borland (Nieu-Seeland) 6 voet 5 duim (1,955 meter)
5. P. Wells (Engeland) 6 voet 4 duim (1,93 meter)

---

81) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit., p. 18.

Borland het meer spronge as Paterson en Majekodunmi gehad. Die ander deelnemers was, D. Rhodes (Nieu-Seeland), B.A.A. Guobadia (Nigerië), L.O. Valberg (Maleia), D.G. Stuart (Australië), R. Woolley (Nieu-Seeland), R. McKenzie (Nieu-Seeland), C.L. de Jongh (Suid-Afrika), J. Vernon (Australië), M.S. Peter (Australië), O. Dawai (Fiji), A.N. Jackes (Kanada) en C.R. Pavitt (Engeland)[82)]

'n Nie-amptelike verslag gee Ian de Jongh se posisie as negende aan met 'n hoogte van 6 voet.[83)] In 1949 het De Jongh die Suid-Afrikaanse kampioenskappe gewen met 'n hoogte van 6 voet 5¼ duim. Dit was egter nie 'n Suid-Afrikaanse rekord nie. Op 23 September 1950 in Pretoria het De Jongh 'n nuwe Suid-Afrikaanse sowel as Britse Ryksrekord in die hoogspring opgestel met 'n hoogte van 6 voet 7¼ duim.[84)]

### 4.1.12 Opsomming

Dit val op dat Suid-Afrika vir die eerste keer op die Britse Rykspele nie in die veldnommers so prominent verteenwoordig was nie. Hier word veral gedink aan die gewigstoot, skyfwerp en spiesgooi. By al die vorige Spele was Suid-Afrika titelhouer in een of ander afdeling van hierdie bogenoemde nommers. Dit het natuurlik meegebring dat Suid-Afrika vir die eerste keer sedert 1930 die gewigstoottitel moes afstaan.

---

82) Bulley, Alex. Plakboek.

83) Empire Games 1950, Souvernir Issue, The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 23.

84) Vogt, Will H., comp. Championships and Official Records. Kaapstad, 1955, pp. 16, 55.

## 4.2 Swem

Die swemprogram het op Saterdag 4 Februarie om 19h45 begin met uitdunne vir die mans en dames 110 tree vryslag, mans 1650 tree vryslag, dames 440 tree vryslag, dames 220 tree borsslag, 880 tree aflos en waterpolo.

Dit is voortgesit op Maandagaand 6 Februarie, om 19h45. Toe is die finaal vir die mans en dames 110 tree vryslag en die 1650 tree vir mans afgehandel, asook die uitdunne in die damesborsslag en damesrugslag tesame met die dameswisselaflos.

Die Dinsdagoggend is die toringduik en die damespringplankduik om 10h00 afgehandel.

Woensdagmiddag is die program hervat met finale items in die mans en dames 220 tree borsslag en die dames 110 tree rugslag. Die uitdunne wat op Woensdagmiddag beslis is, was die mans en dames 440 tree vryslag en die mans 110 tree rugslag. Die duikprogram is voortgesit.

Om 10h00 Vrydagoggend was dit toringduik vir mans en dames, terwyl om 14h00 die mans en dames 440 tree vryslag finaal en die mans 110 tree vryslag finaal afgehandel is.[85)]

---

85) The Auckland Star, Auckland. 3.2.1950.

4.2.1 110 tree vryslag

Mans:

In die mans 110 tree vryslaguitdunne het Jackie Wiid Suid-Afrika in die eerste uitdun verteenwoordig. Die uitslag was :

1. P. Salmon (Kanada) 60,7 sek.
2. J.C. Wiid (Suid-Afrika) 61,2 sek.
3. P.H. Kendall (Engeland) 61,8 sek.
4. M. Amos (Nieu-Seeland) 61,9 sek.
5. J.T. Baird (Australië) 63,0 sek.
6. L. Barry (Nieu-Seeland) 63,2 sek.

Finaal -

1. P. Salmon (Kanada) 60,4 sek.
2. F.T. O'Neill (Australië) 60,6 sek.
3. P.H. Kendall (Engeland) 61,8 sek.
4. J.C. Wiid (Suid-Afrika) 62,1 sek.*
5. L. Beaumont (Kanada) 62,3 sek.
6. M. Amos (Nieu-Seeland) 62,5 sek.[86)]

Peter Salmon het die kortafstandtitel vir Kanada behou met 'n goed geoordeelde vertoning waar sy pas uit die staanspoor uit, tesame met 'n uitstekende draai, die beslissende faktore was.

---

86) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 56.

* Die New Zealand Sportsman het op p. 56 die name van Beaumont en Wiid omgeruil alhoewel die tye korrek aangegee is. Die bostaande posisie is bevestig deur mnr. Alex Bulley. (Persoonlike korrespondensie, 15.7.1975.)

Frank O'Neill en Pat Kendall het met 'n warrelwindeindpoging voor die dag gekom, maar Salmon se voorsprong het hom gered. Beaumont het eerste gedraai na 28 sekondes, maar kon nie die pas volhou nie. Hy en Wiid het oor die laaste 20 tree uitgesak.[87)]

Dames:

In die damesafdeling het die veertienjarige Joan Harrison die eerste uitdun geloot :

Eerste uitdun -

1. W. Griffin (Nieu-Seeland) 70,1 sek. Ewenaar Spelerekord
2. J.C. Harrison (Suid-Afrika) 70,5 sek.
3. D.D. Spencer (Australië) 71,5 sek.

Die rekord is gehou deur mej. E. de Lacy van Australië met 'n tyd van 70,1 sek. wat sy in 1938 in Sydney opgestel het.

Finaal -

1. M. McQuade (Australië) 69,0 sek. Spelerekord
2. M.O. Wellington (Engeland) 69,6 sek.
3. J.C. Harrison (Suid-Afrika) 70,7 sek.
4. D.D. Spencer (Australië) 70,7 sek.
5. N. Bridson (Nieu-Seeland) 71,2 sek.
6. W. Griffin (Nieu-Seeland) 71,9 sek.[88)]

---

87) Bulley, Alex. Plakboek.

88) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit., p. 56.

Joan Harrison het tydens die finaal vanweë 'n verkoue swak gevoel en toe sy boonop 'n mislukking van haar draai maak, is sy om die tweede plek geklop sodat sy met die bronsmedalje tevrede moes wees. Sy het vir die grootste gedeelte van die nommer die voortou geneem, maar kon nie die pas volhou nie. Marjorie McQuade, of die "Melbourne Mermaid" soos sy soms genoem is, het 'n nuwe Spelerekord van 69,0 sekondes opgestel. Mejj. McQuade en Harrison was na die eerste lengte saam die voorlopers. Mej. Harrison het met haar draai kosbare tyd verloor. Twintig tree vanaf die einde het mej. Wellington die uitgeputte Springbok met haar eindpoging geklop. Ook mej. Wellington se tyd van 69,6 sekondes het die ou rekord oortref.[89)]

4.2.2 110 tree rugslag

In die mansafdeling was die 20-jarige Jackie Wiid suksesvol om beide sy uitdun en finaal te wen.

Eerste uitdun -

1. J.C. Wiid (Suid-Afrika) 69,5 sek.
2. A.D. Kinnear (Skotland) 70,5 sek.
3. P. Salmon (Kanada) 73,6 sek.
4. F. Stevens (Australië) 74,5 sek.

Finaal -

1. J.C. Wiid (Suid-Afrika) 67,7 sek. Spelerekord
2. J.W. Brockway (Wallis) 68,0 sek.
3. A.D. Kinnear (Skotland) 70,8 sek.
4. P. Mathison (Nieu-Seeland) 73,6 sek.
5. F. Stevens (Australië)

---

89) Bulley, Alex. Plakboek.

Die vorige rekord van 67,9 sekondes het aan Percy Oliver van Australië behoort.

In die finaal het Wiid en John Brockway dit om die titel uitgespook. Laasgenoemde het na 'n uitstekende draai voorgeloop, maar tot sy nadeel na aan die einde teen die toue gebots. Jackie Wiid het hom in die proses verbygeskiet om met 'n aanraking te wen.[90)]

4.2.3 440 tree vryslag

Graham Johnston het Suid-Afrika in die eerste uitdun verteenwoordig en goed gevaar :

1. G.M. Johnston (Suid-Afrika) 4:58,0 Nieu-Seelandse operekord
2. F.R. Lucas (Nieu-Seeland) 4:58,9
3. A. Gilchrist (Kanada) 5:10,0

In die uitdun het Johnston 'n nuwe Nieu-Seelandse operekord opgestel, maar die Statebondsrekord met 3,4 sekondes misgeloop.

Finaal -

1. D.G. Agnew (Australië) 4:49,4 Spelerekord
2. G.M. Johnston (Suid-Afrika) 4:51,3
3. F.R. Lucas (Nieu-Seeland) 5:02,5

---

90) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 54, 56.

Beide Agnew en Johnston het die ou rekord verbeter. Agnew se tyd was selfs 5,2 sekondes beter as die vorige Spelerekord. Die houer van die ou rekord was Bob Pirie (Kanada) en is opgestel in 1938. Garrick Agnew het die Springbok met twee voet geklop. Vir Johnston was dit 'n uitmuntende vertoning daar sy Suid-Afrikaanse rekord op 4:53,9 gestaan het.[91)]

Dames:

In die damesafdeling het Joan Harrison vergoed vir haar swak vertoning in die 110 tree vryslag deur al in haar uitdun die Spelerekord van Dorothy Green, wat op 5:39,7 gestaan het, met 8,0 sekondes te verbeter. Die uitslag van die uitdun was as volg :

Eerste uitdun -

1. J.C. Harrison (Suid-Afrika) 5:31,7 Spelerekord
2. M.O. Wellington (Engeland) 5:37,7
3. W. Griffin (Nieu-Seeland) 5:38,4
4. M.E. McQuade (Australië) 5:46,3 [92)]

Na haar uitdun het die New Zealand Herald haar die volgende lof toegeswaai: "South African Wonder Girl, Joan Harrison, gave a true demonstration of her qualities in winning the star-studded first heat of the women's 400 yards."[93)]

---

91) Ibid.

92) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 49, 56.

93) Bulley, Alex. Plakboek.

In die finaal het mej. Harrison eenvoudig onder haar opponente uitgeswem, met die gevolg dat sy haar nuutopgestelde Spelerekord weer eens verbeter het. Dit het gelyk asof mej. Harrison haar nie eens inspan om die titel te wen nie. Haar naaste teenstander, Margaret Wellington, het tien tree agter haar geëindig.

Die uitslag was :

1. J.C. Harrison (Suid-Afrika) 5:26,4 Spelerekord
2. M.O. Wellington (Engeland) 5:33,7
3. D. Norton (Australië) 5:33,8
4. W. Griffin (Nieu-Seeland) 5:39,4
5. J.J. Davies (Australië) 5:39,4
6. L. Preece (Engeland) 5:46,0 [94)]

Joan Harrison se Spelerekord was egter stadiger as haar Suid-Afrikaanse rekord wat op 5:24,4 gestaan het. Mej. Harrison het geskiedenis gemaak deur die jongste Suid-Afrikaner te word wat ooit 'n Rykspeletitel/rekord kon verower. Sy het meegehelp om van die 10de Februarie 'n gedenkwaardige dag vir Suid-Afrika te maak. Behalwe haar goue medalje, het Jackie Wiid (swem), Smiler van Rensburg en Theuns van Schalkwyk (albei boks) ook goue medaljes verower.

4.2.4 1650 tree vryslag

Graham Johnston het ook in die langafstandswem uitstekend gevaar, alhoewel hy sy kragte in die uitdun gespaar het.
Die uitslag van sy uitdun was:

1. F.R. Lucas (Nieu-Seeland) 20:11,2
2. D. Bland (Engeland) 20:11,6
3. G.M. Johnston (Suid-Afrika) 20:25,7
4. J. Portelance (Kanada) 21:09,8

---

94) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit.

In die finaal was dit Graham Johnston wat met kragtige hale 'n voorsprong opgebou het sodat hy 15 tree voor sy naaste teenstander, Jim Portelance, geëindig het. Sy tyd van 19:55,7 was slegs 9,3 sek. buite die Rykspelerekord.

Die volledige uitslag was :

1. G.M. Johnston (Suid-Afrika) 19:55,7
2. J. Portelance (Kanada) 20:08,3
3. F.R. Lucas (Nieu-Seeland) 20:10,1
4. D. Bland (Engeland) 20:18,5
5. B. Kellaway (Australië) 20:35,2
6. C. Chambers (Nieu-Seeland) 21:45,3[95)]

Johnston se tye oor die 1650 tree was 2:27,0 vir die eerste 220 tree; 5:6,0 vir die eerste 440 tree en na 880 tree was sy tyd, 10:32,0. Johnston het vanaf die wegspring voorgeloop. Die grootste verrassing was egter Jim Portelance se vertoning. Hy het vanuit die agterhoede na vore geskiet om die tweede plek te buit.

Volgens die voormalige Nieu-Seelandse kampioen, Noel Crump, het Johnston oor 'n swak styl beskik. Crump het Johnston se styl soos volg opgesom: "He slips his hand into the water in front of his head, pushes his hand forward under the surface and rolls on to the catch dipping his shoulder and twisting his body to make a powerful drive. On the left-arm stroke he gives a weak flutter with his feet, drags his legs on the other arm, and, in effect, has no leg drive at all."[96)] Tog was die Suid-Afrikaner die beste langafstandswemmer in die Britse Ryk.

---

95) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 54, 56.

96) Bulley, Alex. Plakboek.

### 4.2.5 Opsomming

Dit was veral onder die dames waar die standaard buitengewoon hoog was. Al nege Rykspelerekords is verbeter.

In die geheel het Australië ses titels gewen met Suid-Afrika en Engeland elk drie. Kanada en Skotland het elkeen twee verower en die gasheer, Nieu-Seeland, slegs een titel.[97)]

Indien daar in ag geneem word dat Suid-Afrika se swemspan slegs uit drie swemmers bestaan het en dat hierdie drie aan altesaam ses items deelgeneem het, waarvan hulle drie gewen het, een tweede plek, een derde plek en een vierde plek behaal het, dan eers word besef hoe briljant hul vertonings inderwaarheid was.

Baie vroeg in daardie week het die Nieu-Seelandse nuusblaaie al geskryf: "Springbok Swimmers are centre of interest at Games."[98)] Dit som die situasie op.

### 4.3 Boks

Die bokstoernooi het in die Aucklandse stadsaal plaasgevind op Woensdag-, Donderdag- en Vrydagaand om 19h30. Drieduisend mense het gesien hoe 42 boksers uit Engeland, Kanada, Suid-Afrika, Rhodesië, Ceylon, Skotland en Nieu-Seeland om agt internasionale amateurtitels meeding.[99)]

---

97) The Auckland Star, Auckland. 3.2.1950.

98) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 33, 36.

99) The Auckland Star, Auckland. 3.2.1950.

4.3.1 Vlieggewig (112½ pond en minder[100] of 50,802 kilogram)*

In die uitdunronde het Marcus Temple sy teenstander, Ronnie Muir van Kanada, met soliede reguithoue teen die kop verslaan. Temple het met punte gewen, so ook in sy volgende geveg teen H. Riley van Skotland.

In die semi-finaal het die Suid-Afrikaner teen "Rangy" K. Edwin van Ceylon te staan gekom. Edwin het die voordeel van langer arms gehad en dit het hom in staat gestel om haakhoue teen Temple se kop te plant ondanks Temple se netjiese reguithoue.[101]

In die eerste ronde van hul geveg was Edwin meer aggressief en het hy verwoede linkers en regters na Temple se gesig gemik. Temple het 'n meer afgeronde styl gehad, maar kon nogtans nie deur sy opponent se verdediging dring nie.

Ook in die tweede ronde het die Ceylonnees daarin geslaag om Temple met linkers te treiter en terselfdertyd Temple se houe te ontduik. Teen die einde van hierdie ronde het Temple merkbaar verbeter alhoewel hy steeds moeite ondervind het om sy opponent raak te slaan.

In die derde en laaste ronde het die Suid-Afrikaner besef dat hy agter op die punteleer was en hy het met meer aggressiwiteit begin aanval. Hy kon wel daarin slaag om Edwin met 'n harde

---

100) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 33, 36.

101) Ibid.

* Die metrieke maat vir die boks, stoei en gewigoptel kom uit "Rules of the Game", pp. 42, 46, 49.

regterhou seer te maak, maar die uiteindelike uitslag was tog in Edwin se guns.[102)]

In die geveg om die derde plek, het Temple se teenstander nie opgedaag nie en hy wen gevolglik die bronsmedalje.[103)]

### 4.3.2 Bantamgewig (119 pond of 53,524 kilogram)

In J.C.J. van Rensburg se eerste geveg het hy teen Tommy G. Miller van Skotland te staan gekom. Die sewentienjare Springbok het die bynaam van "Smiler" gehad daar hy altyd met 'n glimlag geboks het.

Miller was die gunsteling om die bantamtitel, maar al sy taktieke kon hom niks help nie. Smiler van Rensburg het hom telkens ontglip en met sekure regterhoue terugbetaal. Miller het vanaf die aanvang van die geveg moes besef dat hy hom teen 'n woestaard vasgeloop het. Van Rensburg het die geveg met 'n punte-oorwinning gewen.[104)]

Die tweede teenstander van Van Rensburg was Len Walters van Kanada. Die lang Kanadees was 'n vinnige en ratse slaner met 'n reeks indrukwekkende vertonings agter sy naam. Die twee boksers het fisiek baie goed teen mekaar opgeweeg.

Weer eens was dit die Suid-Afrikaner wat vanuit die staanspoor ingeklim en die inisiatief geneem het. Tog het die eerste harde hou van die Kanadees se kant gekom toe Van Rensburg 'n oomblik sy waaksaamheid verslap het. 'n Harde regterhou was die prys

---

102) Bulley, Alex. Plakboek.

103) Empire Games 1950, Souvernir Issue. <u>The New Zealand Sportsman</u>, 4:8, 8 March 1950, p. 36.

104) Ibid., pp. 33, 36.

wat hy daarvoor moes betaal.

In hierdie geveg het die Springbok minder gevaarlik voorgekom as in sy eerste kragmeting teen Miller. Dit kan toegeskryf word aan die moeiliker teiken wat Van Rensburg hierdie keer gehad het. Die Springbok het 'n paar keer met swaaiende regters sy doelwit gemis terwyl sy opponent goed gebruik gemaak het van kort regtersteekhoue.

In die tweede ronde is Walters by twee geleenthede gewaarsku omdat hy met 'n oop handskoen geslaan het. Teen die einde van die geveg het Van Rensburg verwoede tweevuisaanvalle geloods en dit moes die uitslag in sy guns beklink het. Die uitslag het 'n gemengde ontvangs geniet.[105)]

Op 10 Februarie is die finaal beslis. Die sewentienjarige Springbok het teen die dertigjarige veteraan van Ceylon, Albert Perera, te staan gekom.[106)]

Dit was 'n goeie geveg waar Smiler van Rensburg, met 'n toegeplakte oor, baie effektief van sy linkers gebruik gemaak het. Dit het die geveg amper in die tweede ronde beëindig. Perera, daarenteen, het alles in sy vermoë gedoen om die glimlag van die Suid-Afrikaner se gesig te vee, maar sonder sukses.

In die binnegevegte kon Perera sy slag toon, maar op geen stadium van die geveg kon hy vinniger en meer akkuraat as die Springbok slaan nie. Teen die einde van die derde ronde was sy knieë al bewerig en moes die finale klok vir hom groot ver-

---

105) Bulley, Alex. Plakboek.

106) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 33.

ligting gebring het.[107] Smiler van Rensburg palm dus nog 'n oorwinning vir Suid-Afrika in.

### 4.3.3 Veergewig (126 pond of 57,153 kilogram)

Jopie Pretorius moes sy eerste geveg aan A. Fisher van Australië afstaan. Tony Fisher het die Suid-Afrikaner met punte geklop in 'n geveg wat gekenmerk is aan die gebrek aan wetenskaplikheid, maar tog aksiebelaai was. Fisher het aansienlik meer akkuraat vertoon as Pretorius.[108]

### 4.3.4 Liggewig (136 pond 10 onse of 61,235 kilogram)

Denis Shepherd, silwermedaljewenner op die 1948 Olimpiese Spele, het as gunsteling in die kryt geklim, maar die eerste twee rondes het getoon dat William R. Barber van Australië vir 'n groot verrassing gaan sorg. Shepherd was duidelik nie in topvorm nie en "Bill" Barber het die Suid-Afrikaner se linkerhoue met sukses afgeweer. Die Australiër het met meer krag en akkuraatheid geboks om sodoende die punte-oorwinning te verdien.[109]

### 4.3.5 Middelgewig (160 pond 5 onse of 72,574 kilogram)

Theuns van Schalkwyk se eerste geveg was teen W. Pinkus van Kanada. Van Schalkwyk het sterk, kalm en jonk vertoon. Hy het egter 'n baie taai stryd teen die onortodokse en gevaarlike Kanadees gehad. Pinkus het oor 'n lengtevoordeel beskik en hy

---

107) Bulley, Alex. Plakboek.

108) Empire Games 1950, Souvernir Issue. <u>The New Zealand Sportsman</u>, 4:8, 8 March 1950, pp. 34, 36.

109) Ibid., pp. 33, 35-36.

het goed gebruik gemaak daarvan. Uit alle oorde het die Kanadees houe op Van Schalkwyk laat reën.

Van Schalkwyk het getoon dat hy 'n beter bokser was, maar wou nie enige risiko's loop nie. In die tweede ronde het hy telkens Pinkus se aanvalle ontglip en die Kanadees dan met linkers teen die kop gepeper. Van Schalkwyk het dit opgevolg met perfekte regteropstoppers teen sy opponent se hart. Hierdie houe het die Kanadees seergemaak, maar hy het sy taaiheid bewys deur sy aanvalle voort te sit. In die derde ronde het hy die Suid-Afrikaner se neus laat bloei met 'n regterkaphou.

Van Schalkwyk se sukses kan aan sy superieure vaardigheid en kalme houding toegeskryf word.[110)] Hy het die geveg gewen.

Van Schalkwyk se volgende geveg was in die finaal. Sy teenstander, Jim Beal van Nieu-Seeland, het deur middel van 'n loslootjie tot die finaal deurgedring. Die Springbok het weer eens met sukses van sy regterhoue teen sy teenstander se kop en hart gebruik gemaak. Beal se ortodokse linker- en regterhoue kon weinig indruk maak en hy moes gevolglik baie straf verduur.[111)]

Theuns van Schalkwyk het dwarsdeur die geveg in 'n aggressiewe bui gebly. In die tweede ronde het Beal 'n poging aangewend om aan te val, maar die Springbok was net te sterk vir hom. In die laaste ronde het Beal keer op keer misgeslaan en stadig vertoon.[112)] Van Schalkwyk het die geveg in sy guns beklink.

---

110) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 35-36.

111) Ibid., p. 35.

112) Bulley, Alex. Plakboek.

### 4.3.6 Opsomming

Net soos die geval in 1930 en 1934, het Engeland ook in Auckland die boks oorheers. Naas die Britte was die Suid-Afrikaanse boksers die beste. Met vyf inskrywings het Suid-Afrika twee titels verower. Skotland het ook twee titels verower terwyl Engeland drie oorwinnings behaal het. Suid-Afrika het albei sy titels verdien terwyl Skotland 'n beslissing gekry het wat na baie kenners se mening aan Engeland behoort het. Die ervaring wat die Britse boksers in die kontinentale toernooie opgedoen het, het hier duidelike vrugte afgewerp.[113)]

Die ligter gewigsafdelings het die meeste inskrywings gelok. Die vlieg-, bantam- en weltergewig het ses inskrywings elk gelok met die veergewig en liggewig met sewe en agt inskrywings onderskeidelik. Die middel-, ligswaar- en swaargewigafdelings het drie inskrywings elk ontvang.[114)]

## 4.4 Stoei

Die stoeitoernooi op die Statebondspele het op 'n positiewe en negatiewe puntestelsel berus. 'n Stoeier is na vyf negatiewe punte uitgeskakel. Die styl waarin daar gestoei is, was vrystoei.

Op die eerste aand van die toernooi, d.w.s. Saterdagaand 4 Februarie, is die weltergewig en ligswaargewigafdelings afgehandel. Die middelgewigafdeling is op die Maandagaand (19h30)

---

113) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit., p. 31.

114) The Auckland Star, Auckland. 3.2.1950.

beslis. Die toernooi is op die Dinsdagaand afgehandel.[115] Bogenoemde drie afdelings is die drie waaraan Suid-Afrika deelgeneem het.

4.4.1 Weltergewig (160½ pond* of 74 kilogram)

Martin Jooste het na die Karachivoorval ook nog 'n spier in sy rug verrek. Ten spyte van die hewige pyn, het hy aan al die gevegte deelgeneem en sodoende 'n baie moedige vertoning gelewer.[116]

Na Martin Jooste se oorwinning oor G. Henry van Skotland[117] verloor hy sy geveg teen H. Hudson van Kanada.[118] Henry Hudson het vanuit die staanspoor voorgeloop. Een van die beoordelaars het op 'n stadium die Kanadees met 16-3 laat voorloop. Die Springbok het te laat probeer om die geveg met 'n val te wen. Ten tyde van die klok was Jooste bo-op die Kanadees, maar was weliswaar te laat vir 'n val. In die geveg om die tweede plek, is Jooste verslaan deur John Little van Australië. Die beslissing is, net soos die ander, eenparig aanvaar.[119]

---

115) Empire Games 1950, Souvernir Issue. <u>The New Zealand Sportsman</u>, 4:8, 8 March 1950, p. 65.

116) Bulley, Alex. Plakboek.

117) Walker, N.S. Plakboek.

118) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit., p. 65.

119) Bulley, Alex. Plakboek.

* Die Engelse maat vir die stoei kom uit die notule van die Fondsinsamelingskomitee- en Raadsvergadering, 23.11.1953, p. 3.

Die finale weltergewiguitslag was :

1. H. Hudson (Kanada)
2. J.C. Little (Australië)
3. M. Jooste (Suid-Afrika)[120)]

4.4.2 Middelgewig (174 pond of 82 kilogram)

Carl G. Reitz van Suid-Afrika verloor teen beide B. Arthur van Australië en M. Vachon van Kanada. In die geveg teen Arthur het laasgenoemde twee negatiewe punte ontvang en Reitz drie.[121)] Toe Vachon teen Reitz te staan kom, het hy slegs een strafpunt op sy kerfstok gehad.[122)]

Die finale plasing van die drie stoeiers in die middelgewigafdeling was as volg :

1. M. Vachon (Kanada)
2. B. Arthur (Australië)
3. C. Reitz (Suid-Afrika)[123)]

4.4.3 Ligswaargewig (191 pond of 90 kilogram)

In die ligswaargewigafdeling is Kanada se verteenwoordiger, Payette, as gevolg van 'n besering uitgeskakel. Die stryd is dus oorgelaat aan Morton (Suid-Afrika), Trevaskis (Australië) en Sneddon (Nieu-Seeland).

---

120) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit., p. 65.

121) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 65.

122) Walker, N.S. Plakboek.

123) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit., p. 65.

T. Trevaskis het 'n naelskraap nederlaag teen Pat C. Morton gely. Morton het een strafpunt ontvang en Trevaskis twee. Dit was die aanskoulikste vertoning van die aand.[124]

'n Minuut nadat die geveg 'n aanvang geneem het, het Morton byna met 'n val geslaag. Daarna was die geveg 'n blote kragvertoning met die Springbok as die wenner op vertoon. Dit was egter 'n oop geveg in goeie gees en Morton se krytvernuf het by almal bewondering afgedwing.[125]

Die finale plasing was :

1. P. Morton (Suid-Afrika)
2. A. Sneddon (Nieu-Seeland)
3. T. Trevaskis (Australië)[126]

### 4.4.4 Opsomming

In die stoeitoernooi was die titels redelik onder die deelnemende lande versprei. So het Australië drie gewen met Nieu-Seeland en Kanada met twee oorwinnings elk. Suid-Afrika kon slegs een goue medalje verower.

Die standaard van die stoei was volgens die mening van kenners aanmerklik laer as die van die Olimpiese Spele. Die klein Springbokspannetjie het met aantreklike stoei en 'n stylvolle

---

124) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit., pp. 64-65.

125) Bulley, Alex. Plakboek.

126) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 65.

benadering groot gewildheid verwerf.[127] Maar hul gewildheid het nie aan hulle die gesogte goue medaljes besorg nie, behalwe in die geval van Pat Morton.

### 4.5 Gewigoptel

#### 4.5.1 Veergewig (132¼ pond of 60 kilogram)

Barrie Engelbrecht het van sy krag en stamina moes inboet daar hy moes sukkel om binne die gewigsgrens te bly. Nogtans het hy vasgebyt en daarin geslaag om die derde plek in sy afdeling te verower.

Die uitslag was :

| | | opdruk | opraap | ruk-en-wip | totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Koh Eng Tong (Maleia) | 205 pond | 210 pond | 270 pond | = 685 pond |
| 2. | J. Creus (Engeland) | 185 pond | 215 pond | 270 pond | = 670 pond |
| 3. | B. Engelbrecht (Suid-Afrika) | 195 pond | 195 pond | 250 pond | = 640 pond |
| 4. | J. Sylvain (Kanada) | | | | = 635 pond |
| 5. | H.R. Mobbs (Australië) | | | | = 550 pond |
| 6. | L.J. Lawn (Nieu-Seeland) | | | | = 540 pond [128] |

---

127) Ibid., p. 64.

128) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 60, 63.

4.5.2 Ligswaargewig ($181\frac{7}{8}$ pond of 82,5 kilogram)

Suid-Afrika se verteenwoordiger in hierdie afdeling, Issy Bloomberg, was die Britse Ryks-ligswaargewigrekordhouer met 'n totaal van 835 pond vir die drie Olimpiese optelle. Sy beste optelle was 280, 250 en 313 pond.[129)]

In Auckland het daar 'n taai stryd ontstaan tussen Issy Bloomberg en Jim Varaleau van Kanada. Tot op die einde van die kompetisie was die uitslag onseker. Vroeg in die kompetisie het Bloomberg voorgeloop met 'n kragtige opdruk van 270 pond. In die opraap het die Kanadees egter weer ingehaal. Die finale uitslag was as volg :

| | opdruk | opraap | ruk-en-wip | | totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. J. Varaleau (Kanada) | 250 pond | 250 pond | 315 pond | = | 815 pond |
| 2. I. Bloomberg (Suid-Afrika) | 270 pond | 240 pond | 305 pond | = | 815 pond |
| 3. Tan Kim Bee (Maleia) | 225 pond | 230 pond | 310 pond | = | 765 pond |
| 4. T.R. Clark (Nieu-Seeland) | | | | = | 730 pond |
| 5. H. Morrison (Skotland) | | | | = | 710 pond |
| 6. K. McDonald (Australië) | | | | = | 530 pond |

129) Walker, N.S. Plakboek.

Suid-Afrika se twee gewigoptellers wen dus 'n silwer- en 'n bronsmedalje in hierdie afdeling. Altesaam 28 gewigoptellers uit agt lande het hier hul kragte gemeet.

Beide Varaleau en Bloomberg het 'n totaal van 815 pond gelig, maar omdat Varaleau se liggaamsmassa minder as dié van die Suid-Afrikaner was, is die titel aan hom toegeken. Was dit nie dat Bloomberg 'n fout in die ruk-en-wip begaan het nie, was die titel gewis syne.[130] Maar dis hoe titels gewen en verloor word. Foute wat begaan is mag jou 'n oorwinning kos. Dis dan ook wat met Bloomberg gebeur het.

## 4.6 Roei

### 4.6.1 2000 meter enkel-skifroei

Slegs vier lande het aan die roeikompetisie deelgeneem. Dit was Suid-Afrika, Engeland, Australië en Nieu-Seeland. Die kompetisie het plaasgevind op die Karapiromeer, 95 myl vanaf Auckland. Al vyf die roeinommers is op een dag afgehandel. Die Maandag is die eerste nommer, die agtal, om 11h30 afgehandel en die laaste nommers, die viertal, om 15h30.[131]

Die eerste keer dat die Suid-Afrikaanse vlag op die Spele gehys is, was toe Ian Stephen die bronsmedalje vir sy derde plek in die 2000 meter enkel-skifroei gewen het.

---

130) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 60, 63.

131) The Auckland Star, 3.2.1950.

In die onstuimige water kon Stephen net nie daarin slaag om met die Olimpiese kampioen, Mervyn Wood en die Engelse kampioen, A.D. Rowe, af te reken nie. Dwarsdeur die wedvaart het Stephen in die derde posisie geroei, kort agter Rowe. Wood was by uitstek die kampioen.

Stephen se kommentaar na die nommer was: "I found it a pretty tough race with the crossing, but the others had it the same. I felt quite fit and on top of my form but Mervyn Wood is too good."[132)]

Die uitslag was as volg :

1. Australië (M.T. Wood) 7:46,9
2. Engeland (A.D. Rowe) 7:54,0
3. Suid-Afrika (I.R.G. Stephen) 8:3,0
4. Nieu-Seeland (T. Hegglun)

Australië wen met twee en 'n half lengtes terwyl twee lengtes Engeland en Suid-Afrika vanmekaar geskei het.

In Suid-Afrika het Stephen op 'n half-myl oppervlak van 'n dam moes oefen. Ten spyte van hierdie gebrek aan deeglike voorbereiding en ervaring, het hy hom goed van sy taak gekwyt.[133)] Tussen veel meer ervare deelnemers het hy sy man gestaan.

---

132) Bulley, Alex. Plakboek.

133) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 45, 47.

## 4.7 Rolbal

Die rolbaltoernooi is vanaf Maandag 6 Februarie tot Woensdag 8 Februarie op die "Carlton Club" se bane by Epsom aangebied. Die ses lande wat deelgeneem het, was Suid-Afrika, Kanada, Fiji, Australië, Nieu-Seeland en Rhodesië. Kanada en Rhodesië het slegs vir die enkelspelafdeling ingeskryf. Soos dit die gewoonte was, het die wedstryde om 10h15 en 14h15 op bogenoemde drie dae plaasgevind.[134] Gelykop spelle sou op die 9de Februarie beslis word.

### 4.7.1 Enkelspel

In hierdie afdeling het Suid-Afrika die swakste gevaar. G. Jacobs het al sy wedstryde verloor en vyfde geëindig. Op Maandag 6 Februarie (10h15) is hy in sy eerste wedstryd deur A.E. Newton van Australië geklop met 25-18.

Op die tweede dag, Dinsdag 7 Februarie, verloor Jacobs twee maal. Dr. W. Krupp van Kanada klop hom met 26-19 asook die Rhodesiër. Op Woensdagmiddag, 14h15, verloor Jacobs teen J. Pirret jnr. van Nieu-Seeland, die telling 26-10. Die oggend se wedstryd het op dieselfde trant geëindig toe L.F. Garnett van Fiji hom met 26-17 geklop het.

J. Pirret was die uiteindelike titelwenner gevolg deur Newton en Krupp. Jacobs eindig dus vyfde.[135]

---

134) The Auckland Star, Auckland. 3.2.1950.

135) Empire Games 1950, Souvernir Issue. <u>The New Zealand Sportsman</u>, 4:8, 8 March 1950, p. 30.

### 4.7.2 Parespel

Konstante en skouspelagtige rolbal was die kenmerk van die Suid-Afrikaners se parespel. Vanaf die eerste wedstryd tot die laaste het die parespelers uitstekend gevaar en was die kombinasies van uitstaande gehalte.

Die Suid-Afrikaners se spel was as vermaaklik beskryf. Hulle het beide eienskappe van goeie humor en sportmanskap geopenbaar.[136)]

Suid-Afrika se wedstryde in die parespel het as volg op die program verskyn. Op Maandag 6 Februarie om 10h15, het hulle teen Nieu-Seeland te staan gekom. Die volgende wedstryd was Dinsdagoggend teen Fiji en die laaste wedstryd was om dieselfde tyd op Woensdagoggend teen Australië.[137)]

R. Henry en E.P. Exelby van Nieu-Seeland het Suid-Afrika se parespelers, W. Gibb en H.J. van Zyl, met 23-16 geklop. Op die tweede dag het Suid-Afrika 'n oorwinning oor Fiji met 15-14 behaal. Fiji se spelers was J.E. Poulton en L.G. Brown.

Die laaste wedstryd was teen B. Palm en R.A. Lewis van Australië. Suid-Afrika en Australië het drie en 'n half uur lank gespook om uiteindelik gelykop met 17 punte elk te eindig. Die wedstryd is verleng en die Springbokke het 'n pragoorwinning van 19-17 behaal.

---

136) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 30.

137) Walker, N.S. Plakboek.

Die finale uitslag van die parespel was :

1. Nieu-Seeland
2. Suid-Afrika
3. Fiji [138]

4.7.3 Viertal

Die Nieu-Seelandse skare het nie net die heerlike son geniet nie, maar ook die genot om te sien hoedat hulle eie spanne beide die enkelspel- en parespeltitels verower. Die ander titel is deur die Springbokke, onder leiding van Snowy Walker, gebuit.

Die viertal van Walker is op 'n vertoningbasis saamgestel in Desember 1949. Meer as vier weke lank het hulle in Australië geoefen en twee weke lank in Nieu-Seeland. Die viertal het volgens die rolbalbestuurder, mnr. Garnett, tot 'n gedugte span ontwikkel. Die span wat hulle sou kon klop, sou die wenspan wees. Walker en Currer was ook spanmaats in Suid-Afrika. Alhoewel H. Atkinson goed vertoon het, het hy nie sy ou spel gelewer wat hom 'n plek in die span besorg het nie. Die briljante spel van H. Currer en N.S. Walker het veroorsaak dat A. Blumberg, die nommer drie in die span, se spel tot 'n groot mate gekamoufleer was. Tog het Blumberg sy plek volgestaan en veral in die finaal teen Australië, toe Currer 'n tydelike insinking belewe het, het hy daarvoor vergoed. N.S. Walker, beter bekend as Snowy Walker, het gespeel soos sy reputasie dit van hom verwag het. Sy spel het hom een van die briljantste spelers op die toernooi gemaak. Hy is selfs beskryf as die beste skipper wat Nieu-Seeland nog ooit besoek het.

---

138) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit., p. 30.

Op Maandagoggend 6 Februarie, het Walker se span teen Nieu-Seeland met 19-11 verloor. Nieu-Seeland se span het uit N.E. Jolley, F.T. Russell, J.A. Engebretson en T.T. Skoglund bestaan. Suid-Afrika verloor dus al drie afdelings op die eerste dag.

Dinsdagmiddag het Fiji aan die beurt gekom. N.S. Chalmers, H.B. Gibson, E.H. McIlwain en P. Costello het 'n 32-10-neerlaag op die lyf geloop. Suid-Afrika was nou op die oorwinningspad en palm ook die derde dag se wedstryd teen Australië met 24-15 in. Australië is verteenwoordig deur John Cobley, L. Knight, G. Cordaiy en James Cobley.[139] Drie van hierdie vier spelers was oor die sewentig jaar oud![140]

Op Donderdag 9 Februarie moes daar uitgespeel word om die viertaltitel, aangesien Australië Nieu-Seeland met 23-4 geklop het. Die oggend se wedstryd was tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland. Die Springbokke wen die stryd met 22-17. In die middag se wedstryd teen Australië, het Suid-Afrika die hele duur van die wedstryd voorgeloop. Die Australiese viertal was ook hul nasionale kampioene, maar het nie juis beïndruk op die vinnige grasoppervlak nie. Hulle spel was lusteloos en swaar terwyl Snowy Walker se span weer kleurvol en lewenskragtig voorgekom het. Die gevolg was dat die Springbokke die wedstryd met 23-14 wen. Hulle wen sodoende ook die viertaltitel met Australië tweede en Nieu-Seeland derde.[141]

---

139) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, pp. 29-30.

140) Walker, N.S. Plakboek.

141) Empire Games 1950, Souvernir Issue. op. cit., p. 30.

## 5 SAMEVATTING

Waar Suid-Afrika die beste in 1938 gevaar het, is slegs 'n vyfde plek in Auckland behaal. Australië het voorgeloop met 80 medaljes gevolg deur Nieu-Seeland met 52, Engeland met 48, Kanada met 31 en Suid-Afrika met 20 medaljes.[142)]

Die titelwenners in die onderskeie afdelings was as volg :

| | | |
|---|---|---|
| ATLETIEK: | Australië | 15 |
| | Engeland | 5 |
| | Nieu-Seeland | 2 |
| | Kanada | 2 |
| | Suid-Afrika | 1 |
| | Ceylon | 1 |
| | Fiji | 1 |
| | Skotland | 1 |
| SWEM: | Australië | 6 |
| | Suid-Afrika | 3 |
| | Engeland | 3 |
| | Kanada | 2 |
| | Skotland | 2 |
| | Nieu-Seeland | 1 |
| BOKS: | Engeland | 3 |
| | Suid-Afrika | 2 |
| | Skotland | 2 |
| | Nieu-Seeland | 1 |

142) Strydom, Le Fras. Sportkroniek. Vigor, 3:2, Maart 1950, p. 71.

| | | |
|---|---|---|
| FIETSRY: | Australië | 4 |
| | Engeland | 1 |
| ROEI: | Australië | 4 |
| | Nieu-Seeland | 1 |
| GEWIGOPTEL: | Maleia | 2 |
| | Kanada | 2 |
| | Nieu-Seeland | 1 |
| | Engeland | 1 |
| STOEI: | Australië | 3 |
| | Nieu-Seeland | 2 |
| | Kanada | 2 |
| | Suid-Afrika | 1 |
| SKERM: | Engeland | 6 |
| | Australië | 1 |
| ROLBAL: | Nieu-Seeland | 2 |
| | Suid-Afrika | 1 143) |

143) Empire Games 1950, Souvernir Issue. The New Zealand Sportsman, 4:8, 8 March 1950, p. 66.

Die medaljewenners vir Suid-Afrika was :

GOUD:

Neville Price (verspring)

Joan Harrison (440 tree vryslag)

Jackie Wiid (110 tree rugslag)

Graham Johnston (1650 tree vryslag)

Johnnie van Rensburg (bantamgewig, boks)

Theuns van Schalkwyk (middelgewig, boks)

Pat Morton (ligswaargewig, stoei)

N.S. Walker (skipper)<br>A. Blumberg<br>H. Currer<br>H. Atkinson } viertal, rolbal

SILWER:

Syd Luyt (marathon)

Graham Johnston (440 tree vryslag)

Issy Bloomberg (ligswaargewig, gewigoptel)

W. Gibb<br>H. van Zyl } parespel, rolbal

BRONS:

Daphne Robb (220 tree)

Tom Lavery (120 tree hekkies)

Joan Harrison (110 tree vryslag)

Marcus Temple (vlieggewig, boks)

Martin Jooste (weltergewig, stoei)

Carl Reitz (middelgewig, stoei)

Barry Engelbrecht (veergewig, gewigoptel)

Ian Stephen (enkel-skifroei)

Van die 26 rekords wat in 1938 opgestel is, is 14 in Auckland verbeter.[144] Harry Hart se gewigstootrekord het steeds staande gebly alhoewel die titel die eerste keer na 'n ander land gegaan het.

---

144) Bulley, Alex. Plakboek.

## HOOFSTUK VII

### DIE VYFDE RYKS- EN STATEBONDSPELE - VANCOUVER, 1954.

Suid-Afrika, as een van die stigterslande van die eertydse Britse Rykspele, het deur die jare 'n trotse rekord van prestasie gehandhaaf. Die Springbokspanne het hul land inderdaad met waardigheid verteenwoordig.

Maar daar was veranderinge in die lug wat die Statebond en sy samestelling geraak het. Van die lande wat vroeëre Britse kolonies was, het op selfregering aangedring. Dit was 'n vlaag van positiewe nasionalisme wat rondom die aarde gewoed het. Een van die lande betrokke, was Suid-Afrika. Roeringe het ontstaan wat gedui het op die begeerte na volkome onafhanklikheid, desnoods deur republiekwording. Dit sou Suid-Afrika se posisie in die Statebondspele beïnvloed.

In sportkringe het die Statebondspele egter groot gewildheid geniet. Sportlui het daarna uitgesien om aan die 1954 Statebondspele deel te neem en hul reputasie te verdedig. Wat ook al die politieke klimaat wat met die Statebond geassosieer was, sportlui het hul min hieraan gesteur. Vir hulle het dit gegaan om deelname en om die geleentheid om te presteer en kragte te meet teen van die bestes ter wêreld. Aan die jong blanke sportlui van Suid-Afrika het dit 'n groot prikkel verskaf om na prestasie te strewe. Daarom was dit vir die sportadministrateurs 'n vanselfsprekendheid dat hulle aan die 1954 Spele sou deelneem. Alles moes dus in die stryd gewerp word om die nodige fondse in te vorder om deelname moontlik te maak.

Die vyfde Britse Ryks- en Statebondspele was bestem om op 30 Julie 1954 te Vancouver, Kanada, aangebied te word. Dit was ook die eerste Spele waar die woorde ".... en Statebondspele"[1) by die titel bygevoeg is.

## 1 FINANSIES

Voordat daar met alle erns begin is met fondsinsameling vir die Statebondspele in Vancouver, het die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging, mnr. Reg. Honey, sy kommer uitgespreek oor die bestaande stelsel van fondsinsameling. Volgens mnr. Honey het dit tyd geword om eerder die hande vir die Regering bak te hou as vir die publiek.

Baie van die Sportbeheerliggame kon nie langer die pas volhou nie. Dit was 'n blywende fondsinsameling van die een Spele na die ander, al om die tweede jaar. Die aangewese manier om Suid-Afrika se sportstandaard te verhoog, was deur middel van die invoer van oorsese spanne, maar ook daarvoor was die sportbeheerliggame finansieel nie opgewasse nie.

Brig. H.B. Klopper het voorgestel dat, behalwe om die regering te raadpleeg, die Provinsiale Administrasies ook genader moes word. Die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Speleliggaam het op brig. Klopper se voorstel gereageer en 'n afvaardiging saamgestel, bestaande uit mnre. Reg. Honey, B.C. Sims en brig. Klopper om die Administrateur te besoek en hom te pols om

---

1) British Commonwealth Games 1974, Xth..., Christchurch, New Zealand. Official Programme. Christchurch, 1974, p. 31.

finansiële hulp. Mnr. Honey is ook gevra om die Johannesburgse burgemeester te gaan spreek om die weiering van die munisipaliteit om straatkollektes ten behoewe van die Spelefonds op te hef.[2)]

Voordat daar met die fondsinsameling begin is, het die tesourier op 12 Februarie 1953 verslag gelewer dat daar 'n bedrag van £2,692.6s.1d. in die bank was, maar dat £609.0.11 op daardie tydstip aan administratiewe kostes uitbetaal moes word. Daar is op bogenoemde datum besluit dat mnr. B.C. Sims weer eens die Fondsinsamelingskomitee sou lei. Een afgevaardigde uit elke provinsiale Speleliggaam asook een afgevaardigde uit elke geaffilieerde Sportbeheerliggaam sou verteenwoordiging op die Komitee geniet. Die Komitee het egter ook die reg gehad om addisionele lede te werf.[3)]

Die eerste donasie waarvan daar melding gemaak word, was deur die oud-Springbokatleet, mnr. Dennis Shore. Mnr. Shore het 'n bedrag van £50 in die Spelefonds gestort.[4)]

Tydens 'n Raadsvergadering gehou op 10 Augustus 1953, is dit bekend gemaak dat al die besoekende spanne gratis gehuisves sou word vir 'n periode van vier weke. Dit dek twee weke voor die Spele en 'n week na die Spele. Dan het die Kanadese Organiserende Komitee ook aangebied om 'n skenking van 260 dollars per

---

2) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 8.1.1953, p. 2.

3) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 12.2.1953, pp. 1, 4.

4) Ibid. Notule van die Algemene Jaarvergadering, 30.3.1953, p. 3.

spanlid te maak. Hierdie skenking is geldig vir 20 lede. Indien die span groter sou wees, sou hulle 'n addisionele skenking oorweeg. Mej. Ann Clarke is aangestel as skakelbeampte tussen die Organiserende Komitee en die Suid-Afrikaanse Spelevereniging

Mnr. Bertie Sims het by hierdie geleentheid die voorlopige beraming voorgelê. Dit sou £550 per lid kos om na Vancouver te reis. Hy het voorgestel dat wanneer die span gekies word, die aantal lede by die bedrag in die bank aangepas moes word.

As voorsitter van die Fondsinsamelingskomitee het mnr. Sims ook verslag gelewer en gemeld dat groot probleme ondervind word met die insameling van fondse. Volgens hom was dit noodsaaklik dat die geaffilieerde beheerliggame die Fondsinsamelingskomitee alle moontlike ondersteuning gee.

Na bespreking is daar in beginsel ooreengekom dat 'n Olimpiese- en Statebondspeleklub gestig moes word. Die ledegeld sou 'n halfkroon (2/6) beloop en die lede sou sekere voordele geniet. Twee lede van die klub sou ook gekies word om die span na die Spele te vergesel. Mnre. Sims en A. Getz is aangewys om 'n subkomitee byeen te roep sodat vereistes vir lidmaatskap uitgewerk kon word. Mnr. Alex Bulley het ook skriftelik voorspraak gedoen vir die stigting van so 'n klub.

Op 8 Augustus 1953 is, benewens die £50 van mnr. Denis Shore, ook bydraes ontvang van "African Consolidated Theatres" (£26.15.0), Kempton Park Hotel (£13.10.0), Southbroom Hotel (£1.0.0), Peter Taylor (£2.2.0), "United Tobacco Co." (£25.0.0) en die Suid-Afrikaanse Polisiekollege (£234.7.3).[5)]

---

5) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 10.8.1953, pp. 2-3, 5.

Mnr. Eric Shore kon daarin slaag om 'n borg te kry wat die koste van die lidmaatskapkaartjies vir die Olimpiese en Statebondspele-klub sou dra. Die laagste tender was £250. Teen die 23ste November was 34,000 boekies al versprei.

Daar is ook kontak gemaak met alle nie-geaffilieerde sportliggame en die voorstel is gemaak dat die tennis, gholf en rolbalklubs 'n toernooi moes organiseer ten behoewe van die fondsinsameling. Elke deelnemer moes dan 2/6 betaal en sou ook 'n lidmaatskapkaart vir die Olimpiese en Statebondspele-klub ontvang. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë, posterye, fabrieke, boereverenigings, en ontspanningsklubs is ook genader om met die verkoop van die boekies te help.

Mnr. Eric Shore is aangestel as voorsitter van die komitee wat 'n sportgala in Johannesburg moes organiseer. Die voorstel is ook ontvang dat die krieketvereniging genader moes word in verband met die hou van 'n kollekte tydens die wedstryd tussen Nieu-Seeland en Transvaal op 5 Desember 1953. So moes ook die Rugby- en Sokkerowerhede genader word ten einde verlof te kry vir die hou van kollektes tydens groot byeenkomste.

Verdere voorstelle was dat 'n groot vuurwerkvertoning gereël moes word en dat die professionele Gholfvereniging ook genader moes word in verband met die hou van 'n toernooi vir professionele gholfspelers.

Die Administrateur het die moontlikheid van belasting op alle sportsoorte afgekeur.[6)]

---

6) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering en Fondsinsamelingskomitee, 23.11.1953, pp. 2, 5-8.

Februarie 1954 het aangebreek en steeds was die samewerking om fondse in te samel, nie na wense nie. Mnr. B.C. Sims, voorsitter van die Fondsinsamelingskomitee, het gesê dat £25,000 nodig sou wees om 'n span na Vancouver te stuur. Hy was baie pessimisties dat die nodige finansies deur die verkoop van lidmaatskapkaarte verkry sou word. Mnr. Reg. Honey het voorgestel dat geld liewer deur werwers (besoldig indien nodig) ingesamel moes word. Hierdie werwers moes rondgaan en persoonlike vertoë om donasies rig.

Indien die Springbokspan uit meer as 47 lede bestaan, sou dit hulle £431 per persoon kos. Vir 'n ledetal minder as 47, sou die koste £533 per lid beloop. Wanneer alle onkostes op hierdie stadium in berekening gebring word en die ± £1800 van Kanada en 10 sitplekke van Rhodesië afgetrek word, moes die Suid-Afrikaanse Spelevereniging nog 'n bedrag van ± £18,000 insamel.

Mnr. Honey het by verskillende geleenthede persoonlik met die Minister van Finansies kontak gemaak in verband met Regeringsubsidie. Die Minister was egter van mening dat hierdie aangeleentheid eers in die Parlement bespreek moes word. Dit sou egter moeilik gaan aangesien daar nie vir so iets begroot is nie. Ook Provinsiale Administrasies het in die verlede geen bydraes gemaak nie. Slegs Munisipale owerhede het al geringe bydraes gemaak. Daarom dat die vertoë tot die onderskeie Administrateurs deur die mat geval het.

Meer hulp het egter van die private sektor gekom soos byvoorbeeld mnr. Roumanoff van Greatermans wat hul bereid verklaar het om 'n hele vloer in die firma se gebou te gee vir 'n uitstalling. Behalwe die uitstallings deur verskillende afdelings van die sportwêreld, sou daar ook films oor vorige Spele vertoon word.

Nege minute op die S.A.U.K. se "A"- en "B"-programme is ook afgestaan as deel van die propagandaveldtog wat deur die Spelevereniging geloods is. Dit is aangevul deur 'n reeks kort boodskappies oor Springbok Radio.

Mnr. S. Suzman het met die gedagte gekom dat 'n Statebondspeleweek georganiseer moes word. Die laaste week van Mei is voorgestel. Gedurende hierdie week moes alle winkels dan die Spele propageer deur middel van vlae, plakkers en uitstallings. Dieselfde sou geld vir die Randse Paasskou.

Mnr. Reg. Haswell van die White City Sportklub het ook mnr. Sims genader met die goeie nuus dat die inkomste uit die Munro-en-Uitdager se geveg na die Statebondspelefonds sou gaan. Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging het egter die aanbod geweier. Die rede hiervoor was waarskynlik omdat die geld deur 'n professionele boksgeveg ingesamel sou word.

Die sportgala van mnr. Eric Shore is gekanselleer weens die gebrek aan belangstelling, maar sy komitee het op die voorstel van mev. L.M. Francey 'n Springbokbal begin organiseer. Dit sou vir die einde van April of begin Mei 1954 gereël word. Verskeie bekende Springbokke sou ook uitgenooi word.

Kwotasies is ook ontvang vir die beoogde vuurwerkvertoning op 14 April. Die toegangsgeld moes egter nog bepaal word alvorens die finale reëlings getref kon word.[7)]

---

7) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Fondsinsamelings- en Uitvoerende Komiteevergadering, 11.2.1954, pp. 1-4.

Tydens 'n Algemene Jaarvergadering gehou in Maart 1954 het mnr. B.C. Sims die klem laat val op die verantwoordelikheid van die geaffilieerde sportbeheerliggame om die nodige fondse in te samel. Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging moes teen die einde van April in kennis gestel word oor die geld wat alreeds ingesamel is sodat reëlings met die B.O.A.C. gefinaliseer kon word. Sou die nodige fondse ontbreek, of sou die S.A. Spele-vereniging nie in staat wees om die bedrag teen 30 April te kon waarborg nie, moes die gehuurde vliegtuig gekanselleer word en plekke op 'n toeristevlug teen £100 per persoon bespreek word.[8)]

Die ooreenkoms was dat elke geaffilieerde Sportbeheerliggaam wat nominasies wou indien, verantwoordelik was vir die inbetaling van £300 per nominasie. Die finale kies van die span sou gedurende die eerste week van Junie deur die volle Raad uit die nominasies ontvang, gedoen word.[9)]

Mnr. Sims het as voorsitter van die Fondsinsamelingskomitee besoek in Kaapstad afgelê waar hy verskeie lede van die Fondsinsamelingskomitees daar genader het. Hy was baie beïndruk met die werk wat reeds gedoen is. Dit was veral die atletiek- en gewigoptelverenigings wat hard gewerk het om genoeg geld vir hul nominasies in te vorder. Met verwysing na die gewigoptelunie wat baie klein was, het mnr. Sims geen rede kon sien waarom die ander groter verenigings nie ook hul nominasies kon borg nie.[10)]

---

8) Ibid. Notule van die Algemene Jaarvergadering, 30.3.1954, p. 2.

9) Ibid. Notule van die Algemene Jaarverslag, 30.12.1953, p. 2.

10) Ibid. Notule van die Algemene Jaarvergadering, 30.3.1954, p. 3.

Op 4 Junie het die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspelevereniging verklaar dat op twee na al die geaffilieerde sportbeheerliggame die vereiste £300 per nominasie ingesamel het. Dit was op hierdie tydstip slegs die Suid-Afrikaanse Amateurswemunie wat nie sy drie nominasies kon finansier nie en dieselfde het gegeld vir die Suid-Afrikaanse Skermbond se een skermer.

Mnr. Reg. Honey het die Uitvoerende Komitee se besluit bekend gemaak, naamlik dat daar streng by die beginsel van £300 per nominasie gehou moes word. Dit sou beteken dat die drie swemmers en die een skermer uit die span gelaat sou moes word. Mnr. Honey het egter die vergunning gemaak dat bogenoemde twee verenigings tien dae grasie gegee moes word om die geld in te vorder. Die "D"-dag vir die swemmers en die skermer sou 14 Junie 1954 wees. Meer uitstel was buite die kwessie, aangesien die span se paspoorte en inenting vroegtydig afgehandel moes word.

Volgens mnr. Sims sou die bedrag ingesamel, die swemmers en skermer se geld ingesluit, op £27,000 te staan kom. Dit het nog steeds 'n tekort teweeggebring. Die werklike koste is beraam op £29,516.14.0 wat soos volg bereken is :

| | | |
|---|---|---|
| Koste van vliegtuig ............. | £24,548.16. 0 | |
| Reiskoste van spanlede vanaf wonings na Johannesburg en terug ........................... | £ 451. 4. 0 | £25,000. 0. 0 |
| Assuransie;<br>8 Rolbalspelers teen £3.15.0 elk . | £ 30. 0. 0 | |
| 58 Spanlede teen £4.10.0 elk ..... | £ 261. 0. 0 | £ 291. 0. 0 |
| Kleding, £40 per lid ............ | | £ 2,220. 0. 0 |
| Sakgeld, 10/- per dag ........... | £ 960. 0. 0 | |

| | | |
|---|---|---|
| Akkommodasie in Londen op terugvlug; 4 nagte met ontbyt (58 teen 22/- per nag) ................ | £ 264.14. 0 | |
| Teatersitplekke .................. | £ 50. 0. 0 | |
| Teemsuitstappie .................. | £ 95. 0. 0 | |
| Vervoer in Londen na en van Lughawe ........................ | £ 26. 0. 0 | |
| Onkoste deur spanbestuurder, onthaal, wasgoed in Kanada ................. | £ 200. 0. 0 | |
| Vervoer in Londen vir die span, huur van motor in Kanada .......... | £ 50. 0. 0 | |
| Masseurs in Kanada ................ | £ 100. 0. 0 | |
| Etes en Onthale in Londen ......... | £ 230. 0. 0 | £ 630. 0. 0 |
| Die totale beraamde koste van die span ............ | | £28,141. 0. 0 |

Die bedrag wat in Suid-Afrika betaalbaar sou wees, was :

| | |
|---|---|
| Vliegtuig ................................. | £25,000. 0. 0 |
| Assuransie ................................ | £ 291. 0. 0 |
| Klerasie .................................. | £ 2,220. 0. 0 |
| Akkommodasie in Londen ........................... | £ 264.14. 0 |
| Teatersitplekke ................................ | £ 50. 0. 0 |
| Teemsuitstappie ................................ | £ 95. 0. 0 |
| Vervoer na lughawens ........................... | £ 26. 0. 0 |
| Totaal ..... | £27,946.14. 0 |

Die balans moes deur die spanbestuurder in Kanada en Engeland bestee word.

Mnr. Sims was ingenome met die stelsel waar elke nominasie deur 'n vaste bedrag geld vergesel moes word. Dit het daartoe gelei dat die atlete en fietsryers £3,800 ingesamel het, die stoeiers £2,100, die gewigoptellers £1,400 en die boksers £2,400. Hy

was vol vertroue dat die volle bedrag met die verloop van tyd gevind sou word. Indien die volle bedrag gevind kon word, sou al die nominasies in die span ingesluit word.[11]

Elke lid van die span is verassureer vir 'n bedrag van £5,000 in geval van sterfte of permanente ongeskiktheid; vir £1,500 in geval van permanente gedeeltelike ongeskiktheid; £15 per week vir 'n periode van 104 weke in geval van tydelike totale ongeskiktheid; die bagasie is verassureer teen 'n maksimum van £250 per persoon en met 'n premie van £1.5.0 per persoon.[12]

Die finansiële druk is egter verlig na die span se terugkeer in Suid-Afrika. Die skuld van £2,770 is deur die Minister van Finansies aangevul. Die Minister het hom bereid verklaar om enige tekorte tot en met £5,000 teen die einde van Maart 1955,[13] aan te vul.

Vir die volledige finansiële verslag soos ingedien op 26 Oktober 1954 deur die tesourier van die span, mnr. A. Getz, sien Bylaag II.

## 2 NOMINASIES VAN DEELNEMERS EN BEAMPTES

### 2.1 Deelnemers

Alreeds aan die einde van 1953 het die Organiserende Komitee in Kanada 'n opname gemaak betreffende die omvang van die verskillende spanne wat die Spele sou besoek. Mnr. Ira Emery, ere-

---

11) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 4.6.1954, pp. 1-3.

12) Ibid. Notule van die Jaarverslag, 30.12.1953, p. 3.

13) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 26.8.1954, p. 3.

sekretaris van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging, het laat weet dat Suid-Afrika een spanbestuurder sou stuur, maar geen assistent-spanbestuurder, afrigters of 'n chaperone nie. Die attaché sou as chaperone optree. Die span-beamptes sou moontlik uit vyf lede bestaan, nl. 'n swembestuurder, boksbestuurder, stoeibestuurder, atletiekbestuurder en 'n gewigoptelbestuurder.

Die verwagte aantal deelnemers aan die einde van 1953 was op 45 geskat. Dit is saamgestel uit nege atlete, vyf fietsryers, ses manlike swemmers, drie dameswemmers, twee skermers, ses stoeiers, vier gewigoptellers en tien boksers.[14)]

### 2.1.1 Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging

Die nominasies wat hierdie vereniging by die Raad ingedien het, het die name van mnre. S.J. du Plessis, A.J. Burger, J.L. Dreyer, J.B. Veitch, J.H. Barnard, J. Mekler en mej. M.C. Swanepoel as atlete bevat. Die nominasies is aanvaar deur mnr. W.J.S. le Roux en gesekondeer deur mnr. Eric Shore.

Mnr. A. Hayman het navraag gedoen oor die weglating van Neville Price; volgens meriete moes sy naam ook vermeld gewees het. Die voorsitter se antwoord hierop was dat die Spelevereniging slegs nominasies kon uitskakel, maar nie kon aanvul nie.

---

14) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 23.11.1953, p. 4.

Die fietsryers wat genomineer is, was R.L. Robinson,* T. Shardelow, R.G. Fowler, A.J. Swift en R. Mitton. Die Raad het eenparig besluit dat hierdie vyf nominasies aanvaar moes word.

2.1.2 Suid-Afrikaanse Amateurswemunie

Die nominasies ingedien het bestaan uit mejj. Joan Harrison, Felicity Loveday, Mary Morgan, Natalie Myburgh en Maggie Petzer. Die genomineerde mans was N.L. Meiring, Graham Johnston, Peter Duncan, William Steuart en Dennis Ford.

Mnr. Honey se reaksie hierop was dat slegs sewe swemmers en 'n beampte op daardie tydstip gekies kon word. Mnr. A.R. Taylor is vervolgens gevra watter swemmers uit die span gelaat moes word. Mnr. Taylor was nie bereid om die aflosspan te breek nie en derhalwe moes mejj. Morgan, Myburgh en Loveday uitgelaat word. In hierdie volgorde sou hulle ook weer by die span ingesluit word indien verdere fondse beskikbaar sou raak, wat later ook die geval was. Indien al drie dames by die span ingesluit sou kon word, kon hulle die wisselaflosspan uitmaak. Die Raad het met mnr. Taylor se besluit akkoord gegaan en hulle nominasies is aanvaar. Duncan, Johnston en Meiring het in Amerika studeer en sou in Vancouver by die span aansluit. Die swemspan na Vancouver het dus uit 10 lede bestaan.

---

* Op bladsy 4 in die notule van die Raadsvergadering van 4 Junie 1954 word Ray Robinson se naam as "R. Robertson" aangegee. Dit is egter foutief. Daar was nie 'n Springbokfietsryer met die naam van Robertson nie.

### 2.1.3 Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging

Die volgende boksers is genomineer: mnre. D.D. Kennedy, L.J. Leisching, M.G. Pretorius, H.D. van der Linde, J.A. van der Kolff, P.H.J. van Vuuren en H.G. Jenkins.

Al die nominasies is aanvaar deur mnr. R. Davies en gesekondeer deur mnr. E. Levitan.

### 2.1.4 Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging

Daar is ses nominasies ingedien, naamlik mnre. A.J. Geldenhuys, L.J. Baise, G.A. Pienaar, N.H. Loubser, H.J.P. van Zyl en J.L. Theron. Dr. J.F. Verceuil, die stoei-afgevaardigde op die Raad, het voorgestel dat al ses gekies moes word. Sy voorstel is gesekondeer deur mnr. E. Levitan. 'n Goed verteenwoordigend stoeispan van ses is dus na die Spele gestuur.

### 2.1.5 Suid-Afrikaanse Amateurgewigoptelunie

Die raad het eenparig die drie nominasies van R.J. Gaffley, J.L. Pieterse en L.F. Fourie aanvaar asook die nominasie van 'n beampte waarvoor die unie £500 gestort het.

### 2.1.6 Suid-Afrikaanse Skermbond

Twee skermers, naamlik A. Malherbe en D. Barber, is genomineer. Die rede vir twee nominasies was dat hulle teen mekaar kon oefen Die Skermbond het egter slegs £300, d.w.s. genoeg vir een nominasie, ingesamel en as gevolg daarvan het die besluit op D. Barb geval om tuis te bly. Indien die Skermbond voor die 14de Junie 'n addisionele £300 invorder, sou Barber se nominasie aanvaar word. Die Suid-Afrikaanse Skermbond het aan die eis voldoen sodat beide nominasies die span vergesel het.

### 2.1.7 Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging

Vir die enkelspel is A.W. Saunders genomineer terwyl W. Stead en H. Barker in die parespel sou speel. Die vierspan is W.A. Randall (skipper), F.N. Mitchell, J.W.H. Anderson en G.L. Wilson. Die bestuurder sou mnr. R.B. Ferguson wees. Die Raad het eenparig saamgestem met die keuse van die rolbalspan en verlof is ook aan hulle toegestaan om vroeër te vertrek om eers in Vancouver by die res van die Springbokspan aan te sluit.[15)]

Ten tyde van die span se vertrek uit Suid-Afrika was daar genoeg geld ingesamel om al tien swemmers asook albei skermers saam te stuur. Die deelnemertal het dus op 55 gestaan.[16)]

## 2.2. Beamptes

Nominasies vir die spanbestuurderskap moes deur die geaffilieerde Sportbeheerliggame voor 31 Desember 1953 ingedien word. Die aanstelling sou op 11 Januarie 1954 gemaak word.[17)]

Die keuse van die Uitvoerende Komitee het op maj. genl. H.B. Klopper geval om as spanbestuurder op te tree.

Die Raad het ook besluit dat 'n verteenwoordigende sportsoort meer as ses deelnemers in die span moes hê alvorens hulle kon kwalifiseer vir 'n afdelingsbestuurder. Die Kanadese Organiserende Komitee se reëlings was dat 'n span nie meer as 10%

---

15) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 4.6.1954, pp. 3-5.

16) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Memorandum, 25.2.1955, p. 1.

17) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Fondsinsamelingskomitee en Raadsvergadering, 23.11.1953, p. 5.

beamptes mag bevat nie. Indien 'n span die voorgeskrewe getal beamptes oorskrei, moes die betrokke land self die beamptes se koste betreffende akkommodasie, voeding, ens. dra.[18]

Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging het besluit dat daar ook streng by die beginsel gehou moes word dat slegs beamptes wat deur bogenoemde vereniging aangestel is, die toer as spanlid mag meemaak.

Behalwe genl. Klopper wat tot algemene spanbestuurder verkies is, is die volgende beamptes as afdelingsbestuurders aangestel: mnre. A.R. Bulley (swem), C. Hattingh (atletiek), E. Slabbert (stoei), O.C. Oehley (gewigoptel) en T. van Schalkwyk.

Mnr. A. Getz het hom ook bereid verklaar om op eie koste na Vancouver te reis en diens aan die span te lewer. Die Uitvoerende Komitee het vervolgens aanbeveel dat mnr. Getz as assistent-spanbestuurder en tesourier aangestel moes word. Die voorstel is eenparig deur die Raad aanvaar.[19] Mnr. Frank Braun sou ook in private hoedanigheid die Spele bywoon en optree as skeidsregter en beoordelaar by die bokstoernooi.[20]

---

18) Ibid. Notule van die Jaarverslag, 30.12.1953, p. 2.

19) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 4.6.1954, p. 5.

20) Ibid. Notule van die Fondsinsamelingskomitee en Raadsvergadering, 23.11.1953, p. 3.

## 3 DIE REIS NA, EN AANKOMS BY, DIE SPELE

Met die uitsondering van die drie swemmers wat in Vancouver by die span sou aansluit, en die rolbalspan wat vroeër (18 Junie) per skip vertrek het, het die Springbokke op 26 Junie by die Suid-Afrikaanse Polisiekollege bymekaar gekom, waar hulle twee weke lank onder toesig met voorbereiding besig sou wees. Die Rhodesiese span onder bestuurderskap van mnr. Norman Nimmo het op dieselfde dag by die Springbokke aangesluit. Dit was slegs die fietsryers wat in Krugersdorp tuisgegaan en geoefen het. Hulle het eers op Saterdag 10 Junie by die hoofspan aangesluit. Dit is ook die datum waarop daar van die span deur middel van 'n verskeidenheidskonsert in die Johannesburgse stadsaal afskeid geneem is.[21)]

Alle reëlings vir die samekoms, vertrek en terugkeer, akkommodasie en vermaak in Londen, ens. was in die hande van 'n Johannesburgse Reisagentskap, mnre. Weightman & Bleeker.

Nadat 40 kwotasies aangevra is, is daar besluit dat die firma, Ward & Salmons, die kleding vir die span sou vervaardig. Elke spanlid is toegerus met 'n hoed plus hoedband, baadjie met sakwapen, een oortrektrui, twee dasse, een sweetpak en een stel kompetisiedrag. Die mans is verder uitgereik met een wit en een grys langbroek terwyl die dames elk twee rompe en twee bloeses ontvang het.[22)]

---

21) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se Verslag oor die Britse Ryks- en Statebondspele, Vancouver. November 1954, pp. 1-2.

22) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Jaarverslag, 30.12.1953, pp. 2-3.

Die span het Jan Smutslughawe om 7h00 op 12 Julie 1954 verlaat en om 16h00 op 13 Julie in Londen geland. Hul vertrekvlug was gereël vir 21h30 daardie aand. Intussen is die span per bus na die Windsor Castle. Daardie aand op die vasgestelde tyd, het die span na Keflavik in Ysland vertrek. Die roete wat gevolg is, was die Noordelike roete via Ysland oor Groenland en die Labradorkus na Montreal. In Montreal het die span vanaf die oggend 08h00 tot die aand moes wag vir hul volgende vlug. Hierdie vlug het die span in twee verskillende vliegtuie na Vancouver vervoer. Die eerste vlug het Montreal om 19h00 verlaat en die tweede om 20h30. Hulle het op 15 Julie in Vancouver geland,[23)] drie dae na hul vertrek uit Johannesburg. In Vancouver is die spanlede deur mnr. Stan Smith, voorsitter van die Kanadese Statebondspelevereniging welkom geheet. Na die verwelkoming is die Suid-Afrikaanse vlag deur die spankaptein, Vic Dreyer, gehys. Die Springbokke het ook die stadsaal besoek waar hulle 'n skild namens mnr. C.J.H. Patmore, burgemeester van Johannesburg op daardie stadium, aan mnr. Fred Hume, burgemeester van Vancouver, oorhandig het.[24)]

Al die deelnemers aan die Spele is gehuisves in die Universiteit van Brits Columbia, wat as "Speledorpie" gedien het. Hierdie moderne universiteit was op daardie tydstip die derde grootste in Kanada en slegs sewe myl vanaf Vancouver. Die Universiteit het oor uitstekende sportfasiliteite beskik en alle deelnemers

---

23) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Britse Ryks- en Statebondspele, Vancouver. November 1954, p. 2.

24) Bulley, Alex. Plakboek.

kon met vrymoedigheid hiervan gebruik maak. Behalwe die sportfasiliteite het die Speledorpie in alle ander behoeftes voorsien.[25)]

Behalwe dat Vic Dreyer tydens 'n oefening die hamer dwarsdeur 'n omheining rondom die atletiekbaan gegooi het,[26)] het die Springbokke ook verdere skade opgedoen. Tydens die opening van die Spele is 'n brandkas uit die Speledorpie gesteel. Onder andere het die brandkas die Suid-Afrikaners se paspoorte, reiskaartjies, reisigerstjeks en £42 van hul geld bevat. Slegs die paspoorte is twee dae later deur die polisie teruggevind.[27)]

Voor die Spele het Kanadese koerante melding gemaak dat die Suid-Afrikaanse span slegs uit Blankes sou bestaan. Dit was die oorsaak vir die klein betoging op die lughawe tydens die Springbokspan se aankoms.[28)]

Tydens die Spele in Vancouver het 'n plaaslike Kanadese koerant melding gemaak van vyandigheid teenoor die Suid-Afrikaanse deelnemers. Die opskrif in die koerant het gelui: "Hostility to Springbok Athletes." Genl. Klopper het die berig bevestig en gesê dat die Springbokke hulle baie hoflik en vriendelik teenoor die ander deelnemers gedra het, maar dat sommige lande se verteenwoordigers 'n groot mate van afsydigheid teenoor die Spring-

---

25) Kanadese Statebondspele Organiserende Komitee. Nuusbrief, 1:4, 26.8.1953.

26) Bulley, Alex. Plakboek.

27) The Sunday Times, 7.8.1954.

28) Braun, F.H. Persoonlike Onderhoud. Johannesburg, 30.10.1975.

bokke getoon het. Dit kon moontlik gewyt word aan Suid-Afrika se binnelandse beleid.[29] So ver bekend, was dit van die eerste insidente in sport waar antagonisme teen die Blanke Suid-Afrikaanse spanne getoon is. Dit was die begin van 'n lang veldtog wat mettertyd groot momentum gekry het.

Die spanlede is egter ook deur baie Kanadese oorval met uitnodigings, veral deur die 150 Suid-Afrikaners wat toe in Vancouver gewoon het.[30]

## 4 DEELNAME

Die opening van die vyfde Statebondspele is op 30 Julie 1954 deur veldmaarskalk Alexander behartig. Daar bestaan egter twyfel oor hoeveel lande aan die Spele deelgeneem het. 'n Berig in die plakboek van mnr. Alex Bulley maak melding van 22 lande wat aan nege sportsoorte deelgeneem het. 'n Ander uitknipsel in dieselfde plakboek verwys na 761 deelnemers uit 24 lande wat om die 91 titels gekompeteer het.

'n Hoogs betroubare bron[31] uit Engeland bevestig dat daar 24 lande deelgeneem het met 789 deelnemers en beamptes. <u>Vigor</u> (7:3, Junie 1954, p. 5) meld egter dat 25 van die 26 lande wat by die Britse Rykspele Federasie geaffilieer was, deelgeneem het.

---

29) Bulley, Alex. Plakboek.

30) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Britse Ryks- en Statebondspele, Vancouver. November 1954, p. 4.

31) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 12.

Deur rekonstruksie blyk dat minstens die volgende lande deelgeneem het :

| | |
|---|---|
| Engeland | Pakistan |
| Kanada | Kenia |
| Suid-Afrika | Noord-Ierland |
| Suid-Rhodesië | Hongkong |
| Australië | Trinidad |
| Nieu-Seeland | Nigerië |
| Skotland | Jamaika |
| Wallis | Uganda |
| Fiji | Barbados |
| Indië | Brits-Guiana |
| Noord-Rhodesië | Goudkus |

## 4.1 Atletiek

Suid-Afrika is op hierdie Spele die eerste keer in die geskiedenis van die reeks nie in die baanitems verteenwoordig nie. Die Springbokembleem is slegs in die marathon en in die veldnommers gesien.

### 4.1.1 Marathon

Die gunstelinge in die marathon, waar 16 atlete deelgeneem het, was Jim Peters van Engeland en Jan Barnard van Suid-Afrika.[32] Die marathon is vooraf beskryf as 'n "Anglo-South African Duel." Jim Peters was op daardie stadium die wêreld se vinnigste

---

32) Bulley, Alex. Plakboek.

marathonloper en dit was alom bekend dat hy 'n aanslag op Johannes Coleman se rekord wou maak.[33]

Peters het egter nie rekening gehou met die moeilike roete, die uiters warm dag en hoë humiditeit nie. Die pas wat hy aangegee het, was so straf dat hy homself uitgeput het. Met sy aankoms in die stadion was hy los voor, maar kon nie die wedloop voltooi nie. Herhaaldelik het hy neergesak totdat die beamptes hom van die baan moes dra [34] sonder dat hy die wedloop voltooi het.

Die ander gunsteling, Jan Barnard, het dit ook baie ongelukkig getref deur drie myl vanaf die stadion 'n dybeenbesering op te doen toe hy 'n baie steil opdraand wou uitdraf. Barnard moes toe die res van die afstand op 'n drafstap aflê en in die proses is hy deur McGhee van Skotland verbygesteek. Net buite die stadion het sy spanmaat, Jackie Mekler, hom ook verbygesteek, sodat Suid-Afrika die silwer-sowel as die bronsmedalje verower het. Mekler kon moontlik nóg beter gevaar het, was hy bewus van sy posisie in die wedloop. Eers toe hy op die baan binne die stadion verskyn, het hy besef dat hy slegs 200 meter agter McGhee was. Die ongelukkige Jim Peters het die stadion 15 minute voor McGhee bereik en sou Johannes Coleman van Suid-Afrika se rekord oortref het, het hy nie op die baan inmekaar gesak nie. Coleman se 1938-rekord het op 2:30:49,8 bly staan.

---

33) The Star, 7.8.1954.

34) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, p. 6.

Die uitslag van die eerste vyf deelnemers was as volg :

1. J. McGhee (Skotland) 2:39:36,0
2. J. Mekler (Suid-Afrika) 2:40:57,0
3. J. Barnard (Suid-Afrika) 2:51:49,8
4. B. Lush (Kanada) 2:52:47,4
5. G. Hillier (Kanada) 2:58:43,4 [35)]

Na aanleiding van Mekler se klag het mnr. Chris Hattingh, die atletiekbestuurder van die span, na hulle terugkeer bekend gemaak dat ons marathonatlete van hul posisies gedurende die wedloop ingelig moes gewees het. Die verskillende spanbestuurders is voor die wedloop verseker dat hulle atlete by die kontrolepunte inligting aangaande hulle posisies in die wedloop sou ontvang. Dit was eers na afloop van die marathon, dat mnr. Chris Hattingh ontdek het dat dit nooit gedoen is nie.[36)]

4.1.2 Paalspring

A.J. Burger was ongelukkig om 'n dyspierbesering tydens voorbereiding op te doen, maar het nogtans sy bes gedoen en die bronsmedalje verower.[37)]

---

35) Bulley, Alex. Plakboek.

36) Bulley, Alex. Plakboek.

37) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, p. 5.

Die uitslag van die paalspring, wat op 7 Augustus 1954 beslis is, was as volg :

1. Geoff Elliott (Engeland) 14 voet 0 duim (4,267 meter) Spelerekord
2. Ron Miller (Kanada) 13 voet 9¼ duim (4,195 meter)
3. Johannes Burger (Suid-Afrika) 13 voet 6¾ duim (4,13 meter)
4. Bob Adams (Kanada) 13 voet 5 duim (4,09 meter)
5. Mervyn Richards (Nieu-Seeland) 13 voet 0 duim (3,96 meter)
6. Orland Anderson (Kanada) 13 voet 0 duim (3,96 meter)[38)]

#### 4.1.3 Skyfwerp

Fanie du Plessis het die skyfwerptitel vir Suid-Afrika gewen met 'n rekordgooi van 169 voet 7½ duim. 'n Welbekende atletiekgesaghebbende van Engeland (die naam word nie vermeld nie) het na Du Plessis se vertoning gesê dat die Springbok nog baie verder sal kan gooi indien hy sy styl opknap. Volgens hierdie kenner het Du Plessis bloot op sy krag staatgemaak.

Die Suid-Afrikaner kon al met sy eerste worp die titel verower het. Al sy worpe was verder as die rekord. Met sy laaste poging het hy sy beste afstand behaal en sodoende Suid-Afrika se sesde goue medalje op daardie tydstip (Dinsdagmiddag 3 Augustus) gewen. Dit was ook die eerste goue medalje wat in die nuwe Statebondstadion deur 'n Springbok gewen is.

---

38) Bulley, Alex. Plakboek.

Alhoewel Fanie du Plessis se wenafstand 169 voet 7½ duim was, het hy tydens die oefeninge 'n paar keer verder as 170 voet gegooi. In amptelike kompetisie was sy vorige beste egter slegs 163 voet.[39)]

Uit die 12 deelnemers was die beste 10 se uitslae as volg :

1. Stefanus du Plessis (Suid-Afrika) 169 voet 7½ duim (51,70 meter) Spelerekord
2. Roy Pella (Kanada) 162 voet 6 duim (49,53 meter)
3. Mark Pharoah (Engeland) 156 voet 11½ duim (47,84 meter)
4. Stan Raike (Kanada) 150 voet 5 duim (45,85 meter)
5. Hywel Williams (Wallis) 148 voet 3 duim (45,19 meter)
6. Ken Shalwell (Kanada) 147 voet 1½ duim (44,84 meter)
7. Svein Sigfusson (Kanada) 143 voet 1½ duim (43,63 meter)
8. Mesulame Redurko (Fiji) 140 voet 1½ duim (42,71 meter)
9. John Savidge (Engeland) 137 voet 4 duim (41,86 meter)
10. Parduman Brar (Indië) 135 voet 8½ duim (41,36 meter)

Die ou Statebondspelerekord het op 156 voet 7 duim gestaan. Al drie die medaljewenners oortref dus die ou rekord.[40)]

---

39) The Star, 4.8.1954.

40) Bulley, Alex. Plakboek.

### 4.1.4 Gewigstoot

**Mans:**

Op Donderdag 5 Augustus het Fanie du Plessis derde geëindig nada hy net nie daarin kon slaag om sy topvorm te herwin nie. Sy beste afstand wat hy voor hierdie kompetisie kon behaal, was slegs 51 voet en selfs dit sou hom nie die titel kon besorg het nie. Hy het die silwermedalje met slegs 'n ¼ duim misgeloop.[41]

Die uitslag van die gewigstoot was :

1. John Savidge (Engeland) 55 voet 0¼ duim (16,77 meter) Spelerekord
2. John Pavelich (Kanada) 49 voet 0¼ duim (14,95 meter)
3. Fanie du Plessis (Suid-Afrika) 49 voet 0 duim (14,935 mete
4. Stan Raike (Kanada) 48 voet 0¼ duim (14,65 meter)
5. Lionel Whitman (Kanada) 47 voet 8½ duim (14,54 meter)
6. Mark Pharoah (Engeland) 46 voet 10 duim (14,275 meter)
7. Singh Brar (Indië) 45 voet 6½ duim (13,88 meter)
8. Geoffrey Elliot (Engeland) 45 voet 1¼ duim (13,75 meter)
9. Eric Coy (Kanada) 43 voet 10½ duim (13,37 meter)
10. Derek Cox (Engeland) 41 voet 4 duim (12,60 meter)
11. Rywel Williams (Wallis) 40 voet 4½ duim (12,30 meter)

Die vorige rekord van 48 voet 1¼ duim is in 1934 deur Harry Hart van Suid-Afrika in Londen opgestel.[42)]

---

41) The Star, 6.8.1954.

42) Bulley, Alex. Plakboek.

Dames:

In die damesafdeling het Magdalena Swanepoel in die spore van Fanie du Plessis gevolg en ook 'n bronsmedalje ingepalm. Die uitslag van die damesgewigstoot was :

1. Yvette Williams (Nieu-Seeland) 45 voet 9½ duim (13,956 meter)
2. Jackie McDonald (Kanada) 42 voet 7 duim (12,98 meter)
3. Magdalena Swanepoel (Suid-Afrika) 42 voet 0½ duim (12,817 meter)
4. R. Valerie Lawrence (Australië) 40 voet 4¾ duim (12,31 meter)
5. Terry Fisher (Noord-Rhodesië) 40 voet 4½ duim (12,307 meter)
6. Suzanne Allday (Engeland) 39 voet 2¾ duim[43] (11,957 meter)

4.1.5 Spiesgooi

Mans:

Johnny Veitch het goed vertoon en voorgeloop na die eerste ronde van die spiesgooi. Sy elmboogbesering het hom egter soveel las gegee dat hy in die daaropvolgende rondes nie op sy eerste gooi kon verbeter nie.[44]

---

43) Bulley, Alex. Plakboek.

44) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, p. 5.

Die volledige uitslag is as volg :

1. James Achurch (Australië) 224 voet 9½ duim (68,52 meter) Spelerekord
2. Mohamad Nawaz (Pakistan) 223 voet 4½ duim (68,09 meter)
3. Jalal Khan (Pakistan) 221 voet 5½ duim (67,50 meter)
4. Denis Tucker (Engeland) 216 voet 7 duim (66,02 meter)
5. John Veitch (Suid-Afrika) 204 voet 6 duim (62,33 meter)
6. Maboria Tesot (Kenia) 203 voet 0½ duim (61,89 meter)
7. Kevin Flanagan (Noord-Ierland) 202 voet 4 duim (61,6 meter)
8. Viliame Liga (Fiji) 199 voet 8 duim[45] (60,86 meter)

Dames:

In die damesafdeling was die heldin van die Springbokspan daardie aand niemand anders as Dalena Swanepoel nie. Sy het die spiesgooi met 'n afstand van 143 voet 9½ duim gewen. Dit was meer as 16 voet verder as die vorige rekord en amper 10 voet beter as haar vorige beste. Die Rhodesiese dame wat tweede was, Terry Fisher, is in Kaapstad gebore. Toe mnr. Reg. Honey die medaljes oorhandig, het hy mej. Fisher as 'n halwe Springbok gelukgewens.[46]

---

45) Bulley, Alex. Plakboek.
46) The Star, 6.8.1954.

Die uitslag van die damespiesgooi was :

1. Magdalena Swanepoel (Suid-Afrika) 143 voet 9½ duim (43,83 meter) Spelerekord
2. Terry Fisher (Noord-Rhodesië) 137 voet 8½ duim (41,97 meter)
3. Shirley Couzens (Kanada) 127 voet 10½ duim (38,98 meter)
4. Mary Lawrence (Kanada) 115 voet 5 duim (35,18 meter)
5. Dorothy Tyler (Engeland) 108 voet 0½ duim (32,93 meter)
6. Suzanne Allday (Engeland) 92 voet 10 duim (28,297 meter)

Die vorige rekord het op 127 voet 5¼ duim gestaan.[47)]

### 4.1.6 Hamergooi

Vic Dreyer was so slaggereed as moontlik en al die Springbok-ondersteuners was vol vertroue dat hy die titel sou verower. Dreyer het ook vanuit die staanspoor voorgeloop ten spyte van die talle onderbrekings ter wille van ander kompetisies. Die Pakistanse hamergooier het Dreyer egter met sy laaste poging geklop.[48)]

Die uitdunne is op Vrydag 6 Augustus beslis en slegs die beste agt kon kwalifiseer vir die finaal op die daaropvolgende en laaste dag van die Spele. Die uitslag van die agt bestes in die uitdun was as volg :

---

47) Bulley, Alex. Plakboek.

48) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, p. 5.

Uitdun -

1. Mohammad Iqbal (Pakistan) 181 voet 1½ duim (55,21 meter) Spelerekord
2. Johannes Dreyer (Suid-Afrika) 178 voet 7½ duim (54,45 meter)
3. Peter Allday (Engeland) 172 voet 5 duim (52,55 meter)
4. Donald Anthony (Engeland) 171 voet 9 duim (52,35 meter)
5. Alexander Valentine (Skotland) 170 voet 11½ duim (52,11 meter)
6. James Lally (Noord-Ierland) 157 voet 5¾ duim (48,00 meter)
7. Evan Douglas (Skotland) 155 voet 4½ duim (47,36 meter)
8. John Carr (Nieu-Seeland) 152 voet 7 duim (46,51 meter)

In die finaal het die hamergooiers nóg beter gevaar en vyf van die agt finaliste het die ou Spelerekord oortref. Alhoewel Vic Dreyer se Suid-Afrikaanse rekord op 184 voet 4 duim gestaan het, kon hy weer eens slegs tweede eindig.

Die uitslag van die finaal was :

1. Mohammad Iqbal (Pakistan) 181 voet 8 duim (55,37 meter)
2. Johannes Dreyer (Suid-Afrika) 179 voet 7½ duim (54,75 meter)
3. Evan Douglas (Skotland) 173 voet 3 duim (52,81 meter)
4. Donald Anthony (Engeland) 171 voet 2½ duim (52,18 meter)
5. Peter Allday (Engeland) 170 voet 4 duim (51,92 meter)
6. Alexander Valentine (Skotland) 169 voet 0½ duim[49] (51,52 meter)

---

49) The Star, 7.8.1954.

4.2 Fietsry

Vir die eerste keer sedert 1938 is daar weer Suid-Afrikaanse inskrywings in die fietsry, en wel in die volgende nommers:

4.2.1 1000 meter naelry

Uitdunne: Slegs die wenner van elke uitdun kwalifiseer vir die kwarteindronde.

Eerste ronde; Eerste uitdun -

1. Jimmy Swift (Suid-Afrika) 11,8 sek. Spelerekord
2. John van Wyk (Suid-Rhodesië)
3. Naqi Mallick (Pakistan)

Sewende uitdun -

1. Tom Shardelow (Suid-Afrika) 12,0 sek.
2. Les Lock (Nieu-Seeland)

Tweede ronde; Sesde uitdun -

1. Tom Shardelow (Suid-Afrika) 12,5 sek.
2. Terry Gamble (Kanada)

Sewende uitdun -

1. Jimmy Swift (Suid-Afrika)
2. Lindsay Cocks* (Australië)

Swift is as die wenner aangewys nadat Cocks gediskwalifiseer is omrede hy voor Swift ingeswaai het.

---

* Die Star (3.8.1954) praat van L. Cox, m.a.w. Lionel Cox.

Kwarteindronde: A-Afdeling

In die kwarteindronde moes die jaers twee keer wen alvorens hulle kon kwalifiseer vir die semi-finaal.

Eerste uitdun -

1. Tom Shardelow (Suid-Afrika) 11,9 sek.
2. Jim Davies (Kanada)

Derde uitdun -

1. Cyril Peacock (Engeland) 11,6 sek. Spelerekord
2. Jim Swift (Suid-Afrika)

Kwarteindronde: B-Afdeling

Eerste uitdun -

1. Tom Shardelow (Suid-Afrika) 12,0 sek.
2. Jim Davies (Kanada)

Shardelow kwalifiseer dus.

Derde uitdun -

1. Jim Swift (Suid-Afrika) 12,0 sek.
2. Cyril Peacock (Engeland)

Swift is as die wenner aangewys nadat Peacock gediskwalifiseer is omrede hy oor die laaste 100 meter uit sy baan gejaag het.

Semi-finaal: Die jaers moes weer eens twee maal wen om vir die finaal te kon kwalifiseer.

In die semi-finaal was dit Cox en Shardelow wat dit moes uitspook om te kon kwalifiseer. In die A-afdeling was Shardelow eerste om te breek en hy wen met 'n halwe wiel. Sy tyd was 12,4 sekondes.

In die B-afdeling het Cox besluit om die pas aan te gee, maar weer was dit Shardelow wat eerste gebreek het sodat hy 'n lengte voorsprong kon opbou. Cox het egter met 'n asemrowende eindpoging na vore gekom en die Springbok by die wenpaal ingehaal. 'n Foto was nodig om die uitslag te bepaal. Cox is as die wenner aangewys.

In die C-Afdeling was dit Shardelow se laaste kans om te kon kwalifiseer. Hy was ook eerste om te breek met die Olimpiese kampioen wat hom 100 tree vanaf die wenpaal ingejaag het. Kop aan kop het die twee jaers op die wenpaal afgepyl en weer eens moes daar van 'n fotobeslissing gebruik gemaak word. Die uitslag was in die Australiër se guns.

In die finaal was dit Lionel Cox en Cyril Peacock wat om die titel gejaag het. Alhoewel Cox gewen het, is hy gediskwalifiseer, sodat Peacock die goue medalje ontvang het. Peacock het beweer dat Cox hom oor die laaste 300 meter van die baan probeer druk het. Shardelow word deur die diskwalifikasie bevoordeel en wen die bronsmedalje.

Cox se diskwalifikasie het meegebring dat die Australiese fietsrybestuurder, mnr. Bill Young, uit protes sy span van die Dinsdagaand (3 Augustus) se items onttrek het. Die algemene spanbestuurder, mnr. Jim Eve, het egter met groot moeite die fietsryers oorreed om voort te gaan[50] met die kompetisie.

---

50) Bulley, Alex. Plakboek (en The Star, 4.8.1954).

4.2.2 4,000 meter enkelagtervolging

Op Maandag 2 Augustus, die openingsdag van die fietsry-kompetisie, het Bobby Fowler en Ronnie Mitton albei gekwalifiseer vir die kwarteindronde. Hulle tye het albei die ou Spelerekord van 5:16,3, opgestel in 1950 deur Cyril Cartwright van Engeland, oortref. Slegs die agt vinnigstes uit die tydtoetse sou kon kwalifiseer. Hulle was :

1. Norman Sheil* (Engeland) 5:10,4 Spelerekord
2. Bob Fowler (Suid-Afrika) 5:10,8
3. Ron Mitton (Suid-Afrika) 5:12,2
4. Pete Brotherton (Engeland) 5:13,2
5. Bernard Pusey** (Engeland) 5:16,7
6. Neil Richie (Nieu-Seeland) 5:21,4
7. Pat Murphy (Kanada) 5:21,5
8. John Law (Australië) 5:22,8

Kwarteindronde; Dinsdag 3 Augustus

Tweede uitdun -

1. Bernard Pusey (Engeland) 5:09,9 Spelerekord
2. Ron Mitton (Suid-Afrika)

Ronnie Mitton is dus uitgeskakel.[51)]

---

51) Bulley, Alex. Plakboek.

* Norman Sheil se naam word deur sommige bronne as "Shiel" gespel. Dit is veral die koerantberigte wat fouteer.

** Bernard Pusey se naam word ook soms as "Puzey" aangegee.

Die *Star* (4.8.1954) verskil wat die rekordtyd betref. Die berig meld dat "Puzey" die Suid-Afrikaner met 20 tree geklop het in 'n nuwe Statebondspele-rekordtyd van 5 minute 9,5 sekondes.

Derde uitdun -

1. Bob Fowler (Suid-Afrika) 5:13,4
2. Pat Murphy (Kanada)

Die wedren moes aanvanklik oorgery word nadat die Kanadees 'n pap wiel opgedoen het. Murphy was die voorloper toe die voorval halfpad deur die wedren gebeur. In die opvolgingswedren het die Kanadees weer eens 'n verstommende pas aangegee, maar hy kon dit nie volhou nie, sodat Fowler uiteindelik met meer as 'n driekwartronde gewen het.[52)]

Semi-finaal: Dinsdag 3 Augustus

Tweede uitdun -

1. Norman Sheil (Engeland) 5:06,4 Spelerekord
2. Bob Fowler (Suid-Afrika)

In hierdie wedren het Norman Sheil maklik met die Suid-Afrikaner afgereken deur met meer as 'n halwe ronde te wen. Dit was die vinnigste tyd tot op daardie stadium van die kompetisie, en gevolglik ook 'n nuwe rekord.

Sheil het vanuit die staanspoor 'n strawwe pas aangegee met die gevolg dat hy na die eerste ronde 10 tree voorsprong opgebou het. Na die vierde ronde was hy 50 tree voor die Springbok. Alhoewel Fowler 'n desperate poging aangewend het om die agterstand uit te wis, kon hy nie daarin slaag nie, aangesien Sheil vir geen

---

52) The Star, 4.8.1954.

oomblik sy pas verslap het nie.[53]

In die finaal het Sheil sy spanmaat, Peter Brotherton, met 'n nuwe amateurwêreldrekord van 5:3,5 geklop.

Op Donderdagaand 5 Augustus, het Bobby Fowler en Bernard Pusey dit om die bronsmedalje uitgespook. Na twee rondes het Fowler 'n effense voorsprong opgebou, maar daarna het Pusey die pas versnel, sodat hy na 2,000 meter met 20 tree voorgeloop het. Fowler het die Brit egter ingehaal sodat hulle ses rondes vanaf die wenpaal steeds gelyk gejaag het.

In die daaropvolgende ronde was Fowler die voorloper met Pusey wat duidelik tekens van uitputting begin toon het.[54] Fowler wen die wedren met 'n ronde voorsprong. Fowler en Pusey se tye was 5:06,9 en 5:08,5 onderskeidelik.[55]

Die medaljewenners was dus:

1. N. Sheil (Engeland)
2. P. Brotherton (Engeland)
3. R. Fowler (Suid-Afrika)

4.2.3 10 myl

Albei Suid-Afrika se inskrywings het dit op die Donderdag baie ongelukkig getref deur op die laaste draai, 150 tree vanaf die wenpaal, te val. Volgens Shardelow was hulle baie seker van 'n oorwinning.

---

53) The Star, 4.8.1954.

54) The Star, 6.8.1954.

55) Bulley, Alex. Plakboek.

Die Springbokke het die houtbaan baie klein en moeilik gevind. Die ongeluk het egter gebeur nadat 'n Britse jaer teen Swift en Shardelow gebots het, net toe hulle met hul eindpoging wou begin. Die Brit het ongedeerd daarvan afgekom en nog vyfde geëindig.[56)]

4.2.4 Padwedren (100 kilometer)

Die uitslag van die padwedren op die Saterdag was weer eens teleurstellend aangesien botsings dit vir die Springbok moeilik gemaak het om beter te vaar.[57)]

Die uitslag was :

1. Eric Thompson (Engeland) 2:44:8,1
2. Peter Baird (Nieu-Seeland)
3. Bernard Pusey (Engeland)
4. Ed Nestor (Australië)
5. George Nevin (Australië)
6. Ron Park (Skotland)
7. Jimmy Swift (Suid-Afrika)[58)]

4.3 Swem

Die Spele is aangebied buite die Suid-Afrikaanse swemseisoen, in die Suid-Afrikaanse winter. Volgens mnr. Alex Bulley, die swembestuurder, was die twee weke se voorbereidings in Pretoria van groot waarde. Die hele span, met die uitsondering van Johnston

---

56) Bulley, Alex. Plakboek.

57) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, p. 6.

58) Bulley, Alex. Plakboek.

Duncan en Meiring, het saam die voorbereiding onder toesig van mnr. Bulley ondergaan. Bogenoemde drie mans was op daardie stadium studente aan die Universiteit van Oklahoma, in die Verenigde State van Amerika[59] waar dit op daardie stadium somer was, in die middel van die swemseisoen aldaar.

4.3.1 110 tree vryslag

Dennis Ford het wel aan die derde uitdun deelgeneem, maar kon weens sy vyfde plek nie kwalifiseer nie. Sy tyd van 61,4 sek. was 2,4 sek. onder die stadigste kwalifiserende tyd.[60] Peter Duncan en Graham Johnston was aanvanklik ook ingeskryf, maar mnr. Bulley het hulle onttrek aangesien die 4 x 220 tree aflos op dieselfde dag plaasgevind het.

In die damesafdeling het mnr. Bulley een verandering aangebring. Felicity Loveday is met Toy Myburgh vervang. Mej. Myburgh het sodanig verbeter sedert die nasionale proewe dat mnr. Bulley nie anders kon as om haar in die plek van mej. Loveday in te span nie.[61]

In die 110 tree vryslaguitdunne vir dames wat op die eerste dag beslis is, het Suid-Afrika drie verteenwoordigers gehad wat al drie vir die finaal gekwalifiseer het. Dit het beteken dat Suid-Afrika 50% verteenwoordiging in die finaal geniet het. Die kwalifiserende ses het as volg gevaar in die uitdunne:

---

59) Bulley, Alex. Swembestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 21.8.1954, p. 1.

60) Bulley, Alex. Plakboek.

61) Bulley, Alex. op. cit., pp. 3-4.

Eerste uitdun -

1. Virginia Grant (Kanada) 66,4 sek.
2. Joan Harrison (Suid-Afrika) 66,8 sek.

Tweede uitdun -

1. Lorraine Crapp (Australië) 66,9 sek.
2. Machduldt Petzer (Suid-Afrika) 68,0 sek.

Derde uitdun -

1. Marion Roe (Nieu-Seeland) 68,7 sek.
2. Natalie Myburgh (Suid-Afrika) 68,7 sek.

Al ses kwalifiserendes oortref dus, die ou rekord van 69,0 sek. opgestel deur Marjorie McQuade van Australië in 1950.

Die uitslag van die finaal :

1. L. Crapp (Australië) 65,8 sek. Spelerekord
2. V. Grant (Kanada) 66,3 sek.
3. J. Harrison (Suid-Afrika) 68,2 sek.
4. M. Roe (Nieu-Seeland) 68,9 sek.
5. M. Petzer (Suid-Afrika) 69,0 sek.
6. N. Myburgh (Suid-Afrika) 69,4 sek.[62)]

4.3.2 110 tree rugslag

Mans:

In die 110 tree rugslagnommer is Suid-Afrika verteenwoordig deur Nicolaas Meiring. Die ses vinnigstes sou kwalifiseer vir die finaal wat op die Vrydag afgehandel sou word.

---

62) Bulley, Alex. Plakboek.

Tweede uitdun -

1. Robert Wardrop (Skotland) 67,8 sek.
2. Nicolaas Meiring (Suid-Afrika) 69,4 sek.
3. Derek Fowler (Noord-Rhodesië) 70,5 sek.
4. Dean Aspinall (Kanada) 74,2 sek.[63)]

In die finaal kon Meiring as gevolg van 'n agtelosige eindpoging nie daarin slaag om 'n plek te behaal nie. Dit bring mee dat hy die enigste swemmer in die span was wat nie 'n medalje verower het nie.[64)] Hy was so seker van sy derde plek dat hy nie met sy eindpoging volhard het nie en in diè proses is hy ongemerk deur Weld verbygesteek.[65)]

Finaal -

1. William Brockway (Wallis) 66,5 sek. Spelerekord
2. Lincoln Hurring (Nieu-Seeland) 66,9 sek.
3. Cyrus Weld (Australië) 68,6 sek.
4. Nicolaas Meiring (Suid-Afrika) 69,2 sek.
5. Robert Wardrop (Skotland) 69,9 sek.
6. Haydn Rigby (Engeland) 70,7 sek.

Dames:

Ook in die damesafdeling het die Maandag se ses vinnigste swemmers uit die uitdunne vir die finaal gekwalifiseer.

---

63) Bulley, Alex. Plakboek.

64) Bulley, Alex. Swembestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 21.8.1954, p. 3.

65) The Star, 7.8.1954.

Eerste uitdun -

1. Joan C. Harrison (Suid-Afrika) 76,1 sek. Spelerekord
2. Lenore Fisher (Kanada) 77,5 sek.
3. Margaret McDowall (Skotland) 78,4 sek.
4. Judith Diane Knight (Australië) 79,2 sek.
5. Vivienne Meyrick (Engeland) 79,5 sek.

Die eerste drie uit hierdie uitdun het al drie die ou Statebond-spelerekord van 78,6 sek. verbeter. Die houer was J.J. Davies van Australië en die rekord is opgestel in 1950.

Op die Woensdag het die finaal as volg verloop:

1. Joan Harrison (Suid-Afrika) 75,2 sek. Spelerekord
2. Patricia Symons (Engeland) 77,4 sek.
3. Jean Stewart (Nieu-Seeland) 77,5 sek.
4. Lenore Fisher (Kanada) 78,2 sek.
5. Margaret McDowall (Skotland) 78,8 sek.
6. Maureen Pitchfork (Engeland) 79,0 sek.

Alhoewel mej. Harrison 'n rekord opgestel het, was haar wentyd in die 1952 Olimpiese Spele 0,9 sek. vinniger.[66)]

---

66) Bulley, Alex. Plakboek.

### 4.3.3 220 tree borsslag, dames

Die volgende ses dames het vir die 220 tree borsslag finaal gekwalifiseer:

Helen Gordon (3:02,5), Mary Morgan (3:04,0), Margaret Grundy (3:05,7), Jan Grier (3:13,0), Margaret Peebles (3:16,4) en Margaret Stangroom (3:19,6).[67)]

Mej. Morgan was tweede in haar uitdun.[68)]

In die finaal het mej. Helen Gordon van Skotland haar titel behou en tegelyk haar Statebondspelerekord verbeter na 2:59,2. Mary Morgan van Suid-Afrika het ongeveer agt tree agter mej. Gordon geëindig met 'n drie tree voorsprong op Margaret Grundy. Halfpad deur die nommer was mej. Morgan slegs twee tree agter Helen Gordon; die Skotse titelhouer het egter met gemak gewen.[69)]

Die uitslag van die finaal was :

1. Helen Gordon (Skotland) 2:59,2 Spelerekord
2. Mary Morgan (Suid-Afrika) 3:03,3
3. Margaret Grundy (Engeland) 3:04,5
4. Jan Grier (Australië) 3:13,4
5. Margaret Stangroom (Kanada) 3:18,0
6. Margaret Peebles (Kanada) 3:20,5

Mej. Morgan het in die proses haar eie Suid-Afrikaanse rekord met vier sekondes verbeter.[70)]

---

67) Bulley, Alex. Plakboek.

68) Bulley, Alex. Swembestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 21.8.1954, p. 2.

69) The Star, 5.8.1954.

70) Bulley, Alex. Plakboek.

4.3.4 330 tree wisselaflos, dames

Hierdie damesaflosnommer bestaan uit drie skofte wat in rugslag, borsslag en vryslag afgelê word. Die uitslag van die finaal was:

1. Skotland (M. McDowall, Helen Gordon, M. Girvan) 3:51,0 Spelerekord

2. Suid-Afrika (Joan Harrison, Mary Morgan, Maggie Petzer) 3:52,7

3. Australië (Diane Knight, Jan Grier, Lorraine Crapp) 3:55,6

4. Engeland (J. Botham, Margaret Grundy, Maureen Pitchfork) 3:56,4

5. Kanada (Lenore Fisher, Margaret Stangroom, Virginia Grant) 3:57,5 [71)]

Joan Harrison is uit die 440 tree vryslag onttrek om as sleutelfiguur in die wisselaflos te dien. Die plan het egter misluk daar sy nie in staat was om 'n groot genoeg voorsprong vir haar spanmaats op te bou nie. Sy het haar rugslag-skof in 65,7 sek. afgelê, maar kon daardeur nie meer as 'n twee tree voorsprong opbou nie. Mej. Gordon het Mary Morgan met drie tree geklop en alhoewel Maggie Petzer hard probeer het, kon sy die agterstand slegs met een tree verminder.[72)]

---

71) Bulley Alex. Plakboek.

72) The Star, 4.8.1954.

4.3.5 440 tree vryslag

Mans:

Die uitdunne het op Dinsdag 3 Augustus plaasgevind waar die ses vinnigstes gekwalifiseer het vir die finaal.

Die uitslae van die uitdunne was:

Eerste uitdun -

1. Graham Johnston (Suid-Afrika) 4:46,1 Spelerekord
2. Gerry McNamee (Kanada) 4:50,8
3. Frederick Lucas (Nieu-Seeland) 4:58,3
4. Peter Head (Engeland) 5:01,7

Tweede uitdun -

1. Gary Chapman (Australië) 4:47,8
2. Peter Duncan (Suid-Afrika) 4:49,4
3. Donald Bland (Engeland) 4:57,0
4. Allen Gilchrist (Kanada) 4:57,8
5. Robert Wardrop (Skotland) 5:03,8

Peter Duncan se tyd ewenaar die ou Statebondspelerekord.

Derde uitdun -

1. John Wardrop (Skotland) 4:47,1
2. William Steuart (Suid-Afrika) 4:48,5
3. Ronald Gilchrist (Kanada) 5:00,6
4. Derek Laverty (Noord-Ierland) 5:06,2

In die finaal het Suid-Afrika vir die tweede keer op die Spele 50% verteenwoordiging in 'n swemnommer (waar 'n maksimum van drie inskrywings per land per nommer toegelaat is, geniet.[73]

73) Bulley, Alex. Plakboek.

Voordat die finaal beslis is, was die openbare mening dat net Chapman, Wardrop of Johnston 'n kans op 'n oorwinning gestaan het. Die laaste skof van die 440 tree was toe ook 'n kragmeting tussen bogenoemde drie swemmers.[74] Johnston het soos 'n horlosie geswem met rondetye wat nooit met meer as 'n sekonde gevarieer het nie.[75]

Die uitslag van die finaal was:

1. Gary Chapman (Australië) 4:39,8 Spelerekord
2. John Wardrop (Skotland) 4:41,5
3. Graham Johnston (Suid-Afrika) 4:43,3
4. Peter Duncan (Suid-Afrika) 4:48,6
5. Gerry McNamee (Kanada) 4:51,6
6. William Steuart (Suid-Afrika) 4:52,1 [76]

Dames:

Die 440 tree vryslag vir dames was 'n splinternuwe nommer op die program. Ook hier is die vinnigste ses swemmers gekies om in die finaal mee te ding. Die uitslae van die uitdunne was:

Eerste uitdun -

1. Machduldt Petzer (Suid-Afrika) 5:23,4
2. Berth Whittal (Kanada) 5:24,6
3. Winnifred Griffin (Nieu-Seeland) 5:39,8
4. Phyllis Linton (Wallis) 5:46,9
5. Jennifer Osborough (Noord-Ierland) 6:06,5

---

74) The Star, 5.8.1954.

75) The Star, 7.8.1954.

76) Bulley, Alex. Plakboek.

Derde uitdun -

1. Natalie Myburgh (Suid-Afrika) 5:29,4
2. Marion Roe (Nieu-Seeland) 5:34,7
3. Karna Kamp (Kanada) 5:46,6 [77]

Maggie Petzer was een van vier swemmers wat in die uitdunne daarin kon slaag om Joan Harrison se rekord van Auckland (1950) te slaan. Mej. Petzer se tyd was, naas die van mej. Crapp, die vinnigste van die dag, en drie sekondes vinniger as die ou rekord asook nege sekondes beter as haar eie vorige beste. Dieselfde prestasie het mej. Toy Myburgh te beurt geval om nege sekondes op haar vorige beste tyd te verbeter.[78]

In sy verslag sê mnr. Bulley egter dat mejj. Petzer en Myburgh 10 en 20 sek. onderskeidelik op hul vorige beste verbeter het.[79]

Finaal -

1. Lorraine Crapp (Australië) 5:11,4 Spelerekord
2. Gladys Priestley (Kanada) 5:19,6
3. Margaret Girven (Skotland) 5:21,4
4. Machduldt Petzer (Suid-Afrika) 5:21,5
5. Natalie Myburgh (Suid-Afrika) 5:23,0
6. Beth Whittall (Kanada) 5:27,3 [80]

---

77) Bulley, Alex. Plakboek.

78) The Star, 4.8.1954.

79) Bulley, Alex. Swembestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 21.8.1954, p. 3.

80) Bulley, Alex. Plakboek.

4.3.6 440 tree vryslagaflos, dames

Die uitslag van die finaal was :

1. Suid-Afrika: (Natalie Myburgh, Felicity Loveday, Maggie Petzer, Joan Harrison) 4:33,9 Spelerekord
2. Kanada: (Virginia Grant, Gladys Priestley, Helen Stewart, Beth Whittall) 4:37,0
3. Engeland: (F. Ewart, V. Nares-Pillow, D. Wilkinson, J. Botham) 4:41,8

Al drie die finaliste slaan dus die ou rekord van 4:44,9. Suid-Afrika verbeter die ou rekord met niks minder nie as 11 sekondes.

Natalie Myburgh het vroeg in die wedloop 'n waardevolle twee tree voorsprong opgebou en haar skof in 69,2 sek. afgelê. Uiteindelik het Suid-Afrika vir Kanada met vyf tree geklop.[81)]

4.3.7 880 tree vryslagaflos, mans

In hierdie item het elke swemmer 'n skof van 220 tree gehad om af te lê. Alhoewel die eerste vier lande almal die ou rekord van 9:19,0 oortref het, was daar gedurende die nommer nooit enige twyfel aan Australië se superioriteit nie. Die stryd om die tweede plek het tussen Suid-Afrika en Kanada gelê.

Toe Dennis Ford vir William Steuart in die tweede skof weggestuur het, was Suid-Afrika vyf tree agter Australië. Steuart kon hierdie posisie behou, maar Peter Duncan is deur George Park van Kanada verbygesteek.

---

81) Bulley, Alex. Plakboek.

Graham Johnston kon die drie tree agterstand na een tree verkort, maar kon nie daarin slaag om Gerry McNamee om die tweede plek te klop nie.

Die finale uitslag was :

1. Australië: (G. Chapman, Aubrey, Hawkins, Henricks)
   8:47,6 Spelerekord

2. Kanada: (G. McNamee, T. Simpson, A. Gilchrist, G. Park)
   8:56,0

3. Suid-Afrika: (Dennis Ford, William Steuart, Peter Duncan, Graham Johnston) 8:56,3

4. Engeland: (P. Head, D. Bland, H. Rigby, R. Roberts)
   9:17,6 [82)]

4.3.8 1650 tree vryslag

Uit die twee uitdunne wat op die Donderdag gehou is, kon die ses vinnigstes kwalifiseer vir die finaal.

Eerste uitdun -

1. Gary Chapman (Australië) 20:01,3
2. Graham Johnston (Suid-Afrika) 20:02,0
3. Gerry McNamee (Kanada) 20:08,1
4. Fred Lucas (Nieu-Seeland) 20:17,3
5. Jim Portelance (Kanada) 21:05,7

---

82) Bulley, Alex. Plakboek.

Tweede uitdun -

1. Peter Duncan (Suid-Afrika) 19:47,5
2. William Steuart (Suid-Afrika) 19:47,6
3. Don Bland (Engeland) 19:53,8
4. Jean-Paul Lacoursiere (Kanada) 20:13,6
5. Derek Laverty (Noord-Ierland) 21:51,5

Die finaal is op die Saterdag beslis en die uitslag was:

1. Graham Johnston (Suid-Afrika) 19:01,4 Spelerekord
2. Peter Duncan (Suid-Afrika) 19:22,2
3. Gary Chapman (Australië) 19:28,4
4. William Steuart (Suid-Afrika) 19:28,6
5. Don Bland (Engeland) 20:02,7
6. Gerry McNamee (Kanada) 20:27,3 [83]

Suid-Afrika het nie net 50% verteenwoordiging in die finaal geniet nie, maar ook drie van die eerste vier plekke gevul. Graham Johnston het die prestasie aangevul deur sy eie titel te behou en ook 'n nuwe Spelerekord op te stel.

### 4.3.9 Opsomming

Uit die bostaande uitslae blyk dit dat Suid-Afrika se swemmers drie Statebondspeletitels (ses goue medaljes) verower het. Die Springbokswemmers is ook drie keer tweede geplaas (vyf silwermedaljes) en drie keer derde (ses bronsmedaljes). Dit gee die tien swemmers 'n totaal van 17 medaljes. Die enigste swemmer

---

83) Bulley, Alex. Plakboek.

wat geen medalje verower het nie, was Lin Meiring.

In al die nommers waar Springbokke die titelwenners was, is nuwe Spelerekords opgestel. Al die swemmers, met die uitsondering van Dennis Ford in die 110 tree vryslag, het gekwalifiseer om aan die finaal van hul onderskeie nommers deel te neem. In drie van die finale nommers het Suid-Afrika se maksimale drie inskrywings 50% van die finaliste uitgemaak.

Oor die algemeen het Suid-Afrika se swemmers almal hul Suid-Afrikaanse standaard gehandhaaf. Steuart het egter verras deur die 1650 tree vryslag 40 sekondes vinniger as sy vorige beste te swem. Ook Mary Morgan het met vier sekondes op haar Suid-Afrikaanse rekord in die 220 tree borsslag verbeter. Mejj. Petzer en Myburgh het ook 10 en 20 sekondes, onderskeidelik, op hul vorige beste tye in die 440 tree vryslag verbeter.[84] Vir die swemmers was dit beslis 'n roemryke Spele.

### 4.4. Boks

In Vancouver se "Exhibition Forum" is die uitdungevegte op Woensdag 4 Augustus afgehandel, die semi-finaal op die daaropvolgende dag, en die finale gevegte op die Vrydag.[85]

---

84) Bulley, Alex. Swembestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 21.8.1954, p. 3.

85) Bulley, Alex. Plakboek.

### 4.4.1 Bantamgewig (119 pond of 53,524 kilogram)*

Denzil Kennedy was die eerste Suid-Afrikaner om in die kryt te klim. Ongelukkig vir hom was sy teenstander Johnny Smilie van Skotland. Smilie was 'n baie sterk bokser met geweldige slaankrag. Hy was ook die uiteindelike wenner in hierdie afdeling.

Kennedy (18 jaar) was die jongste bokser in die Springbokspan en alhoewel hy senuweeagtig vertoon het, moes hy na 'n opwindende en lewendige geveg met 'n punteneerlaag die onderspit delf.[86)]

### 4.4.2 Veergewig (126 pond of 57,153 kilogram)

Len Leisching se eerste geveg was teen die Kanadese kampioen, Buddy Palmer. Palmer was 'n taai en sterk bokser wat oor 'n lengtevoordeel beskik het. Die Springbok het egter oor meer vaart en ratsheid as sy teenstander beskik. Leisching het die meeste van die Kanadees se swaar regterhoue suksesvol afgeweer en gereageer met akkurate teenvaanvalle. Oor die laaste twee rondes het Leisching seker gemaak dat hy die geveg met 'n maklike punteoorwinning wen.[87)]

---

86) Van Schalkwyk, Theuns. Boksbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. g.d., p. 1.

87) The Star, 5.8.1954.

* Die Engelse mate t.o.v. die gewigsgrense vir boks, stoei en gewigoptel kom uit die notule van die S.A. Olimpiese en Statebondspele-vereniging se Raadsvergadering, gehou op 23.11.1953, p. 3, en die Metrieke mate uit "Rules of the Game", pp. 42, 46, 49.

In Len Leisching se tweede geveg was hy weer eens in topvorm en lewer die beste vertoning in die kompetisie tot op daardie stadium. Sy teenstander was die hoog aangeskrewe Britse veergewigkampioen, Dave Charnley. Hierdie Britse hotklou het aansienlike publisiteit geniet, maar dit het slegs as aansporing vir Leisching gedien om hom met 'n welverdiende punte-oorwinning te klop. Die uitgeslape Leisching het die regte taktiek gebruik om die kontroversiële boksstyl van sy teenstander die hoof te bied. Sy blitsige linkerhoue het die Brit telkens laat steier. Selfs in die binnegevegte was Leisching die meester. Leisching se oorwinning het almal se goedkeuring weggedra.[88)]

In die finale geveg op Vrydag 6 Augustus, het Leisching getoon dat hy geen gelyke in sy afdeling in amateurkringe gehad het nie. Die Suid-Afrikaner het 'n oortuigende oorwinning oor Malcolm Collins van Wallis behaal. Die Walliese hotklou kon geen raad vind vir die Springbok se venynige twee-vuisaanvalle nie. Terwyl Len Leisching se linkerhaakhoue selde hul doelwit gemis het, het sy regterhoue die Wallieser swaar laat leef.[89)]

Len Leisching wen dus die goue medalje in die veergewigafdeling vir Suid-Afrika en word deur die boksbestuurder van die Springbokspan bestempel as die beste bokser van die toernooi.[90)]

---

88) The Star, 6.8.1954.

89) The Star, 7.8.1954.

90) Van Schalkwyk, Theuns. Boksbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. g.d., p. 1.

4.4.3 Liggewig (133 pond of 61,235 kilogram)

Mickey Pretorius was sekerlik die ongelukkigste lid in die Suid-Afrikaanse boksspan, maar hy het sy terugslae met groot sportmansgees aanvaar.

Sy teenstander in die eerste geveg was George Whelan van Engeland. Pretorius het die eerste ronde van die geveg met slim taktiese boks gewen, maar in die tweede ronde het hy die fout begaan om te baklei en dit te naby aan sy teenstander te waag. Dit het daartoe gelei dat Pretorius heelwat straf van die sterk Brit verduur het. In die derde ronde het hy gelukkig sy afrigter se instruksies nagekom en geboks soos in die eerste ronde. Dit het die gewenste vrugte afgewerp totdat die Springbok, na 2 min. 52 sek. in die derde ronde, deur 'n te lae hou neergevel is.

Die Brit is gediskwalifiseer en Pretorius moes die nag in die hospitaal deurbring. Hy is egter na die nag se observasie en mediese ondersoek toegelaat om die toernooi voort te sit.

Sy tweede geveg was teen Piet van Staden van Suid-Rhodesië. Alhoewel Van Staden die uiteindelike wenner van die liggewig-afdeling was, was dit die Suid-Afrikaner wat dit uiters ongelukkig getref het om die geveg te verloor.[91] Die twee boksers het na twee rondes gelyk gelê op die punte-telling, maar in die derde ronde, na 1 min. 20 sek., het die Springbok tydens 'n skermutseling in die middel van die kryt 'n lelike sny aan sy linkeroogbank opgedoen. Die skeidsregter het die geveg onmiddellik gestaak en Van Staden as die wenner aangewys. Die

91) Van Schalkwyk, Theuns. Boksbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. g.d., p. 1.

Suid-Afrikaner was so teleurgesteld dat sy afrigter sy trane met 'n handdoek moes bedek. Ten tyde van die ongelukkige besering was daar nog steeds geen punteverskil nie.[92)]

4.4.4 Weltergewig (148 pond of 66,678 kilogram)

Hendrik "Whitey" van der Linde het in die uitdungeveg teen die Nie-Blanke Kanadees, Sonny Forbes te staan gekom. Van der Linde het 'n duidelike punte-oorwinning behaal en dit was Forbes wat van stryk gebring was deur die Suid-Afrikaner se hotkloustyl. Laasgenoemde het voortdurend reguitlinkers geplant terwyl die Kanadees selde sy doelwit kon tref. In die middel van die tweede ronde, terwyl Van der Linde losvoor op punte was, het hy skielik teëspoed opgetel toe hy binne in 'n geweldige regterhaakhou vasgeloop het. Dit was 'n hou wat die Springbok se knieë laat swik het. Nog twee maal daarna het die Kanadees hom met gevaarlike houe onder druk geplaas en dit wou voorkom asof Forbes die geveg met 'n uitklophou gaan wen.

Dit was alleenlik Van der Linde se snelle voetwerk wat hom buite die gevaar kon hou totdat die einde van die derde ronde aangebreek het.[93)]

In die semi-finaal het Whitey teen I. Gargano van Engeland te staan gekom. Die uitslag van hierdie geveg is bestempel as die enigste omstrede beslissing op die toernooi. Van der Linde het die eerste twee rondes naelskraap oorheers, terwyl die laaste

92) The Star, 6.8.1954.

93) The Star, 5.8.1954.

ronde moontlik aan Gargano kon gegaan het. Tog was die beslissing ten gunste van die Brit en Whitey is uitgeskakel. Die bestuurder van die Britse span, mnr. Mitchs, het na die geveg teenoor Theuns van Schalkwyk erken dat die Britse bokser baie gelukkig was om te wen en dat Whitey moontlik die beste bokser was.[94)]

Die Star (6.8.1954) vul die derde ronde aan deur te vermeld dat bloed gevloei het. Volgens hierdie bron het Gargano moontlik die geveg gewen deurdat hy eers Whitey se neus, en later sy oogbank, stukkend geslaan het.

4.4.5 Middelgewig (165 pond of 72,574 kilogram)

In hierdie afdeling was daar slegs drie inskrywings en boonop was Jan van der Kolff gelukkig om 'n loslootjie te trek wat hom tot by die finaal gevoer het.

Aanvanklik sou Van der Kolff teen die verloorder uit die enigste geveg geboks het, maar die persoon is in daardie geveg uitgeslaan en was derhalwe nie in staat om verder te boks nie.

In die finaal het die Springbok Art Crawford van Noord-Rhodesië met punte verslaan en hy wen sodoende die goue medalje sonder veel moeite.[95)]

---

94) Van Schalkwyk, Theuns. Boksbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. g.d., p. 2.

95) Ibid.

4.4.6 Ligswaargewig (178 pond of 79,378 kilogram)

Petrus van Vuuren het dieselfde ondervinding as Van der Kolff deurgemaak. Sy enigste geveg was in die finaal teen Tony Madigan van Australië. Petrus van Vuuren het met 'n klinkende oorwinning die goue medalje verower.[96)]

4.4.7 Swaargewig (178 pond of 79,378 kilogram en meer)

In die eerste geveg van die swaargewigafdeling het George Jenkins van Suid-Afrika teen Gerald Buchanan van Kanada te staan gekom. Buchanan het die Suid-Afrikaner egter met 'n tegniese uitklophou in die tweede ronde gewen. Die geveg is deur die skeidsregter gestaak nadat Jenkins platgeslaan, maar nie ernstig beseer is nie. Die besering waarvoor Jenkins behandeling (steke) moes ontvang, was 'n sny bokant die oog.[97)]

Later wou die organiseerders ook 'n geveg tussen Jenkins en 'n Australiër reël om te beslis wie die bronsmedalje moes ontvang. Die medalje is egter aan die Suid-Afrikaner toegeken sonder dat daar geveg is.[98)]

Suid-Afrika se sewe boksers tree dus met eer uit die stryd. Drie van hulle het 'n goue medalje verower terwyl twee die bronsmedalje ontvang het.

---

96) Ibid.

97) Ibid.

98) Jenkins, George. Persoonlike korrespondensie, Julie 1975.

## 4.5 Stoei

Slegs drie van die ses Springbokstoeiers was ervare manne wat al voorheen aan 'n Spele deelgeneem het. Blondie Pienaar, Jan Theron en Louis Baise het aldrie aan die 1952 Olimpiese Spele in Helsinki deelgeneem. Ten spyte van die sterk mededinging het al ses die stoeiers uit Suid-Afrika hul onderskei en met goue medaljes na Suid-Afrika teruggekeer. Dit was weliswaar 'n ongeëwenaarde prestasie.[99)]

### 4.5.1 Vlieggewig (114½ pond of 52 kilogram)

Op die eerste dag van die stoeitoernooi (Saterdag 31 Julie) het Louis Joseph Baise in die Kerrisdale Arena na 15 minute 'n naelskraap oorwinning oor Frederick Flannery van Australië behaal.[100)]

Baise se tweede geveg was teen Mohamed Dim* van Pakistan. Die Suid-Afrikaner kon na 9 minute 49 sekondes daarin slaag om 'n val aan te teken. Alhoewel die Pakistani baie rats was, het Baise hom met 'n Turkse beengreep uitoorlê en die Pakistani met 'n gekombineerde halwe-Nelson teen die mat vasgedruk.[101)]

Frederick Flannery het intussen met Leyland van Engeland afgereken en Louis Baise moes net sy voorbeeld volg om die titel in te palm. Baise het egter geen probleme ondervind om ook hierdie geveg te wen nie.[102)]

---

99) Klopper, H.B. Algemene spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, pp. 7-8.

100) Bulley, Alex. Plakboek.

101) The Star, 3.8.1954.

102) Bulley, Alex. Plakboek.

* Sy naam word ook as Dim Mohammed aangegee.

Die finale uitslag van die vlieggewigafdeling was dus as volg :

1. L. Baise (Suid-Afrika)
2. F. Flannery (Australië)
3. D. Mohammed (Pakistan) [103)]

4.5.2 Veergewig (136½ pond of 62 kilogram)

Nadat Abraham Geldenhuys met Herbert Hall van Engeland met 'n eenparige beslissing afgereken het,[104)] het hy op Maandag 2 Augustus ook sy tweede geveg gewen. Hierdie geveg was ook die titelgeveg en Geldenhuys se teenstander was John Armitt van Nieu-Seeland.

Die Suid-Afrikaner het sy opponent met allerlei taktieke uitoorlê om sodoende die geveg na 15 minute met 'n maklike punte-oorwinning te wen. Alhoewel Geldenhuys fisies sterker as sy teenstander was, moes hy onder groot pyn stoei. In die eerste twee minute van die geveg het hy tydens 'n val sy linkerskouer beseer. Na die geveg het 'n mediese ondersoek getoon dat die ligamente in sy linkerskouer geskeur was.[105)]

4.5.3 Liggewig (147½ pond of 68 kilogram)

Godfrey Pienaar, of beter bekend as Blondie Pienaar, het in sy eerste geveg goed afgesit met 'n oorwinning oor Rudy Leibovitch van Kanada. Pienaar het die Kanadees na 15 minute met 'n eenparige beslissing geklop.[106)]

---

103) The Star, 3.8.1954.

104) Bulley, Alex. Plakboek.

105) The Star, 3.8.1954.

106) Bulley, Alex. Plakboek.

Die Maandag het Blondie Pienaar, wat 'n groot gunsteling onder die toeskouers was, sy tweede geveg teen George McKenzie van Skotland met 'n aggressiewe kragsvertoning gewen. Onder luide toejuiging en aansporing het Blondie telkens sy opponent opgetel en teen die mat gegooi. Die eenparige puntebeslissing in sy guns was 'n blote formaliteit.[107)]

Pienaar wen ook sy derde geveg toe hy Richard Garrard van Australië na 15 minute met 'n verdeelde beslissing geklop het.[108)]

Die finale uitslag in die liggewigafdeling was:

1. G. Pienaar (Suid-Afrika)
2. R. Leibovitch (Kanada)
3. R. Garrard (Australië) [109)]

### 4.5.4 Weltergewig (160½ pond of 74 kilogram)

Nicholaas Loubser het vir die eerste keer eers op Maandag (2 Augustus) gestoei. Loubser se geveg teen Henry Hudson van Kanada is bestempel as die hardste geveg van die aand. Loubser het in die laaste minuut tekens van moegheid begin toon terwyl sy linkeroog sterk gebloei het weens 'n lelike sny wat hy tydens die geveg opgedoen het. Ten spyte hiervan het die Springbok steeds aggressief opgetree en sy opponent twee keer amper tot 'n val gedwing. Hyself was egter nooit in gevaar nie.[110)]

---

107) The Star, 3.8.1954.

108) Bulley, Alex. Plakboek.

109) The Star, 3.8.1954.

110) Ibid.

Die Woensdagaand het Loubser met Arthur Bruce van Australië afgereken asook met Ray Myland van Engeland, net daarna. Albei gevegte is met eenparige beslissings gewen.

Loubser se finale titelgeveg was teen Abdul Rashmid van Pakistan. Hierdie geveg is na 8 minute 20 sekondes deur die Springbok met 'n val gewen. Die Pakistani is aanvanklik as die algemene gunsteling beskou.[111)] Loubser het twee keer beserings opgedoen en besef dat indien hy sy blitsige opponent wou klop, hy drasties 'n val sou moes aanteken.

Na 8 min. 20 sek. het die geleentheid hom ook voorgedoen toe Loubser deur 'n gaping die Pakistani se arm gesien het en blitsvinnig 'n dubbele armrol toegepas het. Dit het die gewenste resultaat gehad en Nic Loubser wen gevolglik die weltergewigtitel.[112)]

Die uitslag was :

1. N. Loubser (Suid-Afrika)
2. R. Myland (Engeland)
3. A. Rashmid (Pakistan) [113)]

4.5.5 Middelgewig (174 pond of 82 kilogram)

Op Maandag 2 Augustus klop Hermanus van Zyl sy Kanadese teenstander met 'n eenparige beslissing. Die Suid-Afrikaner kon nouliks daarin slaag om 'n duidelike oorhand oor die glibberige, vaardige en vinnige teenstander te kry.[114)] Na die toernooi het

---

111) The Star, 5.8.1954.

112) Bulley, Alex. Plakboek.

113) The Star, 5.8.1954.

114) The Star, 3.8.1954.

Van Zyl erken dat sy geveg teen Jim Christie die taaiste van die reeks was. Nadat hy Christie geklop het, was hy oortuig dat hy nie weer so 'n sterk teenstander sou kry nie.

Sy tweede geveg was die Woensdagaand teen Malcolm Cowdrey van Australië. Dit was een van die beste gevegte van die aand. Die Australiër moes al sy vernuf gebruik om nie deur die Suid-Afrikaner vasgepen te word nie. Manie van Zyl wen gevolglik die geveg met 'n eenparige beslissing. Sy tweede geveg op dieselfde aand was teen Harry Kendall. Kendall was op daardie stadium ook die Britse kampioen. Manie van Zyl het sy segetog voortgesit en weer eens die geveg met 'n eenparige beslissing gewen.

Die finale uitslag in die middelgewig was :

1. H. van Zyl (Suid-Afrika)
2. J. Christie (Kanada)
3. H. Kendall (Engeland) [115]

4.5.6 Ligswaargewig (191 pond of 90 kilogram)

Jan Theron het sy gevegte op die eerste Saterdag al beslis.[116] In sy geveg teen D.P. van Staden van Noord-Rhodesië het Theron na 20 min. 30 sek. daarin geslaag om 'n val aan te teken.

Theron wen ook sy tweede geveg na 15 minute met 'n eenparige beslissing. Sy teenstander hierdie keer was Robert J. Steckle van Kanada.

---

115) The Star, 5.8.1954.

116) The Star, 3.8.1954.

Die finale uitslag van die ligswaargewig was :

1. J. Theron (Suid-Afrika)
2. R. Steckle (Kanada)
3. D. van Staden (Noord-Rhodesië)

Theron wen gevolglik die ligswaargewigtitel sodat Suid-Afrika vir die derde keer die titelhouer word. In 1934 was dit Mick Cubbin, in 1950 Pat Morton, en nou Jan Theron wat hierdie onderskeiding behaal het.[117)]

Dit was 'n hoogtepunt in Suid-Afrikaanse Amateurstoei. Die stoeiers is beskou as die suksesvolste enkele sportgroep uit Suid-Afrika.

## 4.6 Gewigoptel

Tydens die span se voorbereiding by die Polisiekollege in Pretoria is die drie Springbokgewigoptellers se geledere aangevul deur Jack Rich van Suid-Rhodesië. In Vancouver het die drie Noord-Rhodesiërs ook by die Springbokke en Suid-Rhodesiër aangesluit tydens die oefensessies.

Op 28 Junie, toe die voorbereiding in Pretoria begin het, was al drie die Springbokgewigoptellers binne hul gewigsgrense en topfiks. Elke middag het hulle drie uur lank geoefen. Gedurende die tweede week is Louis Greeff toegelaat om sy oefensessies tot al om die ander dag te verminder. Reg. Gaffley was ongelukkig om tydens een van sy oefeninge sy linker-bo-arm te beseer. Terwyl hy behandeling ontvang het, is hy aangeraai om 'n paar dae nie te oefen nie.

---

117) Bulley, Alex. Plakboek.

Die sesdaagse reis na Vancouver het meegebring dat die span nooit kon oefen nie, maar volgens mnr. O.C. Oehley, die gewigoptelbestuurder, het dit geen nadelige effek op hul prestasies gehad nie. In Vancouver het die span in die kelderverdieping van die Universiteit se hoofgimnasium geoefen.

Terwyl die twee Springbokgewigoptellers, Greeff en Pieterse, topfiks was, het Gaffley weer eens ligte probleme met sy arm ondervind. Gaffley is beveel om sy oefeninge te staak en te rus. Ten tyde van die kompetisie was die Springbok egter fiks en het die besering, volgens die gewigoptelbestuurder, geensins 'n rol gespeel in Gaffley se mislukking in die bantamafdeling nie.

Mnr. Clarence Oehley was terloops die enigste geregistreerde Internasionale gewigoptelskeidsregter op die Spele teenwoordig. Alhoewel verskeie beoordelaars in hulle eie lande erken is, was daar op die Spele 'n groot tekort aan Internasionale beoordelaars. Daar was probleme met die gewigoptelstawe en mnr. Oehley het 'n amptelike klag by die gewigoptelbeamptes ingedien. Daar is toe aan hom gesê dat niks meer op daardie stadium daaraan gedoen kon word nie. Met die verlof van die Algemene Spanbestuurder het mnr. Oehley toe die saak by die Sportoffisier aanhangig gaan maak met die gevolg dat geskikte stawe inderhaas vanuit Amerika verkry is. Die gewigoptelkompetisie is in die "Exhibition Gardens Hall" gehou. Hierdie saal kon 3,500 toeskouers akkommodeer. Net voor die verhoog is 'n bokskryt (sonder sy toue en pilare) opgerig waarop die gewigoptelkompetisie plaasgevind het.[118)]

---

118) Oehley, O.C. Gewigoptelbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 6.9.1954, pp. 1-2.

### 4.6.1 Bantamgewig (123½ pond of 56 kilogram en minder)

Suid-Afrika se eerste deelnemer op die eerste aand van die toernooi was Reg. Gaffley. Gaffley is allerweë as die gunsteling om die titel beskou. Met die opdruk het hy die 180 pond met sulke gemak gehanteer dat hy tot op sy tone gestrek het. Dit was egter 'n tegniese fout. Die beoordelaars moes gevolglik besluit of die toon-lig ("toe-lift") hom enigsins gehelp het om die opdruk uit te voer. Ongelukkig het Gaffley nie op die skeidsregter se teken om die gewig te laat sak gewag nie.

Gaffley se spanmaats en ondersteuners was egter vol vertroue dat hy met sy daaropvolgende pogings dieselfde gewig sou kon lig. Tot almal se verbasing en teleurstelling was dit egter nie die geval nie en Gaffley se tweede sowel as derde poging was mislukkings. Gaffley is uitgeskakel. Mnr. Oehley se kommentaar hierop was dat Gaffley na sy eerste opdruk gekortwiek was deur spanning. Hy was 'n hoogs gespanne persoon en aangesien hy in Suid-Afrika geen kompetisie in sy gewigsafdeling gehad het nie, het Gaffley nooit werklike strawwe kompetisie ervaar nie.

### 4.6.2 Liggewig (148¾ pond of 67,5 kilogram)

Vir Johannes L. Pieterse het die kompetisie op Dinsdagaand 3 Augustus 'n aanvang geneem. "Buks" Pieterse is voor die span se vertrek uit Suid-Afrika al as 'n kandidaat vir die bronsmedalje bestempel. Hy het goed gevaar in Vancouver en aan die verwagtinge voldoen. In die proses het Pieterse twee Suid-Afrikaanse rekords geslaan. Die uitslag was :

1. B. Barberis (Australië) 765 pond (Totaal)
2. G. Nichols (Barbados) 760 pond
3. J. Pieterse (Suid-Afrika) 735 pond

Die gewigopteller in die vierde posisie het 40 pond onder Pieterse geëindig.

4.6.3 Ligswaargewig ($181\frac{7}{8}$ pond of 82,5 kilogram)

Louis Greeff het ook op Dinsdag 3 Augustus deelgeneem en net soos dit met Buks Pieterse die geval was, het Greeff ook aan die verwagtinge voldoen en tweede geëindig. Die uitslag in die ligswaargewigafdeling was:

1. G. Gratton (Kanada) 890 pond (Totaal)
2. L. Greeff (Suid-Afrika) 810 pond
3. B. George (Nieu-Seeland) 780 pond

Terwyl Pieterse twee Suid-Afrikaanse rekords opgestel het, het Greeff net vyf pond minder as sy eie vorige beste opgetel. Gratton, die wenner in hierdie afdeling, het vier afsonderlike Spelerekords geslaan.[119)]

Suid-Afrika ewenaar dus sy 1950-prestasie toe daar ook 'n brons- en silwermedalje verower is. Die enigste verskil is dat die 1954-span uit drie lede bestaan het teenoor die twee van 1950.

4.7 Skerm

Dit was die eerste keer in die geskiedenis dat Suid-Afrika op 'n Statebondspele aan skerm meegedoen het. Die kompetisie is in die Lord Byng Hoërskool gehou en beide Andy Malherbe en Douglas Barber het buitengewoon hard geoefen om hul ervare en

---

119) Oehley, O.C. Gewigoptelbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 6.9.1954, pp. 2-3.

briljante opponente goeie teenstand te bied.[120)]

#### 4.7.1 Mans individuele floret

Die eerste ronde in hierdie afdeling is op Maandag 2 Augustus beslis. Die individuele uitslae m.b.t. Andy Malherbe, is as volg:

Reynolds klop Malherbe
Malherbe klop Giguere
Steele klop Malherbe
Malherbe klop Stafford
Robins klop Malherbe
Malherbe klop Lund

Die deelnemers in die eerste ronde met hulle totale aantal oorwinnings was:

| | |
|---|---|
| A.L.N. Jay (Engeland) | 5 oorwinnings |
| E.O.R. Reynolds (Wallis) | 5 oorwinnings |
| D.R. Robins (Kanada) | 4 oorwinnings |
| I.B. Lund (Australië) | 4 oorwinnings |
| J.P. Giguere (Kanada) | 4 oorwinnings |
| A. Malherbe (Suid-Afrika) | 3 oorwinnings |
| R.M. Steele (Australië) | 3 oorwinnings |
| W.G. Stafford (Nieu-Seeland) | 0 oorwinnings |

---

120) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, p. 8.

Douglas Barber het aan die tweede ronde deelgeneem waar die individuele uitslae wat op hom betrekking het, as volg verloop het:

Barber klop Hampton
Gittos klop Barber
Fethers klop Barber
Cooperman klop Barber
Paul klop Barber
Barber klop Howard

Die deelnemers met hulle totale aantal oorwinnings was:

| | |
|---|---|
| A.R. Cooperman (Engeland) | 5 oorwinnings |
| J.E. Fethers (Australië) | 5 oorwinnings |
| A.J. Gittos (Nieu-Seeland) | 4 oorwinnings |
| R.R.C. Paul (Engeland) | 2 oorwinnings |
| D. Barber (Suid-Afrika) | 2 oorwinnings |
| J.A. Howard (Kanada) | 1 oorwinning |
| B.P. Hampton (Nieu-Seeland) | 0 oorwinnings |

In die floret het slegs die eerste vier uit elke ronde vir die finaal gekwalifiseer met die gevolg dat beide Suid-Afrikaners uitgeskakel is.[121)]

### 4.7.2 Mans individuele epee

Die uitdunne in hierdie afdeling waar slegs die eerste vier kon kwalifiseer, is op die Woensdag afgehandel en het as volg verloop:

---

121) Bulley, Alex. Plakboek.

Eerste ronde -

| | |
|---|---|
| Ed. Brooke (Kanada) | 5 oorwinnings |
| Rene Paul (Engeland) | 5 oorwinnings |
| L.H. Smith (Australië) | 5 oorwinnings |
| W.G. Stafford (Australië) | 5 oorwinnings |
| C.L. Beaumont (Engeland) | 3 oorwinnings |
| A. Malherbe (Suid-Afrika) | 3 oorwinnings |
| I.B. Lund (Australië) | 2 oorwinnings |
| B.P. Hampton (Nieu-Seeland) | 2 oorwinnings |

Tweede ronde -

| | |
|---|---|
| I.B. Lund (Australië) | 6 oorwinnings |
| Carl Schwende (Kanada) | 4 oorwinnings |
| E.O.R. Reynolds (Wallis) | 4 oorwinnings |
| G.A.R. Asselin (Kanada) | 3 oorwinnings |
| A.J. Gittos (Nieu-Seeland) | 2 oorwinnings |
| A.L.N. Jay (Engeland) | 1 oorwinning [122] |

Alhoewel die twee Springbokke nie groot sukses behaal het nie, het hul tog waardevolle ervaring en kennis opgedoen.

## 4.8 Rolbal

Die rolbalspelers uit Transvaal, naamlik W.A. Randall, F.N. Mitchell, W.O. Stead, H. Barker en R.B. Ferguson het Johannesburg op 14 Junie verlaat om by die res van die span, J.W.H. Anderson, A.W. Saunders en G.L. Wilson in Kaapstad aan te sluit vanwaar hulle op 18 Junie aan boord die "Pretoria Castle" gegaan het.

---

122) Bulley, Alex. Plakboek.

Die rolbalspan het vanaf 2 tot 8 Julie in Londen vertoef waar hulle etlike wedstryde gespeel het. Vanaf Engeland is hulle met die "Queen Elizabeth" na New York waar hulle op 13 Julie om 16h15 vasgemeer het. Die agt Suid-Afrikaners was beswaarlik deur die doeane, toe 'n partytjie aan boord van die "Simoa" van die "State Marine Shipping Line" vir hulle gereël is. Na 'n aangename tydjie in New York is die span na die Niagarawaterval waar hulle om 06h00 op 15 Julie geland het. Die span is verwelkom deur mnr. Lloyd Spalding, president van die Kanadese Rolbalvereniging, en mnr. A.B. Waite wat die Springbokke verder na Hamilton geleide gedoen het. Na 'n genotvolle middag in Hamilton is die span om 19h30 na Toronto.

Op Maandag 20 Julie is die Springbokrolbalspelers amptelik op die Vancouverstasie verwelkom deur mnr. Stanley V. Smith, algemene voorsitter van die Spele. Die volgende dag het die span die "West Point Grey" en "New Westminster Club Greens" gaan ondersoek, die bane waarop die Statebondspelekompetisie beslis sou word. Die spanlede se bevinding was dat die bane uiters stadig was weens die oormatige dik grasmat. Op versoek van die Suid-Afrikaners, ondersteun deur die Australiese en Nieu-Seelandse bestuurders, is die bane tot 'n "happy medium" gesny en stewig gerol. Toe was die bane vinniger, maar dit was nogtans stadiger as die bane waaraan die Springbokke gewoond was.[123)]

---

123) Ferguson, R.B. Rolbalbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 8.11.1954, pp. 1-2.

### 4.8.1 Enkelspel

Toe Arthur Saunders vir Glyn de V. Bosisto van Australië met gemak klop, was die algemene verwagting in die Springbokkamp dat Saunders die uiteindelike titelwenner sou wees. Saunders se spel was soms wispelturig. Hy het nie altyd met dieselfde vasberadenheid gespeel nie en alhoewel hy die uiteindelike wenner, Ralph Hodges, geklop het, het hy slegs ses van die nege wedstryde gewen.[124)]

Die wedstryde het as volg verloop:

Eerste ronde -

Saunders klop Glyn de V. Bosisto van Australië met 21-11.

Tweede ronde -

Jack Fairbairn van Noord-Rhodesië klop Arthur Saunders met 21-12.

Derde ronde -

Alfred Thomas van Wallis klop Saunders met 21-11.

Vierde ronde -

Saunders klop Ralph Hodges van Suid-Rhodesië met 21-14.

Vyfde ronde -

Saunders klop ook John Lingford van Kanada met 21-20.

Sewende ronde -

Saunders klop Jose da Luz van Hongkong met 21-10.

Agste ronde -

Saunders klop Robert Laing van Skotland met 21-14.

(Inligting oor die sesde ronde ontbreek)

---

124) Ferguson, R.B. Rolbalbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 8.11.1954, p. 2.

Na agt rondes het die puntestand as volg gelyk:

| | | gewen | verloor | gelyk | | punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Suid-Rhodesië | = | 7 | 1 | 0 | = | 14 |
| Suid-Afrika | = | 6 | 2 | 0 | = | 12 |
| Australië | = | 5 | 3 | 0 | = | 10 |
| Noord-Rhodesië | = | 5 | 3 | 0 | = | 10 |
| Nieu-Seeland | = | 5 | 3 | 0 | = | 10 |
| Wallis | = | 4 | 4 | 0 | = | 8 |
| Kanada | = | 3 | 5 | 0 | = | 6 |
| Skotland | = | 3 | 5 | 0 | = | 6 |
| Engeland | = | 1 | 7 | 0 | = | 2 |
| Hongkong | = | 1 | 7 | 0 | = | 2 |

Die negende en finale rondes het geen verskil aan Suid-Afrika se posisie gedoen nie, maar wel aan Australië s'n.

Die finale enkelspeluitslag lyk as volg:

| | | | gewen | verloor | gelyk | | punte |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Suid-Rhodesië | = | 8 | 1 | 0 | = | 16 |
| 2. | Suid-Afrika | = | 6 | 3 | 0 | = | 12 |
| 3. | Nieu-Seeland | = | 6 | 3 | 0 | = | 12 |
| 4. | Australië | = | 5 | 4 | 0 | = | 10 |
| 5. | Noord-Rhodesië | = | 5 | 4 | 0 | = | 10 |
| 6. | Wallis | = | 5 | 4 | 0 | = | 10 |
| 7. | Kanada | = | 4 | 5 | 0 | = | 10 |
| 8. | Skotland | = | 3 | 6 | 0 | = | 6 |
| 9. | Hongkong | = | 2 | 7 | 0 | = | 4 |
| 10. | Engeland | = | 1 | 8 | 0 | = | 2 [125] |

125) Bulley, Alex. Plakboek.

Wat die enkelspeluitslag betref, word 'n interessante verskil in uitslae aangetref. Die rolbalbestuurder, mnr. R.B. Ferguson, sê in sy verslag (p. 2) dat Pirrett van Nieu-Seeland tweede geplaas is daar hy dieselfde puntetotaal as Saunders gehad het, maar meer skote aangeteken het. Bowls (p. 14) bevestig dat Saunders en Pirrett albei tweede was met punte, maar dat Pirrett 'n groter skoottotaal opgebou het.

Die Algemene Spanbestuurder, genl. Klopper, meld weer in sy verslag (p. 9) dat Saunders tweede was en "...slegs ongelukkig was om die kampioenskap net-net te verloor." Ook die bylaag by die Spanbestuurder se verslag, waar 'n opgawe van die medaljewenners aangegee word, meld dat Saunders die silwermedalje ontvang het.

### 4.8.2 Parespel

Bill Stead en Harry Barker het goed gespeel, maar het 'n bietjie meer geluk nodig gehad om beter te vaar. Alhoewel hulle slegs vier wedstryde uit nege gewen het, is dit geen refleksie op die gehalte van hulle spel nie.[126)]

Die verloop van die wedstryde was as volg:

Eerste ronde -
Suid-Afrika verloor teen Australië (Dave Long en Jack Bird) met 27-14.

Tweede ronde -
Suid-Afrika klop Noord-Rhodesië (John Milligen en Alex Rae) met 27-19.

---

126) Ferguson, R.B. Rolbalbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 8.11.1954, p. 2.

Derde ronde -

Suid-Afrika verloor teen Noord-Ierland (William Rosbotham en Percy Watson) met 24-21.

Vierde ronde -

Suid-Afrika klop Suid-Rhodesië (Alan Bradley en Ronnie Turner) met 25-21.

Vyfde ronde -

Suid-Afrika klop Engeland (Edwin Bateman en Tom Stewart) met 29-14.

Sesde ronde -

Suid-Afrika verloor teen Kanada (Sam Gardiner en Dicky Williams) met 24-13.

Sewende ronde -

Suid-Afrika klop Hongkong (Eric Liddel en Paul da Luz) met 23-19.

Agste ronde -

Suid-Afrika verloor teen Skotland (George Budge en John Carswell) met 20-19.

Na agt rondes het die parespel se posisies as volg daaruit gesien:

| | | gewen | verloor | gelyk | | punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Noord-Ierland | = | 6 | 1 | 1 | = | 13 |
| Skotland | = | 6 | 2 | 0 | = | 12 |
| Kanada | = | 5 | 2 | 1 | = | 11 |
| Australië | = | 4 | 4 | 0 | = | 8 |
| Suid-Afrika | = | 4 | 4 | 0 | = | 8 |
| Hongkong | = | 4 | 4 | 0 | = | 8 |

| | | gewen | verloor | gelyk | | punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Suid-Rhodesië | = | 3 | 5 | 0 | = | 6 |
| Nieu-Seeland | = | 3 | 5 | 0 | = | 6 |
| Noord-Rhodesië | = | 3 | 5 | 0 | = | 6 |
| Engeland | = | 1 | 7 | 0 | = | 2 |

Negende ronde -

Nieu-Seeland (Life Ravenwood en Andy Snaddon) klop Suid-Afrika met 25-22.

Die finale parespeluitslag lyk as volg:

| | | | gewen | verloor | gelyk | | punte |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Noord-Ierland | = | 7 | 1 | 1 | = | 15 |
| 2. | Kanada | = | 6 | 2 | 1 | = | 13 |
| 3. | Skotland | = | 6 | 3 | 0 | = | 12 |
| 4. | Hongkong | = | 5 | 4 | 0 | = | 10 |
| 5. | Australië | = | 4 | 5 | 0 | = | 8 |
| 6. | Suid-Afrika | = | 4 | 5 | 0 | = | 8 |
| 7. | Nieu-Seeland | = | 4 | 5 | 0 | = | 8 |
| 8. | Suid-Rhodesië | = | 4 | 5 | 0 | = | 8 |
| 9. | Noord-Rhodesië | = | 3 | 6 | 0 | = | 6 |
| 10. | Engeland | = | 1 | 8 | 0 | = | 2 127) |

### 4.8.3 Viertal

Suid-Afrika se viertal het bestaan uit Bill Randall (skipper), Frank Mitchell (derdeman), John Anderson (tweedeman) en Len Wilson (voorspeler). Vanaf die eerste wedstryd het die Springbokke na 'n potensiële wenspan gelyk. Uit nege wedstryde het

127) Bulley, Alex. Plakboek.

die Suid-Afrikaners slegs een punt afgestaan. Dit het hulle in staat gestel om die viertaltitel vir Suid-Afrika te behou.[128]

Die viertalkompetisie het op Woensdag 4 Augustus 'n aanvang geneem. Die verloop van die wedstryde was as volg:

Eerste ronde -

Suid-Afrika speel gelykop teen Australië (E. Collins, J.L. Bird, C.L. Beck en Neville Green). Die telling was 22 elk.

Tweede ronde -

Suid-Afrika klop Noord-Rhodesië (J. Millegan, Sam Goatley, Bill Hynd en Alex Rae) met 22-12.

Derde ronde -

Suid-Afrika klop Wallis (O. Hopkins, R.S. Devonald, T.A. Ivor en Alfred Thomas) met 23-10.

Na drie rondes was die viertal se puntestand as volg:

| | | gewen | verloor | gelyk | | punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hongkong | = | 3 | 0 | 0 | = | 6 |
| Suid-Afrika | = | 2 | 0 | 1 | = | 5 |
| Suid-Rhodesië | = | 2 | 1 | 0 | = | 4 |
| Australië | = | 1 | 1 | 1 | = | 3 |
| Kanada | = | 1 | 2 | 0 | = | 2 |
| Engeland | = | 1 | 2 | 0 | = | 2 |
| Nieu-Seeland | = | 1 | 2 | 0 | = | 2 |

128) Ferguson, R.B. Rolbalbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 8.11.1954, p. 2.

| | | gewen | verloor | gelyk | | punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Noord-Rhodesië | = | 1 | 2 | 0 | = | 2 |
| Skotland | = | 1 | 2 | 0 | = | 2 |
| Wallis | = | 1 | 2 | 0 | = | 2 |

Vierde ronde -

Suid-Afrika klop Suid-Rhodesië (A.D. Bradley, A. Pascoe, F.D. Hockin en Ronnie Turner) met 21-14.

Vyfde ronde -

Suid-Afrika klop Engeland (J. Carr, Stan Lee, W.C. Parker en John Coles) met 20-19.

Sesde ronde -

Suid-Afrika klop Kanada (Ed Brown, Harold Jenkins, George Mackintosh en Bill Calder) met 29-12.

Sewende ronde -

Suid-Afrika klop Hongkong (A.J. Liddel, A.E. Coates, R.A. Gourley en Raoul da Luz) met 21-18.

Agste ronde -

Suid-Afrika klop Skotland (George Budge, Finlay Mac Iver, Herbert Morton en John Carswell) met 21-18.

Negende en finale ronde -

Suid-Afrika klop Nieu-Seeland (William Freth, A.J. Webster, Art Connew en Thomas Skoglund) met 26-14.

Die finale viertalpunteleer sien dus as volg daaruit:

| | | | gewen | verloor | gelyk | | punte |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Suid-Afrika | = | 8 | 0 | 1 | = | 17 |
| 2. | Hongkong | = | 7 | 2 | 0 | = | 14 |
| 3. | Noord-Rhodesië | = | 5 | 3 | 1 | = | 11 |
| 4. | Australië | = | 4 | 2 | 3 | = | 11 |
| 5. | Suid-Rhodesië | = | 5 | 4 | 0 | = | 10 |
| 6. | Nieu-Seeland | = | 3 | 5 | 1 | = | 7 |
| 7. | Kanada | = | 3 | 6 | 0 | = | 6 |
| 8. | Engeland | = | 2 | 6 | 1 | = | 5 |
| 9. | Wallis | = | 2 | 6 | 1 | = | 5 |
| 10. | Skotland | = | 2 | 7 | 0 | = | 4 |

In die sewende ronde, teen Hongkong, het Suid-Afrika eers in die laaste drie skofte punte aangeteken. Na die 17de skof was die telling nog 14 elk. Toe het Hongkong 'n vier aangeteken op die 18de skof en die telling was 18-14 ten gunste van Hongkong. Toe, vir die eerste keer in die toernooi, maak Raoul de Luz 'n fout en Randall teken vier skote aan in die 21ste skof. Dit het die finale telling op 21-18 ten gunste van Suid-Afrika gebring. Dit was Hongkong se eerste nederlaag op die toernooi.[129)]

In Vancouver het sommige lande minder as sewe spelers in hulle spanne ingesluit en dit het die organiseerders verplig om die enkelspel, parespel en viertal op aparte tye te organiseer. Dit het tot gevolg gehad dat daar drie wedstryde per dag gespeel is, naamlik om 09h30, 14h00 en 19h00. Die aandwedstryde het onder spreiligte plaasgevind.

---

129) Bulley, Alex. Plakboek.

Op Saterdag 7 Augustus om 09h00 is daar 'n informele vergadering vir alle rolbalbestuurders in die Vancouver Hotel belê. Die vergadering is byeengeroep deur Walter Cowan, sekretaris van die Kanadese Rolbalvereniging. Die doel hiervan was om die ander lande se opinies aan te hoor in verband met die verbetering van toekomstige rolbaltoernooie op Statebondspele. Daar is besluit dat op toekomstige Spele lande wat nie volle spanne kon inskryf nie, nie aan al drie die afdelings kon deelneem nie. Daar is ook besluit dat daar uitgespeel moes word wanneer twee lande gelykop eindig i.p.v. die huidige reël dat die span of speler met die meeste skote die wenner word. Deelnemers se balle moes ook in helder kleure gemerk word om dit sodoende vir die toeskouers makliker te maak om posisies te lokaliseer. Die Suid-Afrikaanse gewig vir die balle is as die standaard bepaal.

Na afloop van die Spele is die Suid-Afrikaanse rolbalspan met die Britse spelers aan boord van die "Empress of Australia" na Liverpool. Op 2 September is die Springbokrolbalspelers met die "Stirling Castle" vanaf Southampton na Kaapstad.[130)]

## 5 SAMEVATTING

Die Britse Ryks- en Statebondspele het op 7 Augustus om 17h00 amptelik ten einde geloop. Tydens die sluitingseremonie is die vlae wat by die openingseremonie gedra is, aan die spanbestuurders oorhandig. Die verrigtinge het amptelik ten einde geloop toe die Hertog van Edinburgh sy sluitingsrede gelewer het.[131)]

---

130) Ferguson, R.B. Rolbalbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. 8.11.1954, pp. 2-4.

131) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, p. 9.

Die aand is daar 'n groot bal gehou wat o.a. ook bygewoon is deur die Hertog van Edinburgh en die Veldmaarskalk, Graaf Alexander.[132)]

Tydens die Spele het die Britse Rykspele Federasie ook vergader en die 1958-Spele aan Cardiff, Wallis, toegesê. Op hierdie vergadering is daar o.a. ook voorgestel dat rugby op die Speleprogram gevoeg moes word. Behalwe Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Wallis, was die ander lande nie baie entoesiasties oor hierdie voorstel nie. Die vergadering het slegs besluit om die program vas te pen op atletiek, fietsry, boks, swem, stoei, gewigoptel, skerm, roei en rolbal. Die vergadering is namens Suid-Afrika deur mnr. Reg. Honey, genl. H.B. Klopper en mnr. A. Getz bygewoon.[133)]

'n Dag-vir-dag-verslag van hoe die titels ingepalm is, sien soos volg daaruit:

Saterdag 31 Julie -

Elf finale items is afgehandel waarvan Engeland vier titels gebuit het, Suid-Afrika en Australië twee elk met Trinidad, Nieu-Seeland en Nigerië een elk.

Maandag 2 Augustus -

Toe die verrigtinge die Maandag hervat is, het Engeland met 'n puntevoorstand van 21 punte oor Australië voorgeloop. Die punte is bereken op 'n 10:5:4:3:2:1-basis vir die eerste ses plekke in 'n finaal. Die puntetellings is egter streng nie-

---

132) Bulley, Alex. Plakboek.

133) Ibid.

amptelik bygehou, want amptelik is geen puntekompetisie tussen lande erken nie. Die lande wat na Maandag se vertoning voorgeloop het, was Engeland (68 punte), Australië (47 punte), Kanada (34 punte) en Suid-Afrika (28 punte).

Dinsdag 3 Augustus -

Op hierdie dag het Suid-Afrika 'n oplewing belewe toe niks minder as ses medaljes verower is nie. Die medaljes is verower deur Fanie du Plessis (atletiek); A.W. Saunders (rolbal); dames 330 tree wisselaflos en J. Pieterse (gewigoptel). Australië het Engeland ook op die derde dag verbygesteek en voorgeloop met 101 punte. Engeland was tweede met 94 punte terwyl Suid-Afrika en Kanada onderskeidelik 65 en 62 punte gehad het.

Woensdag 4 Augustus * -

Alhoewel Suid-Afrika op hierdie stadium die derde meeste goue medaljes gewen het, het hy nogtans afgeskuif na die vierde posisie. Engeland was weer eens die voorloper na vier dae met 289 punte en Australië in die tweede posisie met 208¼ punte. Kanada het Suid-Afrika verbygesteek met 189 punte teenoor die 148¼ van die Springbokke. Nieu-Seeland (96¼), Skotland (42½), Trinidad (33) en Noord-Rhodesië (22¼) het in hierdie orde gevolg.

---

* Die berig in die plakboek van mnr. Alex Bulley verwys na die vierde dag, maar gee geen datum nie.

Die ontvangers van goue medaljes op hierdie stadium was Engeland (13), Australië (12), Suid-Afrika (10), Kanada (4), Nieu-Seeland (4), Noord-Ierland (1), Skotland (1), Trinidad (1) en Nigerië (1).

Vrydag 6 Augustus* -

Op hierdie datum was die volgorde van die voorlopers nog dieselfde, maar die puntestand ietwat anders. Die voorlopers met hul puntetotale was Engeland (441½), Australië (319½), Kanada (282), Suid-Afrika (228) en Nieu-Seeland (130½).

Die res van die deelnemende lande, in volgorde van hul punte, was: Skotland (87½), Noord-Rhodesië (57½), Wallis (46), Nigerië (35), Trinidad (33), Suid-Rhodesië (33), Pakistan (23), Noord-Ierland (21), Jamaika (17), Hongkong (10), Uganda (6), Barbados (5), Brits-Guinea (4), Kenia (4) en die Goudkus (3).[134)]

'n Samevatting van Suid-Afrika se medaljewenners op Vancouver sien so daaruit:

GOUD:

S.J. du Plessis - Skyfwerp (169 voet 7½ duim, Spelerekord)

mej. M.C. Swanepoel - Spiesgooi (143 voet 9½ duim, Spelerekord)

J. Swift - Fietsry (1000 meter tydtoets, 1:12,5)

mej. J.C. Harrison - Swem (110 tree rugslag, 75,2 sek., Spelerekord)

---

134) Bulley, Alex. Plakboek.

* Die berig meld dat Vrydag die vyfde dag van die Spele was. Indien dit wel die Vrydag se puntestand is, dan is dit die sesde dag s'n.

G. Johnston - Swem (1650 tree vryslag, 19:1,4, Spelerekord)

| | |
|---|---|
| mejj. F. Loveday<br>M. Petzer<br>N. Myburgh<br>J. Harrison | Swem (440 tree vryslag aflos, 4:33,9 - Spelerekord) |

L. Leisching - boks (veergewig)

J. van der Kolff - boks (middelgewig)

P. van Vuuren - boks (ligswaargewig)

L. Baise - stoei (vlieggewig)

A. Geldenhuys - stoei (veergewig)

G. Pienaar - stoei (liggewig)

N. Loubser - stoei (weltergewig)

H. van Zyl - stoei (middelgewig)

J. Theron - stoei (ligswaargewig)

| | |
|---|---|
| W. Randall<br>F. Mitchell<br>J. Anderson<br>L. Wilson | Rolbal (viertal) |

SILWER:

J. Mekler - marathon (2:40:57)

J. Dreyer - hamergooi (179 voet 7½ duim)

mej. M. Morgan - swem (220 tree borsslag, 3:3,3)

P. Duncan - swem (1650 tree vryslag, 19:22,1*)

---

* Terwyl die Algemene Spanbestuurder Duncan se tyd as 19:22,1 aangee, verskil die swembestuurder van hom. Volgens mnr. Bulley was sy tyd 19:22,2.

mejj. J. Harrison, M. Morgan, M. Petzer } swem (330 tree wisselaflos, 3:52,7)

L. Greeff - gewigoptel (ligswaargewig, 810 pond)

A.W. Saunders - rolbal (enkelspel)

BRONS:

J. Barnard - marathon (2:51:49,8)

mej. M.C. Swanepoel - gewigstoot (42 voet 0½ duim)

S.J. du Plessis - gewigstoot (49 voet 3 duim)

A.J. Burger - paalspring (13 voet 6¼ duim)

T. Shardelow - fietsry (1,000 meter naelry, 11,9 sek.)

R. Fowler - fietsry (4,000 meter agtervolgingswedren, 5:6,9)

mej. J.C. Harrison - swem (110 tree vryslag, 68,2 sek.)

G. Johnston - swem (440 tree vryslag, 4:43,3)

D. Ford, G. Johnston, P. Duncan, W. Steuart } swem (880 tree vryslag aflos, 8:56,3)

H. van der Linde - boks (weltergewig)

G. Jenkins - boks (swaargewig)

J. Pieterse - gewigoptel (liggewig, 735 pond)[135]

---

135) Klopper, H.B. Aanhangsel by Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, pp. 1-2.

Nadat die Springbokspan in Vancouver deur die inwoners onthaal is, het hulle in twee groepe vertrek. Die eerste groep het op 10 Augustus om 09h00 na Montreal vertrek en daar tuisgegaan totdat die tweede groep by hulle aangesluit het. Die tweede groep het onder toesig van mnre. Honey, Klopper en Getz op 11 Augustus om 12h30 uit Vancouver vertrek en om 15h30 in Montreal by die res van die span aangesluit.

Die hele span het op 11 Augustus om 18h00 in 'n B.O.A.C. Stratokruiser "Canopus" vertrek en op 12 Augustus om 08h00 in Shannon, Suid-Ierland, geland. Op dieselfde dag nog is die Springbokke na Londen waar hulle vier dae vertoef het. Behalwe vir die bywoning van die onthaal in die Suid-Afrika Huis (13 Augustus), asook die toer op die Teemsrivier, was die span vry om hulle tyd na willekeur te verwyl.

Om 10h00 op 17 Augustus het die Springbokspan vanuit Londen per vliegtuig na Jan Smutslughawe vertrek. Die span het op 18 Augustus om 17h00 in Johannesburg geland[136)] waar 'n verwelkomingstoespraak deur die onderburgemeester mnr. George Beckett van Johannesburg gelewer is. Die Hoë Kommissaris van Kanada, mnr. Even Gill, het die verrigtinge ook bygewoon. Daarbenewens was daar ook nog duisende familielede, vriende en belangstellendes om die hoogs suksesvolle Springbokke 'n warm ontvangs te gee.[137)]

---

136) Klopper, H.B. Algemene Spanbestuurder se verslag oor die Statebondspele, Vancouver. November 1954, pp. 9-10.

137) Bulley, Alex. Plakboek.

Genl. H.B. Klopper het as Algemene Spanbestuurder vyf aanbevelings vir toekomstige spanne aan die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging gemaak. Eerstens het hy aanbeveel dat alle toekomstige spanne tien dae voor hul vertrek by 'n opleidingsentrum moes byeenkom en tweedens dat alle spanlede en beamptes hulle intrek daar sal neem sodat hulle mekaar kan leer ken en spangees kan opbou. Derdens beveel genl. Klopper aan dat indien die grootte van die span die aanstelling van 'n assistent-spanbestuurder regverdig, so 'n aanstelling deur die Raad behoort gemaak te word. Vierdens moet 'n terugreis nie onderbreek word nie. Indien daar op die reisprogram voorsiening gemaak word vir vrye tyd, moet die span liefs daardie tyd in die Spelestad deurbring en daarna direk terugkeer. Vyfdens behoort baanatlete by enige toekomstige span ingesluit te word. Genl. Klopper voel dat Suid-Afrika in 1954 veel beter sou gevaar het indien baanatlete wel by die span ingesluit was.[138)]

In retrospeksie kan gestel word dat die 1954-span 'n suksesvolle kontingent uit Suid-Afrika was. Die 1954-Spele sal in Suid-Afrika onthou word om die sukses van veral die stoeispan.

---

138) Klopper, H.B. Op. cit., p. 12.

## HOOFSTUK VIII

## DIE SESDE RYKS- EN STATEBONDSPELE - CARDIFF, 1958

Die 1958-Statebondspele was die laaste waaraan die destydse Unie van Suid-Afrika deelgeneem het. Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n Republiek buite die Statebond geword met die implikasie dat deelname aan die Spele ook verbeur is.

Maar gedurende die vyftigerjare het daar ook ander verwikkelinge ingetree wat die voortgesette deelname van Suid-Afrika òf bedreig òf versuur het. Al in 1954 te Vancouver is die voorronde van politieke inmenging ingelui. Politiek is by sport betrek. Kritiek is toe al geopper teen die feit dat Suid-Afrikaanse Springbokspanne suiwer uit blanke geledere gekom het en dat Nie-Blankes wat mag kwalifiseer vir insluiting, nie in aanmerking geneem kon word nie.

Vanaf Suid-Afrika se eerste deelname aan die Spele in 1930 was dit die gebruik om slegs blanke spanne te stuur as verteenwoordigend van die Unie van Suid-Afrika. Dit was in ooreenstemming uit die gewortelde tradisies en gebruike van die land, van vroeg af. Hierdie toedrag van sake is herbevestig deur 'n verklaring van dr. T.E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, op 26 Junie 1956.[1] Teen hierdie bedeling het die verset aangegroei sodat met die 1958-Spele te Cardiff insidente voorgekom het waar geagiteer is teen die stuur en deelname van suiwer blanke Suid-Afrikaanse spanne. Dit was slegs die inleiding tot 'n konfrontasie wat gedurende die jare sestig en sewentig tot boikotte en skorsings aanleiding sou gee.

---

1) Die Burger, 26.6.1956.

Die 1958-Spele sluit dus vir Suid-Afrika 'n era van sy sport af, 'n era wat in 1930 'n aanvang geneem het.

Die amptelike uitnodiging om aan die sesde Britse Ryks- en Statebondspele in die stad Cardiff, Wallis, deel te neem, is aan die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging voorgelê. Die Spele is beplan vir 18 tot 26 Julie 1958. Majoor D. McLennan het as trustee aangebied om kopieë van die uitnodiging aan al die geaffilieerde sportbeheerliggame te stuur sodat 'n vroegtydige beraming van moontlike nominasies gedoen kon word. Die Organiserende Komitee in Wallis het die inligting nodig gehad om met hul voorbereidings voort te gaan.[2)]

Tesame met die uitnodiging om aan die Spele te Cardiff deel te neem, het die Britse Ryks- en Statebondspele-vereniging die Suid-Afrikaanse span ook genooi om vir die tydperk 28 Julie tot 5 Augustus as gaste in Londen deur te bring. Dit sou die Suid-Afrikaners niks kos nie en akkommodasie is vir hulle gereël in die koshuise van die Londense Universiteit. Gedurende hierdie week sou daar sportbyeenkomste, onthale, uitstappies en ander vermake wees.[3)]

Teen hierdie tyd is deelname aan die Statebondspele as 'n vaste instelling aanvaar. Die onmiddellike problematiek het gedraai om die ontvang van nominasies en waar die nodige fondse gevind sou word.

---

2) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 21.5.1957, pp. 1-2.

3) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 18.6.1957, p. 2.

1 FINANSIES

Vir die insameling van fondse vir die stuur van 'n Springbokspan na Cardiff is daar in 1958 vir die soveelste keer van die Fondsinsamelingskomitee-metode gebruik gemaak om veldtogte van stapel te laat loop. Mnr. A. Taylor is verkies as voorsitter van hierdie belangrike Komitee. Mnr. Taylor is deur genl. H.B. Klopper voorgestel en gesekondeer deur mnr. H. Blake. Mnr. Munro Laden sou die pos van vise-voorsitter beklee.[4)]

Die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging, mnr. B.C. Sims, het reeds teen die einde van Januarie 1957 die inisiatief geneem om tenders van Lugrederye aan te vra vir die reiskoste na Cardiff.[5)] Nagenoeg vier maande later het mnr. Sims 'n aantal tenders aan die Uitvoerende Komitee voorgelê en is daar besluit om die tender van die B.O.A.C. te aanvaar. Die tender vir 'n moderne Brittania-vliegtuig met sitplek vir 81 mense sou £13,500 beloop. Die finale onderhandelings is aan die reisburo van die here Weightman opgedra. Die bedrag sluit kommissie in.[6)]

Op 12 Desember 1957 is die Suid-Afrikaanse Spelevereniging deur die B.O.A.C. ingelig dat hulle oorspronklike kwotasie van £13,500 nie meer gehandhaaf kon word nie. As gevolg van omstandighede buite hul beheer, het daar 'n styging van £2,500 ingetree. Die nuwe kwotasie vir 'n vliegtuig wat 81 passasiers kon vervoer, sou dus £16,000 beloop.

---

4) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 21.6.1955, p. 3.

5) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 31.1.1957, p. 5.

6) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 21.5.1957, p. 2.

Mnr. A. Getz het hierop voorgestel dat nuwe kwotasies van vooraf ingewin moes word. Hy het daarbenewens ook melding gemaak van 'n senior vlieënier wat bereid was om 'n personeel bymekaar te maak sodat hulle 'n vliegtuig van die Suid-Afrikaanse Lugdiens byna kosteloos kon beman. Die plan sou alleenlik deurgevoer kon word indien die S.A.L. 'n vliegtuig beskikbaar kon stel.[7)] Van hierdie voorstel van mnr. Getz het daar egter niks gekom nie en die uiteinde van die saak was dat die Spelevereniging 'n tender van £13,500 van die Suid-Afrikaanse Lugdiens aanvaar het. Die vliegtuig was ook in staat om 81 passasiers te vervoer.[8)]

Gedurende April 1957 is 'n vraelys van die Britse Ryks- en Statebondspele Federasie ontvang waarin gevra is of Suid-Afrika (en ook al die ander geaffilieerdes) bereid sou wees om £1.0.0 per dag per persoon vir akkommodasie in die Speledorpie te betaal. Na bespreking het die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebond-spele-vereniging besluit om die Federasie te verwittig dat hulle nie bereid was om die voorstel te steun nie. Suid-Afrika se begeerte om 'n volle span te stuur, en gepaardgaande stygende kostes, sou dit nie moontlik maak om aan die voorstel te voldoen nie. Dit sou ook strydig wees met die tradisie van die Spele.[9)]

Hierdie aangeleentheid is egter tydens 'n Advieskomiteevergadering van die Britse Ryks- en Statebondspele Federasie (15.7.1957) bespreek. Die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes hier was mnre. S. Suzman en F. Rostron. Die Konstitusie (reël 41) van die

---

7) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 12.12.1957, pp. 3-4.

8) Ibid. Notule van die Jaarlikse Algemene vergadering, 18.3.1958, p. 5.

9) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 16.4.1957, p. 2.

Federasie vereis van die Organiserende Komitee van die betrokke land wat die Spele aanbied om gratis akkommodasie te bied.

Die bespreking het ontstaan nadat die Federasie die voorstel gemaak het dat elke land £1 per lid per dag moes betaal. Engeland, Indië, Nigerië, Rhodesië en Skotland het op die bogenoemde vergadering die voorstel gesteun. Suid-Afrika en Uganda het ook gevoel dat 'n bydrae gemaak moes word terwyl Wallis voorgestel het dat die deelnemende d.w.s. besoekende lande, 50% van die koste moes dra. Kanada was 'n voorstander dat slegs die periode van gratis akkommodasie verkort moes word. Australië en Nieu-Seeland het die bestaande beleid gesteun. Die uitslag van die vergadering was dat besoekende spanne wel 'n sekere bydrae moes maak ten einde die gasheer se onkoste te verlig.[10] Suid-Afrika het dus van mening verander. Die gebruiklike voorbereidingstydperk in die Pretoriase Polisiekollege sou ook 'n verdere 9/- per dag per lid kos.[11]

Die Uitvoerende Komitee het besluit om 'n aanbeveling by die Raad te doen dat elke nominasie deur £200 vergesel moet word.[12] Hierdie stelsel het in die verlede goed gewerk en die verwagting was dat dit in 1958 weer so geslaag sou wees.

---

10) Britse Ryks- en Statebondspele Federasie. Notule van die Advieskomiteevergadering, 15.7.1957, p. 1.

11) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 14.4.1958, p. 3.

12) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 18.6.1957, p. 3.

Tydens 'n Raadsvergadering gehou op 24 September 1957 is die kwessie van fondsinsameling druk bespreek. Die feit dat onmiddellike aandag daaraan gegee moes word, is benadruk. Die Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging het bekend gemaak dat hulle alreeds met kollektes by groot besighede begin het. Volgens die voorsitter sou die Nasionale Spelevereniging die Mynwese en groot Industriële firmas nader om finansiële hulp.[13)] Bo en behalwe die £200 per nominasie, het die vereniging 'n addisionele £10,000 benodig.[14)]

Die Raad het ook akkoord gegaan dat donasieboekies gedruk moes word. Elke boekie het agt kaartjies ter waarde van 2/6 elk, bevat. Dit wil sê 'n boekie moes teen £1.0.0 verkoop word. Elke kaartjie was genommer en twee gelukkige nommers sou 'n gratis reis na die Spele wen. Die gelukkige persoon kon boonop ook sitplekkaartjies by die Spele kry vir die items wat hy/sy verkies.[15)] Daar is besluit dat mnr. C. Nelson, eretesourier, kwotasies moes kry vir 10,000; 15,000 en 20,000 donasie-boekies. Die boekies sou in beide landstale gedruk word.[16)]

Mnr. B.C. Sims het bekend gemaak dat dit ± £30,000 sou kos om 'n span van 80 lede na Cardiff te stuur. Hy het as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Spelevereniging sy kommer uitgespreek dat die nodige fondse moontlik nie betyds ingesamel sou kon word nie. Genl. Klopper het hierop voorgestel dat grootskaalse aksie in die

---

13) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 24.9.1957, p. 4.

14) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 19.11.1957, p. 5.

15) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 24.9.1957, p. 4.

16) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 15.10.1957, p. 2.

platteland onderneem moes word. Die Uitvoerende Komitee het besluit om die Johannesburgse Stadsraad om 'n donasie van £1000 te nader.[17)]

Die tempo van fondsinsameling het só stadig verloop dat die tesourier die keerdatum vir die donasieboekies van 2 April tot 15 Mei uitgestel het. Teleurstelling is ook uitgespreek oor die swak reaksie wat van die Suid-Afrikaanse Sportbeheerliggame in verband met straatkollektes ontvang is. Verdere vertoë sou gerig word aan Transvaalse geaffilieerde sportbeheerliggame om behulpsaam te wees met 'n straatkollekte in Johannesburg op 14 Junie 1958.

Mnr. C. Harris (trustee), ondersteun deur kmdt.-genl. H.B. Klopper (voorsitter), was die mening toegedaan dat die pers veels te min publisiteit aan die Statebondspele verleen het. Dit belemmer indirek die fondsinsamelingsveldtog. Die vergadering het in hierdie verband besluit dat genl. Klopper op Woensdag 16 April 1958 'n perskonferensie byeen sou roep.

Mnr. Arthur Foster, lid van die Uitvoerende Komitee en verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging, het die vergadering ingelig dat skriftelike pleidooie om donasies weinig waarde ingehou het. In persoonlike vertoë gerig tot besigheidsentra in Vereeniging het hy binne enkele dae £250 ingesamel terwyl al sy briewe hom niks meer as twee donasies in die sak gebring het nie.[18)]

---

17) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 12.12.1957, p. 4.

18) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 14.4.1958, pp. 1-2.

Wat die span se assuransie betref, het 20 maatskappye getender en die Assuransiekonsultant het in sy volledige verslag aanbeveel dat die Spoorwegpassasiers-assuransiemaatskappy se tender aanvaar word. Die aanbeveling is deur die Olimpiese Komitee goedgekeur.[19)]

'n Uiteensetting van die span se onkoste aangegaan, lyk as volg:

| | |
|---|---|
| Vervoer : | |
| Vliegtuig gehuur .......................... | £13,500. 0. 0 |
| Lug- en spoortariewe ...................... | £ 584. 7. 5 |
| Vervoer in Brittanje ...................... | £ 172.16.10 |
| | £14,257. 4. 3 |
| Klerasie en uitrusting .................... | £ 2,605. 4. 8 |
| Sakgeld aan spanlede ...................... | £ 1,863. 0. 0 |
| Akkommodasie in Verenigde Koninkryk ........ | £ 550. 3. 6 |
| Afrigtingsgeld ............................ | £ 659.12. 5 |
| Assuransie vir spanlede .................... | £ 209.19. 7 |
| Mediese en Masseursgeld .................... | £ 50. 1. 5 |
| Vermaak ................................... | £ 265.13.10 |
| Geskenke .................................. | £ 406. 3. 3 |
| Algemene Spanbestuurder se toelaag ......... | £ 200. 0. 0 |

19) Ibid. Notule van die Algemene vergadering, 29.4.1958, p. 3.

Diverse Uitgawes :

| | | |
|---|---|---|
| Ruikers, Cardiff .............................. | £ | 24. 0. 0 |
| Tikwerk en duplisering ........................ | £ | 31. 0. 0 |
| Stoei uitbetaling ............................. | £ | 3. 3. 0 |
| Wapen en vlag ................................. | £ | 9. 5. 0 |
| Bankgeld ...................................... | £ | 21.19. 8 |
| Totaal ...... | | £21,156.10.10[20] |

In die notules van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging wat betrekking het op die Cardiff-Spele word daar nêrens melding gemaak, soos dit by die vorige Spele die geval was, van presies hoe en waar al die fondse bekom is nie. Al beskikbare inligting is die £200 wat elke nominasie moes vergesel het.

Dit kan aanvaar word dat die nodige fondse wel bekom is, want anders kon die span nie die Spele bywoon nie. Oor presies hoe die geld ingevorder is, daaroor is die notules vaag.

## 2 NOMINASIES VAN DEELNEMERS EN BEAMPTES

### 2.1 Deelnemers

Alreeds in Mei 1957 het die Organiserende Komitee in Wallis 'n beraming van Suid-Afrika se moontlike nominasies vir die Spele aangevra. Nadat die Suid-Afrikaanse Speleliggaam die geaffilieerde sportbeheerliggame om so 'n beraming gevra het, het slegs die boks-, gewigoptel- en rolbalverenigings aan hul versoek

20) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 28.10.1958, g.b.

voldoen. Die Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging het 10 inskrywings in vooruitsig gestel tesame met 'n bestuurder en afrigter. Die gewigoptelvereniging het sewe deelnemers en 'n bestuurder benoem terwyl die rolbalvereniging 'n volle span van sewe spelers en 'n bestuurder sou inskryf.[21)]

Dit was in 1957 dat die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging die eerste keer twee afsonderlike liggame geword het en voortaan apart by die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging geaffilieer sou wees.[22)]

Die Olimpiese Raad het besluit dat niemand vir die span gekies gaan word indien hy/sy nie aan die finale nasionale proewe deelneem nie. Uitsonderings sou slegs in oorleg met die Komitee oorweeg word.[23)] Die finale keuse van die span sou op 27 Mei geskied.[24)]

### 2.1.1 Suid-Afrikaanse Amateuratletiekunie

Teen 5 Augustus 1957 het die Atletiekunie 20 nominasies aan die nasionale Spelevereniging gestuur. Hierdie nominasies het een beampte ingesluit. Die name is op 27 Mei 1958 bekend gemaak toe die finale span gekies is.

---

21) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 21.5.1957, p. 2.

22) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 5.8.1957, p. 3.

23) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 24.9.1957, p. 4.

24) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.3.1958, p. 2.

Die volgende atlete is deur die Raad gekies:

Hendrik Johannes Kruger (paalspring)

Malcolm Clive Spence (440 tree, 4 x 440 tree aflos)

Gerhardus Cornelius Potgieter (440 tree hekkies, 4 x 440 tree aflos)

Stephanus Johannes du Plessis (skyfwerp, gewigstoot)

mej. Magdalena Catharina Swanepoel (spiesgooi, gewigstoot)

John Ernest Luxon (100 tree, 220 tree, 4 x 110 tree aflos)

Johannes Hendrickus Barnard (marathon)

Jacobus Francois Malan (120 tree hekkies, 440 tree hekkies, 4 x 110 tree aflos)

Marthinus Esauas Wiid (marathon)

mej. Anna Jeanette Fick (skyfwerp)

mej. Edith Anne Shaw (100 tree, 220 tree)

Jacobus Johannes Swart (120 tree hekkies, 4 x 110 tree aflos)

Charles Ellis Bastian Koen (hamergooi)

Johannes Lodewikus Botha (gewigstoot)

mej. Magdel Catherina Myburgh (100 tree, 220 tree)

Harold David George Clark (een myl)

Gerald Greigh Evans (880 tree, 4 x 440 tree aflos)

Edward Barrymore Jefferys (100 tree, 220 tree, 4 x 110 tree aflos)

Gordon Raymond Day (440 tree, 4 x 440 tree aflos)[25]

---

25) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, p. 2.

Gert Potgieter is derde op die merietelys geplaas, maar op die voorwaarde dat hy op 27 Junie 1958 in 'n streng fiksheidstoets slaag. Op versoek van die SAAAU en met die oog op Potgieter se besering het die keurders besluit om Gordon Day as 19de lid by die span in te sluit.[26] Potgieter is uiteindelik in die finale span opgeneem.

Die aanvullende inligting, soos voorname en ingeskrewe items, kom uit "South African Team. Sixth British Empire and Commonwealth Games, Cardiff, Wales. Team Roster and Facts Book. Johannesburg, 1958."

2.1.2 Suid-Afrikaanse Fietsryfederasie

Die Fietsryfederasie het op 20 Augustus 1957 aan die Raad bekend gemaak dat hulle met die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging 'n voorlopige nominasie van ses fietsryers en 'n bestuurder maak.[27]

Op die sluitingsdatum, 27 Mei 1958, is daar egter net drie name bekend gemaak. Die rede hiervoor word nie aangegee nie, maar dit kan wees dat die £200 per nominasie die struikelblok was. Die finale drie nominasies was Alfred James Swift (1000 meter tydtoets, 1000 meter naelry, 10 myl); Charles Jonker (4,000 meter individuele agtervolging, 10 myl); en Anne Jan Hettema (1000 meter tydtoets, 10 myl).[28]

---

26) Scholtz, C.B. Persoonlike Onderhoud. Pretoria, 10.9.1975.

27) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 20.8.1957, p. 3.

28) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, p. 2.

### 2.1.3 Suid-Afrikaanse Amateurswemunie

Op 5 Augustus 1957 het die Swemunie die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging daarvan verwittig dat hulle graag 12 swemmers en 'n bestuurder sou wou nomineer.[29] Teen 27 Mei 1958 het hulle slegs 10 genomineer, naamlik:

mejj. Muriel Mary Hogg (110 tree en 440 tree vryslag,* 4 x 110 tree aflos)

Natalie Ann Myburgh (110 tree en 440 tree vryslag, 4 x 110 tree aflos, wisselaflos)

Susan Elizabeth Roberts (110 tree en 440 tree vryslag, 110 tree rugslag, 4 x 110 tree aflos)

Joan Rocchi (220 tree borsslag, 110 tree vlinderslag, wisselaflos)

Sylvia Grace Wetton (110 tree borsslag, 220 tree borsslag, 110 tree vlinderslag, wisselaflos)

mnre. Aubrey Martin Bürer (110 tree, 440 tree en 1650 tree vryslag, wisselaflos)

Meyer Feldberg (220 tree vlinderslag, wisselaflos)

Courtenay Tut Barry Marwick (3 meter duikplankduik)

Murray Lang McLachlan (110 tree, 440 tree en 1650 tree vryslag, 110 tree rugslag)

Peter Rocchi (220 tree borsslag, wisselaflos)[30]

---

29) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 5.8.1957, p. 4.

30) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, p. 3.

* Die ingeskrewe items kom uit Vigor, XI:3, Junie 1958, p. 5.

2.1.4 Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging

Op 5 Augustus 1957 het die boksvereniging te kenne gegee dat hulle 10 boksers en 'n bestuurder sou nomineer.[31] Dit beteken 'n bokser vir elke gewigsafdeling wat op die Speleprogram verskyn. Die name wat op 27 Mei 1958[32] bekend gemaak is, was die volgende:

Abraham Joseph du Mont (vlieggewig)
Johannes Lodewyk van Biljon (bantamgewig)
Gert Johannes Coetzee (veergewig)
Charlemagne Sam (liggewig)
Henry James Loubscher (ligweltergewig)
Joseph Adriaan Greyling (weltergewig)
Alexander Grant Webster (ligmiddelgewig)
Phillipus Lodewyk du Plessis (middelgewig)
Gerhardus Jacobus de Bruyn (ligswaargewig)
Daniel Wepener Bekker (swaargewig)[33]

In die Notule van die Uitvoerende Komitee se vergadering van 27 Mei 1958 word die naam van G.J. de Bruyn uitgelaat. Die "Team Roster and Facts Book" (p. 17), asook die Algemene Spanbestuurder se verslag (p. 14), gee egter baie duidelik die naam van De Bruyn aan. Sy weglating uit die Notule kan dus as 'n gewone tikfout gereken word.

---

31) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 5.8.1957, p. 4.

32) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, pp. 2-3.

33) South African Team, Sixth British Empire and Commonwealth Games, Cardiff, Wales. Team Roster and Facts Book, Johannesburg, 1958, pp. 15-18.

### 2.1.5 Suid-Afrikaanse Amateurstoeifederasie

Op 20 Augustus 1957 het die Stoeifederasie 'n amptelike voorlopige nominasie van agt stoeiers by die Raad ingedien. Die agt nominasies is ook vergesel deur 'n nominasie vir stoeibestuurder.[34] Al agt stoeiers het die span gehaal en hulle was:

Coenraad Wessel de Villiers (weltergewig)
Abraham Johannes Geldenhuys (veergewig)
Hermanus Johannes Pienaar van Zyl (middelgewig)
Jacob Louis Theron (ligswaargewig)
Jacobus Johannes Hanekom (swaargewig)
Anthony Ries (ligswaargewig)
Daniel Jacobus van der Walt (bantamgewig)
Ian Robert Epton (vlieggewig)[35]

### 2.1.6 Suid-Afrikaanse Amateurgewigoptelunie

Van die sewe aanvanklike nominasies wat op 5 Augustus 1957 ingedien is,[36] het slegs ses die finale span gehaal soos saamgestel op 27 Mei 1958. Die ses gewigoptellers was:

Reginald James Gaffley (bantam)
Harry William Webber (liggewig)
Hendrik Johannes van Staden (middelgewig)
Percival Richard Kestell (ligswaargewig)

---

34) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 20.8.1957, p. 3.

35) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, p. 3.

36) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 5.8.1957, p. 4.

Damingo Sardhina de Paiva (middelswaargewig)

Louis Fourie Greeff (middelswaargewig)[37]

2.1.7 Suid-Afrikaanse Skermbond

Van die drie skermnominasies wat die Uitvoerende Komitee op 5 Augustus 1957 ontvang het,[38] is slegs twee op 27 Mei 1958 gekies. Hulle was Andrew Malherbe (floret, epee, sabel) en mej. Andre Sacco (floret).[39]

2.1.8 Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging

Die rolbalvereniging het soos oudergewoonte 'n volle span met 'n bestuurder ingeskryf. Die getal van sewe nominasies plus bestuurder is ook op 5 Augustus 1957 aan die Uitvoerende Komitee bekend gemaak.[40] Die rolbalspan, soos amptelik bekend gemaak op 27 Mei 1958, was:

Phineas Danilowitz (enkelspel)

Rudolph J. Janse van Vuuren (parespel)

John Myrdal (parespel)

Norman S. Walker (skipper, viertal)

Wilfred A. Randall (viertal)

Edward A. Williams (viertal)

Edward S. Stuart (viertal)[41]

---

37) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, p. 3.

38) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 5.8.1957, p. 4.

39) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, p. 3.

40) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 5.8.1957, p. 4.

41) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, p. 3.

2.1.9 Suid-Afrikaanse Amateurroei-unie

Op 5 Augustus 1957 het die Roei-unie die Uitvoerende Komitee skriftelik in kennis gestel dat hulle 'n voorlopige nominasie vir 'n bestuurder, 'n agtal en 'n viertal met stuurman wou maak.[42)]

Die notule van die Uitvoerende Komitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 19 November 1957, verskil effens van bogenoemde deurdat daar verwys word na 'n voorlopige lys van 14 deelnemers en 'n bestuurder.[43)]

Op 27 Mei 1958 is daar egter slegs 12 name aan die Uitvoerende Komitee voorgelê. Die name van die genomineerde roeiers was:

David Forbes Meineke (enkelroei)
Trevor Raymond Steyn (dubbelroei)
Douglas Charles Munton (dubbelroei)
B. Marsh (agtal)
T. Lawrence (agtal)
A. van Dongen (agtal)
T. Winer (agtal)
B. Scrutton (agtal)
J. Shaw (agtal)
R. Kitto (agtal)
D. Ritchie (agtal)

---

42) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 5.8.1957, p. 1.

43) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 19.11.1957, p. 3.

Nadat die Uitvoerende Komitee die roeinominasies bespreek het, is besluit om dit na die Raad te verwys waar die roei-afgevaardigdes dan hul saak sou kon stel. Dié stap is geneem omdat daar geen outoriteite op die gebied van roei in die Uitvoerende Komitee gedien het nie. Die Raad sou dan finaal besluit of die agtal en hul bestuurder aanvaar sou word of nie.[44)]

Die Raad het by sy sitting op 27 Mei 1958 alle nominasies soos alreeds bespreek aanvaar, maar die agtal in roei weggelaat. Die rede hiervoor was dat daar êrens besnoei moes word. Was dit nie by die roei-afdeling nie, moes een van die ander sportsoorte inboet. Die voorsitter het ook bekend gemaak dat spanne soos sokker, waterpolo, hokkie, yshokkie, ens. nie die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging se volle verantwoordelikheid is nie. Agtal-roei val in dieselfde kategorie.

Indien sulke groot spanne wel gekies sou word, moes hulle onderskeie sportbeheerliggame self die koste dra.

Die roei-afgevaardigdes op die Raadsvergadering is vervolgens met die volgende probleme en vrae gekonfronteer:

(a) 'n Roei-agtal is afhanklik van elke lid in daardie span. Sou een beseer word, word die hele span ontwrig.

(b) Die roei-unie het nie in sy lys nominasies enige voorsiening vir reserwes gemaak nie.

(c) Kon die roei-unie die Raad 'n definitiewe versekering gee dat die agtspan met gebrekkige ervaring in dié item, met 'n vreemde boot en boonop met 'n kort voorbereidingstydperk in Wallis topfiks wees?

---

44) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, pp. 3-4.

(d) Kon die roei-unie ook die versekering gee dat die standaard van die Suid-Afrikaanse agtal enigsins hul insluiting in die span waardig is?

Mnr. W.E. Marsh het as afgevaardigde van die Suid-Afrikaanse Roei-unie op bogenoemde vrae geantwoord.

Op vraag (a) antwoord mnr. Marsh dat 'n besering in enige ander sportafdeling ook 'n mate van ontwrigting kan veroorsaak. Wat die reserwe vir die agtal betref, kon David Meineke in hierdie hoedanigheid dien. Die roeiers se bestuurder kon as stuurman optree en sodoende die probleem van reserwes oplos.

Wat hul voorbereiding betref, het mnr. Marsh opgemerk dat die roeispan op 3 Julie in Londen sou arriveer terwyl die roeikompetisie eers op 19 Julie 'n aanvang sou neem. Dit sou dus oorgenoeg tyd bied om die span se fiksheid weer op te knap.

Mnr. Marsh het die Raad ook meegedeel dat agtal-roei in Suid-Afrika geen onbekende sportsoort is nie. Volgens sy inligting was daar gedurende die voorafgaande twee tot drie jaar ruim geleenthede beskikbaar vir strawwe kompetisie. Mnr. Marsh het ook 'n paar tye aangehaal wat goed vergelyk het met tye opgestel in die V.S.A., Kanada en Brittanje.

Hy kon dus die Raad verseker dat die agtal geensins Suid-Afrika in die steek sou laat nie.

Mnr. O. Davies (Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging) het mnr. Marsh gekonfronteer met die swak vertoning van die agtal op die Vaalrivier 'n paar weke tevore toe hulle teen standaardtye (deur die Roei-unie daargestel) geroei het. Die agtal het tussen 19-20 sekondes stadiger gevaar as die standaardtyd.

Mnr. J. Rodgers (Suid-Afrikaanse Roei-unie) het hierop geantwoord dat die tye in die roei behaal, relatief was en dus nie met baanitems vergelyk moes word nie. Die toestande waaronder roei-kompetisies plaasvind, speel 'n veel groter rol asook die samestelling van roeispanne.

Mnr. Frank Braun, ere-assistent-sekretaris van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging, het die Suid-Afrikaanse tye met oorsese tye vergelyk wat onder beide goeie en slegte omstandighede opgestel is. Uit mnr. Braun se vergelyking het die Suid-Afrikaanse tye swak vertoon. Mnr. Braun het mnr. Marsh daarop gewys dat die roeiers op 17 Julie in Cardiff moes wees en nie op die 19de soos mnr. Marsh beweer het nie. Dit was klaarblyklik 'n onopsetlike berekeningsfout van die kant van mnr. Marsh.

Kmdt.-genl. H.B. Klopper het op hierdie stadium die Raad daaraan herinner dat indien die volle agtal gekies sou word, daar vyf spanlede te veel sou wees, gemeet aan die begroting. Mnr. Marsh het hierop hulle bereidwillig verklaar om self die ontbrekende fondse aan te vul.

Die Raad het oorgegaan tot stemming met die uitslag negatief vir die agtal roeiers. Die ander drie nominasies is aanvaar. Die Raad het ook besluit om die £1800 wat die agtal en bestuurder se nominasies vergesel het, terug te betaal.[45] Dit was 'n ongewilde beslissing wat 'n wrange nasmaak in roeigeledere gelaat het.

---

45) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 27.5.1958, pp. 4-7.

## 2.2 Spanbestuurder

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee, gehou op Dinsdag 19 November 1957, is daar ooreengekom dat die spanbestuurder en assistent-spanbestuurder tydens 'n vergadering op 12 Desember 1957 gekies sou word. Nominasies vir hierdie twee poste moes die Algemene Sekretaris voor 11 Desember 1957 bereik.[46)]

Die nominasies wat op bogenoemde datum ontvang is, was die volgende:

Kmdt.-genl. H.B. Klopper (genomineer deur die Suid-Afrikaanse Amateuratletiek- en Fietsryvereniging);

Mnr. Frank Braun (Suid-Afrikaanse Amateurboksvereniging, Suid-Afrikaanse Amateurswemunie, Suid-Afrikaanse Amateurstoeifederasie);

Kol. J. Butler-Porter (Natalse- en W.P. se Olimpiese en Statebondspele-verenigings);

Mnr. H. Getz (W.P. Olimpiese en Statebondspele-vereniging);

Mnr. M. du Toit (W.P. Olimpiese en Statebondspele-vereniging);

Mnr. I.G. Emery (Suid-Afrikaanse Yshokkievereniging);

Mnr. Emery was die enigste persoon wat sy nominasie laat terugtrek het.

46) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 19.11.1957, p. 3.

Die volgende nominasies is ontvang vir die pos van assistent-spanbestuurder:

Mnr. J.J. Kruger (genomineer deur die Suid-Afrikaanse Amateur-atletiek- en Fietsryvereniging);

Mnr. A. Getz (W.P. Olimpiese en Statebondspele-vereniging);

Mnr. M. du Toit (W.P. Olimpiese en Statebondspele-vereniging);

Mnr. A.R. Taylor (Suid-Afrikaanse Amateurswemunie);

Mnr. J. Botha (Suid-Afrikaanse Amateurstoeivereniging).

Die uitslag van die geheime stemming was dat mnre. Frank Braun en Jan Botha onderskeidelik as algemene spanbestuurder en assistent-spanbestuurder gekies is. Die Uitvoerende Komitee het hierdie uitslag eenparig aanvaar en besluit dat mnr. A. Taylor mnr. J.F. Botha sou vervang indien laasgenoemde hom nie beskikbaar sou stel nie.[47)]

## 2.3 Beamptes

Die geaffilieerde sportbeheerliggame moes die name van hul onderskeie seksiebestuurders nie later as 11 Maart 1958 aan die Algemene Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging bekend maak nie. Die Raad sou dan op 18 Maart op 'n spesiale vergadering hul keuse maak. Die geaffilieerde sportbeheerliggame is gevra om 'n volledige lys van kwalifikasies van die genomineerde persoon saam te stuur sodat

47) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 12.12.1957, p. 3.

die Raad versekering kon hê dat slegs persone met deeglike kennis van die sportsoort, as seksiebestuurders aangestel sou word.[48]

Tydens die Uitvoerende Komitee se vergadering gehou op 29 April 1958, is die volgende nominasies vir seksiebestuurders aanvaar:

Mnre. C. Scholtz (atletiek)
A. Foster (stoei)
C. Oehley (gewigoptel)
A. Blumberg (rolbal)
H. Bairstow (fietsry)
A. Taylor (swem).

Op dieselfde vergadering is die volgende beamptes voorgestel en aanvaar:

Mnr. H. Getz (tydopnemer en beoordelaar in swem en duik)
Mnr. R. Honnikman (tydopnemer en beoordelaar in swem en duik)
Mnr. J. Harding (tydopnemer en beoordelaar in swem)
Mnr. O.C. Ellis (atletiekbeoordelaar en afsitter)
Mnr. L. Abrahams (baanbeoordelaar en tydopnemer)[49]
Mnr. E. Banjamin (boksbeoordelaar en skeidsregter)
Dr. N. Hirschman (boksbeoordelaar)
Mnr. H.J. Lotter (gewigoptelbeoordelaar en skeidsregter)
Mnr. J. Healley (gewigoptelbeoordelaar en skeidsregter)[50]

---

48) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 19.11.1957, pp. 3-4.

49) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 29.4.1958, p. 2.

50) Ibid. Notule van die Algemene Vergadering, 29.4.1958, p. 3.

Sover afgelei kan word, maak die tegniese beamptes nie deel uit van die span nie - slegs die bestuurder, assistent-bestuurder en seksiebestuurders. Hulle moes dus hul eie koste dra.

Die Raad het ook besluit om nie 'n addisionele beampte vir die pos van chaperone aan te stel nie, maar dat mej. A. Fick gevra sou word om in hierdie hoedanigheid op te tree.[51)]

'n Aansoek vir die pos van spanmasseur is ontvang van mnr. W. Moore. Mnr. Moore, 'n Australiër, was ook masseur vir die Springbokspanne van 1938, 1950 en 1956. Mnr. Moore het slegs reiskoste verlang van Australië na Londen. Die Nasionale Speleverenigíng het egter besluit om nie van mnr. Moore se dienste gebruik te maak nie.[52)]

Mnr. Dennis McIlldowie is aangestel as attaché vir die Suid-Afrikaanse span in Wallis[53)] terwyl die dienste van mnr. Jim Rogers ook gebruik is in die roei-afdeling.[54)] Mnr. McIlldowie was die skoonseun van genl. Smuts en op daardie stadium verbonde aan die Diplomatieke diens. Mnr. Rogers was 'n bekende in Britse roeikringe.

---

51) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.5.1958, p. 4.

52) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 21.5.1957, p. 3.

53) Ibid. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 27.3.1958, p. 2.

54) Ibid. Notule van die Raadsvergadering, 26.9.1958, p. 6.

## 3 DIE REIS NA, EN AANKOMS BY, DIE SPELE

Die span het hul vanaf die Sondagmiddag 15 Junie in die Polisiekollege te Pretoria bevind, waar hulle 'n voorbereidingstydperk deurgegaan het. Die atlete, onder die bestuurskap van mnr. Clerke Scholtz, is bygestaan deur dr. Ray Ciszek ('n Amerikaanse afrigter), mnr. Vic Dreyer en sers. Claude Sterley.[55)]

Alhoewel die roeiers hulle ook op 15 Junie in Pretoria aangemeld het, is hulle die volgende dag na die plaas "Billabong" aan die oewer van die Vaalrivier naby Vanderbijlpark, waar hulle tot die Saterdag (21 Junie) geoefen het. Vanaf Sondag 22 Junie het die roeiers by die res van die span in Pretoria aangesluit waar hulle verdere voorbereiding tot die 29ste Junie ondergaan het. Die roeiers het op "Billabong" vir die voorbereidingstydperk van die dienste van dr. F. Pauli gebruik gemaak.[56)]

Die twee skermers het ook daagliks vanaf Pretoria na Johannesburg gereis waar hulle tussen een en twee uur lank deur prof. W. Teague afgerig is. Die lesure is dan in Pretoria met drie-uur lange oefensessies opgevolg.[57)]

Nadat die Springbokatlete vooraf in Duitsland getoer en deelgeneem het, het die span Cardiff op 3 Julie bereik. Die Suid-Afrikaners is hartlik verwelkom deur die Kampkommandant, genl. Cowan en sy personeel. 'n Britse lugmagbasis, St. Athan, het as "Speledorpie" gedien. Een-en-twintig hutte het 'n eenheid

---

55) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se verslag (in Algemene Spanbestuurder se verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 25-26.

56) Meineke, D.F. Spankaptein se verslag (in Algemene Spanbestuurder se verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 43.

57) Malherbe, A. Spankaptein se verslag (in Algemene Spanbestuurder se verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 49.

in hierdie basis gevorm en die Springbokmans is in drie van hierdie hutte gehuisves. Die dames is in 'n spesiale afdeling saam met ander spanne ingedeel. So 'n "Speledorp" het so ruim moontlik in behoeftes voorsien sodat die deelnemers met groot gemak inkopies kon doen en allerhande nodige dienste ontvang. Afgesien van die busdiens, het die Suid-Afrikaanse span ook tien motors tot hulle beskikking gehad. Vyf is deur 'n private onderneming aan die span geleen, vier deur Vauxhall Motors en een deur die Austin-maatskappy. Dit het die spanbestuurder en seksiebestuurders in staat gestel om alle afdelings van die sport waarby ons deelnemers belange gehad het, te besoek.

Elke oggend om 07h00 het die algemene spanbestuurder met die seksiebestuurders vergader om die dag se program te koördineer. Sodoende kon almal op die hoogte bly van die nuutste verwikkelinge en kon hulle probleme bespreek en oplos. Die span het in sy geheel ook gereeld vergader en daardeur is die geleentheid geskep om suksesvolle lede geluk te wens en belangrike inligting oor te dra. Spangees sowel as spandissipline was van 'n besonder hoë gehalte. Daar was vasgestelde slaaptye, verbod op rook en 'n beperking op uitnodigings tydens die oefentydperk.

Die spankaptein was James Swift terwyl die vlagdraer en hulpvlagdraer David Meineke en Hendrik Kruger onderskeidelik was. Die Suid-Afrikaanse vlag is op 11 Julie 1958 in die Speledorp gehys, terwyl "Die Stem" gesing is. Die hele span het ook 'n kranslegging by die Oorlogsgedenkteken in Cardiff bygewoon. Die Openingsparade op Cardiff Arms Park is deur die volle span met die uitsondering van die roeiers bygewoon.[58] Die roeiers was by die Padarn-meer, ver van Cardiff.

58) Braun, Frank. Algemene Spanbestuurder se Verslag. Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 1-4.

## 4 DEELNAME

Die sesde Britse Ryks- en Statebondspele is in Cardiff deur 1,118 deelnemers uit 35 lande binne die Britse Ryk en Statebond bygewoon. Daar was drie maal meer deelnemers as wat die eerste Spele in Hamilton bygewoon het. Die kompetisie in 1958 het nege sportsoorte betrek en het vanaf 18 tot 26 Julie geduur.[59)]

Die 35 lande wat aan die Spele deelgeneem het, was die volgende:

| | |
|---|---|
| Brittanje | Maleia |
| Nieu-Seeland | Singapoer |
| Australië | Ghana |
| Kanada | Barbados |
| Suid-Afrika | Ceylon |
| Skotland | Dominika |
| Noord-Ierland | Gibraltar |
| Bahamas | die eiland Man |
| Jamaika | New-Jersey |
| Wes-Indiese eilande | Mauritius |
| Nigerië | Sierra Leone |
| Indië | Noord-Borneo |
| Kenia | Rhodesië |
| Pakistan | Uganda |
| Nieu-Guinea | Hongkong |
| Fiji | Trinidad & Tobago |
| Wallis | Brits-Guiana |
| Malta | |

59) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, pp. 7, 12.

## 4.1 Atletiek

### 4.1.1 100 tree

Mans:

Sedert M.W. Theunissen in 1934 die silwermedalje in die 100 en 220 tree verower het, kon Suid-Afrika nie weer in hierdie gesogte nommers koning kraai nie. In 1958 was John Luxon Suid-Afrika se hoop op 'n medalje. Die negentienjarige Lugmagatleet was tot 'n 9,4 sekondes in die 100 tree-naelloop in staat.[60] In Cardiff is Luxon in die tweede ronde van die 100 tree uitgeskakel. Mnr. Clerke Scholtz het hom hierna van enige verdere deelname onttrek. Volgens mnr. Scholtz het Luxon die Vrydag voor die span se vertrek uit Suid-Afrika vermoedelik 'n besering aan sy knieligament opgedoen. Aangesien mnr. Scholtz geen kennis daarvan gedra het nie, kon hy glo nie mediese behandeling voorgeskryf het nie. Luxon het ook in Wes-Duitsland probleme ervaar. In Duisberg, Duitsland, het Luxon aan 'n byeenkoms deelgeneem waar hy nie die wedloop kon voltooi nie. Hierna het Luxon hom stil gedra om nie die besering te vererger nie. Die besering kon egter nie betyds genees nie en Luxon is in die tweede ronde van die 100 tree uitgeskakel.[61]

Mnr. J. Kruger, verteenwoordiger van die S.A.A.A.U. op die Suid-Afrikaanse Olimpiese Raad, het na die Spele op die saak ingegaan en sy bevinding was dat die verswyging van Luxon se besering voor die span se vertrek slegs 'n misverstand was en dat niemand daarvoor verantwoordelik gehou kon word nie.

---

60) Scholtz, C.B. Persoonlike Onderhoud. Pretoria, 10.9.1975.

61) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se verslag (in Algemene Spanbestuurder se verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 27.

Mnr. Braun het ook verklaar dat hy bewus daarvan was dat Luxon 'n ligte spierverrekking opgedoen het nog voor die span se vertrek uit Pretoria.[62)]

"Judge" Jefferys het tydens die Spele die vinnigste tye van die Springboknaellopers opgestel. In die halfeindronde het Jefferys 9,6 sekondes aangeteken, maar 'n geskeurde knieligament het hom uit die eindronde gehou.

Gordon Day, wat as negentiende lid in die span ingesluit is vanweë die onsekerheid wat oor Gert Potgieter se fiksheid geheers het, het as een van die grootste fondse ontluik. In die 100 tree het Day almal verras deur tot die finaal deur te dring en sesde te eindig.[63)]

Die naellope is oorheers deur atlete uit die Wes-Indiese eilande en die Bahamas. Die opkoms van die Nie-Blanke naellopers in die Statebond het sy begin in Cardiff gehad. T.A. Robinson van die Bahamas het in sy uitdun 'n Spelerekord van 9,5 sekondes opgestel. Keith Gardner van Jamaika het dit in die tweede ronde (semi-finaal) geëwenaar. Die wentyd van Gardner in die finaal was 9,4 sekondes en 'n nuwe Spelerekord. Dit ewenaar ook John Luxon se beste tyd in Suid-Afrika.

---

62) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Raadsvergadering, 25.11.1958, pp. 2-3.

63) Scholtz, C.B. Op. cit., p. 29.

Die volledige uitslag van die 100 tree finaal was:

1. K. Gardner (Jamaika) 9,4 sek. Spelerekord
2. T. Robinson (Bahamas) 9,5 sek.
3. M. Agostini (Kanada) 9,6 sek.
4. P. Radford (Engeland) 9,7 sek.
5. J. Omagbemi (Nigerië) 9,7 sek.
6. G. Day (Suid-Afrika) 9,8 sek.

Dames:

In die damesafdeling het Suid-Afrika ook daarin geslaag om die finaal te bereik en die uitslag was as volg:

1. M. Mathews-Willard (Australië) 10,6 sek. Spelerekord
2. H. Young (Engeland) 10,6 sek.
3. M. Weston (Engeland) 10,7 sek.
4. B. Cuthbert (Australië) 10,7 sek.
5. J. Paul (Engeland) 10,8 sek.
6. A. Shaw (Suid-Afrika) 11,0 sek.[64)]

Suid-Afrika kon dus nie beter as 'n sesde plek in beide die mans en dames 100 tree vaar nie.

4.1.2 220 tree

Mans:

"Judge" Jefferys was na sy 20,9 sekondes in die semi-finaal die gunsteling om die 220 tree-titel te wen. 'n Geskeurde knie-ligament het om die draai in die eindronde egter 'n einde aan Jefferys se drome gemaak. Nadat hy 'n mooi voorsprong opgebou

---

64) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, pp. 15, 36-37.

het, moes hy die wedloop laat vaar. Gordon Day het egter weer eens verras en die derde plek verower.[65)]

Die uitslag van die 220 tree finaal was:

1. T. Robinson (Bahamas) 21,0 sek.
2. K. Gardner (Jamaika) 21,0 sek.
3. G. Day (Suid-Afrika) 21,1 sek.
4. S. Levenson (Kanada) 21,5 sek.
5. J. Scott-Oldfield (Engeland) 21,8 sek.
6. E. Jefferys (Suid-Afrika) nie voltooi nie.[66)]

Dames:

In die dames 220 tree finaal het Magdel Myburgh Suid-Afrika verteenwoordig en die uitslag was as volg:

1. M. Matthews-Willard (Australië) 23,6 sek. Spelerekord
2. B. Cuthbert (Australië) 23,8 sek.
3. H. Young (Engeland) 23,9 sek.
4. J. Paul (Engeland) 24,0 sek.
5. M. Myburgh (Suid-Afrika) 24,4 sek.
6. E. Haslam (Kanada) 24,7 sek.

Mej. Matthews-Willard se wêreldrekord van 23,4 sekondes het op daardie tydstip op erkenning gewag.[67)]

---

65) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 29.

66) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 36.

67) Ibid., p. 37.

4.1.3 440 tree

Tydens hul toer deur Wes-Duitsland het Malcolm Spence met Haas, die bronsmedaljewenner van die 1956-Olimpiese Spele, afgereken en in Cardiff het Spence die vinnigste tye in die eerste twee uitdunrondes aangeteken. In die semi-finaal en finaal het Spence egter misluk om sy beste tye te ewenaar. Volgens die atletiekbestuurder was Spence "die slagoffer van senuwees." Hy is in die finaal deur Milkha Singh van Indië geklop. Singh het 'n nuwe Spelerekord opgestel, alhoewel Spence se uitduntyd beter was. Gerald Evans is in die semi-finaal uitgeskakel.[68)]

Spence se vertoning in die semi-finaal en finaal lyk as volg:

Eerste Semi-finaal -

1. M.C. Spence (Suid-Afrika) 47,3 sek.
2. J.D. Wrighton (Engeland) 47,5 sek.
3. T.C. Tobacco (Kanada) 47,9 sek.[69)]

Finaal -

1. Milkha Singh (Indië) 46,6 sek. Spelerekord
2. M.C. Spence (Suid-Afrika) 46,9 sek.
3. T.C. Tobacco (Kanada) 47,0 sek.
4. J. Salisbury (Engeland) 47,1 sek.
5. J. Wrighton (Engeland) 47,2 sek.
6. J. Mac Isaac (Skotland) 47,9 sek.[70)]

---

68) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 26, 29.

69) Daily Mail, Londen. 25.7.1958.

70) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 36.

4 x 440 tree aflos

Die uitslag van die mans 4 x 440 tree aflos was gunstig vir Suid-Afrika. Die finaliste het as volg geëindig:

1. Suid-Afrika (G. Day, G. Evans, G. Potgieter, M. Spence) 3:08,1 Spelerekord
2. Engeland (J. Salisbury, D. Johnson, J. Wrighton, E. Sampson) 3:09,6
3. Jamaika (K. Gardner, G. Kerr, M. Spence, C. James) 3:10,1
4. Kanada, 3:12,8
5. Indië, 3:15,3
6. Kenia, 3:16,7[71)]

Na twee skofte van die aflos was Suid-Afrika en Engeland nog gelyk, maar met atlete soos Spence en Potgieter oor die laaste helfte was dit moeilik om Suid-Afrika te klop.[72)] Suid-Afrika se wentyd was 'n nuwe Spelerekord en 0,8 sekondes buite die wêreldrekord.

Malcolm Spence het hom, ten spyte van sy nederlaag in die 440 tree finaal, bewys as die vinnigste atleet oor hierdie afstand. Sy tyd oor die laaste skof (440 tree) was 45,1 sekondes. Ook Gerald Evans het goed vertoon en die beste vertoning van sy loopbaan gegee toe hy Derek Johnson van Engeland skoon oorskadu het.[73)]

---

71) Ibid., p. 36.

72) Op. cit., p. 21.

73) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se Verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 26, 29.

#### 4.1.4 880 tree

Die enigste inligting hieroor bekend kom uit die Atletiekbestuurder se verslag en dit lui dat Gerald Evans in die halfmyl hoegenaamd geen sukses kon behaal nie.[74)]

#### 4.1.5 Een myl

In Duitsland het Harold Clark baie goed vertoon, maar in Keulen het hy ongelukkig 'n beenbesering opgedoen wat sy voorbereiding vir die Statebondspele baie in die wiele gery het. Die pligsgetroue en moedige atleet het in sy uitdun die een myl in 4:13,0 afgelê, maar het nie die eindronde gehaal nie.[75)]

#### 4.1.6 120 tree hekkies

In hierdie nommer het Suid-Afrika twee inskrywings gehad naamlik Poena Malan en Kobus Swart. Beide het goed gevaar in die uitdunne en dieselfde tye aangeteken:

Tweede uitdun -

1. G. Razik (Pakistan) 14,4 sek.
2. J. Swart (Suid-Afrika) 14,5 sek.
3. T. Obi (Nigerië) 14,7 sek.

Vierde uitdun -

1. J.F. Malan (Suid-Afrika) 14,5 sek.
2. S.A. Olko (Nigerië) 14,5 sek.
3. L. Tait (Brits-Guinea) 14,8 sek.[76)]

---

74) Ibid., p. 29.

75) Ibid.

76) Daily Mail, Londen, 25.7.1958.

In die semi-finaal het Poena Malan voorgeloop tot Olko van Nigerië 'n hekkie in die baan langs hom omgeskop het. Die hekkie het Malan se agterste voet geraak sodat hy geval het.[77)]

Die atletiekbestuurder het in sy verslag gemeld dat Malan "een van die vinnigste en volhardendste hekkieslopers in die wêreld was, maar dat hy moet leer om los oor te gaan." Volgens mnr. Scholtz het Malan te laag oor die hekkies gegaan. Dit was die rede waarom hy so baie geval het.[78)]

Kobus Swart het die tweede semi-finaal gewen en die uitslag was as volg:

Tweede Semi-finaal -

1. J. Swart (Suid-Afrika) 14,2 sek.
2. P. Stanger (Kanada) 14,4 sek.
3. B. Primrose (Australië) 14,9 sek.[79)]

Finaal -

1. K. Gardner (Jamaika) 14,0 sek. Spelerekord
2. J. Swart (Suid-Afrika) 14,2 sek.
3. G. Razik (Pakistan) 14,3 sek.
4. P. Stanger (Kanada) 14,4 sek.
5. P. Hildreth (Engeland) 14,4 sek.
6. B. Primrose (Australië) 14,9 sek.[80)]

---

77) Daily Mail, Londen. 25.7.1958.

78) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 28.

79) Daily Mail, Londen. 25.7.1958.

80) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 36.

Gardner behaal dus dieselfde tyd as Tom Lavery in 1938 toe sy wêreldrekord nie erken is nie. Die Jamaikaan het dwarsdeur die wedloop voorgeloop, maar dit wou voorkom asof Swart hom teen die einde ingehaal het. Dit was tydens hierdie eindpoging van die Suid-Afrikaner dat hy geval het.[81] Dit het meegebring dat Swart sesde geplaas is met 'n tyd van 14,5 sekondes.[82] Swart het appél aangeteken en die eindfoto is weer bestudeer. 'n Deeglike studie daarvan dui toe dat hy in werklikheid tweede was. Hy het geval 'n sekonde of twee nadat hy in die tweede posisie oor die wenstreep gegaan het. Gulham Razik is gevolglik van die tweede posisie na derde geplaas. Dit het meegebring dat hy geweier het om die bronsmedalje te aanvaar. Hy kon tydens die medalje-oorhandiging nêrens opgespoor word nie.[83]

Kobus Swart se silwermedalje-eindpoging het hom 'n ongemaklike nag besorg. Sy rug, knieë, regterenkel en linkerskouer was vel-af, sodat hy sittende moes probeer slaap.[84]

### 4.1.7 440 tree hekkies

Nadat Gert Potgieter die vorige nag tot 03h00 wakker gelê het, het hy met 'n tamheid so skuins na twee die volgende middag by die 440 tree hekkies-finaal aangemeld. Hy het natuurlik nooit kon droom dat hy enkele oomblikke later die trotse wêreldrekordhouer sou wees nie.[85]

---

81) The Natal Witness, 25.7.1958.

82) Daily Mail, Londen. 25.7.1958.

83) Western Mail, Cardiff. 25.7.1958.

84) Die Landstem, 2.8.1958.

85) Ibid.

Die uitslag was as volg:

Finaal -

1. G. Potgieter (Suid-Afrika) 49,7 sek. Wêreldrekord
2. D. Lean (Australië) 50,6 sek.
3. B. Rotich (Kenia) 51,7 sek.
4. J. Metcalfe (Engeland) 52,4 sek.
5. C. Goudge (Engeland) 52,5 sek.
6. G. Shepherd (Kanada) 52,8 sek.[86)]

Na hierdie pragvertoning van hom is Gert Potgieter alom bestempel as die ster van die 1958-Statebondspele. Hy het alle kritiek op sy insluiting in die span die nek ingeslaan.[87)]

### 4.1.8 Marathon

Die marathon het op Donderdag 24 Julie plaasgevind. Die roete is uitgelê vanaf Cardiff na Newport en terug. Dit was 'n marathon wat vele kritiek uitgelok het. Peter Wilson, verslaggewer van die "Daily Mirror" (25.7.1958), het dit as die swakste georganiseerde marathon wat hy nog aanskou het, bestempel. Na die wedloop het ook van die atlete, teen hulle spanbestuurders se bevele, negatiewe kritiek teen die organiseerders uitgespreek. Dave Power en Jan Barnard het selfs aan die pers gesê dat hulle nooit weer 'n marathon sou hardloop nie.

---

86) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 36.

87) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 27.

Die grootste probleem was die verkeer. Die eerste tien myl, asook oor die laaste ses, moes die atlete self hul weg deur die digte en gevaarlike verkeer baan. Vragmotors, busse, motors, motorfietse, fietse en voetgangers het 'n voortdurende bedreiging vir die marathonlopers ingehou. Wanneer die atlete nie byna omgery is nie, is hulle gedeeltelik vergas deur koolstofmonoksied.[88] Behalwe dat Jan Barnard twee keer agter in 'n televisiewa vasgehardloop het, het 'n hond hom ook nog gejaag. Die Springbok het die Walliese "aanvaller" sommer met die vuis reggesien. Om alles te kroon, is die Suid-Afrikaner se nommer 21 op sy rug vir die nommer 2 van 'n Kenia-atleet by een van die beheerpunte aangesien. Barnard het sodoende die Keniaan se eksklusiewe verversingsdrankie ontvang en dit het glad nie goed met sy maag geakkordeer nie.[89] Die berig wat Suid-Afrika bereik het dat 'n hond Jan Barnard gebyt het, was verkeerd. Barnard se hardhorende moeder het die nuus as 'n bomaanval i.p.v. hondaanval op haar seun vertolk![90]

Dave Power, die uiteindelike wenner van Australië, was in die sewende posisie na die eerste vyf myl; tweede na 10 myl en die voorloper na 12 myl. Jan Barnard het sy halfmylagterstand na 50 tree laat krimp en toe 'n tweestryd met die Australiër aangeknoop. Na 20 myl was Barnard slegs 80 tree agter Power met Wilkinson van Engeland weer 150 tree agter die Suid-Afrikaner.

---

88) Daily Mirror, Londen. 25.7.1958.

89) Die Landstem, 2.8.1958.

90) Botha, D. Jan Barnard. Die Huisgenoot, XLII:2245, 9.4.1965, p. 92.

'n Myl vanaf die stadion was Barnard 'n skamele vyf tree agter Power, maar die Australiër was vasbeslote om die marathon te wen. Power was ook die wenner van die sesmylnommer en het sewende in die drie myl geëindig.[91)]

Die uitslag van die marathon was:

1. D. Power (Australië) 2:22:45,6 Spelerekord
2. J. Barnard (Suid-Afrika) 2:22:57,4
3. P. Wilkinson (Engeland) 2:24:42,0
4. E. Kirkup (Engeland) 2:27:31,2
5. G. Dickson (Kanada) 2:28:42,2
6. C. Kemball (Engeland) 2:29:17,2[92)]

Die eerste ses atlete verbeter hiermee almal die 20 jaar-oue Spelerekord wat Johannes Coleman van Suid-Afrika in 1938 in Sydney opgestel het. Die pligsgetroue Nataller, Marthinus Wiid, het ook goed gevaar en 13de geëindig met 'n tyd van 2:36:0,0.[93)]

### 4.1.9 Paalspring

Hentie Kruger, die Statebondsrekordhouer en Suid-Afrika se hoop op 'n goue medalje, kon in Cardiff nie die kwalifiserende hoogte van 13 voet haal nie. Die wenner was Geoffrey Elliott van Engeland met 13 voet 8 duim.[94)]

---

91) Daily Mirror, Londen. 25.7.1958.

92) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 36.

93) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 28.

94) Great Britain Central Office of Information. Op. cit., p. 22.

Kruger se 12 voet 9 duim was die beste hoogte van die nie-kwalifiserendes.[95]

Die moontlike rede vir sy mislukking kan toegeskrywe word aan 'n enkelbesering wat hy op 21 Junie tydens 'n oefensprong opgedoen het. Die geneesheer wat Kruger behandel het, het hom verseker dat sy enkel na 10 tot 12 dae volkome sou herstel. Hy het gevolglik nie die reis in Duitsland meegemaak nie en het hom slegs op die Statebondspele toegespits. Die Dinsdag voor die kompetisie het Kruger nog in sy sweetpak 13 voet gespring.[96]

4.1.10 Skyfwerp

Mans:

In die skyfwerp het Fanie du Plessis sy titel behou asook sy eie Spelerekord verbeter. Die uitslag was:

1. S. du Plessis (Suid-Afrika) 183 voet 6½ duim (55,94 meter) Spelerekord
2. L. Mills (Nieu-Seeland) 169 voet 8½ duim (51,73 meter)
3. G. Carr (Engeland) 169 voet 4½ duim (51,63 meter)
4. M. Lindsay (Skotland) 161 voet 0 duim (49,07 meter)
5. M. Rakuro (Fiji) 157 voet 6 duim (48,01 meter)
6. S. Raike (Kanada) 152 voet 11½ duim[97] (46,62 meter)

---

95) The Natal Witness, 25.7.1958.

96) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 26.

97) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 36.

Dames:

In die damesafdeling was Anna Fick gekortwiek deur oormatige spanning, wind en reën. Alhoewel sy in haar opwarmingsworpe 150 voet gehaal het, kon sy met 128 voet nie vir die laaste drie rondes kwalifiseer nie.[98)]

4.1.11 Gewigstoot

Mans:

Die uitslag van die gewigstoot, waar Hannes Botha deelgeneem het, was as volg:

1. A. Rowe (Engeland) 57 voet 8 duim (17,577 meter) Spelerekord
2. M. Lucking (Engeland) 54 voet 1½ duim (16,498 meter)
3. B. Donath (Australië) 51 voet 9¾ duim (15,79 meter)
4. J. Botha (Suid-Afrika) 51 voet 2¾ duim (15,61 meter)
5. N. Morgan (Engeland) 51 voet 0¾ duim (15,56 meter)
6. M. Lindsay (Skotland) 50 voet 7 duim[99)] (15,42 meter)

Volgens die Springbokke se atletiekbestuurder was Hannes Botha die atleet wat die meeste ondervinding opgedoen het. Die algemene verwagting op daardie tydstip was dat hy spoedig die 55 voetgrens sou oorskrei.[100)]

---

98) Scholtz, C.B. Op. cit., p. 28.

99) Great Britain Central Office of Information. Op. cit.

100) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 28.

Dames:

In die damesgewigstoot het Dalena Swanepoel die bronsmedalje misgeloop en vierde geëindig. Die uitslag was:

1. V. Sloper (Nieu-Seeland) 51 voet 0 duim (15,545 meter)
2. S. Allday (Engeland) 47 voet 4¾ duim (14,45 meter)
3. J. Gelling (Kanada) 46 voet 0½ duim (14,03 meter)
4. D. Swanepoel (Suid-Afrika) 43 voet 2¾ duim (13,17 meter)
5. J. Thompson (Nieu-Seeland) 41 voet 11½ duim (12,79 meter)
6. I. Mouzer (Engeland) 40 voet 8½ duim[101)] (12,41 meter)

### 4.1.12 Spiesgooi, dames

In die damespiesgooi was Dalena Swanepoel as rekordhouer die gunsteling en voorloper totdat Anna Pazera met haar laaste poging alle verwagtinge oortref het en 'n wêreldrekord van 188 voet 4 duim opgestel het. Mej. Pazera was oorspronklik van Pole, maar het haar na die Melbourne-Olimpiese Spele in Australië gevestig. Die eerste vyf dames het almal mej. Swanepoel se rekord geslaan.[102)] Die uitslag was:

1. A. Pazera (Australië) 188 voet 4 duim (57,40 meter) Wêreldrekord
2. D. Swanepoel (Suid-Afrika) 159 voet 10½ duim (48,73 meter)
3. A. Williams (Engeland) 153 voet 5½ duim (46,77 meter)
4. S. Platt (Engeland) 148 voet 10½ duim (45,38 meter)
5. M. Callender (Engeland) 145 voet 4½ duim (44,31 meter)
6. M. Tadd (Engeland) 136 voet 5 duim[103)] (41,58 meter)

---

101) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 37.

102) Ibid., pp. 24-25.

103) Op. cit., p. 37.

4.1.13 Hamergooi

Charles Koen het baie hard geoefen, maar kon nie sy Suid-Afrikaanse standaard herwin nie. Die standaard op die Spele was egter so hoog dat sy beste afstand wat hy nog behaal het hom nie onder die eerste drie sou geplaas het nie.[104)] Die finale uitslag was:

1. M. Ellis (Engeland) 206 voet 4½ duim (62,90 meter)
2. M. Igbal (Pakistan) 202 voet 5 duim (61,70 meter)
3. P. Allday (Engeland) 188 voet 11 duim (57,58 meter)
4. A. Payne (Rhodesië & Njassaland) 185 voet 0 duim (56,39 meter)
5. D. Anthony (Engeland) 180 voet 6 duim (55,02 meter)
6. C. Morris (Australië) 180 voet 5 duim (54,99 meter)[105)]

4.1.14 Opsomming

Mnr. Scholtz het as atletiekbestuurder aanbeveel dat alle toekomstige toere van die waardevolle voorbereiding in die Pretoriase Polisiekollege gebruik moes maak. Volgens hom was die tyd wat daar bestee is, lank genoeg en uiters waardevol. Hy beveel ook aan dat die toerspan (atlete in hierdie geval) aan ten minste drie internasionale byeenkomste moes deelneem voor die Spele. Die atlete moet ook nie langer as drie of vier dae op die Speledorp vertoef alvorens hulle deelneem nie. Sy bevinding was dat die atlete te gespanne raak indien hulle langer daar bly.[106)]

---

104) Scholtz, C.B. Atletiekbestuurder se Verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 29-30.

105) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 36.

106) Scholtz, C.B. Op. cit., p. 30.

Dit was die oorsaak van die mislukking van sommige hoogsaangeskrewe atlete.

## 4.2 Fietsry

In Cardiff het die Springbokfietsryers 'n soortgelyke oefenprogram gevolg as in Pretoria. Soggens het hulle gemiddeld 35 myl op paaie afgelê, terwyl daar smiddae op die baan geoefen is. Vir die baanoefeninge is die ratte na 88 duim opgeskuif. Die fasiliteite was bevredigend, maar die draaie op die baan was na die Suid-Afrikaners se mening, te plat, sodat dit hulle spoed belemmer het. Die gevaar om te gly en te val was te groot om vinnig om die draaie te kon ry.

Mnr. H.C. Bairstow, die Suid-Afrikaanse fietsrybestuurder, is in Cardiff op 'n vergadering van die Tegniese Komitee vir Fietsry as lid van die Internasionale Appèljurie verkies.[107)]

### 4.2.1 1000 meter tydtoets

Op die dag waarop die 1000 meter tydtoets moes plaasvind, het Jimmy Swift hom met 'n ligte koors bevind, maar nogtans deelgeneem. Hy en Jan Hettema het saam met 27 ander deelnemers teen 'n baie sterk wind weggespring.[108)]

---

107) Bairstow, H.C. Fietsrybestuurder se Verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 34.

108) Ibid., pp. 34-35.

Die uitslag van hierdie item was:

1. N. Tong (Engeland) 1:12,1 Spelerekord
2. W. Scarfe (Australië) 1:12,4*
3. W. Dalton (Nieu-Seeland) 1:12,6
4. I. Browne (Australië) 1:12,8
5. A. Swift (Suid-Afrika) 1:13,5
6. K. Harrison (Engeland) 1:14,4 [109]
7. J. Hettema (Suid-Afrika) 1:14,9 [110]

4.2.2 1000 meter naelry

Hierdie item het 25 inskrywings gelok en het bestaan uit nege uitdunne in die eerste ronde. Sewe van die nege uitdunne het uit drie jaers bestaan met twee jaers in die oorblywende twee uitdunne.

Jimmy Swift het in die sesde uitdun teen D. Ecobichon van Jersey en W. Bodman van Wallis te staan gekom. Swift het maklik gewen deur die laaste 200 meter in 12,5 sekondes af te lê.

In die agste eindronde het die beste uit drie wedrenne gekwalifiseer. Hier het Swift teen J. Darragh van Noord-Ierland te staan gekom. Swift het die eerste en tweede wedrenne met 13,0 en 14,3 sekondes onderskeidelik gewen.

---

109) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 40.

110) Bairstow, H.C. Op. cit., p. 36.

* Die Fietsrybestuurder se verslag (p. 35) gee Scarfe se tyd verkeerdelik as 1:12,8 aan.

In die kwarteindronde het net die beste uit drie gekwalifiseer. Swift is hier deur R. Ploog van Australië uitgeskakel toe hy met 12,4 en 12,3 sekondes geklop is. Ploog was ook die uiteindelike titelwenner.[111)]

Die finale uitslag van die 1000 meter naelry was:

1. R. Ploog (Australië)
2. K. Barton (Engeland)
3. L. Binch (Engeland)
4. W. Johnston (Nieu-Seeland)[112)]

4.2.3 4000 meter enkelagtervolging

In die eerste ronde is 'n tydtoets gehou waar die eerste ses as volg geëindig het:

1. N. Sheil (Engeland) 5:08,4
2. W. Dalton (Nieu-Seeland) 5:09,3
3. T. Simpson (Engeland) 5:12,4
4. M. Gambrill (Engeland) 5:13,7
5. W. Scarfe (Australië) 5:14,8
6. C.A. Jonker (Suid-Afrika) 5:16,4

In die kwarteindronde het Jonker teen T. Simpson van Engeland te staan gekom. Simpson klop Jonker met 5:8,4 teenoor die Suid-Afrikaner se 5:10,5. Die ander jaers in die kwarteindronde se tye was Dalton (5:8,1) en Gambrill (5:10,8).[113)]

---

111) Bairstow, H.C. Fietsrybestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 35.

112) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 40.

113) Bairstow, H.C. Op. cit., pp. 35-36.

Die uitslag van die eindronde was:

1. N. Sheil (Engeland) 5:10,2
2. T. Simpson (Engeland) 5:10,5
3. W. Dalton (Nieu-Seeland)
4. M. Gambrill (Engeland) [114]

4.2.4 10 myl

Uit die 35 inskrywings het Suid-Afrika vierde plek en sewende plek behaal. Die fotobeslissing het getoon dat Swift die derde plek met minder as 'n halwe wiel misgeloop het. Jan Hettema was sewende terwyl Jonker nie geplaas is nie.[115]

Die uitslag van die eerste sewe was:

1. I. Browne (Australië) 21:40,2 Spelerekord
2. W. Johnston (Nieu-Seeland)
3. D. Skene (Wallis)
4. J. Swift (Suid-Afrika)
5. B. Foster (Australië)
6. W. Dalton (Nieu-Seeland)[116]
7. J. Hettema (Suid-Afrika)[117]

---

114) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 40.

115) Bairstow, H.C. Fietsrybestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 35-36.

116) Great Britain Central Office of Information. Op. cit. p.40.

117) Bairstow, H.C. Op. cit., p. 36.

## 4.3 Swem

Nadat die Suid-Afrikaanse span Donderdagnag 3 Julie in Cardiff gearriveer het, het die swemmers hulle voorbereiding op die Saterdag in die Empire-swembad voortgesit. Die Springbokswemmers het die toestande nie baie bevredigend gevind nie. Afgesien van die chloorinhoud wat te hoog was, was die een helfte van die swembad deur die publiek beset. Die "Empire Village Pool" het meer kalmte en vryheid van beweging gebied, al was dit kleiner as die Empire-swembad. Mnr. Taylor is bygestaan deur mnre. Spoor en Myburgh om toesig oor die swemmers se voorbereiding te hou.

Die Suid-Afrikaners het baie goeie samewerking van die Australiese span gekry en dikwels saam met Nieu-Seeland en Kanada geoefen. Die Springbokke het ook Malta se swemmers met raad bygestaan. Nadat die toestande in die Empire-swembad verbeter is, het die Springbokke weer daar gaan oefen. Die swembad was sowat 45 minute se ry buite die dorp.

Joan Rocchi, Meyer Feldberg en Tut Marwick was een of twee dae buite aksie weens griep. Muriel Hogg moes ook 'n tweedaagse behandeling ontvang vir sinusprobleme.[118)]

### 4.3.1 110 tree vryslag

Mans:

Tich McLachlan en Aubrey Bürer het vierde en tweede onderskeidelik in hul uitdunne geëindig. McLachlan se tyd was 60,2 sekondes terwyl Bürer gekwalifiseer het met 58,5 sekondes.[119)]

---

118) Taylor, A.R. Swembestuurder se Verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 55-56, 58.

119) Ibid., p. 56.

Die uitslag van die finaal was:

1. J. Devitt (Australië) 56,6 sek.
2. G. Chapman (Australië) 56,6 sek.
3. G. Shipton (Australië) 57,0 sek.
4. R. Grout (Kanada) 58,5 sek.
5. A. Bürer (Suid-Afrika) 58,7 sek.
6. N. McKechnie (Engeland) 59,2 sek.[120]

Dames:

In die dames 110 tree vryslag het Muriel Hogg se sinuskwaal haar moontlikheid om vir die eindronde te kwalifiseer, in die wiele gery. Sy het 72,4 sekondes in haar uitdun behaal en is uitgeskakel. Natalie Myburgh het in haar uitdun tweede geëindig met 66,2 sekondes terwyl Susan Roberts met 67,6 sekondes derde in haar uitdun geëindig het.[121] Daar net die eerste twee uit elke uitdun kon kwalifiseer, het Natalie Myburgh in die finaal weggespring en vyfde geëindig. Die uitslag van die finaal was:

1. D. Fraser (Australië) 61,4 sek. Wêreldrekord
2. L. Crapp (Australië) 63,8 sek.
3. A. Colquhoun (Australië) 64,0 sek.
4. D. Wilkinson (Engeland) 65,8 sek.
5. N. Myburgh (Suid-Afrika) 67,1 sek.
6. M. Iwasaki (Kanada) 67,5 sek.[122]

---

120) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 37.

121) Taylor, A.R. Op. cit., p. 56.

122) Great Britain Central Office of Information. Op. cit. p. 38.

### 4.3.2 110 tree rugslag, dames

Susan Roberts en Sylvia Wetton kon ongelukkig nie daarin slaag om vir die finaal te kwalifiseer nie. Hulle het albei derde geëindig in hulle onderskeie uitdunne. Mej. Roberts het 77,4 sekondes aangeteken en mej. Wetton 78,6 sekondes.[123)]

### 4.3.3 110 tree vlinderslag, dames

Sylvia Wetton kon in die vlinderslagnommer slegs vyfde eindig met 'n tyd van 1:25,0. Muriel Hogg het ook in haar uitdun vyfde geëindig met 'n swakker tyd as haar spanmaat, naamlik 1:32,4.[124)]

### 4.3.4 220 tree borsslag

Mans:

Peter Rocchi het uitstekend gevaar en in die uitdun tweede geëindig met 'n tyd van 2:45,9. Dit was sy beste tyd wat hy nog behaal het.[125)] In die finaal het die Suid-Afrikaner selfs daarop verbeter. Die uitslag was:

1. T. Gathercole (Australië) 2:41,6
2. P. Rocchi (Suid-Afrika) 2:44,9
3. C. Walkden (Engeland) 2:47,3
4. R. Hemmingway (Engeland) 2:50,1
5. J. Beavan (Wallis) 2:50,9
6. R. Jenkins (Wallis) 2:55,3 [126)]

---

123) Taylor, A.R. Op. cit., p. 57.

124) Bulley, Alex. Persoonlike korrespondensie, 15.7.1975.

125) Taylor, A.R. Op. cit., p. 56.

126) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1958, p. 37.

Dames:

In die dames 220 tree borsslag het Joan Rocchi teleurgestel. As gevolg van haar gespannendheid kon sy nie haar topvorm herwin nie en behaal sy die derde plek in haar uitdun met 'n tyd van 3:07,1.[127)]

### 4.3.5 220 tree vlinderslag

Alhoewel Meyer Feldberg vierde in sy uitdun geëindig het, het hy nogtans gekwalifiseer vir die finaal. Sy tyd in die uitdun was 2:38,0 terwyl sy tyd in die finaal 2:38,7 was.[128)] Die uitslag van die finaal was:

1. I. Black (Skotland) 2:22,6 Spelerekord
2. G. Symonds (Engeland) 2:25,5
3. B. Wilkinson (Australië) 2:31,0
4. R. Grout (Kanada) 2:34,9
5. R. Campion (Engeland) 2:37,4
6. M. Feldberg (Suid-Afrika) 2:38,7[129)]

### 4.3.6 440 tree vryslag

Mans:

Tich McLachlan het in sy uitdun tweede geëindig met 4:43,1 terwyl Aubrey Bürer derde in sy uitdun was met 'n tyd van 4:42,8.[130)]

---

127) Taylor, A.R. Swembestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 56.

128) Taylor, A.R. Ibid., p. 57.

129) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 37.

130) Taylor, A.R. Op. cit. p. 57.

Albei kwalifiseer vir die finaal waar die uitslag as volg verloop het:

1. J. Konrads (Australië) 4:25,9
2. I. Black (Skotland) 4:28,5
3. G. Winram (Australië) 4:32,4
4. M. McLachlan (Suid-Afrika) 4:37,6
5. G. Chapman (Australië) 4:42,5
6. A. Bürer (Suid-Afrika) 4:45,6 [131)]

Dames:

In die damesafdeling was Natalie Myburgh en Susan Roberts vir die dames 440 tree vryslag ingeskryf. Mnr. Taylor het as swembestuurder van die Springbokke eersgenoemde se inskrywing onttrek vanweë haar griep wat toe nog nie genees was nie. Mnr. Taylor wou haar kragte vir die wisselslagaflos spaar. Susan Roberts het wel aan die 440 tree vryslag deelgeneem, maar kon nie kwalifiseer nie. Haar tyd van 5:14,3 vir 'n derde plek in haar uitdun was die sewende vinnigste in die uitdunronde.[132)]

4.3.7 440 tree vryslagaflos, dames

Alhoewel die Swembestuurder in sy verslag geen melding maak van hierdie item nie, is die resultate wel verkry met Suid-Afrika in die vierde plek van die dames 4 x 110 tree vryslag aflos.

---

131) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 37.

132) Taylor, A.R. Swembestuurder se Verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 56.

1. Australië (D. Fraser, S. Morgan, L. Crapp, A. Colquhoun) 4:17,4 Wêreldrekord
2. Kanada (J. Sangster, S. Barber, M. Iwasaki, G. Priestley) 4:30,0
3. Engeland (J. Grinham, B. Noakes, A. Marshall, D. Wilkinson) 4:31,5
4. Suid-Afrika (N. Myburgh, M. Hogg, S. Roberts, S. Wetton) 4:37,3
5. Skotland 4:44,1
6. Wallis 5:02,4 [133]

4.3.8 440 tree wisselslagaflos

Mans:

In die mans 4 x 110 tree wisselslagaflos het Suid-Afrika die eerste uitdun geloot. Die uitslag was:

Eerste uitdun -

1. Kanada 4:33,2
2. Suid-Afrika 4:41,0
3. Wallis 4:54,9 [134]

133) Great Britain Central Office of Information. Op. cit., p. 38.

134) Daily Express, Londen. 25.7.1958.

Finaal -

1. Australië (J. Monckton, T. Gathercole, B. Wilkinson, J. Devitt) 4:14,2 Wêreldrekord

2. Kanada (R. Wheaten, P. Bell, G. Park, R. Grout) 4:26,3

3. Engeland (G. Sykes, C. Walkden, G. Symonds, N. McKechnie) 4:26,4

4. Suid-Afrika (M. McLachlan, P. Rocchi, M. Feldberg, A. Bürer) 4:35,0

5. Skotland 4:36,2

6. Wallis 4:52,9 [135)]

Die volgorde waarin die aflos afgehandel is, was rugslag, borsslag, vlinderslag en vryslag.[136)]

Dames:

In die dames 4 x 110 tree wisselaflos het die Suid-Afrikaanse span in hul uitdun tweede geëindig met 'n tyd van 5:12,6.[137)] Die span het bestaan uit mejj. S. Roberts (rugslag), J. Rocchi (borsslag), S. Wetton (vlinderslag) en N. Myburgh (vryslag).[138)]

---

135) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 37.

136) Bulley, Alex. Persoonlike Korrespondensie, 15.7.1975.

137) Taylor, A.R. Swembestuurder se Verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 57.

138) Bulley, Alex. Op. cit.

In die finaal het die uitslag as volg gelyk:

1. Engeland (J. Grinham, A. Lonsborough, C. Gosden, D. Wilkinson) 4:54,0 Wêreldrekord
2. Australië (A. Nelson, B. Evans, B. Bainbridge, D. Fraser) 4:55,1
3. Kanada (S. Barber, I. Service, M. Iwaski, G. Priestley) 5:01,6
4. Nieu-Seeland 5:06,4
5. Suid-Afrika 5:11,6
6. Wallis 5:24,3 [139)]

4.3.9 1650 tree vryslag

In hierdie item het slegs die ses vinnigstes vir die finaal gekwalifiseer. Suid-Afrika is verteenwoordig deur Aubrey Bürer en Tich McLachlan. Hulle uitdunuitslae lyk as volg:

Eerste uitdun -

1. J. Konrads (Australië) 17:55,1 Spelerekord
2. M. McLachlan (Suid-Afrika) 18:55,1
3. R. Sreenan (Skotland) 19:07,5
4. E. Edwards (Wallis) 20:55,5
5. K. Liron (Jersey) 21:37,4

---

139) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 38.

Tweede uitdun -

1. G. Winram (Australië) 18:59,7
2. W.J. Slater (Kanada) 19:08,7
3. A.M. Bürer (Suid-Afrika) 19:37,2
4. W. Good (Skotland) 20:28,1
5. C. Hansard (Wallis) 20:30,6
6. R. Jones (Noord-Ierland) 21:09,5 [140)]

Albei Suid-Afrikaners het die eindronde gehaal, maar die Suid-Afrikaanse Swembestuurder het Aubrey Bürer onttrek om sy kragte vir die 4 x 110 tree wisselaflos te spaar. McLachlan het in die finaal van die 1650 tree vryslag pragtig vertoon en die beste tyd van sy loopbaan opgestel. Behalwe dat hy 36 sekondes op sy vorige beste tyd verbeter het, het hy ook een van die drie vinnigste tye daardie seisoen in die wêreld behaal.[141)]

Die uitslag van die finaal was:

1. J. Konrads (Australië) 17:45,4 Spelerekord
2. G. Winram (Australië) 18:17,2
3. M. McLachlan (Suid-Afrika) 18:19,2*
4. W. Slater (Kanada) 18:51,4
5. R. Sreenan (Skotland) 18:55,8 [142)]

---

140) Daily Express, Londen. 25.7.1958.

141) Taylor, A.R. Swembestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 57.

142) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 37.

* Die Swembestuurder gee McLachlan se tyd in sy verslag (p. 57) aan as 18:19,1.

4.3.10 Duik

In die mans duikplankduik het Tut Marwick goed vertoon totdat hy die duikplank tydens 'n sprong met sy voet geraak het. Dit het hom 10 punte gekos en veroorsaak dat hy uitgeval het. Marwick het met 106.06 punte vyfde* uit nege duikers geëindig.[143)]

4.4 Boks

Met die span se aankoms in Cardiff het al die Suid-Afrikaanse boksers swaarder geweeg as wat hulle afdelings dit toegelaat het. Die Suid-Afrikaners se boksafrigter, mnr. Theuns van Schalkwyk, het veral met Du Mont, Van Biljon en Coetzee probleme ondervind om hul gewig reg te kry.[144)]

---

143) Taylor, A.R. Swembestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 57.

144) Van Schalkwyk, T.J. Boksbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 31.

* Die uitslag van die duikplankduik, soos aangegee in Sport in the Commonwealth (p. 38), maak geen melding van Marwick onder die eerste ses nie. Die name deur hulle aangegee is die volgende:

1. C. Welsh (Engeland) 118.81 punte
2. I. MacDonald (Kanada) 117.01 punte
3. E. Ferris (Engeland) 113.30 punte
4. A. Long (Engeland) 108.56 punte
5. S. Morgenrood (Rhodesië en Njassaland) 88.78 punte
6. V. Marrian (Skotland) 84.74 punte

Indien Marwick wèl 106.06 punte behaal het, moes hy dan vyfde geplaas gewees het.

### 4.4.1 Vlieggewig (112 pond of 50,802 kilogram en minder*)

Anthony du Mont het in sy eerste geveg teen 'n gedugte opponent te staan gekom. Alhoewel die Springbok hard geprobeer het om J. Brown van Skotland skaakmat te stel, was hy nie opgewasse vir hom nie. Uit die tien inskrywings in die vlieggewigafdeling, was Brown ook die uiteindelike titelwenner.

### 4.4.2 Bantamgewig (119 pond of 53,524 kilogram)

Johannes van Biljon was een van tien inskrywings in die bantam-afdeling en ook hy was ongelukkig om sy eerste geveg in die "Sophia Gardens Pavilion" te verloor. Van Biljon is naelskraap deur A. Owen van Skotland geklop.

### 4.4.3 Veergewig (126 pond of 57,153 kilogram)

Gert Coetzee se eerste geveg was teen G. Drummond van Skotland. In een van die beste gevegte op die toernooi het Coetzee die harde stryd met punte gewen.

In die semi-finale geveg wat later daardie dag plaasgevind het, het Coetzee teen M. Collins van Wallis te staan gekom. Na 'n redelik gelyke stryd het Coetzee met punte verloor.

Uit die elf veergewiginskrywings was Gert Coetzee die brons-medaljewenner.

---

* Die inligting oor die gewigsgrense kom uit die Notule van die Raadsvergadering van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging, 23.11.1953, p. 3. Asook uit "Rules of the Game", pp. 42, 46, 49.

#### 4.4.4 Liggewig (133 pond of 61,235 kilogram)

Charlemagne Sam het teleurgestel toe hy sy eerste geveg in die uitdunronde met punte teen T. Donovan van Nieu-Seeland verloor het. Sam is herhaaldelik gewaarsku omdat hy die Nieu-Seelander met die binnekant van die handskoen en ook agter die kop geslaan het.

#### 4.4.5 Ligweltergewig (140 pond of 63,503 kilogram)

In die kwarteindronde van die ligweltergewigafdeling wat 12 inskrywings gelok het, het Henry Loubscher met V. Fernandes van Brits-Guiana afgereken.

In die halfeindronde het Loubscher R. Galante van Kanada in die tweede ronde met 'n tegniese uitklophou planke toe gestuur en dit het die Springbok tot die finaal laat deurdring.

In die eindronde het die Suid-Afrikaner sy segetog voortgesit en R. Kane van Skotland met punte geklop. Loubscher wen sodoende die goue medalje en ligweltergewigtitel vir Suid-Afrika.

#### 4.4.6 Weltergewig (148 pond of 66,678 kilogram)

Jopie Greyling het sy geveg in die kwarteindronde teen W. Phillips van Wallis met punte gewen. In die halfeindronde was dit B. Nancarvis* van Engeland se beurt om deur die Suid-Afrikaner verslaan te word. Beide Greyling se slagoffers was bo die gemiddelde standaard en dit getuig dus van die Springbok se potensiaal.

---

* In die uitslag van die weltergewigafdeling soos dit verskyn in Sport in the Commonwealth (p. 39) word die Engelse bokser se naam as "Nancurvis" gespel.

In die finaal het Greyling teen T. Kawere van Uganda te staan gekom. Die Ugandees was 'n harde slaner met 'n baie onortodokse styl. Met 'n gemengde ontvangs is die geveg met 'n punte-oorwinning aan Greyling toegeken.

### 4.4.7 Ligmiddelgewig (156 pond of 70,760 kilogram)

Grant Webster, wat ook die kaptein van die Suid-Afrikaanse bokspan was, wen die kwarteindronde toe hy L. Samuels van Jamaika met 'n tegniese uitklophou verslaan. Alreeds in die eerste ronde van hul geveg het Webster sy teenstander se linkeroog oopgeslaan met een van sy regterhoue. Die skeidsregter het die geveg eers aan die einde van die eerste ronde gestaak.

In die halfeindronde het Webster vir J. Walters van Kanada met punte verslaan nadat die Suid-Afrikaner self in die eerste ronde vir agt tellings planke toe gestuur is.

In die finaal het dit makliker gegaan en Webster kon vir S. Pearson van Engeland maklik met punte klop om sodoende die goue medalje te verower.

### 4.4.8 Middelgewig (165 pond of 72,574 kilogram)

Phillipus du Plessis het S. Osei van Ghana in die kwarteindronde met punte geklop. Ook die Kanadees, R. Piou*, moes in die halfeindronde die aftog blaas.

---

* In <u>Sport in the Commonwealth</u> (p. 39) word die Kanadese bokser se naam as "Piau" aangegee.

Du Plessis het in die finaal teen T. Milligan van Noord-Ierland verloor. Milligan was 'n hoogs ervare bokser en alhoewel Du Plessis sy beste vertoning van sy loopbaan gelewer het, kon hy net nie daarin slaag om die goue medalje vir Suid-Afrika te verower nie. Uit elf inskrywings behaal Suid-Afrika die silwermedalje.

#### 4.4.9 Ligswaargewig (178 pond of 79,378 kilogram)

Gerhardus de Bruyn is deur T. Madigan van Australië in die halfeindronde verslaan. Madigan was 'n veteraan wat al voorheen aan beide die Olimpiese en die Statebondspele deelgeneem het. Uit die sewe inskrywings het De Bruyn naelskraap met punte verloor en die bronsmedalje verower.

#### 4.4.10 Swaargewig (179 pond of 79,378 kilogram en meer)

In hierdie afdeling is Suid-Afrika deur Daan Bekker verteenwoordig. Hierdie sterk Pretoriase polisieman is as die indrukwekkendste bokser in die afdeling op die Spele beskou.

In die kwarteindronde het Bekker met S. Renaud van Kanada afgereken. Bekker het sy teenstander in die eerste ronde met 'n tegniese uitklophou gewen.[145]

---

145) Van Schalkwyk, T.J. Boksbestuurder se Verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 31-33.

In die halfeindronde het Bekker soms straf ontvang van Gbadegesin Salawu* van Nigerië. In die tweede ronde was Salawu egter genoodsaak om die stryd gewonne te gee, vanweë 'n gesnyde oogbank.**

In die finaal het Daan Bekker teen D. Thomas van Engeland te staan gekom. Die Brit het vir die eerste twee rondes goed geboks, maar in die derde ronde is hy deur een van die Suid-Afrikaner se linkerhaakhoue platgeslaan en alhoewel Thomas weer opgestaan het, wou dit voorkom asof hy nie heeltemal kon herstel nie. Bekker wen dus die finale geveg met punte en ontvang die goue medalje.[146)]

4.4.11 Opsomming

Die Statebondspelebokstoernooi van 1958 het vir Suid-Afrika vier goue medaljes opgelewer. Skotland en Australië het twee elk ontvang terwyl Wallis en Noord-Ierland een elk verower het. Engeland het drie boksers in die finaal gehad wat al drie verslaan is.[147)]

---

146) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 30.

147) Great Britain Central Office of Information. Ibid., p. 30.

* Die Suid-Afrikaanse Boksbestuurder gee die Nigeriese bokser se naam in sy verslag (p. 33) aan as "Salaurie".

** Volgens mnr. Frank Braun, wat die organiseerder van die bokstoernooi was, het Bekker die Nigeriër met 'n maaghou in die tweede ronde uitgeskakel, nadat hy die eerste ronde maklik gewen het. (Persoonlike onderhoud, 10.9.1975).

Een van die span se boksers wat 'n goue medalje verower het, geniet spesiale vermelding. Jopie Greyling is in 1946 deur polio getref. As gevolg van hierdie gevreesde siekte was sy linkerarm en linkerbeen dunner. Drie jaar daarna het Jopie sy linkerarm gebreek en die geneeshere moes 'n metaalplaat inbou om sy arm te versterk. Toe Jopie sy bokshandskoene wou ophang, was dit sy vrou wat hom oorreed het tot nuwe ideale wat in Cardiff verwesenlik is.[148)]

'n Insident waarby "Boere" du Plessis betrokke was, sal seker nie maklik vergeet word nie. Toe hy op 'n dag die laaste "Western Mail" by 'n kraampie koop, agtervolg 'n Nigeriese bokser hom en kla voortdurend dat Du Plessis hom voorgespring het. Die petalje het soveel aandag getrek dat slefs mnr. Braun kom ondersoek instel het. Hy het toe maar die koerant aan die Nigeriër gegee en "Boere" 'n ander een belowe. Daardie aand op die bokstoernooi klim dieselfde Nigeriër teen Daan Bekker deur die toue. Die Springbokke teenwoordig kon nie hul opgewondenheid bedwing nie. Daan Bekker daarenteen was onbewus van die petalje wat daardie middag plaasgevind het. Toe Bekker pas nadat die tweede ronde begin het, vir Salawu met 'n kragtige maaghou uitgeskakel het,[149)] het sy maats gekraai van plesier.

## 4.5 Stoei

Die Suid-Afrikaanse stoeiers het al die fasiliteite behalwe die stoeimatte in Pretoria en St. Athan bevredigend gevind. In Cardiff het geskikte stoeimatte ontbreek sodat die Springbokke van ou matrasse en gimnastiekmatte gebruik moes maak. Hierdie

---

148) Die Landstem, 2.8.1958.

149) Braun, F.H. Persoonlike Onderhoud. Johannesburg, 10.10.1975.

gebrek het hulle oefenprogram tot 'n groot mate ontwrig.

Afgesien van die gebrek aan stoeimatte het beserings ook die voorbereiding van sekere stoeiers in die wiele gery. Coenraad de Villiers het probleme ondervind met 'n regterligament en is deur 'n spesialis, dr. Dilwin Evans, behandel. Anthony Ries is ook in die plaaslike Lugmag Hospitaal vir 'n ribbebesering behandel. Ook Daniel van der Walt is beseer. Dr. Evans se bevinding was dat Van der Walt van sy rugwerwels verskuif het. Mnr. Arthur Foster, die Suid-Afrikaanse Stoeibestuurder, het in sy verslag genoem dat indien hulle fiks was, al drie stoeiers goue medaljes sou kon gewen het.[150)]

4.5.1 Vlieggewig (114½ pond of 52 kilogram en minder)

Ian Robert Epton het Suid-Afrika in die vlieggewig-afdeling verteenwoordig waar hy dan ook die goue medalje verower het. Epton se ribbesering het hom gepla sodat hy aanvanklik swak begin het. Die verloop van die gevegte was as volg:

Eerste ronde - Epton verloor teen F. Flannery van Kanada met punte.

Tweede ronde - Epton klop S. Griffiths van Wallis met 'n val.

Derde ronde - Epton klop Shujjah du Din* van Pakistan met 'n val.[151)]

---

150) Foster, A. Stoeibestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 51.

151) Ibid., p. 52.

* In Sport in the Commonwealth (p. 40) word die Pakistani se naam as "Shujjah ud Din" aangegee. Dit blyk die regte spelling te wees. Ook die naam van die veergewigbokser word as Siraj ud Din aangegee.

Die finale vlieggewig-uitslag lyk as volg:

1. I.R. Epton (Suid-Afrika)
2. Shujjah ud Din (Pakistan)
3. F. Flannery (Kanada) [152)]

4.5.2 Bantamgewig (125½ pond of 57 kilogram)

Daniel van der Walt het ten spyte van sy rugbesering volhard en is bekroon met 'n bronsmedalje. Die gevegte in sy afdeling het as volg verloop:

| | | |
|---|---|---|
| Eerste ronde | - | Van der Walt klop Turnbull van Skotland met punte. |
| Tweede ronde | - | Van der Walt klop Isitore van Ceylon met punte. |
| Derde ronde | - | Van der Walt verloor teen Jameson van Australië met 'n val. |
| Finaal | - | Van der Walt verloor teen Mohd. Akhtar van Pakistan toe hy hom van die geveg onttrek het.[153)] |

Die finale bantamgewig-uitslag was:

1. Mohd. Akhtar (Pakistan)
2. G. Jameson (Australië)
3. D. van der Walt (Suid-Afrika)[154)]

---

152) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 40.

153) Foster, A. Stoeibestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 52.

154) Great Britain Central Office of Information. Op. cit.

4.5.3 Veergewig (136½ pond of 62 kilogram)

Die loting in hierdie afdeling het bepaal dat Abraham Geldenhuys teen ses van die agt stoeiers moes veg. Die gevegte het soos volg verloop:

Eerste ronde - Geldenhuys klop McKee van Australië met 'n val.

Tweede ronde - Geldenhuys klop Bognuda van Nieu-Seeland met 'n val.

Derde ronde - Geldenhuys stoei gelykop teen Siraj ud Din van Pakistan.

Vierde ronde - Geldenhuys klop Parson van Skotland met 'n val.

Vyfde ronde - Geldenhuys klop Casperson van Kanada met 'n val.

Sesde ronde - Geldenhuys klop Aspen van Engeland met 'n val.[155]

Die finale veergewig-uitslag was:

1. A. Geldenhuys (Suid-Afrika)
2. Siraj ud Din (Pakistan)
3. A. Aspen (Engeland) [156]

4.5.4 Liggewig (147½ pond of 68 kilogram)

Anthony Ries is deur die stoeibestuurder, mnr. Arthur Foster, bestempel as een van Suid-Afrika se mees belowende stoeiers. Ries was een van die stoeiers wat deur 'n besering gepla was en sou heelwaarskynlik beter gevaar het as hy fiks was.

---

155) Foster, A. Stoeibestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 52.

156) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 40.

Sy gevegte het as volg verloop:

Eerste ronde - Ries klop R. Loucheed van Kanada met punte.

Tweede ronde - Ries klop B. Yates van Wallis met 'n val.

Derde ronde - Ries klop H. Hall van Engeland met punte.

Vierde ronde - Ries verloor teen Mohd. Ashraf van Pakistan met punte.[157)]

Die finale liggewig-uitslag was:

1. Mohd. Ashraf (Pakistan)
2. A. Duncan (Skotland)
3. A. Ries (Suid-Afrika)[158)]

4.5.5 Weltergewig (160½ pond of 74 kilogram)

Ook Coenraad de Villiers is gekortwiek deur 'n beenbesering en sou onder normale omstandighede veel beter gevaar het. Die uitslae van sy gevegte was:

Eerste ronde - De Villiers klop Ickringill van Engeland met punte.

Tweede ronde - De Villiers verloor teen Pandey van Indië met punte.

Derde ronde - De Villiers klop Hobsob van Nieu-Seeland met 'n val.

Vierde ronde - De Villiers stoei gelykop teen Mohd. Bashir van Pakistan.[159)]

---

157) Foster, A. Op. cit., p. 52.

158) Great Britain Central Office of Information. Op. cit. p.40.

159) Foster, A. Op. cit., p. 53.

Die finale weltergewig-uitslag was:

1. Mohd. Bashir (Pakistan)
2. L. Pandey (Indië)
3. C. de Villiers (Suid-Afrika) [160)]

4.5.6 Middelgewig (174 pond of 82 kilogram)

Hermanus (Manie) van Zyl het as kaptein van die Springbokstoeiers 'n goeie voorbeeld gestel deur 'n briljante reeks oorwinnings te behaal:

Eerste ronde - Van Zyl klop Murphy van Australië met 'n val.

Tweede ronde - Van Zyl klop Courney van Nieu-Seeland met punte.

Derde ronde - Van Zyl klop Abdul Rashid van Pakistan met punte.

Vierde ronde - Van Zyl klop Farquhar van Skotland met 'n val.

Vyfde ronde - Van Zyl klop Myland van Engeland met 'n val. [161)]

Die finale uitslag was:

1. H. van Zyl (Suid-Afrika)
2. G. Farquhar (Skotland)
3. R. Myland (Engeland) [162)]

---

160) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 40.

161) Foster, A. Stoeibestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 53.

162) Great Britain Central Office of Information. Op. cit.

4.5.7 Ligswaargewig (191 pond of 90 kilogram)

Jacob Theron het hom as 'n voortreflike stoeier bewys deur al sy gevegte te wen en in een gelykop te stoei.

Eerste ronde - Theron klop Kendall van Engeland met 'n val.

Tweede ronde - Theron klop Fowler van Australië met punte.

Derde ronde - *

Vierde ronde - Theron klop Steckle van Kanada met 'n val.

Vyfde ronde - Theron stoei gelykop teen Ali Mohd. van Pakistan.[163)]

Die ligswaargewig-uitslag was:

1. J. Theron (Suid-Afrika)
2. Ali Mohammed (Pakistan)
3. R. Steckle (Kanada)[164)]

4.5.8 Swaargewig (191 pond of 100 kilogram en meer)

Jacobus Hanekom het in hierdie afdeling die ligste geweeg. Hy het al sy gevegte gewen behalwe die een teen die Indiër. Dit het meegebring dat hy die goue medalje moes prysgee.

Eerste ronde - Hanekom klop Costello van Kanada met 'n val.

Tweede ronde - Hanekom klop Mitchell van Australië met punte.

---

163) Foster, A. Op. cit., p. 54.

164) Great Britain Central Office of Information. Op. cit.

* Geen melding word gemaak van 'n geveg in die derde ronde nie.

Derde ronde - Hanekom klop weer eens vir Mitchell van Australië met punte.

Vierde ronde - Hanekom verloor teen Lila Ram van Indië met punte.[165)]

Die swaargewigmedaljewenners was:

1. L. Ram (Indië)
2. J. Hanekom (Suid-Afrika)
3. R. Mitchell (Australië)[166)]

4.5.9 Opsomming

Die Springbokstoeiers het aan 35 gevegte deelgeneem waarvan hul 25 gewen, 7 verloor en in 3 gelykop geëindig het. Die stoei-toernooi het altesaam 66 inskrywings uit 13 verskillende lande gelok.[167)] Geldenhuys, Van Zyl en Theron het al drie hul stoeititels behou.[168)]

Die goue medaljes is deur Suid-Afrika, Pakistan en Indië verower. Suid-Afrika het vier goues gewen met Pakistan en Indië drie en een onderskeidelik. Die Pakistanse stoeiers het 'n skielike opgang in die amateurstoeiwêreld gemaak wat Suid-Afrika daarvan weerhou het om die segetog van 1954 te herhaal.

---

165) Foster, A. Stoeibestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 54.

166) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 40.

167) Foster, A. Op. cit., p. 51.

168) Great Britain Central Office of Information. Op. cit., p. 31.

### 4.6 Gewigoptel

Die gewigoptelspan het die dag na hulle aankoms in Cardiff begin oefen. Na die vermoeiende reis het die spanlede hul oefenprogram geleidelik verswaar totdat almal hul topvorm herwin het. Mnr. Clarence Oehley, wat as bestuurder en afrigter vir die gewigoptellers opgetree het, het die span se voorbereiding drie dae voor die Spele 'n aanvang sou neem, gestaak.

Twee van die spanlede het voor die Spele las van beserings gehad. Reg. Gaffley het vyf dae voor sy kompetisie sy dyspier geskeur en moes gereelde behandeling ontvang. Hennie van Staden moes ook behandel word vir 'n geskeurde spier in sy linkerskouer. Met die aanvang van die kompetisie was Van Staden al fiks terwyl Gaffley nog nie volkome herstel het nie.[169)]

Die gewigoptel het plaasgevind in die "Memorial Hall" by Barry. Laasgenoemde is 'n ontspanningsoord aan die kus naby Cardiff. Die drie standaard drukke bestaan uit die opdruk, opraap en ruk-en-wip. Die opdruk vereis krag en beheer, die opraap vereis spoed en soepelheid terwyl koördinasie van al die liggaamspiere vir die ruk-en-wip benodig word. Elke deelnemer is drie pogings in elkeen van bogenoemde drukke toegelaat. Die beste uit elke drie pogings word dan bymekaar getel om die totale gewig gelig, te gee.[170)]

---

169) Oehley, O.C. Gewigoptelbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 38-39.

170) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, pp. 28-29.

4.6.1 Bantamgewig (123½ pond of 56 kilogram en minder)

Die kompetisie het op Maandag 21 Julie om 18h00 begin met die ligste gewigsafdeling, naamlik die bantamgewig. Gaffley was die gunsteling, maar almal het besef dat sy dybeenbesering sy prestasie kon beïnvloed. Die bestuurder, mnr. Oehley, het met die oog hierop Gaffley aangeraai om so gou as moontlik 'n groot voorsprong op te bou. In die opdruk het Gaffley vervolgens ook 205 pond opgedruk wat 20 pond meer as sy naaste teenstander was. In die opraap het Gaffley 195 pond behaal en dit het hom nog steeds 'n voorsprong van 20 pond gegee. Die Springbok het in die ruk-en-wip seker gemaak dat hy die titel gaan wen deur met sy eerste poging 240 pond te behaal. Sy tweede en derde poging was selfs nóg swaarder, naamlik 250 en 260 pond. Gaffley het die Statebondspeletitel met 'n totaal van 660 pond ingepalm. Dit was 25 pond onder Gaffley se Statebondrekord en 30 pond voor sy naaste teenstander. Melding moet ook gemaak word dat dit Suid-Afrika se eerste goue medalje in gewigoptel was asook die eerste op die Spele van 1958.[171)]

Die medaljewenners in die bantamgewigafdeling was:

| | | opdruk | opraap | ruk-en-wip | = | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | R. Gaffley (Suid-Afrika) Spelerekord | 205 | 195 | 260 | | 660 pd. |
| 2. | R. Brownbill (Engeland) | 185 | 195 | 250 | | 630 pd. |
| 3. | M. Gosselin (Kanada) | 170 | 185 | 250 | | 605 pd.[172)] |

171) Oehley, O.C. Gewigoptelbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 39.

172) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 41.

4.6.2 Liggewig (148¾ pond of 67,5 kilogram)

Een van die grootste verrassings wat die span opgelewer het, was Harry Webber. Webber het die minste ervaring agter die rug gehad, maar het getoon dat hy oor die regte temperament vir groot oomblikke beskik. Van al die deelnemers was Webber die kalmste.

Toe Harry Webber op 23 Julie met sy kompetisie begin, het niemand verwag dat hy as silwermedalje-wenner uit die stryd sou tree nie. Na sy opdruk van 225 pond het hy die sesde posisie beklee. Met sy 220 pond in die opraap, het die Springbok opgeskuif na die vierde posisie. In die ruk-en-wip het Webber met een poging oor op 285 pond gestaan. Mnr. Oehley het besef dat hy 305 pond vir die tweede plek nodig gehad het en besluit om dit te waag. Webber kon daarin slaag en hy verower sodoende die silwermedalje.

Harry Webber se totaal van 750 pond ewenaar die Suid-Afrikaanse rekord terwyl sy ruk-en-wip (305 pond) omtrent 8½ pond bo die Suid-Afrikaanse rekord was.[173]

Die volledige uitslag van die eerste drie was:

| | | opdruk | opraap | ruk-en-wip | = Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Howe Liang Tan (Singapoer) | 235 | 225 | 330 | 790 pd. |
| 2. | H. Webber (Suid-Afrika) | 225 | 220 | 305 | 750 pd. |
| 3. | B. Helfgott (Engeland) | 245 | 215 | 290 | 750 pd.[174] |

173) Oehley, O.C. Gewigoptelbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 41.

174) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 41.

4.6.3 Middelgewig ($165\frac{3}{8}$ pond of 75 kilogram)

Op Maandag 21 Julie het Hennie van Staden aan die beurt gekom. Aanvanklik is die verwagting gekoester dat Van Staden die goue medalje of ten minste 'n plek sou behaal, maar hy het te swak begin. In sy opdruk het hy geslaag met 225 pond, maar twee maal misluk met 235 pond. Dit het aan die Springbok die sesde plek besorg, 25 pond agter die voorloper.

In die opraap het daar 'n opflikkering gekom toe Van Staden met 245 pond geslaag het. Dit was die 2de meeste in die opraap en het hom in staat gestel om die vierde plek in te neem. Van Staden se eerste ruk-en-wip poging met 300 pond was geslaag. Hy het 315 pond nodig gehad om die derde plek te verower. Sy orige pogings het misluk sodat Van Staden die vierde plek behaal het. Sy beseerde skouer het hom verhinder om sy vorige beste totaal te ewenaar.[175)]

Die uitslag van die eerste vier was:

| | | opdruk | opraap | ruk-en-wip = | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | B. Blenman (Barbados) | 235 | 240 | 320 | 795 pd. |
| 2. | R. McArthur (Brits-Guiana) | 235 | 250 | 310 | 795 pd. |
| 3. | A. Gilbert (Kanada) | 240 | 240 | 305 | 785 pd.[176)] |
| 4. | H. van Staden (Suid-Afrika) | 225 | 245 | 300 | 770 pd.[177)] |

Blenman is eerste geplaas omrede sy liggaamsmassa minder as dié van McArthur was.[178)]

175) Oehley, O.C. Gewigoptelbestuurder se verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 39-40.

176) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 41.

177) Oehley, O.C. Op. cit., p. 40.

178) Great Britain Central Office of Information. Op. cit.

### 4.6.4 Ligswaargewig ($181\frac{7}{8}$ pond of 82,5 kilogram)

Op 23 Julie het Percival Kestell vanuit die staanspoor die voortou geneem toe hy 295 pond opgedruk het. Sy opraap en ruk-en-wip was 235 en 320 pond onderskeidelik. Kestell het na die ruk-en-wip saam met Blackman van Barbados tweede gelê. Kestell is egter derde geplaas vanweë sy groter liggaamsmassa.[179]

Die uitslag was:

| | opdruk | opraap | ruk-en-wip = | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1. P. Caira (Skotland) | 280 | 265 | 330 | 875 pd. |
| 2. S. Blackman (Barbados) | 270 | 245 | 335 | 850 pd. |
| 3. P. Kestell (Suid-Afrika) | 295 | 235 | 320 | 850 pd.[180] |

### 4.6.5 Middelswaargewig ($198\frac{3}{8}$ pond of 90 kilogram)

Die middelswaargewigafdeling is op 22 Julie beslis. Aanvanklik het Suid-Afrika twee inskrywings in hierdie afdeling gehad. Louis Greeff is egter vanweë die strawwe kompetisie na die swaargewigafdeling verskuif sodat Suid-Afrika se verteenwoordiger in die middelswaargewig, Damingo de Paiva was. Mnr. Clarence Oehley het verwag dat Greeff in die swaargewigafdeling beter sou vaar.

Een van De Paiva se teenstanders in hierdie afdeling was die kampioen van die vorige spele, Keevi Daly van Kanada. Hierdie twee, asook M. Santos van Australië, het almal al 'n totaal van 900 pond in kompetisie behaal.

---

179) Oehley, O.C. Op. cit., p. 41.

180) Great Britain Central Office of Information. Op. cit. p.41.

De Paiva het met sy eerste poging in die opdruk 255 pond behaal, maar twee keer misluk met 270 pond. Santos het die Suid-Afrikaner se moed gebreek toe hy met 'n opdruk van 290 pond geslaag het. Dit het hom ook die voorloper met 35 pond gemaak. In die opraap het De Paiva geslaag met 265 pond en sodoende van die agterstand uitgewis. In die ruk-en-wip kon De Paiva nie met 335 pond slaag nie en verbeur sodoende die bronsmedalje.[181)]

### 4.6.6 Swaargewig ($198\frac{3}{8}$ of 110 kilogram en meer)

Die gewigoptelkompetisie het op 23 Julie afgesluit met die swaargewigafdeling waarin Louis Greeff vir Suid-Afrika deelgeneem het. Greeff was eintlik 'n middelswaargewig en was gevolglik die ligste in hierdie kompetisie. Ook Greeff moes met die vierde plek tevrede wees nadat hy 285 pond opgedruk, 250 pond opgeraap en 325 pond geruk-en-wip het. Dit het Greeff se totaal op 10 pond minder as die bronsmedalje-wenner gebring.[182)]

### 4.6.7 Opsomming

Suid-Afrika het in 1958 die nie-amptelike spankompetisie gewen met eerste, tweede, derde en vierde plekke.[183)] Geen ander span kon meer as drie medaljes inpalm nie.

---

181) Oehley, O.C. Gewigoptelbestuurder se Verslag (<u>in</u> Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 40.

182) Ibid., p. 41.

183) Op. cit., p. 41.

## 4.7 Skerm

Die span, bestaande uit Andrew Malherbe en mej. Andre Sacco, het op 4 Julie in alle erns begin oefen nadat hulle saam met die res van die span op die vorige dag in Cardiff aangeland het. Die twee Suid-Afrikaners het saam met Bob Binning van Nieu-Seeland geoefen.

Mnr. Pierre Lehman, president van die Suid-Afrikaanse Skermbond, het die twee skermers op Sondag 6 Julie besoek. Floretlesse by Maitre Paul in Londen is vir die Maandag gereël. By dieselfde geleentheid het die twee Springbokke ook teen lede van die Britse span geoefen. Mej. Sacco het die geleentheid benut om teen mej. Gilian Sheen, die Olimpiese kampioene op daardie tydstip, te skerm.

Andy Malherbe het op Dinsdag 8 Julie tydens 'n skermoefening 'n pyn in sy rug ontdek. Nadat Malherbe aanvanklik vir spierbeserings behandel is, het verdere ondersoek aan die lig gebring dat hy borsvliesontsteking in die regter long onder lede gehad het. Volgens dr. Martin van die Britse Lugmag Hospitaal sou Malherbe nie tot kompetisie in staat wees nie. Malherbe het 'n week in die hospitaal deurgebring.

Mej. Sacco het in die afwesigheid van Andy Malherbe saam met die Kanadese skermspan geoefen. Carl Schwende, bestuurder, afrigter en deelnemer van die Kanadese skermspan het haar getrou bygestaan. Andy Malherbe het hom op Donderdag 17 Julie by haar aangesluit.

Malherbe se siekte het sy tol geëis. In die floret-, degen- en sabelnommers kon hy nie verder as die halfeindronde vorder nie terwyl mej. Sacco vyfde in die dames floret geëindig het.[184)]

Die volledige uitslag van die eindronde in die damesfloret was as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | G. Sheen (Engeland) | 6 oorwinnings | 1 nederlaag |
| 2. | D. McCreath (Australië) | 5 oorwinnings | 2 nederlae |
| 3. | M. Glen-Haig (Engeland) | 5 oorwinnings | 2 nederlae |
| 4. | F. McElwee (Nieu-Seeland) | 4 oorwinnings | 3 nederlae |
| 5. | A. Sacco (Suid-Afrika) | 3 oorwinnings | 4 nederlae |
| 6. | D. O'Brien (Australië) | 3 oorwinnings | 4 nederlae [185)] |

Die hulp wat mej. Sacco van die Kanadese ontvang het, blyk dus van waarde te gewees het.

### 4.8 Roei

Na 'n uitputtende reis van 27 uur is die roeiers in Londen deur mnr. Jim Rogers verwelkom. Die Springbokroeiers sou aanvanklik in die Pangbourn-vlootkollege tuisgegaan het, maar weens die Duitse masels wat daar uitgebreek het, is hulle na die "Red Lion" in Henley geneem. Die span het ook hul bote daar in ontvangs geneem en kon begin oefen. Op Maandag 7 Julie het hulle verskuif na Bangor vanwaar mnr. Rogers alle reëlings vir vervoer

---

184) Malherbe, A. Skermkaptein se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 49-50.

185) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 41.

na die kompetisieterrein getref het.[186)]

Die roei-items het plaasgevind op Lake Padarn. Hierdie meer is 180 myl noord van Cardiff aan die voet van die Snowdonberge geleë. Vier spanne kon terselfdertyd langs mekaar op die 2,000 meter-lange meer roei.

Op die laaste dag van die kompetisie was die windtoestande nie na wense nie. Die wind het selfs die beoordelaars se boot omgekeer.[187)] Mnr. Rogers het waardevolle toesig oor die Suid-Afrikaanse roeispan se voorbereiding gehou. David Meineke het ook lank saam met die Australiese roeiers geoefen. Die Springbokroeiers se vertonings kan as volg aangegee word:

Saterdag 19 Julie 1958 - 'n Sterk teenwind was die oorsaak van stadige tye. David Meineke het in die enkelroei redelik vertoon, terwyl Trevor Steyn en Douglas Munton in die dubbelroei swakker gevaar het.

Enkelroei:

Eerste uitdun -

1. Australië 8:29,1
2. Suid-Afrika 8:30,9
3. Kanada 8:53,5

Tweede uitdun -

1. Nieu-Seeland 8:36,8
2. Engeland 8:49,9

186) Meineke, D.F. Roeikaptein se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 43-44.

187) Great Britain Central Office of Information. Op. cit., p.27.

Dubbelroei:

Eerste uitdun -

1. Engeland 7:49,3
2. Kanada 7:58,2
3. Suid-Afrika 8:18,4

Tweede uitdun -

1. Australië 7:47,9
2. Nieu-Seeland 7:50,9

Maandag 21 Julie 1958 - Die teenwind was nie aanwesig, maar oor die algemeen was die toestande gunstiger sodat Suid-Afrika se roeiers ook beter gevaar het.

Enkelroei:

Repechage -

1. Suid-Afrika 8:04,4
2. Engeland 8:18,0
3. Kanada 8:22,3

Dubbelroei:

Repechage -

1. Nieu-Seeland 7:09,9
2. Kanada 7:17,8
3. Suid-Afrika 7:24,0

Dinsdag 22 Julie 1958 - Die laaste dag van die kompetisie is geteister deur 'n sterk wind van agter wat die toestande op die meer baie ongunstig gemaak het. David Meineke was na 1,200 meter in die enkelroei nog tweede, maar hy het daarna las van

krampe en stywe arms begin kry sodat van die ander deelnemers hom verbygesteek het.[188)]

Enkelroei:

Finaal -

1. Australië (S. Mackenzie) 7:20,1
2. Nieu-Seeland (J. Hill) 7:23,9
3. Engeland (R. Carver) 7:26,8
4. Suid-Afrika (D. Meineke) 7:33,3 [189)]

In die dubbelroei het die Suid-Afrikaanse paar nie onder die eerste vier geëindig nie. Die gebrek aan harde kompetisie was die mees algemene oorsaak hiervoor.[190)] Hulle het nogtans hulle beste gelewer.

### 4.9 Rolbal

Die Statebondspele van 1958 het in die rolbalafdeling die meeste inskrywings gelok wat nog sedert die stigting van die beweging in 1930 ontvang is. Altesaam 12 lande het in Cardiff in die enkel-, pare- en viertal meegeding. In hierdie kontingent het Suid-Afrika met die grootste eer uit die stryd getree. Dit was voorwaar 'n noemenswaardige prestasie om uit 'n moontlikheid van drie, een goue medalje en twee silwermedaljes te verower.[191)]

---

188) Meineke, D.F. Roeikaptein se verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 44-45.

189) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 38.

190) Meineke, D.F. Op. cit., p. 45.

191) Blumberg, A. Rolbalbestuurder se verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 47.

4.9.1 Enkelspel

Suid-Afrika is in die enkelspel deur Pinky Danilowitz verteenwoordig. Danilowitz het 'n gemiddeld van 20 punte aangeteken en slegs een wedstryd verloor.

Die Springbok het as volg gevaar in die enkelspel:

Wen Australië met 21-14
Wen Kanada met 21-17
Wen Engeland met 21-14
Wen Hongkong met 21-18
Wen New Jersey met 21-8
Wen Kenia met 21-15
Verloor teen Nieu-Seeland met 13-21
Wen Noord-Ierland met 21-17
Wen Rhodesië met 21-20
Wen Skotland met 22-17
Wen Wallis met 21-8

Engeland (Percy Baker) en Rhodesië (Hill Jackson) het gelykop in die tweede plek geëindig sodat daar om die silwermedalje uitgespeel moes word. Baker het hier die Rhodesiër geklop.[192)]

---

192) Blumberg, A. Rolbalbestuurder se verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, p. 47.

Die finale uitslag van die eerste ses spelers was as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | P. Danilowitz (Suid-Afrika) | = | 20 punte |
| 2. | P. Baker (Engeland) | = | 18 punte |
| 3. | W. Jackson (Rhodesië & Njassaland) | = | 16 punte |
| 4. | G. de V. Bosisto (Australië) | = | 14 punte |
| | W. Jones (Skotland) | = | 14 punte |
| 6. | J. Pirret (Nieu-Seeland) | = | 12 punte [193] |

Pinky Danilowitz herhaal dus die prestasie van Horace Harvey (1938).

4.9.2 Parespel

Suid-Afrika se parespan het bestaan uit J.A. Myrdal (skipper) en R. Janse van Vuuren (voorspeler). Uit die elf wedstryde gespeel, het die Springbokke slegs drie verloor, nl. teen Nieu-Seeland, Rhodesië en Wallis. Dit het die Suid-Afrikaners 16 punte besorg wat hulle saam met Rhodesië tweede geplaas het. In die uitspeelwedstryd wat in gietende reën plaasgevind het, het Suid-Afrika Rhodesië met 16-10 geklop om sodoende die silwermedalje te verower.

Die verloop van Suid-Afrika se parewedstryde was as volg:

Wen Australië met 18-17
Wen Kanada met 21-18
Wen Engeland met 23-16
Wen Hongkong met 27-14
Wen New Jersey met 21-15

---

193) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 41.

Wen Kenia met 34-14

Verloor teen Nieu-Seeland met 10-19

Wen Noord-Ierland met 20-12

Verloor teen Rhodesië met 18-19

Wen Skotland met 32-9

Verloor teen Wallis met 14-23 [194]

Nadat Suid-Afrika Rhodesië in die uitspeelwedstryd geklop het, het die finale plasing van die eerste ses lande as volg gelyk:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Nieu-Seeland (J. Morris, R. Pilkington) | = | 20 punte |
| 2. | Suid-Afrika (J. Myrdal, R. Janse van Vuuren) | = | 18 punte |
| 3. | Rhodesië (W. Guill, H. Philps) | = | 16 punte |
| 4. | Australië | = | 14 punte |
| | Noord-Ierland | = | 14 punte |
| 6. | Kanada | = | 12 punte [195] |

4.9.3 Viertal

Die Suid-Afrikaanse viertal was N.S. Walker (skipper), W.A. Randall (derdeman), E.A. Williams (tweedeman) en E.S. Stuart (voorspeler). Snowy Walker se span het nege van die elf wedstryde gewen en twee verloor. Engeland en Rhodesië was die spanne wat die Springbokke pak gegee het. Engeland het ook twee wedstryde verloor sodat Suid-Afrika en Engeland gelykop eerste geëindig het met 18 punte. Die uitspeelwedstryd is op Sophia Tuine in gietende reën afgehandel waar Engeland die Springbokke met 22-13

---

194) Blumberg, A. Rolbalbestuurder se Verslag (in Algemene Spanbestuurder se Verslag). Statebondspele, Cardiff, 1958, pp. 47-48.

195) Great Britain Central Office of Information. Sport in the Commonwealth. Londen, 1959, p. 41.

verslaan het. Suid-Afrika moes sodoende met die silwermedalje tevrede wees.[196)]

Die viertaluitslag was:

1. Engeland = 20 punte
2. Suid-Afrika = 18 punte
3. Rhodesië = 16 punte
4. Australië = 15 punte
5. Hongkong = 13 punte
6. Skotland = 13 punte [197)]

Dit was die tweede keer sedert die stigting van die Britse Ryks- en Statebondspele dat Suid-Afrika se rolbalspelers almal met medaljes teruggekeer het. Die vorige keer was in 1938.

## 5 SAMEVATTING

Na afloop van die sesde Britse Ryks- en Statebondspele is die Suid-Afrikaanse span 'n week lank as gaste van die Britse Ryks- en Statebondspele-vereniging in Londen onthaal. Die koste is geheel en al deur die Britte gedra. Die spanlede het op Maandag 28 Julie van Cardiff na Londen vertrek. Die volgende dag, terwyl die Springbokrolbalspelers deur die Engelse Rolbalvereniging onthaal is, het die Suid-Afrikaanse swemmers, skermers, gewigoptellers en stoeiers aan 'n reeks vertonings en kompetisies deelgeneem.

---

196) Blumberg, A. Op. cit., pp. 47-48.

197) Great Britain Central Office of Information. Op. cit., p. 41.

Op Woensdag 30 Julie is hulle op 'n rivieruitstappie geneem om "The Cutty Sark" en die "Painted Hall" in Greenwich te besoek. Na 'n onthaal gereël deur die "London County Council", het van die spanlede aan die aand se fietsry- en bokskompetisies deelgeneem. Die volgende dag is die Springbokke weer eens met 'n onthaal by die "Guild Hall" deur die burgemeester van Londen getrakteer asook op Vrydag 1 Augustus deur die Koninklike Regering by die Lancaster Huis. Op Saterdag (2 Augustus) en Maandag (4 Augustus) het die Springbokatlete aan 'n atletiekbyeenkoms deelgeneem. Dit is opgevolg deur 'n afskeidsparty gereël deur die Britse Rykspele Federasie en op Dinsdag 5 Augustus het die span na Suid-Afrika vertrek.[198)]

Terug in Suid-Afrika, het mnr. Reg. Honey die span verwelkom en die spanlede sowel as die beamptes groot lof toegeswaai vir hul goeie gedrag en pragvertonings. Genl. H.B. Klopper het die oorsese pers geprys vir die beskerming wat hulle aan Suid-Afrika gegee het tydens die anti-Suid-Afrikaanse agitasie wat die Spele voorafgegaan het. Volgens genl. Klopper is dit aan die pers te danke dat die agitasie misluk het.

Volgens die Algemene Spanbestuurder, mnr. Frank Braun, het die Springbokke baie min met betogings te doen gekry. Die kranslegging wat die Suid-Afrikaanse span by die monument ter ere van die Onbekende Soldaat gehou het, het baie gehelp om die Anti-Suid-Afrikaanse agitasie van mnr. Anthony Steele en eerw. Trevor Huddleson die hoof te bied. Laasgenoemde twee persone het onder andere twee busvragte mynwerkers teen vyf sjielings per kop gehuur

---

198) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Uitvoerende Komiteevergadering, 19.11.1957, pp. 4-5.

om op 'n vergadering teen Suid-Afrika te agiteer. Gelukkig vir Suid-Afrika was daar 'n kroeg oorkant die vergadersaal en die mynwerkers het verkies om hul 5s. daar te gaan spandeer. Slegs 16 mense het die vergadering bygewoon.[199)]

Lande soos Duitsland, Brittanje, Pole en Griekeland het almal uitnodigings aan Suid-Afrika gerig om aan internasionale atletiekbyeenkomste in Europa te kom deelneem. Dit getuig van die agting wat die prestasies van die Springbokke afgedwing het.[200)]

'n Opsomming van die spanlede wat groot sukses op die Spele behaal het, word vervolgens aangebied :

**GOUD:**

Gert Potgieter (440 tree hekkies)

Malcolm Spence, Gordon Day, Gerald Evans, Gert Potgieter — 4 x 440 tree aflos

Fanie du Plessis (skyfwerp)
Hennie Loubscher (ligweltergewig, boks)
Jopie Greyling (weltergewig, boks)
Grant Webster (ligmiddelgewig, boks)
Daan Bekker (swaargewig, boks)
Ian Epton (vlieggewig, stoei)
Abraham Geldenhuys (veergewig, stoei)
Manie van Zyl (middelgewig, stoei)

---

199) Braun, F.H. Persoonlike Onderhoud. Johannesburg, 30.10.1975.

200) Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele-vereniging. Notule van die Spesiale Raadsvergadering, 14.8.1958, p. 2.

Jacob Theron (ligswaargewig, stoei)

Reg. Gaffley (bantamgewig, gewigoptel)

Pinky Danilowitz (enkelspel, rolbal)

SILWER:

Malcolm Spence (440 tree)

Jan Barnard (marathon)

Jacobus Swart (120 tree hekkies)

Dalena Swanepoel (spiesgooi)

Phillipus du Plessis (middelgewig, boks)

Harry Webber (liggewig, gewigoptel)

Jacobus Hanekom (swaargewig, stoei)

Peter Rocchi (borsslag, swem)

J.A. Myrdal<br>
R. Janse van Vuuren } parespel, rolbal

N.S. Walker<br>
W.A. Randall<br>
E.A. Williams<br>
E.S. Stuart } viertal, rolbal

BRONS:

Gordon Day (220 tree)

Gerhardus de Bruyn (ligswaargewig, boks)

Gert Coetzee (veergewig, boks)

Tich McLachlan (1650 tree vryslag, swem)

Percival Kestell (ligswaargewig, gewigoptel)

Daniel van der Walt (bantamgewig, stoei)

Anthony Ries (liggewig, stoei)

Coenraad de Villiers (weltergewig, stoei)[201]

---

201) Die Suid-Afrikaanse span by die sesde Statebondspele, Cardiff, 1958. Bylaag tot die Vigor. Vigor, 11:4, September 1958, p. 3.

Wanneer 'n opsomming gemaak word van al die lande wat medaljes op die Spele verower het, beklee Suid-Afrika 'n baie gunstige plek op hierdie nie-amptelike lys. Die lys sien soos volg daaruit:

| MEDALJEWENNERS | | GOUD | SILWER | BRONS | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Engeland | 29 | 22 | 29 | 80 |
| 2. | Australië | 27 | 22 | 17 | 66 |
| 3. | Suid-Afrika | 13 | 10 | 8 | 31 |
| 4. | Kanada | 1 | 10 | 16 | 27 |
| 5. | Nieu-Seeland | 4 | 6 | 9 | 19 |
| 6. | Skotland | 5 | 5 | 3 | 13 |
| 7. | Wallis | 1 | 3 | 7 | 11 |
| 8. | Pakistan | 3 | 5 | 2 | 10 |
| 9. | Jamaika | 4 | 2 | 1 | 7 |
| 10. | Noord-Ierland | 1 | 1 | 3 | 5 |
| 11. | Indië | 2 | 1 | 0 | 3 |
| 12. | Rhodesië | 0 | 0 | 3 | 3 |
| 13. | Kenia | 0 | 0 | 2 | 2 |
| 14. | Singapoer | 2 | 0 | 0 | 2 |
| 15. | Maleia | 0 | 2 | 0 | 2 |
| 16. | Barbados | 1 | 1 | 0 | 2 |
| 17. | Bahamas | 1 | 1 | 0 | 2 |
| 18. | Nigerië | 0 | 1 | 1 | 2 |
| 19. | Brits-Guiana | 0 | 1 | 0 | 1 |
| 20. | Ghana | 0 | 0 | 1 | 1 |
| 21. | Trinidad & Tobago | 0 | 0 | 1 | 1 |
| 22. | Uganda | 0 | 1 | 0 | 1 |
| 23. | die eiland Man | 0 | 0 | 1 | 1 [202] |

202) Ibid.

# HOOFSTUK IX

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die Britse Ryks- en Statebondspele was bedoel om 'n sportfees te wees waar die keur van die sportlui van die ganse eertydse Britse Ryk mekaar in eensgesindheid en gelykheid moes ontmoet. Die Spele self was grootliks geskoei op die lees van die Olimpiese Spele. Dit het die belangrikste funksie vervul dat dit sportlui gemotiveer het om gereeld te oefen en nie net voor te berei vir die Olimpiese Spele wat elke vier jaar plaasgevind het nie. Vir die lede van die Britse Ryk was daar dus elke twee jaar 'n groot sportfees beskikbaar, die Olimpiese Spele, en twee jaar daarna die Britse Rykspele.

Maar daar was ook ander oogmerke waaraan die Rykspele ondergeskik was. Dit moes dien as 'n middel tot 'n doel waarin sport die middel en die ware Ryksgees die doel was. Die Rykspele moes dien om samehorigheid en solidariteit binne die Britse Ryk te bevorder en in stand te hou. Elke vier jaar het die beste sportmanne en -vroue van die Britse Ryk en Statebond byeengekom om as een groot familie in die "true Empire Spirit" mee te ding. Dit was die tasbare bewys van die eenheidsgedagte.

Die Statebondspele het ook gedien as 'n voorbereidingsmedium vir die Olimpiese Spele twee jaar later. Sodoende kon daar gepoog word om 'n sterker Statebondsmag in die veld te stoot ten einde die krag van 'n ware Britse Ryksgees aan die Wêreld te vertoon.

Met 'n Statebondspele is al die verskillende lande se verteenwoordigers saam in een Speledorpie gehuisves. Die doel hiervan was dat die verskillende rassegroepe mekaar beter moes leer ken


en vriendskapsbande bevorder. Dit sou dan die samehorigheidsgevoel na wense verstewig. Die sportlui uit die verskillende oorde kon ook van hierdie geleentheid gebruik maak om kennis uit te ruil en so ervaring op te doen. Van die kleiner en jonger sportlande kon die resultaat met vrug tuis gaan aanwend. Sodoende het die Statebondspele gedien om die algemene standaard van sport binne die Britse Ryk en Statebond te verhoog.

Suid-Afrika was een van die lande wat tot 'n mate geïsoleerd gestaan het in internasionale kompetisie. Die groot afstande en gebrek aan fondse was grotendeels hiervoor verantwoordelik. Dan was daar ook 'n duidelike gebrek aan die nodige afrigtingskennis. In die Spele wat die Tweede Wêreldoorlog voorafgegaan het, dié van 1930, 1934 en 1938, het die Suid-Afrikaanse spanne buite verhouding gunstig vertoon. Hul natuurlike aanleg het hier die deurslag gegee. Na die Wêreldoorlog is die bordjies verhang. As gevolg van groter spesialisering, intensiewer voorbereiding en meer wetenskaplike metodes het ander lande met die roem van die Spele begin wegstap. Die Statebondspelebyeenkomste het 'n belangrike platform voorsien vir die uitruil van inligting met betrekking tot afrigting.

Met die uitsondering van 1954, het Suid-Afrika se voor-oorlogse spanne verhoudingsgewys beter gevaar as die na-oorlogse spanne (kyk grafiek I). Atletiek is hier gebruik as barometer van 'n land se sportkrag vanweë die feit dat dit die gewildste sportsoort van die Rykspele was.

Grafieke I en II gee 'n uiteensetting van Suid-Afrika se atletiekprestasies op die Rykspele vanaf 1930 tot 1958. Grafieke III, IV en V bied 'n uiteensetting van Suid-Afrika se prestasies op die gebied van swem, boks en stoei. Hierdie vier sportsoorte is verkies omdat dit die sportsoorte was waarin Suid-Afrika die

sterkste verteenwoordig was.





GRAFIEK I : Suid-Afrika se Atletieksprestasies op die Britse Ryks- en Statebondspele (1930 - 1958)

BESPREKING

Die doel van hierdie grafiek is om aan te dui hoe Suid-Afrika in atletiek op die Spele-reeks (1930-1958) gevaar het. Die ononderbroke lyn toon die aantal atlete wat aan die ses Statebondspele deelgeneem het, terwyl die stippellyn die aantal medaljes weergee


wat verower is. Onder medaljes word die goud-, silwer- en bronsmedaljes ingesluit. Uit hierdie grafiek is dit duidelik dat Suid-Afrika slegs by twee geleenthede, naamlik 1930 en 1954, 'n groter aantal medaljes ontvang het as wat daar atlete deelgeneem het. Die atletiekprestasie van 1954 is des te meer merkwaardig as besef word dat dit die enigste Spele was waar Suid-Afrika geen baanatlete ingeskryf het nie. Die Spele van 1934 en 1938 toon 'n hoë korrelasie terwyl die prestasies van 1958 uiters teleurstellend voorkom, ten spyte van die wêreldrekord wat 'n Suid-Afrikaner opgestel het. Terwyl die aantal atletiekdeelnemers in 1958 byna dubbel soveel was as die vorige meeste, kon hulle geeneen van die vorige beste prestasies ewenaar nie.




GRAFIEK II : Die verhouding atlete teenoor medalje-wenners

BESPREKING


